Humor in die algemeen en sy uiting in die Afrikaanse letterkunde

F.E.J. Malherbe

bron
F.E.J. Malherbe, *Humor in die algemeen en sy uiting in die Afrikaanse letterkunde*. Swets & Zeitlinger, Amsterdam 1924

Zie voor verantwoording: https://www.dbnl.org/tekst/malh001humo01_01/colofon.php

Let op: boeken en tijdschriftjaargangen die korter dan 140 jaar geleden verschenen zijn, kunnen auteursrechtelijk beschermd zijn. Welke vormen van gebruik zijn toegestaan voor dit werk of delen ervan, lees je in de gebruiksvoorwaarden.

dbnl digitale bibliotheek voor de Nederlandse letteren

Aan my Ouers.

Voorwoord.

Dit is met grote dankbaarheid dat ek by die end van my uniwersitêre opleiding mag terugsien op 'n studietyd van vier en 'n half jaar in 'n omgewing waar wetenskap gemaak en gedoseer word en kuns 'n lewensbehoefte is. Met vreugde gryp ek die geleentheid aan om hier enige woorde van diep-gevoelde dank te rig tot almal wat my dié omgewing leer ken en waardeer het, en my deur herinnering nog blywend sal inspireer tot eie vreugdevolle arbeid in ons jong land.

Dit sy my vergund in die eerste plaas U, Hooggeleerde Prinsen, Hooggeagte Promotor, te bedank vir U waardevolle leiding. Veral U kolleges in vergelykende literatuurgeskiedenis, waarop U steeds die nadruk lê op grote lyne en wydgolwende lewensstrominge, het tot vrugbaarder kennismaking met waarheid en skoonheid van elders gelei, my die weg geopen tot die Franse lettere en Italiaanse kuns, maar ook tot die essensiële waardering van Nederlandse letterkunde. Ook U grote belangstelling en hulpvaardigheid in verband met my proefskrif wil ek hier dankbaar noem.

In besondere mate geld my dank ook U, Hooggeleerde Boer, vir U kolleges en privatissima, waarop die klaarheid van U insig in die Oudgermaanse wetenskap, gepaard met die warmte van U persoonlikheid, my altyd sal bybly as skone uiting van wetenskaplike lewe in die mees verhewe sin.

Hoewel die rigting van my Studie meegebring het dat ek vir korter tyd van U lesse, Hooggeleerde Stoett, Brugmans en Six, in taal- en historiese wetenskap en kunsgeskiedenis kon profiteer, bring ek U alhier my dank vir die leiding van U kolleges en publikasies.

Vir inligtinge met betrekking tot my dissertasie en andere studie kom my dank toe aan U, Dr. C. Hazewinkel, Dr. A.J. de Jong, Prof. Scharpé (Leuven), Prof. Daels (Gent), E.H. Cyriel Verschaeve (West-Vlaanderen), al kon ek deur my beperkte ruimte nie meer in die ryke Vlaamse humor tree nie. Hoog waardeer ek die voorreg dat ek gedurende my verblyf in Europa met U, Felix Timmermans, Stijn Streuvels, Maurits Sabbe, Ernest Claes en andere Vlaamse skrywers in nouere en simpatieke aanraking mog kom. Ook mag ek nie vergeet om U, Hooggeleerde Smith, Nottcut en Van Niekerk vir U vrugbare voor-arbeid in Suid-Afrika te bedank nie. Laat my nog afsonderlik die naam noem van my Amsterdamse vriend Karel Voortman, hist. docts., vir sy waardevolle hulp.

Die Nedl. Z.-A. Vereeniging, met name Prof. Pont, het reg op my erkentlikheid, terwyl ek my eweneens verplig gevoel aan die Unie-regering van Suid-Afrika.

Tenslotte res my nog die aangename plig, die vele gesinne waar ek gasvryheid geniet het, te bedank.

Mag die bewussyn van sùlke vriendskap in al my mooiste Europese herinneringe voortlewe!

Deel I.
Humor in die algemeen.

Ter inleiding.

Dit was in die tyd van die Renaissance dat die woord *umore*, voorheen gebruik deur skolastiese medisie om volgens die verhouding van *vogte* in die liggaam karakter en temperament te klassifiseer, vir die eerste keer, skyn dit, aangewend is in 'n esteties-psigologiese betekenis. Salviati in sy *Trattato della Poëtica* definieer *umore* as 'n spesiale eienskap van die natuur, waardeur 'n mens tot een ding liewers as tot 'n ander geneig is.[1)] Meerdere definiesies van dié aard uit dié tyd wys op dieselfde gebruik. Maar dit was veral in Engeland van omstreeks 1600, dat hierdie term geweldig opgang gemaak het, toe grilligheid en affektasie mode was, en eksentrisiteit gelykgestel met oorspronklikheid. Starre eensydigheid of eksentrisiteit is humoristies genoem. In sy *Anatomy of Melancholy* skryf Robert Burton van mense wat aldus humoristies is, wat nou hartlik lag en dan weer sonder uiterlike oorsaak huil; nou sug en bedroef kyk en hul dan weer met ongerymde voorstellinge amuseer. In Ben Jonson se *Every Man out of his Humour* is daar bestryding, soos ook by Shakespeare, van die misbruik van hierdie woord. Nie elke lafheid of gekheid mag daarvoor deurgaan nie en hy gee in sy *Induction* die volgende definiesie:

> .....when some peculiar quality
> Doth so possess a man, that it doth draw
> All his affects, his spirits, and his powers
> In their confluctions, all to run one way,
> This may be truly said to be a humour.

1) Gesit. Baldensperger, *Etudes d'Histoire Littéraire*, Paris, 1907, p. 177.

En so iemand noem hy ook ‘humourist’ in sy spel. Shakespeare in *As you like it* skyn die woord 'n betekenis as s t y f k o p p i g h e i d te laat aanneem. In *King John* is dit meer g r i l l i g h e i d (*caprice, whim*).

> It is the curse of kings to be attended
> By slaves that take their *humours* for a warrant. (IV.2).

In *Hamlet* slaan die woorde ‘the humorous man’ op 'n speler van 'n opvallende, ekstrawagante rol, waarby Dowden in sy uitgawe van *Hamlet* aan karakters as Jacques en Mercutio dink. Ons mag aldus aanneem dat die woord *humour* in Shakespeare se tyd 'n betekenis gedra het as e e n s y d i g h e i d of e k s e n t r i s i t e i t of g r i l l i g h e i d , wat, soos Höffding aantoon, op 'n enkelvoudige gevoel (*Einzelgefühl*) nog sou wys.[1] Tereg neem hy egter aan dat Shakespeare deur sy clownwese in die afgeslote tragiese handeling die weg gebaan het na die latere, ruimere begrip van grootse lewensstemming ná rype en diepe lewenservaringe. Erns en skerts, vreugde en smart, hoogheid en laagheid vorm 'n wondere harmonie van totaalgevoel. Maar die gangbare betekenis lewe nog voort en word teen die end van die eeu steeds in verband met 'n sekere oorheersende temperament gebruik en gaan so die betekenis aanneem van wat Madame de Staël ‘plaisanterie Anglaise’ bestempel het: 'n geestige grappigheid en skerts, ooreenstemmende met Engelse oorspronklikheid. Maar tussen *wit* en *humour* word selde onderskeid gemaak.

Die heersende buitensporigheid op die gebied van ‘humour’ het Addison beweeg om 10 April 1711 in sy *Spectator* (no. 35) uiteen te sit, dat humor deur die rede moet gelei word, ja, deur 'n noulettende oordeel. In 1762 wys Henry Home in sy *Elements of Criticism* op die onderskeid tussen skrywers wat in hulself humoriste is en andere wat alleen die humoristiese vorm gebruik. So was Swift en Sterne volgens hom

1) Sien H. Höffding, *Humor als Lebensgefühl*, ed. Teubner, Leipzig, 1918, p. 45.

humoriste; Addison daarenteen fyn humoristies in sy skepping van 'n Sir Roger de Coverley. Die grilligheid en oorspronklikheid van beskrywing, verwaarlosing van gewone estetiese gebruike in die speling van 'n lugtige fantasie en 'n gevoelige temperament; maar veral die deureenmenging van skerts en erns, van vrolikheid en weemoed het in die 18e eeu in Engeland 'n ryke skat van humor opgelewer, die waarde waarvan nader nog sal aangetoon word.

Ook in Frankryk, Duitsland en Italië het die woord vele hoofde en penne in beweging gebring en is hy na veel stryd tog in die woordeskat opgeneem. In eersgenoemde land skyn dit in die begin van die 16e eeu dat die fisiologiese term sy psigologiese betekenis aangeneem het; maar nog lang sou *humourist* op iemand slaan wat *de l'humeur* besit, d.w.s. knorrig en onvriendelik is. Montesquieu in 'n fragment kom nader by die juiste betekenis. Baldensperger siteer[1] Béat-Louis de Muralt, waar hy in sy *Lettres d'un Francais* (*La Haye*, 1745, I. p. 114) van *l'humour* praat en beweer: ‘si nous n'en avons pas l'expression, nous avons la chose qu'elle signifie’; 'n moontlikheid vir die geringer produksie van humoristiese geskrifte word gesoek in die groter algemeenheid van literêre smaak in Frankryk: ‘c'est parce qu'on y respecte plus les bienséances que l'on y vit plus uniment.’ En hul het aanvanklik aan Engeland oorgelaat ‘ce humeur qu' ils ne trouvent guère que dans leur île.’[2] Maar in die twede helfte van die 18e eeu ontstaan ook hier verteen-woordigende humoristiese werke, al bly humor eintlik iets meer van die *triste Nord*.

Ewenso moes in Duitsland die stryd besleg word tussen die eksotiese woord en hul eie *Laune*. Die nuwe betekenis van die eerste word ten slotte gewaardeer en aanvaar. Herder het 'n mooi woord van lof vir die humoriste, wie hy ewe sonderling as beminlik vind. In hul sien hy die

1) t.a.p. 185.
2) Madame de Charrière in 1765: gesit. Baldensperger t.a.p. 188.

vereniging van die verhewene en die komiese, *des âmes humaines*.[1] In die twede helfte van die 18e eeu word veral deur die goeie vertaling van die Brunswyker Christoph Bode (1730-97) die Engelse humoriste (met name Sterne) bekend en nagevolg.

Maar ook in Italië het die Engelse invloede deurgewerk en sy moes haar eie woord weer gaan opeis en weeg vir die nuwe begrip, wat langsamerhand ook in hierdie land sy oorwinning behaal.

So het die woord *umore* uit die fisiologie in die psigologie sy weg gevind. Die spraakgebruik wys van tyd tot tyd op nuwe oorgange en nuanses, wat in noue verband staan met die moderne strewe om die gevoelslewe dieper te peil en te karakteriseer. Eers in die negentiende eeu is deur verskillende estetisie die begrip humor wetenskaplik bestudeer. Een van die eerste geskrifte is die bekende *Vorschule der Ästhetik* (1804) van Jean Paul. *Erwin* (1815) en andere geskrifte van Solger wys reeds op 'n duidelike begrip, dat in humor beide die gevoel van die heerlikheid van die lewe en dié van sy onvolkomenheid na vore tree, waardeur tussen die tragiese en die komiese 'n innerlike verband ontstaan, sodat niks as waardevol voorkom wat nie deur sy begrensing komies sou kan word nie, niks as komies wat nie op waarde sou kan aanspraak maak nie.[2]

So is ons genader tot die samegestelde gevoel, wat die onderwerp is van hierdie verhandeling.

1) Sien *Kritischen Wälder*, 1769, *4e Wäldchen*, III, § 4 vlg.
2) Aangehaal by Höffding, t.a.p. 51.

I.
Bewuswording van die humor.

‘Strange as the genealogy may seem,’ skrywe George Meredith,[1] ‘the original parentage of that wonderful and delicious mixture of fun, fancy, philosophy and feeling, which constitutes modern humour, was probably the cruel mockery of a savage at the writhings of a suffering enemy - such is the tendency of things towards the better and more beautiful.’ Seker is lange eeue nodig gewees voor die ontwikkeling van intellek en ruime geestesblik, die hoogs gekompliseerde lewensstemming, die wondere deureenklink van vreugde en smart in humor moontlik geword het. Selfs die vermenging van aangename en pynlike elemente wat Plato in die lagwekkende meen te gevind het,[2] is nog ver van die harmoniese samesmelting in totaalgevoel, wat hieronder nader sal uiteengesit word. Ten alle tye is die vereniging van groteske en verhewe elemente in die literatuur aangewend, maar die innige samesmelting in bespiegeling en die milde glimlag van humor is 'n verskynsel van die nuwere tyd met sy inniger bewuswording en diepere analiese van persoonlikheid. Psigologie en estetiek is dan ook heeltemal eens daaroor, dat humor 'n *moderne verskynsel* is. Dit ten volle te kan aantoon vereis 'n psigologiese studie van die historiese verloop van totaalgevoelens: 'n studie wat helaas nog maar in sy kinderskoene is. Tog het Sully gelyk: ‘Our analysis of humour may help us to understand some well-recognised facts. It teaches us that a sentiment, at once complex and implying a mature reflection, must not be looked for in the young; it is the prerogative of the years which have hoarded experiences and learned

1) *An Essay on Comedy*, (Longmans) 1902.
2) vgl. sy *Philebus*.

to reflect. Nor as implied in what was said above, is it to be sought for in the youth of the world. That humour is - in its clearest and fullest utterance at least - the possession of modern times, the period ushered in by the appearance of the great trio, Rabelais, Cervantes and Shakespeare, is explained by saying that, like music, it fits itself into the ways of our new spirit.'[1] In hierdie hoofstuk wil ek u hierdie nuwe gees met sy gevoelsmusiek illustreer.

Die antieke denke en voele in betreklik eenvoudig psiegiese lyne skyn - as ons Socrates, wat sy tyd lang vooruit was, uitsonder - weinig van die gekompliseerde stemming geken te hê wat humor vereis. Binne 'n vaste werklikheidsomlysting het die antieke lewe hom beweeg, en die vrye ontwikkeling van die indiwiduele sielelewe (vrye persoonlikheid), met die groter smart dikwels wat met vermeerdering van kennis gepaard gaan, sou eers deur stryd van baie lange jare tot verwesenliking geraak; en nog veg dit om erkenning. Die historiese verloop van innerlike vrymaking mag niemand hier verbygaan nie. Die opvatting van karakter en noodlot by die Grieke was uitgedruk in grote regte lyne. Die innerlike wese van die bestaande is opgevat as onveranderlikheid; die veranderlike geld vir die antieke denke in die laaste instansie as illusie en selfs as waardelose illusie.[2] Shakespeare as eerste groot-moderne mens sou die diepere sin van veranderlikheid en die betreklike van alle vaste waardes deurgrond en uitbeeld in die grote gekompliseerdheid van ervaringe en gevoelens, wat die selfbewuste mens kenmerk. Die heroïeke siel duld geen laffe berusting nie en soek sy vryheid, sy dit in vertwyfeling. Waar Plato oor die realiteit heen wys, gaan Shakespeare daardeur. Vir die vrye persoonlikheid het nòg universum nòg waarde meer begrensing. Die eenvoudige is gekompliseerd geraak, die gekompliseerde menighede streef weer na sintese. En so het

1) Sully, *An Essay on Laughter*, (Longmans), 1902, p. 311.
2) Höffding, *Humor als Lebensgefühl*, p. 39.

ook die totaalgevoel ryper en volmaakter uitgebloei en met die Romantiek vir die eerste keer bewus geword en omskrywe. Dit is die ondersoek van hierdie hoofstuk.

Die bloei van humor in Engeland gedurende die 18^{e} eeu het dus gelê in die lyn van ontwikkeling van die idee, wat ná Humanisme en Renaissance op inniger bewuswording en groter geestesvryheid aangestuur het. Die ontwikkeling moet die leser elders nagaan. Ek som alhier enige punte[1)] op by wyse van voorbereiding vir wat ons alhier moet nagaan. Newton maak sy natuurkundige ontdekkinge bekend, waardeur die blik in die heelal aanmerklik gewysig word; en Locke, voortbouende op Descartes, baseer alle menslike kennis en religieuse geloof op ervaring. Burgerlike en godsdienstige vryheid, volksoewereiniteit en Deïsme ontwikkel die nuwe gedagte. Dan kom nog Pope met sy *Essay on Man* (1733) die betreklike hoogheid van die mens aantoon; maar reeds vroeër het Montesquieu met sy *Lettres Persanes* die eenheid van die hele mensheid vertolk en op toleransie gewys. Die Engelse en latere Hollandse spektatoriale geskrifte asem vry in die frisse atmosfeer van nuwe ideë. Selfbewussyn en selfanaliese tree nou in die plek van tradisionele aanvaarding van onveranderlike waarhede. Ook die nuwere geskiedvorsing het 'n grote invloed uitgeoefen. Die geskiedenis van die mensdom word nou nie langer beskou as iets toevalligs nie, maar verklaar as iets noodwendigs. Herder wys op die ontwikkeling van die mensheid, nie as die steeds hoër klim op 'n leer nie, maar as die frisse groei van 'n boom vanuit eie kern, steeds gekompliseerder en steeds verder om hom heen grypende. Belangstelling vir die oudheid word gewek. Dit word 'n soeke om die mens uit alle tye te begryp, maar veral uit die eie. Daar dit alles in die 14^{e} eeu reeds in kiem aanwesig was, is hierdie periode dan ook maar 'n beter geslaagde Renais-

1) Naas my eie lees is ek hier veral dank verskuldig aan die kolleges van Prof. Prinsen oor die W.E. literatuur in die 18^{e} eeu.

sance. Daarby kom nog Winckelmann wys op die ware gees van die antieke grootheid; Pompeï word oopgegrawe en 'n oue stad in sy volle lewe blootgelê. Die waardering vir Shakespeare kom weer op...

Maar waarom meer droë opsomming van heerlike waarhede, die glorie van ons nuwere mens-syn? Ek haas my tot my literatuur.

Reeds aan die begin van die eeu bloei in Engeland 'n literatuur, wat getuig van groter erns en ruimer eerlikheid, dieper waarneming van die lewe en veel meer vryheid van wêreldbeskouing. In Frankryk is dit Marivaux in wie sterk die verlange na die waarheid spreek. Liewers as in fabels en hofintrieges op te gaan, word die aandag nou in beslag geneem deur die ervaring van die daelikse lewe. Die skilderskool van Holland het reeds lang tevore in die werklikheid gestaan.

In Engeland word Montaigne met sy *morale observatrice* die wegwyser van die Engelse essayiste. Seer juis beskrywe W. Hazlitt hul genre van literatuur:

‘It makes familiar with the world of men and women, records their actions, assigns their motives, exhibits their whims, characterises their pursuits in all their singular and endless variety, ridicules their absurdities, exposes their inconsistencies, holds the mirror up to nature, and shows the very age and body of the time, its forms and pressure, takes minutes of our dress, air, words, thoughts and actions; shows us what we are, and what we are not; plays the whole game of human life over before us, and by making us enlightened spectators of its many-coloured scenes enables us (if possible) to become tolerably reasonable agents in the one in which we have to perform a part. ‘The act and practic part of life, is thus made the mistress of our theorique.’[1)]

1) *English Comic Writers*, ed. Bell, p. 123.

Sir Roger de Coverley is hiervan een van die pragtigste skeppinge, in sy natuurlike deugde en beminlike swakhede.

‘How airy,’ skrywe Hazlitt verder op, ‘these abstractions of the poet's pen stream over the dawn of our acquaintance with human life! How they glance their fairest colours on the prospect before us! How pure they remain in it to the last, like the rainbow in the evening-clowd, which the rude hand of time and experience can neither soil nor dissipate!’

Maar eers deur Montesquieu, Lessing, Richardson en Rousseau sou die selfanaliese 'n groter tydperk vir die kuns laat aanbreek: 'n magtiger natuurliefde en 'n vuriger drang na nuwe waarheid en hoëre skoonheid. Uit die selfanaliese ontstaan natuurlik 'n sekere gevoeligheid, wat dan weer ontwikkel tot die bekende oordrewe gevoelskultus van die 18^{e} eeu. Hierfeen staan die humor op - eweseer uit die selfanaliese gebore - as natuurlike *reaksie*, in Engeland reeds in die middel van die 18^{e} eeu. Teenoor die skepping van engele en monsters en die hoë noodlotsgebeure in die romans van Richardson, word die alledaagse mense en dwase gebeurlikhede gestel en wel in willekeurig humoristiese beligting. Teenoor Richardson en sy navolgers staan 'n ry van geestige Engelse skrywers, met hul sonderlinge verbinding van erns en luim, wat hier kortliks ons aandag vra.

Na die pragtige skildering van die daelikse lewe vol ryke gemoedstemminge in die Engelse literêre weekblaaie, was dit die groot talent van Richardson (1689-1761) gegee, om op die gebied van die moderne roman van besondere betekenis te wees en meer bepaald die roersele van die hart na te gaan en hartstog uit te beeld. Sy verdienste was die suiwer menslike te skilder en die werklikheid te teken, soos niemand nog tevore nie. Hier speel geen klassieke tradiesies meer nie, maar geskied alles volgens eie keuse en eie karakter. Ongelukkig was die tendens en die sentimentaliteit van die skrywer aanspraaklik vir growwe psigologiese onwaarskynlikhede. Clarissa is te seer as ideaal van lieflikste vroulikheid

in hemelblanke onskuld getipeer naas die snode Lovelace; Grandison is 'n volmaak goeie mens sonder lewe, met orals die grondfout van die werk: haec fabula docet! Tog het Richardson die hele Europa met die lotgevalle van sy helde in beroering gebring. Deur Diderot word hy met Moses, Sophokles en Euripides gelykgeste, deur Rousseau as twede Homeros vereer en tot voorbeeld geneem, en deur 'n ganse skaar van Duitsers nagevolg. Fielding, egter, sou nie soos Voltaire hom kritiseer en tog weer navolg nie, maar 'n nuwe weg van psigologiese waarheid inslaan: ons menslike natuur met al sy swakheid en gebreke aanvaar, sonder mooidoende didaktiek of huilerige oorgevoeligheid. So is Fielding veel meer realis. Met die ou romantiese wêreld van bonte awontuurlikheid, maar veral met die breedopgesette psigologiese studie van menslik-beliggaamde ideë van dié skrywer, kon Fielding geen vrede mee vind nie. Met sy verskyning is die werklikheid met sy steeds variërende, ook nouliks sigbare ligspelinge en dowwe oorgange van lyn en toon, tussen die groot uiterstes van goed en kwaad, skoonheid en lelikheid, vreugde en smart, met al sy kronkelende paaie en verbysterende kruisweë, sy dit nog in seer onvolmaakte vorm, die moderne roman geopenbaar. Fel is die uitdaging van die jongere skrywer. Hy sal Richardson parodieer en met die wapen van sy spot vernietig.[1)] En dadelik gaan sy woord in verwesenliking: 1740, *Pamela*, 1742 is *Joseph Andrews* daar; 1748, *Clarissa*, 1749, *Tom Jones!* Dit was die fiere antwoord op puriteinse erns en braafheid. Toevallig was dit dan ook nie, dat die herout vir die roman na die gewone lewe tewens in Engeland die eerste groot humoris daarin moes wees. As ons later die wese van humor klaarder voor oë kry, sal die immense waarde van die trou aan die werklikheid vir die ontwikkeling van humor blyk. Met Fielding doen die *objektiewe humor*, d.w.s. 'n humor wat

1) Sien Hettner, *Literaturgeschichte des 18. Jahrhunderts* I, p. 18.

in 'n persoon die komiese en verhewene tot 'n eenheid verbind, sy eerste intrede in die Engelse roman. Hierin was die ridder van Mancha hom voorafgegaan.

In die 17e eeu het *Don Quixote* beskou geword as interessante *jestboot*; sy diepere betekenis kon nog nie ten volle waardeer word nie. In die klassisistiese Engeland met sy fyne geselskapslewe, onder Franse invloed ontwikkel, was die maatstaf van Don Quixote 'n nugtere van die kalme verstand en word hy beoordeel as iemand wat van nature goed is, maar hom nie kan beheers nie en so 'n groteske figuur word. Eers deur 'n nuwe geslag wat die duffe konvensielug en die artifisiële kunsgedoente moeg is, word hy in sy vrolikheid-in-erns begryp en as frisse natuur verwelkom. Selfs sy dwaashede toon dat hy nog nie deur enige kuituur of konvensie verdorwe is nie[1)], m.a.w. dat die naïwiteit, wat ons ook nog by andere humoristiese karakters sal teëkom, suiwere menslikheid is. Hierdie werk het groot invloed op Fielding uitgeoefen. Hy voeg selfs by die tietel van *Joseph Andrews* (1742) 'written in the manner of Cervantes, author of *Don Quixote*.' Dadelik val die invloed ons op in die persoon van Parson Adams, wat ewe as die goeie ridder deur sy nobele ideale in dwase verhouding tot die werklikheid te staan kom. Die voorliefde van die Romantiek vir grote teenstellinge is egter ook in die trant van die Spaanse werk. Sien Tom naas Blifil, of die hoë liefde van Tom vir Sophia en sy platte liefde vir die dogter van die 'gamekeeper'. Sy held kies Fielding met opset menslik swak en tog simpatiek juis daaròm of tenspyte daarvan, soos Parson Adams en Don Quixote om hul menslikheid beminlik is. In teenstelling met Richardson is Fielding dus veel meer afwisselend, lewendiger en naturalistieser; ook is hy humoris.

Die mildheid van sy humoristiese lag wat die spot versag, het veel gemeen met dié van Cervantes; maar hier is dit

1) Vgl. Becker, *Don Quijote*, (*Palaestra* 13-15), Berlin, 1906, p. 240.

veral innerlike aard wat ooreenstem, en waar invloed aanwesig is, daar is dit so volmaak geassimileer, dat van iets eigens kan gepraat word. Ek vind dit naas die erkenning van invloed wat veral *manner* betref, tog enigsins bedenklik te positief van *Nachahmung* te spreek, soos Bekker in die aangehaalde werk doen. (p. 136)

Seker is die invloed van Cervantes sterk, maar of ons outeur ook daarsonder nie iets dergeliks van stemming sou gegee het nie? Hier moet m.i. in die allereerste plek die bostaande feite en verder die karakter en omstandighede van die Engelse humoris bestudeer word, en daarná gelet op die groot ooreenkoms tussen meerdere trekke in die werk van beide skrywers, en die waardering wat die Engelsman die goeie Spaanse ridder toegedra het. Ek kan hier nie verder op die leersame ooreenkoms in werk ingaan nie en wil volstaan met nog eens te herhaal, dat die lewenservaring van Fielding en sy karakter, so in byna alle opsigte ooreenkomende met wat ons by humoriste vind, sy haat teen alle puriteinse huigelary en verwronge lewensviesie van wie hul bo die rein menslike waan... dat dit alles heel veel deur analoge sielstruktuur, ondervinding en wêreld-beskouing verklaar, wat ons op die eerste gesig toeskyn as markante navolging.

Fielding is inderdaad die eerste volle Engelse humoris. Sy karakters meet hy nie volgens die maatstaf van 'n pasklaar-morele kode, of 'n starre kategismus nie; maar na suiwere menslikheid, vol gebreke, maar waar die ideaal tog aanwesig is. Soos Tom Jones is hyself, ligsinnig, verkwistend, swak van wil, onverantwoordelik dikwels, met 'n geweldige liefde vir genot in die lewe, dikwels in skuld en moeilikheid; goedmoedig, opreg, vol verdraagsaamheid, steeds 'n beminlike mens ... vrolik, opgeruimd, sy medemens bestuderend, spottend, vergewend. Eenvoud en waarheid bemin hy boweal. In Parson Adams het hy ons 'n pragtige figuur van objektiewe humor gegee. Hy besit 'n warm hart, is eenvoudig en opreg, maar tog nie vry van

ydelheid om sy kleine voortreflikheidjies nie. Soos *Don* Quixote is sy strewe hoog en nobel, maar deur gebrek aan praktiese insig, by te warme temperament, deur sekere *distraction fondamentale*, ook dikwels buitengewoon humoristies. Ons vind by hom die dromerigheid en verstrooidheid wat Bergson beskrywe as ‘du mécanique dans du vivant’ en bron noem van die komiese.

'n Baie vername punt in die behandeling van karakter deur Fielding, is dat hy die komiese en die verhewene nie *naas* mekaar plaas nie, maar direk *verbind* tot humoristiese eenheid. Hy weet die amusante met die ernstige te laat harmonieer in die bepaalde *gemengde* stemming van humor. Versoening met die ongerymdheid van die bestaande was die optimisme van Fielding; hoe anders was die bitterheid en kilheid van hart en siel van die teleurgestelde pamflettis Jonathan Swift! Dié se mensehaat het aan waansin gegrens: walgende vir die afskuwelike mense-ape, verlang hy na die perdeparadys van die Houyhnhmms.

'n Twede punt wat alhier moet opgemerk word is die sgn. *subjektiewe humor*, wat in die subjektiewe wyse van vertelling of voorstelling berus. Hier kan die grilligheid van voorstelling en die gedurige uitweidinge oor die nietigste details soms 'n humoristiese effek bereik, al lei dit maklik tot opsetlike kultus van komiese of humoristiese *skryfwyse*. Ook by Fielding vind ons dikwels skerts met die leser: 'n patetiese toon wat op niks uitloop nie, 'n snelle tempo, 'n verrassende of misleidende opskrif bo 'n kapittel, 'n Ware virtuoos in hierdie skryftrant egter is die Engelse Rabelais, Laurence Sterne (1713-1768) met sy *Tristram Shandy* en *Sentimental Journey*.

Met sy voorganger Robert Burton het Sterne die geestige verrassinge vir die leser en die gedurige uitweidinge van die hooftema gemeen. ‘Digressions incontestably,’ skryf hy, ‘are the sunshine; - they are the life, the soul of reading! - take them out of this book, for instance, - you might as well take the book along with them... writing when

properly managed (as you may be sure I think mine is) is but a different name for conversation.' Sterne het in 'n sekere mate gelyk, tog lê daar 'n gevaar in die willekeurige romantiese spel met alles en 'n ieder, wat lig ontaard in onestetiese wetteloosheid, of soos Goethe dit in sy brief aan Zelter (30 Okt. 1808) uitdruk, 'leicht früher oder später in Schwermut oder böse Laune ausartete.' Met sulke humor kon Goethe nie die ware erns van die lewe vereenselwig nie. En hy het gelyk gehad, daar dit ook nie direk op deurleefde ervaringe berus nie, - die grond van alle hoë humor. By Sterne, maar veelmeer by sy tallose navolgers, het dit dan ook in 'manier' verloop. Veel van sy so hooggeroemde 'humor' van woorde, beelde, karaktertekening en situasie is verkeerd bestempel en is louter geestigheid of verrassende komiek.

En tog gee Sterne wáre, alleen geen hoë humor nie, waar hy erns en komiek verbind en agter die lagwekkende die verhewene soek. Objektief-humoristies is b.v. sy uncle Toby gesien. Sy karakters word gekenmerk deur goedheid van hart agter uiterlike komiese trekke. In die kontras tussen Shandy en die kaptein vind hy weer geleentheid vir die bespiegeling wat op die humoristiese lewenshouding wys. En op laasgenoemde kom dit aan. Ons voel in hom sy groot-menslike liefde wat selfs in die bitterste lewenservaringe nooit die geloof aan die goeie verloor nie. Met al sy foute was hy 'n beminlike mens, soos hy homself ook gee in sy *Tristram Shandy*. Sy opgewektheid vorm 'n lewendige kontras met die swartgalligheid en verbitterdheid van Swift. Alleen aanstellerige erns en huigelary was hom 'n gruwel. Hy was onervare en dikwels onverstandig, ook naïef en onversigtig. Sy humor berus op 'n warme liefde en versoen ons met die lewe en die wêreld. Op hom slaan uitstekend die definiesie van humor deur Thackeray gegee:[1)] 'wit and

1) Sien *The English Humourists of the eighteenth Century*, 1853.

love.' Dit spreek ook orals uit sy *Sentimental Journey - sentimental* alhier gebruik in teenstelling met *topographical*, dus: gevoelsreis. Onder vreemde mense soek hy 'the nakedness of their hearts and through different disguises of customs, climates and religion.... what is good in them.'[1] Let veral hier op sy gevoeligheid: 'dear sentimentality,' roep hy, 'source inexhausted of all that's precious in our joys or costly in our sorrows! Great sensorium of the world!' Sentimentaliteit kenmerk dan ook in meerdere of mindere mate alle humoriste van hierdie tiepe. Verdruktes en swakkes, die kleine en nietige, kinders, diere en selfs plante het hul liefde en wek hul innigste medelye op.

Hiervan vind ons baie voorbeelde by Sterne. Ek herinner aan die jammerte wat hy bedelaars toedra en aan sy ontroering by die sien van 'n opgeslote voël in 'n kou. 'I can't get out, said the starling - God help thee! said I; - but I'll let thee out, cost what it will....'[2] En wat 'n droewige tafereel van slawerny laat dan die gedagte aan die voëltjie by hom ontstaan, sodat hy in trane uitbars[3]. Hoe pleng hy sy trane met dié van die arme in gees gestoorde Maria onder die populier naas die murmelende stroompie. Maar, en dit is van groot belang, Sterne is in teenstelling met die *weinende* Gessner of die seurende Baculard d'Arnaud of die in lye liefhebberende Feith nie *enkel* sentimenteel, en dus sonder ewewig van gevoeligheid nie, maar besit al iets van die romantiese ironie wat oordrewe sentimentaliteit met krietiese toespelinge verpuur (veral by Heine pragtig te sien, as ons sy jeugpoësie met rypere werk vergelyk). Luister na die deur komiek gebroke sentimentaliteit onder die populierboom, waar Maria se traantjies dapper vloei.

1) *A Sentimental Journey*, Cassel, p. 131.
2) t.a.p. 114.
3) t.a.p. 117.

> I sat down close by her, and Maria let me wipe them away as they fell, with my handkerchief - I then steeped it in my own, - and then in hers - and then in mine - and then I wiped hers again; - and as I did it, I feit such undescribable emotions within me as I am sure could not be accounted for from any combinations of matter and motion.
> I am positive I have a soul; nor can all the books with which materialists have pestered the world ever convince me to the contrary.[1)]

Maar by 'n klas van mense, waar emosionaliteit en primêre funksie so sterk aanwesig is, is 'n sekere oorgevoeligheid soms te verwag, waarin die sentimentalis die humoris verdring.

Tenslotte wil ek nog Goldsmith noem met sy heerlike werk, *The Vicar of Wakefield* (1766), die geskiedenis van die beminlike Dr. Primrose en sy famielie, so waar deur Goethe gekarakteriseer:... 'Die Darstellung dieses Charakters auf seinem Lebensgange durch Freuden und Leiden das immer wachsende Interesse der Fabel, durch Verbindung des ganz natürlichen mit dem Sonderbaren und Seltsamen, macht diesen Roman zu einem der besten, die je geschrieben worden; der noch überdies den groszen Vorzug hat, dasz er ganz sittlich, ja im reinen Sinne christlich ist, die Belohnung des guten Willens, des Beharrens bei dem Rechten darstellt, das unbedingte Zutrauen auf Gott bestätigt und den endlichen Triumph des Guten über das Böse beglaubigt, und dies alles ohne eine Spur von Frömmelei oder Pedantismus.'[2)] Wat 'n woord van menslikheid om die enge didaktikus voor te hou! Die verhaal self is vol onwaarskynlikhede en die *plot* en afloop swak en tog bevat die eenvoudige geskiedenis 'n liefheid en teerheid, 'n lewende humor en

1) t.a.p. 175.
2) *Dichtung und Wahrheit, Goethes Werke*, dl. 10, (Bong) p. 363.

'n pragtige menslikheid, wat die gebreke van die werk laat vergeet, soos die swakhede van die skrywer reeds lang vergewe is.[1)]

Geweldig was die invloed van die Engelse humoriste, veral Sterne se *Sentimental Journey* en *Tristram Shandy*, in Duitsland. Ook daar is humor aangewend deur die satieriese beweging teen oordrewe sentimentaliteit en gevoelskultus. Maar die navolginge het selde die Engelse spelende geestigheid bereik en gewoonlik in die opvoedkundige tendens van die roman verstik geraak. Alleen Lichtenberg eintlik kan 'n vergelyking met die Engelse gunstig deurstaan. Merkwaardig is dit dat dié humoris as hipokondris moes eindig. Ook die in sy tyd verafgode Jean Paul het invloed van Sterne ondergaan, maar hy het 'n eie selfstandige weg ingeslaan. Later vind ons by Heine geestesverwantskap met Sterne, veral in sy kostelike *Memoiren des Herrn von Schnabelewopski* en *Das Buch le Grand*. In Frankryk was daar 'n korte periode van invloed, maar die aard van Sterne se skryfwyse en gevoel is eintlik tog iets heel verskillends van wat die Franse logiese sin vir literatuur langdurig kan bevredig.

Die 18^{e} eeu is dus besonder ryk aan humor gewees. Die bewuswording van sigself en analiese van eie gevoelens was 'n voldonge feit geword. En tog was die vlakke optimisme van die tyd nie geskik vir meer as oppervlakkige bevestiging van die lewe nie. Die geweldige disharmonieë van die bestaan, die diepere en misterieuse grondslae van ons wese aan te voel en gestalte in kuns te gee, soos 'n Shakespeare of Cervantes dit gedaan het, kon geen kleinhandelaar van die lewe nie! Op die gebied van die kleine,

1) Interessant is dit te weet dat die so veel grotere Goldsmith invloed van Justus van Effen ondergaan het, tydens sy verblyf in Leiden. In *The Bee* is ontlening aan die geskrifte van Van Effen uit Sweden op te merk. Sien die ondersoek van A.J. Barnouw in *Handelingen en Mededeelingen van de Mij. der Nedl. Letterk.* 1912-13, 2e ged., 81-96.

gevoelig-intieme, menslike het skone dinge ontstaan, soos reeds geblyk het. Hul humor was 'n ware, maar 'n kleine, of 'n laere (in graad).

Maar inderdaad het hul vrye kyk op die lewe en die sterke sin vir die werklikheid van elke dag en hul warme simpatie vir die kleine en geringe, sowel as hul afkeer van oorgevoeligheid en geveinsde braafheid, die ontwikkeling van humor sterk bevorder. Die hoë humor sou weer kom, deels deur die invloed van Shakespeare, wie aan die end van die 18e eeu weer groot waardering vind; soos die opbloei van die laere humor deur die invloed van die grote Cervantes bevorder was.

Reeds klink die rewolusionêre kreet van die vroeg 19e eeu om waarheid en natuur en die tydperk van geweldige antitese breek aan.[1] In die plek van oppervlakkige lewensbevestiging tree nou die kontrastering en vereniging van die grilligste disharmonieë van die lewe as uiterlike en innerlike stryd. 'n Nuwe fase van die Romantiek is ingelui. Die woord is aan Victor Hugo. Maar ook hier lê reeds die voorbereiding vroeër. Die *kontras-teorie* wat nou met hartstog toegepas word is al driekwart eeu vroeër onderwerp van spelende betragting deur Fielding.

In *Tom Jones* vind ons die geestige essay: 'Of the Serious in writing and for what purpose it is introduced,'[2] waarin die waarde van kontras tussen ernstige en komiese trekke uiteengesit word. Hy spreek van 'a new vein of knowledge' (wat natuurlik al van alle tye is) en vervolg: 'This vein is no other than that of contrast, which runs through all works of the creation, and may probably have a large share in constituting in us the idea of all beauty, as well natural as

1) Die leser sal, hoop ek, die noodsaaklikheid van veel sitate in die hier volgende afdeling voel, om aldus tot 'n duideliker begrip te geraak van die verskil in bewuswording.
2) *Tom Jones*, Bk V, Ch. I.

artificial: for what demonstrates the beauty and excellence of anything but its reverse? Thus the beauty of day, and that of summer, is set off by the horrors of night and winter. And, I believe, if it was possible for a man to have seen only the two former, he would have a very imperfect idea of their beauty.' So gee hy ook as voorbeeld dat jonge dames hul so lelik as moontlik toon in die oggend om saans des te mooier te skyn. Hierdie kontras-teorie wat hy orals in werking sien, sowel by juweliers of by skilders as in die werke van Homerus, wil hy in sy 'prodigious work' toepas. Deur die erns van ingevoegde essays 'in which we propose to be laboriously dull,' sal die res miskien meer genietbaar wees, tensy die leser daarin reeds genoeg erns vind! U sien hoe hy met die toepassing van die teorie weer fyn satieries te werk gaan ten opsigte van die eindelose produksie van vervelend-ernstige geeste soos b.v. Richardson; al gaan dit eintlik buite die beskouing om van sy pragtig objektief-humoristiese karakters. Tog karakteriseer dit iets van die stemming wat by voorbeeld 'n Parson Adams of 'n Tom kon skep.

Die kontras-teorie[1)] sou egter die kortbegrip wees van die nuwe rewolusionêre beweging wat in Frankryk onder leierskap van Victor Hugo 'n magtige fase van die Romantiek verteenwoordig. Om natuur en waarheid roep Victor Hugo en in die *Préface* van sy *Cromwell* vind ons sy uiteensetting van natuur en drama as kontras, maar ook vereniging van gees en stof, *sublime et grotesque*. Hy wys op die mooie naas die lelike, die bevallige naas die misvormde, die goeie naas die kwade, die lig naas die skadu. Die kuns moet die natuur gee soos hy is en mag nie vermooi nie. 'Que ce fait plaise ou déplaise, peu importe!'[2)] Hugo weet dit:

1) Vir hierdie volgende gedeelte verwys ek na *Multatuli en de Romantiek* deur Dr. J. Prinsen J.Lz., Rotterdam, 1919, en die sitate, waarvan ook deur my bespreek, aldaar.
2) *Oeuvres Complètes*, Paris, 1843, XII, p. 153; ook verderop vir gegewe sitate.

‘c'est de la féconde union du type grotesque au type sublime, que nait le génie moderne.’ So het 'n nuwe tiepe en vorm van kuns ontwikkel, wat wel in die antieke literatuur aanwesig was, maar nog in sy kinderskoene, volgens Hugo: ‘ce type, c'est le grotesque. Cette forme, c'est la comédie.’ Wat is die dwerge Aristophanes en Plautus tog by die Homeriese kolosse, by Aeschylos, Sophokles, Euripides? Maar let op die geweldige rol van die groteske in die moderne gedagte. Hy is orals. Aan die een kant roep hy die misvormde en verskriklike in die lewe; aan die ander die komiese en klugtige. Aan die godsdiens verbind hy velerlei bygeloof; aan die poësie duisenderlei skilderagtige verbeeldinge. ‘C'est lui qui sème a pleines mains dans l'air, dans la terre, dans le feu, ces myriades d'êtres intermédiaires que nous retrouvons tout vivants dans les traditions populaires du moyen âge; c'est lui qui fait tourner dans l'ombre la ronde effrayante du sabbat; lui encore qui donne à Satan les cornes, les pieds de bouc, les ailes de chauve-souris. C'est lui, toujours lui, qui tantôt jette dans l'enfer chrétien ces hideuses figures qu'évoquera l'âpre génie de Dante et de Milton, tantôt le peuple de ces formes ridicules au milieu desquelles se jouera Callot, le Michel-Ange burlesque.’[1)]

Ek haal breedvoerig aan omdat die aard van die groteske so duidelik aangegee word, en dit van groot belang hier is. Die groteske as element van kontras met die verhewene is, volgens hom, die rykste bron wat die natuur kan open aan kuns. Waar hy aantoon hoe die groteske eentónigheid verjaag, dink ons weer aan Fielding. Die algemene skoonheid wat die oudheid op alles uitgestrooi het, was tog nie sonder eentonigheid nie; dieselfde indruk, steeds herhaal, kan vermoeiend ten slotte word. Die verhewene òp die verhewene kan beswaarlik 'n kontras skep, en dis 'n menslike behoefte om by alles 'n keertjie verposing te soek, selfs by die skone. Juis hier kan die groteske sy verkwikking bied.

1) T.a.p. 156.

Ook verhoog die kontras die verhewene. Hugo noem spesiaal die groteske by Ariosto, Cervantes, Rabelais. Die vereniging van die twee kragte is Shakespeare: ‘les deux génies rivaux unissent leur double flamme et de cette flamme jaillit Shakespeare.’ In die Bybel, Ilias en Shakespeare sien hy drie leeftye van die wêreld: jeug, mannelikheid en ouderdom.[1] Laasgenoemde bring die werklikheid-in-sy-teenstrydighede, wat dramaties is: ‘Le réel resulte de la combination toute naturelle de deux types, le sublime et le grotesque, qui se croisent dans le drame, comme ils se croisent dans la vie et dans la création. Car la poésie vraie, la poésie complète est dans l'harmonie des contraires.’ Mooi neem hy die tweeheid van ons wese saam. Van die dag dat die Christendom verkondig het: jy bestaan uit twee wesens, die een sterflik, die ander onsterflik; die een vleeslik, die ander eteries; die een geketen deur luste, behoeftes en hartstogte; die ander meegevoer op die vleuels van geesdrif en dromery; die een altyd geboë na die aarde, wat sy moeder is; die ander steeds opgerig na die hemel, na sy vaderland.... van dié dag af bestaan die drama. In die drama soos hy tenminste dit kon dink gaan alles soos in die werklikheid toe. Die liggaam speel daar sy rol ewegoed as die siel, en die mense en die gebeurtenisse in spel gesit deur die dubbele krag, is beurtelings klugtig en verskriklik, soms verskriklik en klugtig tegelyk. ‘Ainsi le juge dira: *a la mort* et allons dîner! Ainsi le sénat romain délibérera sur le tarbot de Domitien. Ainsi Socrate buvant la ciguë et conversant de l'âme immortella et du Dieu unique, 's interrompra pour recommander qu'on sacrificie un coq à Esculape. Ainsi Elisabeth jurera et parlera latin’ .... En in sy werke het Hugo dit alles uitgebeeld in onsterflike skoonheid.

Maar die skilderkuns was hom voor gewees in Frankryk. Delacroix (1798-1863), een van die grootste skilders, bring

1) Dink hierby ook aan humor, wat eerder 'n kenmerk is van rypere jare, so van mense as van die wêreld.

met die helaas te vroeg gestorwe Gericault (1791-1824) die skilderkuns uit die verstarde Davidskool tot nuwe vryheid en gepassioneerde beweging, kleur en toon. Ook hier weer grootse kontraste.

Miskien is dit hier ter plaatse om 'n paar trekke van die groteske *in die algemeen* aan te stip. Dit is veral gerig op die vorm-karakteristieke van die indiwidualiteit en word gekenmerk deur grilligheid, sonderlingheid of verwrongen-heid. ‘Was sich in den zerrissenen, wilden Formen zum Ausdruck bringt sei verzerrte Leidenschaft, krankhafter Wahn, wilde Launenhaftigkeit, überreizter Idealismus, toiles Heldentum und Ähnliches.’[1)] Die groteske het ook 'n trek van groothéid en koenheid. Die fantastiese aard daarvan het ons reeds by Hugo teëgekom. Waarop die eienaardig komiese werking van die groteske berus? Prof. Volkelt antwoord daarop: ‘Es gibt sich in ihm ein ungeheuerlicher Wertanspruch kund, der ebensosehr in ein ungeheuerliches Nichts verpufft.’ Tog *hoef* dit natuurlik nie altyd die geval te wees nie, en geld die wette van die gewoon komiese. Ek hoef natuurijk nouliks by te voeg dat dit die Romantisie om iets anders te doen was as die louter komiese!

Van besonder veel betekenis vir die ontwikkeling van die diepere en hoëre humor was die lig wat hier geval het op die vereniging van die verhewene en die groteske wat die lewe bied. Alleen, wie dit nie tot 'n innige versmelting laat kom nie, bereik ook nie die totaalgevoel, wat ons as humor wil bestempel nie.

Reeds in 1826 verskyn Heine se pragtig humoristiese *Das Budi le Grand*, waaruit ek weer die bekende reëls wil aanhaal wat op humor slaan. ‘Du sublime au ridicule il n'y a qu'un pas, Madame. Aber das Leben ist im Grunde so fatal ernsthaft, dass es nicht zu ertragen wäre, ohne solche *Verbindung des Pathetischen mil dem Komischen*. Das wissen unsere Poeten. Die grauenhaftesten Bilder des

1) Prof Volkelt, *System der Aesthetik*, 1910, II, p. 412.

menschlichen Wahnsinns zeigf uns Aristophanes nur im lachenden Spiegel des Witzes, den grossen Denkerschmerz, der seine eigene Nichtigkeit begreift, wagt Goethe nur mit den Knittelversen eines Puppenspiels auszusprechen, und die tödlichste Klage uber den Jammer der Welt legt Skakespeare in den Mund eines Narren, während er dessen Schellenkappe ängstlich schüttelt.'[1] By Heine vind ons dus sterk die bewuswording van die hoëre humor, 'n woord wat hy - in teenstelling met Victor Hugo - as '*Verbindung* des Pathetischen (nie *sublime* nie) mit dem Komischen' (nie *grotesque* nie) gebruik. Sy voorbeelde is ook nie meer die 'âpre génie' van 'n Dante of Milton nie, maar die smart van 'n denker (Goethe) wat sy eie nietigheid besef en Shakespeare se klag in sy clown-wese.

Verstaan my goed, Victor Hugo in sy kontras-teorie toon u die gronde vir die hoëre humor, open u selfs die visioen van die innige verbinding, maar bly - in sy uiteensetting - by die verhewene en groteske staan. Heine laat die patetiese en komiese ineensmelt en noem dit humor. Daarmee is ons reeds genader tot die wondere 'fusion of feelings,' wat hieronder sal bespreek word.

Al hierdie ideë het natuurlik ook in Holland 'n weerklank gevind. Geel in sy *Gesprek op den Drachenfels* (1835) laat Diodes daarop wys, dat waar 'n lykstasie b.v. deur die oudheid met die daarby passende stilte en plegtigheid voorgestel is, sodat selfs die strydige 'harmonisch strijdig' is, die romantiese kuns sê: 'Neen! wij veroordeelen dat wel niet; maar er geschiedt nog meer in de wezenlijkheid .... en zij voert de lijkstatie waggelend door het gedruisch der markt langs een marionettenspel, misschien tegen een uitgelaten gemaskerden optocht in. Dat is waarheid! Zóó is het leven!'[2]

Goed, maar op homself nog nie humor nie. Multatuli, self

1) Heine: *Sämtliche Werke in Zwölf Bänden*, Leipzig, p. 109. Kursivering van my.
2) Uitg. Walles, Leiden, 1871, p. 228.

geen humoris dan by wyse van uitsondering nie, staan geheel op die kontras-stadium in sy uiteensetting van wat humor is. Hy gaan selfs so ver die teenstelling in die natuur *selfs buiten die interpretasie van die deelnemende en bespiegelende gees om*, humoristies te noem, waardeur alle dramatiese kuns humor word, ja, die ganse heelal! Die plaas in sy idee ken 'n ieder. Vir die verband gee ek dit hier weer:

'Humor is het weergeven van de Natuur. De natuurzelf namelijk is zeer humoristisch. Ja zij *alleen* is humoristisch, en meer nog, zij is *altijd* humoristisch. - Wat *wij* humor noemen is slechts kopy daarvan.'[1)]

Hoef ek nog die vanselfsprekende neer te skrywe? Maar die natuur is tog ewemin humoristies, as dat sy tragies, komies, lelik of leuk is! Dit is menslike oorweginge en menslike aandoeninge. Of 'n wêreld om ons in vlamme vervlieg, of 'n storm die land verwoes en duisende menselewens kwyn .... alles gebeur volgens vaste natuurwette. Of nee, selfs die wetlikheid waarmee ons oordeel die natuur wil omvat is antropomorfisme, en die gevolg van òns behoefte aan orde.[2)] Op 'n ander plaas skyn Multatuli dit self te besef as hy skrywe: 'De natuur bestaat uit tegenstellingen (104a). Of liever, haar werkzaamheid, hoewel één in richting en voortgestuwd door gelijksoortige oorzaken, openbaart zich veelal op 'n wijze, die ons oppervlakkig doet denken aan verschillende wetten niet alleen, maar zelfs aan *invloeden, die tegen elkander schijnen in te loopen*' (kursivering van my), en erken hy 'n 'hooger standpunt' in *ons beoordeeling* van 'n natuurkrag. Dit toon ons te meer hoe onseker en eindeloos verwarrend die begrip word vir wie humor gaan gelykstel met teenstelling en kontras *an sich*.

Sien daarteenoor die bevestigende lewenshouding ten opsigte van die teenstrydige in natuur en sielelewe. Met Carlyle se *Sartor Resartus* in 1838, dus 'n jaar na die *Cromwell*, in

1) *Idee* 158, kursivering van hom; sien ook sy beeld van die skêr.
2) Vgl. Emil Lucka: *Grenzen der Seele*, p. 60.

boekvorm uitgegee, wat m.i. die mees betekenisvolle bewuswording van humor in die Romantiek is, wil ek hierdie hoofstuk sluit. ‘Indomitable Defiance and yet a boundless Reverence’ kenmerk hierdie heroïeke natuur. Die erns van Carlyle, sy grote eerbied vir die grote wat bo ons is, die gelyke wat naas ons staan en die kleine wat onder ons is, kon nie bevrediging vind in die onverskillige houding van sommige of die sarkastiese grynslag van andere teenoor die ongerymdheid om ons heen nie. Sy filosofie van klere wat nie die man maak nie, is eweseer gekenmerk deur spot as deur simpatie. Wetenskap en dogma en uiterlike vorme, alles behoor tot die klere wat die innerlike kern omhul. As humoris weet hy waartoe dit alles dien en wat die betreklike waarde daarvan is. Die uiterlike vorme moet verander, die kern is goddelik. En tog: ‘Friends, trust not the heart of that man for whom Old Clothes are not venerable!’[1] U voel reeds al die onderskeid, nie waar nie? Gautier - om nog eens na die lyn van Hugo te sien, - skrywe: ‘*tout est indifférent à tout* et chaque chose vit ou végète par sa propre loi. Que je fasse ceci ou cela, que je vive ou je meure, que je souffre ou que je jouisse, que je dissimule ou que je sois franc, *qu'est-ce que cela fait au soleil et aux betteraves, et même aux hommes?*’[2] Carlyle: ‘Is the pitifullest mortal Person, think you, indifferent to us?’ (p. 115). ‘Happy he who can look through the Clothes of a Man (the woollen and fleshly, and the official Bankpaper and State-paper Clothes) into the Man himself; and discem, it may be, in this or the other Dread Potentate, a more or less incompetent Digestive-apparatus; yet also an inscrutable venerable Mystery, in the meanest Tinker that sees with eyes!’ (p. 57). Die natuur is hom 'n lewende onverdeelbare eenheid en so ook die mensheid. Waar andere

1) *Sartor Resartus*, (Milford), p. 208.
2) Gautier: *Mademoiselle de Maupin* (1835), Ed. Charpentier, 1885, p. 219; gesit. Prinsen, *Multatuli en de Romantiek*, p. 15. (Kursivering van my).

romantisie op jag is na teenstelling en verdeling, daar soek hy dus na sintese van die wêrelddualisme: ‘Detached, separated! I say there is no such separation: nothing hitherto was ever stranded, cast aside; but all, were it only a withered leaf, works together with all; is borne forward on the bottomless, shoreless flood of Action, and lives through perpetual metamorphoses..... Despise not the rag from which man makes Paper, or the litter from which the earth makes Corn; all objects are as windows, through which the philosophic eye looks into Infinitude itself’ (p. 61). Carlyle is egter nie alleen ernstig nie, maar ken ook die diepe lag en glo: ‘No man who has once heartily and wholly laughed can be altogether irreclaimably bad.’ Sy lag is die diep-menslike wat smart alleen kan leer. ‘Sorrow and wonder’ (p. 92), siedaar die grondslag van sy wese en van sy hoë humor. Die armgeswaai om die groteske van die wêreld is nog nie identies met lewenshumor nie. Dié word gevorm in die vaevuur van sielsworsteling en demonies-goddelike stryd. Wie daardeur gegaan het kan aanbid in die universum wat hy voel as 'n koeistal en 'n keuken, maar ook 'n orakel en 'n tempel.

In die geskiedenis van Teufelsdröckh gee Carlyle die ontsettende twyfelsagonie wat hy moes deurworstel in die ‘howling wilderness of infidelity,’ voor die mistiese lig van 'n nuwe geloof in God, homself en die wêreld hom toegestraal het, en hy dié lewensklaarheid en erkenning en menseliefde gewin het, waardeur hy tot een van die grootste morele kragte in die nuwere tyd sou word. Die innerlike stryd van goddelikheid en demonie wat Dostojefski in so veel groter kuns sou verewig as menslike tragedie en menslike glorie, het die grótere kunstenaar tog helaas nie tot sùlk 'n oplossing kon bring nie, wat die grootste triomf oor lewenstragiek sou gewees het. Maar daarvoor was Dostojefski self nog te seer mens ... Self skryf Carlyle van sy held: ‘Fate had it in view to try him; to mock him, and see whether there were Humour in him’ (120). Wel mag hy *dit* met 'n hoofletter skrywe!

Gelukkig is eers hy te noem wie soos Teufelsdröckh sy spore van smart kan nagaan, maar die ironie van die lot, wat sommige predestineer tot vertwyfeling, kan laat harmonieer met die vreugdeklanke van die lewe. Toe die arme soeker van alle hoop uitgesluit teen 'n kopere firmament moes staar en in troostelose ongeloof verval het, waar ‘vir 'n suiwer morele natuur die verlies van sy religieuse geloof 'n verlies van alles was’, toe was sy sielsbeweging louter: ‘the everlasting no!’ ‘Foolish Wordmonger and Motive-grinder’, skree hy dit uit in verbittering, ‘who in thy Logic-mill hast an earthly mechanism for the Godlike itself, and wouldst fain grind me out Virtue from the husks of Pleasure, - I tell thee, Nay! To the unregenerate Prometheus Vinctus of a man, it is ever the bitterest aggravation of his wretchedness that he is conscious of Virtue, that he feels himself the victim not of suffering only, but of injustice. What then? Is the heroic inspiration we name Virtue but some Passion; some bubble of the blood, bubbling in the direction others *profit* by? I know not: only this I know, if what thou namest Happiness be our true aim, then are we all astray. With Stupidity and sound Digestion man may front much. But what, in these dull unimaginative days, are the terrors of Conscience to the diseases of the Liver! Not on Morality, but on Cookery, let us build our stronghold: there brandishing our frying-pan, as censer, let us offer sweet incense to the Devil, and live at ease on the fat things *he* has provided for his Elect!’

Maar uit die Sibillegrot van voorbeskikking het geen antwoord teruggeklink nie; alleen 'n eggo ... Die skone wêreld was in 'n haatlike wildernis verander. Hy leer met Faust na die daad te vra: ‘Know what thou canst work at’ (141). Maar ook dit loop op 'n Niks uit. En hy keer hom na die Duiwel - tevergeefs! ‘In our age of Down-pulling and Disbelief, the very Devil has been pulled down, you cannot so much as believe in a Devil. To me the Universe was all void of Life, of Purpose, of Volition, even

of Hostility' (142). Maar eindelik het hy hom van die donkere ontkenningsdrang losgeworstel. 'The Everlasting No had said: "Behold thou art fatherless, outcast, and the Universe is mine (the Devils)"; to which my whole me now made answer: "I am not thine, but Free, and forever hate thee!"' (144). (Weer dink ek aan Dostojefski!)

Dit was sy weergeboorte. Maar eers moes hy nog die kille dal van onverskilligheid deur wat lê tussen die negatiewe en die positiewe pool. So kon hy opstyg tot die sonbeskene hoogtes. 'With other eyes, too, could I now look upon my Fellowman: with an infinite Love, an infinite Pity.....

Truly, the din of manyvoiced Life, which, in this solitude, with the mind's organ, I could hear, was no longer a maddening discord, but a melting one .....

with a man's soul as it was with Nature: the beginning of Creation is - light.'

In dié lig was ook die diepste bewuswording tot humor.

II.
Die komiese.

Ek wil alhier nie ingaan op al die subtiele vorme van deurdringing, vermenging en verbinding nie, waardeur die komiese hom vasknoop aan uiterlike verskynsele, situasies, onafhanklike frases of aan die karakter van persone. My taak is veelmeer literêr. Persoonlike kennismaking is ook beter as definiesies, al mag ek nie die waarde onderskat van voor alles duidelikheid te verkry omtrent terme wat, populêr gebruik, uiters misleidend is. Hoe veel, by voorbeeld, wil nie deurgaan vir humor nie, wat òf net die komiese besit òf alleen op geestigheid kan aanspraak maak? Dit kan dus geen kwaad om met 'n enkel woord op veelbesproke uitdrukkinge terug te kom nie. Ons moet dan kortliks 'n aanduiding gee van die aard van die komiese en geestige om aldus alle verwarring met humor te voorkom.

Volkelt[1)] vind: 'alles komisches ist Auflösung eines Wertanspruchs in sein Nichts,' waarmee hy natuurlik 'n relatiewe 'niks' bedoel: 'n aanspraak op wysheid b.v. los hom in domheid op. U sou ook as voorbeeld kan neem 'n kaffer in Johannesburg, wat met al sy aanstellerige air tog 'n dom lokasie-swarte bly: sy swart gesig los sy sportkostuum en wit manchette op in 'n donker niks, wat van die trottoir af moet! Bierens de Haan[2)] sien in die komiese die gemeensaam maak van die verhewene met die laere: dus, 'n net geklede heer op 'n pasgeverfde bank, of 'n kat wat onder die preek op die preekstoel spring is komies.

1) *System der Ästhetik*, II, p. 400.
2) *Idee Studies*, p. 74 vlg.

Henri Bergson[1] weer vind die grond van die lagwekkende in 'n soort van outomatisme; dit veronderstel 'n sekere onhandigheid en verstrooidheid. So is dit veelmeer styfheid en lompheid en gebrek aan aanpassingsvermoë, wat die komiese oplewer, ‘plutôt raideur que laideur.’ Maar al sien Bergson die masien of ding in die komiese, dan tog lê daarin weer opgesluit die werking van kontras en teenspraak b.v. tussen styfheid en soepelheid, lompheid en grasie, werktuiglikheid en lewendige aanpassingsvermoë. En die ongerymdheid wat ons lag opwek, wys weer op 'n sekere ‘degradasie’ wat as algemene grond vir die komiese kan aangeneem word. Ook Höffding verenig die twee teorieë van ongerymdheid en degradasie. Hy wys daarop dat reeds Thomas Hobbes laasgenoemde verduidelik het, wat ook bestempel is as ‘degradation-theory’ deur Sully in sy *Essay on Laughter* (1902). Sy degradasie-teorie lê die gewig op die kontraswerking in dalende rigting van die eers opgewekte gevoel van sekerheid of bewondering of spanning en die plotselinge ontnugtering of triomfering of verligting van die spanning by die toeskouer. Die plotselinge omslaan van sekerheid, vanselfsprekendheid, betekenis en meerderheidsgevoel van 'n objek in sy nietigheid en onmag wek ons laglus op: b.v. 'n opgeblase persoon wat plotseling in sy nietigheid ontdek staan. En waar Sully en Ribot[2] die degradasie-teorie stel *naas* die ongerymdheid-teorie, wat die gewig op die ongerymdheid, die teenspraak lê, daar wys Höffding seer tereg daarop, dat laasgenoemde tog maar 'n besondere vorm van degradasie is:

‘Widerspruch ist ja, eine spezielle Form des Gegensatzes. In seiner inneren Unübereinstimmung und seinem Selbst-widerspruch enthüllt zu werden, ist, ja doch eine “Degradation”. Rein logisch ist das sich selbst Widersprechende gleich Null.’[3]

1) *Le Rire*.
2) *Psychologie des Sentiments*, p. 344.
3) t.a.p. 53.

Die komiese, in teenstelling met die tragiese - die verwantskap sal later aangedui word - is nie 'n algemene sielstoestand nie, maar 'n wyse om dinge en mense te sien - ''n wyse', sê ek, omdat 'n gegewe konflik soms komies, tragies of humoristies kan werk.

Niks is lagwekkend nie of dit moet menslik wees. Wie in die natuur of in 'n dier iets komies vind, sien daar menslike trekke aanwesig. Hierop berus die dierekomiek en dierehumor.

Onder die mense word 'n sekere norm veronderstel; wie daarvan afwyk kan komies word. Dit skyn of die komiese 'n eggo nodig het, sê Bergson[1)], en vertel die geval van 'n man wat by 'n preek in 'n kerk gevra word waarom hy nie huil nie, waar 'n ieder trane stort. 'Ek is nie van hierdie gemeente nie,' was die onverskillige antwoord. Meer nog as die huil het die lag so 'n eggo nodig. In die maatskappy lag ons oor dwaasheid en die pose van onbelangrikheid, domme herhaling van woorde en dade, ensovoorts. Soms is dit alleen die fantasie wat die lag verwek, waar die redelike verstand niks onlogies vind nie. 'n Steeds ryke bron vir die komiese is die swakke aanpassingsvermoë aan, of die begeerte vir isolement van die geselskapsgebruike. Verwaarlosing van laasgenoemde word getref deur die pyle van maatskaplike vrolikheid. Veral die toneel laat ons die lewe sien as marionettespel: mense geregeer deur onmiddellike omgewing, gedrywe links en regs deur begeertes en verlangens, ydele wense en kortsigtige verwagtinge. Hier vind ons *du mécanique dans du vivant* as kuns. Die komiese het tot teenstelling erns; erns as marionettespel is weer dadelik komies.

Hierdie komiese van situasie is reeds opgemerk in enige voorbeelde deur my genoem. In alle tye is gelag geword om die sotheid wat die mens beurtelings pla en gelukkig maak. Dink aan die jag op onsekere genietinge en grootheidswaan; die sonderlinge awonture, terugslae en teleurstellinge;

1) t.a.p. 7, sien ook vlg.

oorwinninge en sukses, vleiery en kruipende diens; liefde, minne en plesier; affektasie en leuenagtigheid; die klere en uiterlike geneentheid en innerlike gevoelens van die jonge dame; die kleine leuens en velerlei planne, die foppery aan beide kante of snode bedrieëry - in een woord: die hele 'nobele' kuns van vryery, met al sy gevolge in velerlei vorme en nuanses, wat die komiese van situasie uitmaak. Hier sou 'n duisend voorbeelde uit werke as *Duisend en Een Nag, Decamerone* e.a. kan opgeteken word.

En daarby die karakterkomiese! Nogmaals, wie om takloosheid, onewewigtigheid, starheid, verstrooidheid of verstoktheid in 'degradasie' geraak, wek die vrolikheid op van die toeskouer, d.w.s. as sy *gevoel* nie meespreek in medelye, vrees of haat nie. En die lag wat sulke onmaatskaplikhede tref, is wat Bergson mooi 'n *brimade sociale* noem. Wie b.v. deur ydelheid of pedanterie opval, kan dikwels alleen deur die lag van andere tot nadink en bekering kom. Dit bring ons tot die arbeidsveld van die komiese en veral die blyspel wat die geseënde 'gift' kan wees in die versugting van Burns:

> O wad some Power the giftie gie us,
> To see oursel as ithers see us:
> It wad frae mony a blunder free us,
> An' foolish notion.

Die blyspel kasty ons gebrek aan aanpassingsvermoë aan die maatskaplike eise en wys op sosiale pligte, eweas die groentyd dit vir 'n bepaalde studentemaatskappy doen, waar niks so vernederend en effektief is as die lag nie. Die blyspel bring ons die algemene, die tiepe, en hou van die menigvuldiging van tiepes, om sy maatskaplike funksie as *brimade sociale* des te beter na te kom. Suggestief is sulke tietels as *Le Misanthrope, Le Distrait, Les Femmes Savantes, Ipocrito, Warenar*, ens. Die lag van die fyne komedie is 'n hoogs estetiese. Molière neem hier die allerhoogste plaas in. By hom is die volmaak komiese, die triomf van *mesure et gout*. 'The French have a school of stately comedy, to

which they can fly for renovation, whenever they have fallen away from it; and their having such a school is mainly the reason why, as John Stuart Mill pointed out, they know men and women more accurately than we do,' skrywe George Meredith.[1] Hier is subtiele observasie, geestige siening, die deur smaak en matigheid gekontroleerde vrolikheid, die 'étrange enterprise que celle de faire rire les honnêtes gens,' in die woorde van die groot meester self. 'The laughter of comedy,' skrywe George Meredith verderop, 'is impersonal and of unrivalled politeness; nearer a smile; often no more than a smile; it laughs through the mind, for the mind directs it. The test of true comedy is that it shall direct thoughtful laughter.' Siedaar ook sy hoogste funksie: 'n fynere smaak aan te kweek, die geestelike lag te leer in sy afspieëling van die lewe. Maar wil dit krag uitoefen, dan moet dit ook genoegsame begrypers en vereerders vind.

Op 'n laaste en vir my doel baie vername punt moet ek nog terugkom: die betreklike afwesigheid van gevoel by die komiese in teëstelling met die humoristiese. Waar ons die komiese sien en geniet, daar is ons *toeskouers*, en nie deelnemers nie. Die komiese spreek tot ons intellek en het tot vyand die emosie. Hoor hoe Bergson dit weer pragtig-frans saamvat: '*Insociabilité* du personnage, *insensibilité* du spectateur, voilà en somme, les deux conditions essentielles.'[2] Wie meer op dade as op *geste* let, na diepere menslikheid soek en verontskuldiging van dade, verlaat die gebied van die suiwer komiese. Die komiese slaan ag op die hede alleen: die teenwoordige handelwyse en gedrag van die komiese persoon. Waar gevoel en wêreldbeskouing bykom, gaan die observasie 'n grotere tydruimte ook beslaan. Die komiese het *humor* geword.

Sien daarnaas die woordkomiese of geestigheid, wat Bergson

1) *An Essay on Comedy*, p. 20.
2) t.a.p. 149.

baie suggestief ‘une certaine manière dramatique de penser’ noem.[1] Dit is 'n geestes*spel*, 'n op die spits gedrewe willekeurige verbinding van voorstellinge, 'n verrassende kontrastering, ens., waarin 'n komiese oplossing bereik word. Soms kan dit ook enkel spel wees, wat minder daarop uit is om 'n dwaasheid op 'n ongewone wyse te illustreer of te kontrasteer. Eindelik kan dit ook die betragtende houding kenmerk wat weer humor is. Siedaar die allereenvoudigste indeling, waarmee ek die bekoring van breedvoerigheid wil weerstand bied wat my allig in 'n labirint van onderverdelinge sou lei.[2]

Maar eers nog 'n paar definiesies. Op die vryheid van die intellek wys Jean Paul as volg: ‘Freiheit gibt Witz und Witz gibt Freiheit. Der Witz ist ein blosses Spiel mit Ideen.’ (*Vorschule* II, § 54). ‘Der Witz ist ein spielendes Urteil’ (51); en hy toon ‘wie die ästhetische Freiheit in der spielenden Betrachtung der Dinge bestand.’ Van iyd tot tyd is klem gelê op die eienskap van die geestige om die ongelyke te verbind en verborge gelykenis aan die lig te stel. Interessant is die opmerking van Jean Paul alhier: ‘Der Witz ist der verkleidete Priester, der jedes Paar traut’ met die geestige toevoegsel van Th. Vischer: ‘Er traut die Paare am liebsten, deren Verbindung die Verwandten nicht dulden wollen;’ al weet hy natuurlik dat daar ook geestigheid is, waar geen ooreenkoms aangetoon word nie. Meerdere voorstellinge kan die geestigheid met verbluffende snelheid in 'n eenheid oplos. Soms bereik die geestigheid weer sy hoogste triomf in sy verrassende openbaring van onderskeid.

1) t.a.p. 107.
2) Wie die geestigheid nader wil bestudeer in sy karakter van 'n spelende oordeel, verbinding van ongelyke elemente, kontras, onsin, oorbluffing en verklaring, ens., verwys ek na die bronne: Jean Paul: *Vorschule der Aesthetik*, 2e Auflage, Stuttgart, usw. 1813; Kuno Fischer, *Ueber den Witz*, Kleine Schriften, Erste Reihe, No. 2, Heidelberg, 1896; Th. Lipps, *Komik und Humor*, (1898) ook uitg. Leipzig, 1922; Bergson, *Le Rire*, Paris, 20e éd., 1920; Sigm. Freud, *Der Witz*, Wien, usw., 1921; e.a.

Groot is die hulp van klankassosiasie en eindeloos die woorden sin-kombinasies, vermenging en versmelting. Ek onthou my van verdere opsomming en noem u nog die woord van Polonius in *Hamlet* (Act II; 2, 92):

> Therefore, since brevity is the soul of wit,
> And tediousness the limbs and outward flourishes,
> I will be brief.

Dit ook in my voorbeelde. Luister na die spot van Heine met 'n sekere uniwersiteit: ‘Dass in jedem Semester die Studenten wechselen aber die Professoren dieselben bleiben wie die Pyramiden Aegypten's, nur dass in diesen Universitäts-pyramiden keine Weisheit wohnt.’ Pragtig is die verrassende uitkoms - ‘ein Schlaglicht.’ Of dink aan die karakteriserende geestigheid van Heine, b.v. in sy *Harzreise*. Bekend is die beskrywing van die vroulike passasiers in die gashuis van Nordheim. Sien die maer juffrou: ‘Das Gesicht war nur ein Mund zwischen zwei Ohren, die Brust trostlos öde, wie die Lünebürger Haide, die ganze ausgekochte Gestalt glich einem Freitisch für arme Theologen.’ Daarby sy spot met sekere vroulike lelikheid in vergelyking met die hoogste ideale skoonheid: ‘Die Frau glich in vielen Punkten der Venus von Melos: sie ist auch ausserordentlich alt, hat ebenfalls keine Zähne und auf der gelblichen Oberfläche ihres Körpers einige weisse Flecken,’ ens. Ek gee 'n voorbeeld van epigrammatiese geestigheid van Lichtenberg. Dit is die skynverdediging van skoolwysheid. U ken die woorde van Hamlet, dat daar meer dinge in die hemel en op aarde is, as jou skoolwysheid (‘philosophy’) van gedroom het; dit word by Lichtenberg: ‘Aber es gibt auch vieles in der Schulweisheit, dass sich weder im Himmel noch auf Erden findet.’ Of dink aan die woord van Voltaire by 'n gedig van J.B. Rousseau *à la posterité*: ‘Hierdie gedig sal nie sy adres bereik nie.’

Wat Schiller van die Duitse minnesang getuig, gee ek ook ter oordenking in Suid-Afrika: ‘Dit is die lente wat kom,

die winter wat gaan, en die verveling wat bly.' Pragtig die kontras, spitsig die *pointe*, waar alles op aankom in sulke geestigheid. Daardeur word die getroffe voorwerp des te lagwekkender. Ons vind daarin ook die geesteskrag van die meerderheidsgevoel, so essensieel vir die geestige. So nader die geestigheid ook die reine satiere, en sarkasme word sy uitdrukking. Dink hierby aan die dialoog tussen Bardolph en Falstaff. Let ook op die treffende *oxymoron* van Jean Paul, waar hy 'n resensent in verband met sy literate-handwerk in *Siebenkäs* laat sê: 'Ek kan hierdie boek nie eens resenseer nie, laatstaan lees.' Ek moet ook ewentjies nog aan die woordspel herinner. Die geringste voorbeelde word aangedui as *calembourgs* (*Kalauer*). Waar in die eintlike woordspel die beide betekenisse hul uitdrukking vind in dieselfde woord ('but me no buts'), daar is dit genoeg vir die *calembourg* dat die twee woorde vir die beide betekenisse deur een of ander gelykenis aan mekaar herinner, sy dit deur 'n gelykenis van bou, 'n gelyke rymklank, of dieselfde begin-letter, ens.[1]. Hier kan die bekende 'Predigt des Kapuziners in Wallensteins Lager' genoem word.

> Kümmert sich mehr um den Krug als den Krieg,
> Wetzt lieber den Schnabel als den Sabel,
> Frisst den Ochsen lieber als den Oxenstirn,
> Der Rheinstrom ist geworden zu einem Peinstrom,
> Die Klöster sind ausgenommene Nester,
> Die Bistümer sind verwandelt in Wüsttümer,
> Und alle die gesegneten deutschen Länder
> Sind verkehrt worden in Elender.

Klank-geestigheid is ook in die sin: '*Antigone?*' - 'antik, oh, nee!' van die kritiek op 'n opvoering wat die antieke karakter gemis het. Ek herinner ook aan die bekende woordspel van Heine: 'Rothschild behandelte mich ganz wie

1) Sien Freud, *Der Witz*, p. 34.

seines gleichen, ganz famillionär.' 'n Andere versmelting kry u in die aanduiding van die Kerstyd as 'the alcoholidays.'[1] Of dink aan die spot van Sainte-Beuve om die detailskildering in Flaubert se *Salammbô*, waar hy dit kenskets as *Carthaginoiserie* (samesmelting van *carthaginois* en *chinoiserie*).

Ryk ook is die taal aan geestigheid, wat nie meer inhou as geestige spel nie en dikwels die reinste onsin. Ek noem enige voorbeelde, soos hul my inval. Schleiermacher: 'Eifersucht ist eine Leidenschaft, die mit Eifer sucht, was Leiden schafft.' Of die bekende: 'Hoe gaan dit?' vra die blinde aan die lamme - 'Soos jy sien,' antwoord die lamme aan die blinde. Freud vertel die volgende:[2] Twee Jode tref mekaar aan die spoor in 'n Galiesiese stasie. 'Waarheen reis jy?' vra die een. 'Na Krakau,' is die antwoord. 'Kyk hier, wat 'n leuenaar jy tog is,' stuif die ander op. 'As jy sê dat jy na Krakau reis, wil jy tog dat ek moet glo dat jy na Lemberg reis. Nou weet ek egter, dat jy werklik na Krakau toe reis. Dus waarom lieg jy?' Eindelik nog 'n voorbeeld van Lichtenberg: 'hy het hom verwonder dat die katte presies op dié plekke in hul vel twee gate gesny gekry het, waar hul oë sou wees.' Die domheid daarin is egter 'n skynbare, daar in werklikheid agter hierdie eenvoudige opmerking die grote probleem steek van teleologie in die bou van die dier.[3]

Tenslotte kan geestigheid humor wees. Voorbeelde sal u genoeg in die volgende teëkom; ek herinner nog aan Hugo se *Hernani*, waar die rower, na 'n sameswering teen sy koning, Karel I van Spanje, as hoogverraaier veroordeel staan. Hy weet dat die dood hom wag, maar stel hom nog voor as Grande van Spanje, wat nie die voorreg van sy rang wil ontloop nie. As Grande van Spanje mag hy sy hoof in teenwoordigheid van sy koning bedek.

1) Freud, t.a.p. 13.
2) Freud, t.a.p. 92.
3) Freud, t.a.p. 78.

Oui, nos têtes, ô roi!
Ont le droit de tomber couvertes devant toi!

So is geestigheid die resultaat van verbeelding en intellek, lugtig spelende met die begrepe komiese en hom vertonende in al die duisenderiei verrassende gestaltes van 'n vloeiende substansie. Geestigheid is die selfheerlikheid van die vrye intellek. Waar egter 'anything in the objects themselves excites our necessary sympathy or lasting hatred'[1)] het ons die gebied van die suiwer komiese ook verlaat.

1) Hazlitt, *The English Comic Writers, (On Wit and Humour)* p. 15.

III.
Humor.

Om van die geringste betekenis van die woord humor tot die hoogste te styg, moet in die allereerste plek gelet word op die daelikse woordgebruik: humor as die suiwer vermoë om die lag op te wek, afgesien van enige gevoel.

Vandaar ons ‘humoristiese’ geïllustreerde blaaie, ons ‘humoristiese’ sosiëteitsvriende, ons ‘humoristiese’ toneel, ensovoorts. Geen woord wat meer misbruik, geen term wat meer geëksploiteer word nie. Onderskeid te maak tussen die gewoon komiese, die geestige en die waarlik humoristiese, nee, so nou word in die reël nie gelet nie, en h u m o r i s t i e s staan eenvoudig vir die l a g w e k k e n d e . Nou sou daar geen kwaad in die benaming gesteek het nie, was dit nie dat sulke kwasi-humor op gelyke lyn gestel word met die hoëre begrip deur gelyknamige aanduiding. En so ontstaan misverstand en onsekerheid, wat eweseer by 'n literêr-krietikus of 'n professor kan aangetref word, as in die volksmond. Voorbeelde lê voor die hand. In die ‘Groene Amsterdammer’, 19 Jan. 1924, definieer die heer Trenité: ‘Humor is een sprong. De sprong naar het onverwachte. Wie die sprong, met lachsuccess, weet te doen zonder hulpmiddelen is de goede humorist. Maar er zijn er die de polsstok noodig hebben: viezigheid of onzedelijkheid. Dit bewijst altijd gebrek aan voldoende humor. Hier wordt de lach niet voortgebracht *door het humor-centrum in de hersenen*, maar door een ander centrum dat ik niet nader zal duiden.’ Die deur my gekursiveerde moet wel, daar humor moeilik daarnáás kan hang! Die skrywer doel natuurlik op geestigheid en grappies. En

weer: ‘Mr. van Rossem heeft in sommige van zijn stukken getoond, dat hij verstand heeft van zuiveren humor en zou misschien een voortreffelijk blijspel kunnen schrijven.’ Ja, ja, die *verstand* van *humor* wat blyspele laat ontstaan!

Verdere voorbeelde kan agterweë bly waar ek u na die groot Nederlandse woordeboek verwys. Die volgende betekenisse word opgegee vir ‘humor’[1)]:

‘1. Oog en gevoel voor *vroolijk makende tegenstrijdigheden* tusschen voorkomen en bedoeling of beteekenis van eene zaak, eene handeling of gebeurtenis, of tusschen hare onderdeelen; *de neiging het vroolijkmakende in eene gebeurtenis of handeling het meest te doen uitkomen*, hetzij spontaan, hetzij *als tegenwicht voor somberder indrukken*.’

‘2. *De tegenstrijdigheid, het vroolijkmakende onder* 1 *omschreven;* de uitdrukking daarvan in woord, geschrift, beeld, klank of gebaar; *luim*.’

Ons hoor verder dat 'n ‘humorist’ iemand sou wees, ‘die er naar *streeft* vooral in geschrifte, humor uit te drukken,’ b.v. ‘de humorist Saphir beweert dat het eten “de wijsbegeerte der maag is,” LAURILLARD, *Zeven Hoofdz*. 33.’ (Gewoon geestigheid, M.) Ook moet by hierdie definiesie glo die volgende voorbeeld pas, ‘“*de goelijke glimlach* van den humorist,” PIERSON, O. Tijdgen. 105.’ Ook die *Bnw.* en *Bijw.* is ewe ‘grappig’ met voorbeelde as: ‘Een humoristische scheurkalender;’ ‘Eene humoristisch ingekleede klacht over den gang van zaken.’ Maar genoeg. Laat ons terugkeer tot die twee definiesies van ‘humor’. Die leser sien al dadelik dat hier *die ongerymdheid van die komiese, sy dit van uiterlike, handeling of karakter*, soos hierbo uiteengesit, as h u m o r moet deurgaan. Nie na e r n s agter die skerts word gesoek nie; die ‘vroolijk-makende’ (wat 'n woord!) moet die meeste uitkom. Die klug, b.v., as teëwig vir somber indrukke sou ook al h u m o r i s t i e s wees.

1) *Woordenboek der Nederlandsche Taal, 6e deel, bewerkt door Dr. A. Beets en Dr. J.A.N. Knuttel*, Nijhoff, 1908. Kursivering bo van my.

Verstaan my goed. Dat die skrywers hul definiesies by die woordgebruik probeer aanpas is natuurlik in orde. Maar seer te laak in 'n werk van die wetenskaplike gehalte van die groot Nederlandse woordeboek is, dat die *essensiële* in die begrip, wat wel deeglik ook in die *spraakgebruik* voorkom, ontbreek. In die twee aangehaalde betekenisse is niks (tensy dit in die een woord 'gevoel' moet veronderstel word) wat sou kan wys op die mildheid van humor, die vergewend spottende van 'n bepaalde stemming, die medelye in die sagte glimlag, om nie van meer ingewikkelde elenskappe te praat nie (wat 'n mens buite 'n woordeboek, selfs die grootste, sou soek). Wèl kom daar 'n goeie *voorbeeld* onder 1 voor. '"Toen gij schreeft van de humor-glimlachjes van Nathan der Weise, dat die op zijn oud, vredig ge-laat kwamen schijnen," v. DEYSSEL 3, 44.' Ek versoek die leser om met die beste wil van die wêreld hierdie glimlag op die 'oud, vredig ge-laat' van die verdraagsame Nathan, by daardie 'vroolijk makende' no 1 tuis te bring. Te laak is dus, dat die bewerkers nie in 'n *derde* definiesie die juiste spraakgebruik uiteensit nie. En sou in 'n Nederlandse werk van die jaar 1908 nie de Genestet nog van diens kan wees nie?

En by ons in Suid-Afrika is die geval natuurlik nie veel gunstiger nie. 'n Enkel voorbeeld. Ek neem die pasverskene artiekel van Dr. J.D. du Toit oor *Humor in die Ou Tyd van Transvaal en Vrystaat*.[1] Die artiekel is populêr bedoel, daarom gebruik die skrywer 'die woord humor sonder spesifieke beperking' en wil daarby laat dink aan, ''n blymoedige en opgewekte geestesgesteldheid, wat ook in ons volkslewe openbaar geword het.' So ver is dit in orde. Maar waar die skrywer tog sy mening van humor toelig met die bekende en seer verdienstelike definiesie van de Genestet: 'Een rijke taal vol geest en -ingehouden tranen' en met die woord van Jean Paul: 'n lag met trane, daar is die gegewe

1) *Burger-Nuwejaarsnommer*, 1924, p. 47 vlg.

staaltjies van ‘gesonde’ en ‘egte volkshumor’ bietjie ongelukkig gekies, daar met uitsondering van een twyfelagtige geval, ons alleen die komiese en grappige geïllustreer vind. Ek kom op hierdie punt later weer terug. Alhier moet nog opgemerk word, dat 'n anekdote wel deeglik illustrerend kan wees, en dikwels by ons ook is, van die diepere lewensstemming wat oor smart en teleurstelling lig, maar dan moet die leser daarvan bewus wees, of daarop gewys word deur wie daar humor vind. Maar op sigself is 'n grappige geval in 'n winkel of geregshof in ons ou primitiewe dae nog nie humoristies nie. Om met Höffding e.a. alhier 'n ‘ganz kleine Humor’[1] aan te neem lyk my onverdedigbaar, omdat die essensiële van die begrip ‘humor’ juis in die gevoeg lê, wat hier nie aanwesig hoef te wees nie.

Reeds het uit die bowegenoemde voorbeelde geblyk dat humor 'n sekere *gevoel* en *betragtende houding* in verband met die lagwekkende bring, die aard waarvan nog nader sal bepaal word. Die lag van humor is vol mildheid, is innerlik en vol betekenis.[2] Hy is getemper deur medelye. Die humoris ken die spot en laggende kritiek, omdat sy rype lewenservaring onder die mense hom 'n lewensbeskouing laat vorm het, waarin alle skynwaarde opgelos word, en waarin die kleine en geringe sy simpatie win. Hy is bewus van 'n ideaal en in die lig daarvan leer hy die betreklike waarde van alle dinge in die realiteit, wat hy liefhet, ken; en sy spot gaan oor die komiese gebreke en swakhede van sy medemens. So toorn hy nie as die verbolge profeet nie, hoog bo sy volk verhewe in heiligheid; maar één met die mensdom, besef hy die tekortkominge van eie hart en gees en is sy stemming eerder dié van *vergewende* spot.

Reeds is opgemerk dat sy karakters nooit[3] heilige, of barre

1) T.a.p. 47.
2) ‘The richer laugh of heart and mind in one’ (Meredith).
3) D.w.s. in sover hy humoris bly. Dickens is dit dikwels nie in sy superlatiewe skeppinge en oorgevoeligheid.

duiwels is nie, maar mense wat, òf naas afkeurenswaardige trekke ook goeie besit, òf juis òm hul komies-swakke trekke beminlik is. Ek noem weer Parson Adams en die ridder van Mancha, van wie George Meredith skrywe: 'Heart and mind laugh out at Don Quixotte and still you brood on him.'[1] Want humor is die gawe van liefde, 'n vergoeding aan die moderne tyd vir sy grotere las en druk; maar ook in sy innigheid van harmoniëring van skerts en erns, vreugde en smart, geluk en weemoed, 'n uiting tewens van gemoedsverfyning na die uitgelate lag van die antieke blyspel en middeleeuse klug.

Op die *gevoel* in humor word as volg die klem gelê. Höffding spreek van 'das Gefühl des Lacherlichen auf Grundlage der Sympathie.'[2] Backhaus sê: 'Der Humor trägt die Versöhnung im Gemüte. Er unterscheidet sich von dem Witze, dasz er an den Dingen mit denen er spielt einen innigen Herzensanteil nimmt, und das die Lust des Lachens ein inniges Mitgefühl der Rührung für das Verlachte begleitet und durchklingt.'[3] Ook Hartmann meen: 'Erst das Gemüt ist es, was den Narren humoristisch macht, das warme Herz das unter seiner Narrenjacke schlägt.'[4] Ek herinner ook nog aan die definiesie van de Genestet en Jean Paul hierbo gesiteer.

Hettner wys op die onderskeid tussen die komiese en humor as volg: 'Der Komiker nimmt die Dinge, wie sie sind, und lässt sie sich in ihrer eigenen Lust, Laune und Lächerlichkeit entwickelen; der Humorist aber setzt nicht blos die Dinge sondern weit mehr die lyrik seines eigenes Gemüths in Scène.' Simpatieke betragting neem dus die plek in van blote waarneming. En verder: 'Wenn man den Humor gewöhnlich als ein Lächeln durch Thränen zu bezeichnen pflegt, so soll dieser sinnige Ausdruck auf die

1) *An Essay on Comedy*, p. 83.
2) *Psychologie*, p. 408.
3) *Das Wesen des Humors*, p. 70.
4) *Aesthetik*, p. 461.

gluthvolle Dithyrambe des Gemüths deuten, die alle Töne zugleich anschlägt und doch dieses rastlose auf und ab, weil es nur das treue Echo des vieltönigen, aber in sich einigen menschlichen Herzens ist, zu der Wohlthuende Empfindung reiner und in sich befriedigter Harmonie zu zwingen weisz... Das Gemüth des Humoristen muss ein reines und liebenswürdiges Gemüth sein.'[1)]

Op lewenshouding kom dit veral aan: 'n wêreldbeskouing waarin na versoening tussen werklikheid en ideaal gestrewe word. Reeds Jean Paul het daarop gewys. In sy *Quintus Fixlein* (inleiding) praat hy van drie weë wat na geluk toe lei: die idealisme wat die reële wêreld minag; die hartlike humor wat hom tevrede verklaar met die oneindige kleinheid wat sy lot is, omdat hy aan sy mikroskopiese wêreld al die prestiege van die gees en die verbeelding toebring; en 'n kombinasie van hirdie twee standpunte, wat volgens hom praktiese humor is. Wie as 'n Plato die ware realiteit èlders, om hom heen alleen skaduwees vind; of as 'n fanatiek gelowige alles aards minag in die lig van die ewigheid: sal nie tot humor kom nie. Die ware humor sien die realiteit, maar in die lig van idealiteit; sien die onvolmaakte, maar tewens ook die waardevolle van die kleine. Sy wêreldbeskouing is uit volheid van sien en belewe geskep. Die humoris bring ons die gelouterde lag, die vrolikheid verfynd tot 'n vreug, ingegee deur teerheid en liefde, dié wat ons dikwels opmerk by mense wat sorg geken het.[2)] Sulke humor werk verkwikkend, omdat dit ons die waardevolle van die lewe aantoon, wat tenspyte van teëspraak en onvolkomenheid die lewe lewenswaard maak.

Dit is die vertroostende en versoenende boodskap aan wie vermoeid en belade is.

1) Hettner, *Literaturgeschichte des Achtzehnten Jahrhunderts* I, p. 479.
2) Sien *Literary Remains of J.H. Shorthouse*, London, 1905. Vol II. *Of Life, Letters, etc.*

Vervolgens wil ek met enige illustrasies op bepaalde aspekte van humor nader ingaan. My voorbeelde uit literatuur en kuns in die algemeen sal om my beperkte plaasruimte dikwels enkel herinneringe moet wees.

Daar is dan die *bespiegeling* in humor. Die humoris kontrasteer eindige met oneindige en kom so tot metafiesiese bespiegeling, waarin die eie-ek mee beskou word. Eie innerlik word dikwels beeld van die wêreld met al sy ververhewenheid en dwaasheid, geesdrif en teleurstelling, vreugde en verlange. Die bestaande word op die *idee* gelê, maar, nie as loutere dwaasheid nie, maar tewens in sy *relatiewe waarde*. Wie anders handel, mag *comédien* of satiris wees, is geen humoris nie. Die satiris tref die persoonlike tekortkoming veral; die humoris die algemeen menslike swakhede en gee *humoristiese totaliteit*[1] - om met Jean Paul te spreek.

'Der eigentliche Grund und Kern des Humors,' getuig ook Theodor Lipps, 'ist überall und jederzeit das relativ Gute, Schöne, Vernünftige, dass auch da sich findet, wo es nach unseren gewöhnlichen Begriffen nicht vorhanden, ja geflissentlich negiert erscheint.'[2]

So is humor 'n wyse van mense en lotgevalle skertsendernstig te betrag met behoud van innerlike vryheid.

Dat sekere lewenshoudinge meer dan andere vir humor geskik is, spreek wel vanself. Wie b.v. die lewe, met alles wat daarmee gemoeid is, altyd dadelik uit die oogpunt van plig beskou; altyd klaar staan met 'n maatstaf, 'n dogma of 'n moralisasie: is nie deur humor uitverkore nie. Ewemin as wie met sy verstand alles trag te analiseer en te verklaar, op 'n vaste *sekerheid* meen te kan roem, 'n *skool* aanhang, en afgeleer het om oor sy eie pretensie te lag. So

1) Jean Paul eis van humor *totaliteit*, d.w.s. beligting onder die gesigspunt van mensheid en wêreld, van die algemene. Sien *Vorschule der Aesthetik*, § 32.
2) *Komik und Humor*, p. 237.

ook skaad 'n lewenshouding wat indiwidualiteit fnuik, humoristiese vermoë. Humor vereis vrye ontwikkeling van die indiwidu en 'n rake blik vir die teenstrydighede wat andere aanneem as konwensioneel in orde, en goed volgens die bestaande moraal. So is menige humoris vry anti-sosiaal en loop hy lig die ergernis op van dogmatiese geeste.[1)]

Bevorderlik vir humor is die sin vir die pessimistiese kante van die lewe. Humor is onmoontlik met vlakke optimisme te dink, tensy dit 'n ooreenkomstig oppervlakkige is. 'Unendliche Smerzgefühle' is die agtergrond van menige skerts ..... 'das tiefste Unglück des Bewusstseins.'[2)] Ook Savage Landor wys op die ernstige aard van die humoris: 'Genuine humour and true wit require a sound and capacious mind, which is always a grave one.'[3)] En Tennyson: 'Humour is generally most fruitful in the highest and most solemn human spirits.'[4)] By die grootste humoriste is dit ook na te gaan. Wie 'n grondtrek van pessimisme in sy wese het, kan die diepere antitese van die wêreld die beste aanvoel. Tog lyk dit my verkeerd om die humoris 'n pessimis te noem, daar hy die hoogste humor bereik júis in die tebowekom van pessimistiese oorweginge. Toe Felix Timmermans 'in die skaduwees van die dood' geskrywe het, was hy volslae pessimis en kon ook geen humor bring nie; die ervaringe wat hom die ligpunte van die lewe moes wys, is te gering geskat of teruggedring. Maar toe eenmaal die verlange na die lewe hom oormeester het en eindelik Pallieter dit kon uitjubel in loutere bewondering, toe was ook die donkere skaduwees van pessimisme gewyk. Hoe sterk ook die pessimistiese voele in die humoris aanwesig, tog leef steeds die drang om die newele op te

1) Ek herinner aan die bose luim in sekere kringe teen die goeie *Pallieter*.
2) Fr. Vischer, Ästhetik, § 208.
3) Gesit. Meredith t.a.p. 37.
4) Sien diebiografie deur sy seun: *Life*, I p. 167.

klaar en *waarde* aan te toon en die idee te erken en te aanvaar. Aldus geraak die humoris tot sy wêreldbeeld waar goed en kwaad beide ingeorden is en ook hul konflik as die stu-krag van die werklikheid.

Essensieel bly vir die humoris om in die lewe te staan en die daelikse *werklikheid* in hom op te neem; te behou 'le sens de la vie reelle, le contact direct avec elle. L'éloquence, la poesie, l'esprit, peuvent être parfaitement abstraits, exister à une grande distance des choses. L'humour a besoin de s'appuyer sur elles....'[1] Reeds is opgemerk hoe die Romantiek weer natuur en waarheid opgeëis het; maar reeds vroeër, waar daar maar sprake is van humoristiese siening, daar gaan dit van die werklikheid uit. Vir die konflik tussen 'le sublime et le grotesque' het die humoris 'n skerpe blik. Ek wil vervolgens, liewer dan voort te gaan met psigologiese beskouinge in die algemeen, u 'n enkel vroeë voorbeeld voor oë stel.

Humor as trou aan die werklikheid vind u, hoe onvolmaak dan ook, reeds in die volledige Karel-roman van die dertiende eeu. Dit is die eerste groot werk, waarin die Nederlandse aard in sy liefde vir die realiteit selfstandig aan die dag tree. In *Karel ende Elegast* bevat reeds die opset humor. Die groot Keiser Karel, wat steeds rowers vervolg het, word deur God beveel om te gaan steel. In 'n bos tref hy die swart ridder Elegast, wat deur hom verbanne is, maar nog trou bly aan sy vors. Karel stel hom voor as Adelbrecht, 'n groot rower. Saam gaan hul dan uit, maar gou blyk dit dat die koning maar baie swak tuis is in die steel-kuns. By die inbreek in die huis van Eggeric van Eggermonde, hoor Karel van dié se snode planne en word dit hom duidelik, waarom God hom op so 'n sonderlinge weg gelei het. Elegast word in sy eer herstel en vorstelik beloon. Kostelik al dadelik

1) Angellier, *Robert Burns*, Paris, 1892, II. p. 108, gesit. Baldensperger, op. cit., p. 217.

is Karel in sy verbasing oor die sonderlinge opdrag van die Engel, en in sy oorweginge van sy grote rykdom en mag:

> Ic ben soe rike,
> En es man in ertrike,
> Weder coninc no grave
> (Die so rike si van haven)
> Sine moeten mi sijn onderdaen
> Ende te minen dienste staen.
> .....
> Wat node soude mi sijn dan
> Te stelene ellendich man?

Sal die skrywer wat dit alles en nog meer aldus opsom van Karel se oorweginge, by sy meely en eerbied vir die koning, die glimlag kan weerhou? Sy gesond Vlaamse sin vir die ongerymdhede in die werklikheid, wat hy orals aan die dag lê, was reeds al énigermate toegerus vir die gevoel van humor. As u die oorweginge van Karel, ná die wonder-baarlike nagtelike opdrag deur die engel, vergelyk met die oorpeinsinge van 'n mistikus na 'n visioen, dan sien u dadelik 'n verskil van werklikheidsbeeld. In die laaste geval is die werklikheid God en Sy mistieke wese oweral, en geld dit verder sy kerklike dogma, wat die ervaring in bepaald religieuse omlysting inorden. Maar by eersgenoemde is die werklikheidsbeeld 'n aardse, die resultaat van al sy belewinge in die realiteit van elke dag; en as die sonderlinge roepstem tot hom kom in die nagtelike uur, dan is dit nie sy religieuse lewe wat in die eerste plek (of in die geheel) 'n gaotiese element voel binnedring nie, - 'n ondeug hier wat hy by andere swaar straf - maar is sy nugtere kyk op die werklikheid vertroebel en staan hy verbouereerd oor die *nodeloosheid* van diefstal vir wie skatryk is. Daarom staan hy voor ons in sy lagwekkende *raideur*. Ook die skrywer stel sy rykdom voorop in die allereerste verse. So kry ons die konflik in die werklikheid, wat so sterk komies werk en in die lig van die ideale en geestelike, maar veral menslike, 'n sagtere toon bereik.

Ons skrywer soek steeds na die realistiese teëstelling. Karel ontmoet die swart ridder in die nag en meen dat dit die duiwel is:

> ‘Waer hi van Gods halven iet
> Hi en ware soe swart niet.’

Rake psigologie verder in die siening van Karel na die tweegeveg, as hy hom voorstel as 'n groot rower met nog veel minder gemoedsbesware as Elegast self. Waar hy in sy hart God nog dank dat hy waarlik hulp het in Elegast vir die hom onbekende taak, daar lieg hy uit nood. Pragtig is die voorstelling teen die werklikheid van ons wete met opset gestel. Weer sien u die glimlag van ons gemoedelike outeur. Dink verder aan die kostelike kouter-geskiedenis, met die naïef-gemoedelike siening van Karel, wat dadelik 'n leun beraam, alles in die trant van sy fantasie. En dan die towerplantjie waarmee Elegast die taal van die diere verstaan en te hore kom dat die koning daar is; die vrees van die ridder en die floue uitkoms van die koning! Ek is my bewus van die gevaar in dit alles iets moderns te wil lees en tog glo ek dat ons hier met 'n vroeë, sy dit dan ook nog baie onvolmaakte, voorbeeld van humor te doen het. Die skrywer begin homself al rekenskap te gee van sy eie belewinge. Hier is ook al die frisheid en klaarheid wat ons later so seer bewonder by 'n Matsijs of 'n Van Eyck.

Naas *Karel ende Elegast* moet ek tenminste noem die heerlike *Reinaert* met sy werklikheidshumor. Deur Prof. Prinsen[1)] e.a. is reeds breedvoerig die aard van die vertelling gekenskets: die geestige spot met die ridderromans, die kostelike satiere op logge gesag en vorstelike domheid en hebsug, die sluheid van die opkomende nuwe volksgees in die vos gesimboliseer. My res alleen die voorreg van 'n enkele herinnering.

1) Sien *Handboek*, p. 71, vlg.

Sien die lykstoet van die hen Coppe, deur Reinaert om die lewe gebring, met Canticleer die haan voorop, ‘sine vederen sere slaende’, en haar jammerende broers met die brandende kerse in hul hand.

En dan die roerende verhaal van die haan in sy gekwetste fierheid! Hier is ware realisme, wat tog soos in die voorafgaande weer getemper is deur iets idealisties. En alles so pragtig vry van die latere dogmatiese toon. Dit is die werklikheid gesien deur iemand wat dit deurvoel en hom daarbo kan verhef, bewus van meerderheid. Dit sien u later nog beter in die treurige lot wat die arme skyn-belangrike wolf en beer tref, as hul geboei en gemartel word en Reinaert verhoog in hul plaas. Hier weer die lag in medelye. Die satiris deur waarde te gevoel ook by wie hy bespot, is tot humoris gestyg.

F. Buitenrust-Hettema neem as volg die geheel same: ‘zo, vol humor: vol fijne medelijdende glimlach, onder al het ergernis opwekkende treurige, de overtuiging dat het recht wint - is de vite van den Vos Reynaerde.’[1)]

Karel ende Elegast, De Reinaert, pragtige voorlopers van die realistiese blik op die daelikse werklikheid, wat, soos Prof. Prinsen duidelik uiteensit *(Handboek)*, die ganse periode van literatuur en kunsontwikkeling kenmerk. Naas die geestelike is *dit* die grootse lyn van skoonheid en waarheid wat die krag en glorie uitmaak van die Nederlandse literatuur, naas die nog groter heerlikheid van die Nederlandse skilderkuns.

Maar nog 'n groter naam as Breero of Rembrandt wil ek hier tenslotte noem, want ook in humor van die werklikheid is dit: Shakespeare und kein Ende! Waar Plato en Dante as 't ware deur die werklikheid heen geskou het na 'n idee, daar het hul ook nie die hoë humor bereik nie. Vir Shakespeare was dit gegee om *in* die werklikheid te staar, miskien op 'n bepaalde gebied nie so diep as Dostojefski nie, maar van 'n punt hoog genoeg om die ganse lewe te

1) *Van den Vos Reynaerde*, Zwolsche Herdrukken, II, p. XIII.

öorsien en sy diepste komiek en tragiek saam te laat smelt in sy werklikheidsgevoel as die hoogste humor van die hoogste begenadigde.

Die groot humor weet dit tot 'n totaalgevoel te bring, wat sy werklikheidsbeeld verder belig. Maar dit veronderstel 'n sekere agtergrond van *kennis*, en hiermee bedoel ek natuurlik nie juis wetenskaplike kennis nie, maar die resultaat van daelikse ervaringe en nadink daaroor. Sulke kennis moet breed genoeg wees om storende elemente in die werklikheidsbeeld te kan inorden; ook moet dit gekonsen-treerd kan optree as intuïesie. So 'n prakties intellektuele agtergrond dan is nodig, naas ons liefde en skerpe blik vir die realiteit. Natuurlik is dit nog nie die enigste vereistes vir humor nie. Te grote gebondenheid aan die realiteit kan selfs humor uitsluit, daar die nodige vryheid van bespiegeling en die verbinding met die ideale nie bereik word nie. Daarom is so vele realiste en naturaliste tog tenslotte humorloos. Tereg merk Goethe êrens in *Grenzen der Menschheit* op: ‘Erheben wir uns in die Höhe, so können wir keinen festen Fuss fassen, und stehen wir fest auf der Erde, so gelangen wir nicht in die Höhe.’ Die groot humoris is Carlyle se ‘philosopher’, ‘to whom the Highest has descended, and the Lowest has mounted up; who is the equal and kindly brother of all.’[1)]

Ook 'n sekere *meerderheidsgevoel* gaan met die bespiegeling van die realiteit gepaar. Ek doel hier op die innerlike vryheid van wie bo sy observasieterrein kan uitstyg, en natuurlik nie op enige selfverheerliking of 'n gevoel van eie voortreflikheid nie. Nog minder is dit die afsydige houding van Stoïsisme. Dit is 'n sielshoogheid wat geen teëspraak of weerstand ontwyk nie en vol simpatie teenoor die geringe en swakke staan. Dit is nie die neerbuigende vriendelikheid van 'n Beets-in-pose, of sy nou en dan na vore tredende braafheid nie, maar die geesteshoogheid van 'n

1) *Sartor Resartus*, ed. Humphrey Milford, p. 57.

Betje Wolff teenoor huigelary en bekrompenheid, ongeloof in die godsdienstige, onhebbelike gedrag in die skouburge, geleerdheid by savante vroue, sekere sedes van ‘brave lieden van den ouden tijd’, ens. - waarby sy haarself teken as byna prooi van ligsinnigheid in Saartje Burgerhart. Dieselfde gemoedshoogheid toon Aagje Deken deur in die bedilsieke Anna Willis haarself in humoristiese beskouing te neem. Selfs in die hewigste hekelinge van skraaplustige huigelary vertoon hul 'n innerlike waardigheid. Maar waar simpatie meespreek, tree 'n pragtige grootmoedigheid aan die dag. Daar is die enigsins vals-beskeie, maar in-goeie Abraham Blankaart, wat die skrywers met soveel liefde en humor gesien het. Ek kom hier alleen op sy meerderheidsgevoel terug, waar hy die stroewe brompot Jan Edeling, wat in sy huis alléén die wet afkondig, en meen dat 'n huwelik tussen mense van verskillende kerklike gesindheid verkeerd is, op 'n keer heerlik in sy swak weet aan te tas, hom onder enige vleiwoordjies wel goed weet te roskam en tenslotte te oortuig met 'n geestige argument gebaseer op 'n Bybel-teks. Ek haal alleen die endreëls aan:

> God de Heer geeft ons, zijne kinderen, wel reden van zijne bevelen: ‘doe dat, opdat het u welga,’ staat er dat niet in den Bijbel? En zullen wij nu zoo misselijk en zoo boos zijn, dat wij onze kinderen, in plaats van brood, slangen en schorpioenen in den mond proppen? Had, bij gelijkenis, Luthers vader eens gaan zeggen: ‘Luther, ik versta niet, dat je Luthersch wordt, jij zult paapsch blijven, want wij zijn van 't begin van de wereld af allemaal paapsch geweest; en zoo jij 't in je kop krijgt om van ons oud geloof af te gaan, zullen wij eens wat anders bij de hand vatten.’ En was Luthers vader evenwel zoowel de vader van Luther niet, als Jan Edeling vader is van zijnen zoon Hendrik; en waar was dan je heele geloof gebleven?

Sien u, Edeling is streng Luthers en wil nie in die huwelik van sy seun met die vrysinnige Saartje Burgerhart toestem nie. Maar hy onderwerp hom aan Abraham Blankaart en is groot genoeg om dit te erken in 'n brief aan sy swaer. Hierin blyk weer die ruime simpatieke blik van die skryfsters op mense van ander gesindheid:

> ‘Lag me nu eens helder uit, Pastoorsche, gij hebt gelijk: maar ik zal uw man de heele zaak vertellen. Zoudt gij ooit geloofd hebben, dat Jan Edeling, die, hetgeen hij ééns begreep, om lief noch leed losliet; die van geen Christenmensch op de heele wereld tegenspraak dulden wilde, dan van u; dat Jan Edeling, zeg ik, door Blankaart zoodanig overhoop gegooid is, dat ik met mijn hoed onder de arm, zijne pupil voor onzen Hendrik ten huwelijk gevraagd heb? *en 't geen nog meer zegt, dat ik zeer met dit door mij gedaan verzoek in mijn schik ben?* Die Bram! Zoo een man leeft er niet meer. Hij heeft mij zoo vast gezet en zoo ouderwetsch mijn zaligheid gezegd, dat ik boos op mijzelf werd: want er is wat aan Pastoor: ik ben nooit een vriendelijk man of een minzaam vader geweest: 't wil maar van hem gezegd worden; 't is een raar mensch!’

Edeling vertel verder dat dit baie swaar is vir 'n man van sy soort om skuld te erken, veral teen sy kinders. Hy erken ook dat sy ‘Satansche nukken’ hom dikwels 'n minder goeie eggenoot gemaak het. En vervolg:

> ‘Ik zou 't mogelijk nog niet opgegeven hebben: *doch mijn arme jongen zag er uit, of hij uit een gieter gedronken had:* en toch, ik houd veel van den knaap; hij heeft mij altoos zoo op mijne gedachten gediend. Met Kees heb ik nog wel zoo eens een aardigheidje gehad; maar Hendrik was altoos, *zooals ik* (tusschen ons) *in zijne jaren niet was*. Hij is geheel zijns moeders kind; week gebakken! Hij kan geene

> moeite verdragen; met een benauwd hart ging hij op reis (ik kan op hem af) en heeft alles in zoo korten tijd afgedaan, dat het zoo niet te zeggen is. Kort gezegd, *het mannetje van binnen klopte zoo verbruid bij mij aan*, dat ik besloot om den jongen zijn zin te geven; en nu is hij zoo dankbaar en luikt zoo op, *dat mijne oogen overloopen*.[1)]
> Nu Pastoorsche, dat's weer een ankertje Rijnsch in jou kelder! en ik nooi u beide te bruiloft: ik zal eene partij geven, die klinkt als een klok. Want gierig ben ik, Goddank! niet, ik durf wel wat geven; maar ik ben er niet achter om het met gratie te doen. Ik tast in mijn zak en zeg, hou daar, en loop ten eerste weg.

Dit is die konfessie van 'n eenvoudige man, grootmoedig en eerlik, met juis dié gevoelige en naïewe trekkies wat dit tot so 'n innige genot vir die leser maak.

'n Skepping, geheel volgroei in die simpatieke atmosfeer van lewenshumor, is die kostelike heerlikheid wat *Saartje Burgerhart* vir ons is en bly.

Die meerderheidsgevoel van die dames Wolff en Deken, wat ek hul humor-ὕβρις wil noem, gee hul die rustige kyk op die lewe, die krag van logiese analiese en die beheersing van hul satieriese gevoel, wat my hul kuns van so 'n veel klaarder en dieper skoonheid maak, as die, weliswaar geniale, maar vermoeiend daar op los slaan van die stormende Multatuli.

'n Punt wat ons alhier met 'n enkele opmerking nog kan bespreek is 'n sekere *naïwiteit*, wat ons reeds by verskillende humoristiese karakters teëgekom het. Dit is die liefdevolle sien van die naïef-komiese, wat soveel meer 'n jongere land of natuur-ryke lewensverhoudinge kenmerk, as 'n verintellektualiseerde kultuur of tydstip daarin. Hier moet 'n grond gesoek word vir die afwesigheid van humor

1) Kursivering orals van my.

by die Tagtigers en die bloei daarvan in die 18e eeu en vandag nog in Vlaandereland. Humor is die atmosfeer van natuurlikheid, wat as naïwiteit geld by materialisme, egoïsme en *decadence*, die hoë kultuur met sy gêne en sware (of mode-)ernstigheid. Natuurlik kan laasgenoemde ook weer die grond vir meewarige spot word deur wie die verstandigheid van dwaasheid wil verheerlik. Nog bly die Erasmus uit om 'n lof te sing op naïewe oubollige sotheid!

Maar in 'n ruimere sin gaan humor en naïwiteit saam. Selfs by die so tragiese Hamlet of die ironiserende Faust sal u iets van die diepere natuur[1)] vind, wat hom so dadelik gee in naïewe eerlikheid - in humor.

Dikwels is die humoristiese voorwerp homself bewus van sy lagwekkende doen, maar tog eweseer ook dat daarin 'n onaantasbare kern van waarde aanwesig is.[2)] So kan iemand oor sy eie swakhede lag met die lag van die humoris, wat nie, soos Lipps opmerk, die laaste lag nie, hoewel ‘am besten.’ So kon die groot humoris, Socrates, welbewus oor sy eie gedramatiseerde optreë in Aristophanes se *Wolke* met die skare saamlag, nie alleen omdat hy hom bewus was van die endseëviering van sy ideë nie, maar ook omdat hy die skare volmaak begryp het en in staat was om hul houding teenoor hom in sy ervaringsbeeld te kan tuisbring, selfs die relatiewe reg daarvan te kan erken. Dit is die volle selfkennis, waarop Burns in die bowevermelde strofe doel.

Kuno Fischer betoon êrens die waarheid, dat sulke selfkennis van 'n Sokrates nie moontlik is nie, sonder helder beligting van eie karikatuur, sonder die komiese voorstellinge van andere vrolik oor ons te laat gaan. Dáárop was nie alleen die onverstoorbare wysheid van Socrates gegrond

1) Ek verwys die leser hier na die in 1795 geskrewe verhandeling: ‘Ueber naive und sentimentalische Dichtung’ van Schiller, waarin gewys word op die teëstelling tussen natuur en kultuur in die kuns en die harmoniese vereniging van beide in Goethe.
2) Sien Th. Lipps, t.a.p. 258 en vlg.

nie en sy oorblik van tydelike horisonte, maar ook sy titaniese verhewenheid bo almal en alles in sy tyd. Dit ook is die volle betekenis van 'n *sin vir humor* te besit: nie, soos in die populêre spraak verstaan, die vermoë om die lagwekkende van 'n persoon, handelwyse of situasie snel te kan vat nie - want dit kan nog alleen vir ons sin vir die *komiese* pleit - maar om ook onsself in humoristiese beligting te kan sien. En dit vermag weiniger mense as ons allig vermoed. Dit veronderstel innerlike grootheid, krag van logiese toepassing en 'n stemming teenoor die werêld en onsself wat gebaseer is op ryke, eerlike en versoende innerlike ervaring.

Sien vervolgens 'n ander grond vir humor, n.l. *weemoed en verlange*. U vind die stemming, hoe onvolmaak van harmoniëring ook, reeds baie vroeg in die literatuur. Neem as voorbeeld die *Decamerone*, waarin 'n sekere eenheid van menslike gevoel is na te gaan, 'n bepaalde verlange na iets wat Boccaccio in die lewe moes ontbeer. Dié gevoel het menige liefdespel - deur preutse krietisie dadelik as immoreel veroordeel - vir ons 'n hoëre betekenis en diepere sin laat kry, waarin so veel liefdesverlange, liefdes-oorheersing en - plig, daelikse lewenstragedie ook, opgelos word in 'n skynbare uitgelatenheid, wat inderdaad húmor verraai. Liefde is 'n heerseres wat met geluk of onverskilligheid of bittere teleurstelling, ook met weemoed en verlange soms vervul. Onder die lugtigste vertelling hoor u dikwels 'n sug van die outeur om liefdesherinnering en u sien 'n weemoedige glimlag op die gelaat van wie alleen skerts en vrolikheid skyn te pleng. Plaas naas Elena of Madonna Ermelina of menige hoogmoedige of trouelose vrou uit die vertellinge, een van u eie kennisse uit verdigting of die lewe, en u sien ooreenkoms in lewenswaaragtigheid, hoe verskillend ook die Toskaanse milieu. Liefde is hier die bron van verlange...

Hierdie mening is o.a. ook Prof. André Jolles toegedaan in

sy pasverskene werk.[1] 'Steeds blijft hij (Boccaccio) trouw aan zijn opzet om de wereld geluk te schenken, als vergelding voor den troost, dien anderen hem in moeilijke levensdagen gegeven hebben, om leniging te brengen aan zwakken, bedroefden, in het bijzonder aan de vrouwen. Op het toppunt van zijn kunst geeft hij zich geheel: met zijn geresigneerdheid, die geenszins zijn kostelijken levenslust kan vernietigen, met zijn zwaarmoedigheid, die elk oogenblik bereid was, in ironie - *ook in zelfironie* om te slaan, met zijn wereldverachting, die nimmer een innige vreugde aan de schoone en vermakelijke dingen dezer vriendelijke aarde uitsloot, met zijn gemor en gepruttel, dat zich toen ter tijd zoo goed en zoo gaarne verbond met een gevoel van weelderigen overvloed. En als wij ons van deze dichterstem eenmaal doordrongen hebben, dan hooren wij haar ook in de novellen.'

En verderop: 'De novelle moet een gebeurtenis geven, die ons als waar aandoet, maar het moet een gebeurtenis zijn van dringende beteekenis, dat wil zeggen een waarheid, waaraan wij behoefte hebben, wier tragische of komische inhoud aan onze gedachten, aan ons leven ontbreekt. Wanneer de waarheid een spiegelbeeld is van hetgeen wij zelf beleven, gaan wij haar onverschillig voorbij; eerst als zij een geestelijke leemte vermag te vullen, grijpen wij naar haar. Zoo is in de erotische novelle de liefde niet hetgeen wij bezitten, maar hetgeen wij missen; Amor niet de God van wat wij hebben maar van hetgeen wij verlangen. Niemand heeft het beter geweten dan Boccaccio; hij schreef voor de vrouwen, wier gemis hij in zijn voorrede gedenkt, misschien voor zich en zijns gelijken - niet voor gelukkige minnaars, laat staan voor losbandigen.'

Dit is die diepere betekenis van die baie gesmade, maar eeue lang alom gelese *Decamerone*; dit ook is Boccaccio se humor van verlange.

1) *Bezieling en Vorm*, p. 108. Kursivering van my.

Weemoed en verlange is ook 'n spesiale kenmerk van die Romantiek. 'n Karakteristiek van sy humor is dikwels die afwesigheid van die teenwoordige in die fantastiese droomwêreld van die outeur. Op die uitgebreide humoristiese literatuur van die Romantiek kan ek nie alhier ingaan nie. My is dit alleen om enkele voorbeelde te doen wat wys op die verlange wat die werklikheid nie meer kan bevredig nie, die sug na die verlede en die glorie van weleer, met die humor van die tweespraak.

'n Hele skaar van Engelse humoriste beweeg voor u. Daar is verder Jean Paul en Heine in Duitsland; in Frankryk die singende en verlangende De Musset.

'De humor, den tweestrijd beschertsende - de blijde voortgang uit tegenstrijdige beginselen - wat anders dan zulk een ontwikkeling is het karakter van de negentiende eeuw geweest? - evolutie is het woord in de wetenschap,' skryf Verwey[1)] en wys so op die twede element: verlange.

Ek wil die romantiese humor van Potgieter hier toelig, seker nie omdat hy die beste gee nie, maar omdat hy wel die mees verteenwoordigende romantikus in Holland is en ek Carlyle reeds genoem het. Vereerder van die 17e eeu, verteenwoordig hy ook die vooruitgang van sy tyd en wys hy op die toekoms. Sy weemoed en verlange dra soms die glimlag van gees en hart. Tog dien opgemerk dat hy dikwels bly staan by 'een spel van den geest met de verbeelding.' Wat Verwey so mooi opmerk in verband met humor: o.a. 'haar (verbeelding) ongerijmdheden te begeleiden met deernis, de botsing van haar zielsstrijd, den schreeuw van haar pijn, het snikken van haar hartstocht te troosten en te verzoenen in den weemoed van zijn weten...'[1]): dit alles kan ons by buitelandse skrywers so veel skoner verteenwoordig vind.

In *Het Noorden* vind u reeds die romantiese grilligheid en sy skerpe kontras tussen verbeelding en werklikheid, sy

1) *Het Leven van Potgieter*, p. 169.

rustelose gang en geestige spel in tallose uitweidinge, maar ook die toon van verlange. Sitate moet agterweë bly.

Ek noem vervolgens die humoristiese *Lief en Leed in het Gooi*. By alle waardering vir die waarlik mooie dinge daarin, steek so 'n werk tog enigsins af by Engels-gevoelige en -realistiese humoristiese geskrifte. Stel teenoor Potgieter se humor die mymerende stemming van 'n essay van Elia en u maak 'n onderskeid tussen 'n hoogstaande kunsvoort-brengsel en die gloedvolle ditirambe van die gemoed. Ek meen in *Lief en Leed in het Gooi* te vind die uiterste konsekwensie van Potgieter se intellektualiteit in die geestige en humoristiese van kultuur; waar ek in *Pallieter* die suiwerste konsekwensie van Vlaamse aard en humor vind in al die malsheid en sappigheid van natuur.

By Potgieter vind u droom en tug - siedaar hoe Verwey Potgieter weer raak kenskets - droom oor die verlede en toekoms, die goeie in die mens, in een woord: vryheid; tug, die kind van sy welbeoefende en verfynde rede, wat die praktyk ken, en dit weet in te order in sy fantasie. Deur sy etiese aanleg onderskei Potgieter hom dadelik van die volbloed romantisie van ander lande. In Potgieter is die moralis en die estetikus een. Sy psiegiese energie was trouens ook te swaar vir loutere fantasie-lewe.

In *Lief en Leed in het Gooi* spreek sy liefde vir die verlede en vind ons intellektuele spel, wat soms herinner aan die *Sentimental Journey* of die *Harzreise*. Daar is ook die sekere verlange van sy idealisme wat sy humoristiese uitweidinge verinnig. Mooi klink tussen die dikwels so gemaniëreerde geestigheid die warme: ‘O, de luite van Hooft, wie bespeelt haar weer?’ Waar die verhouding tot die teenwoordige wegval kry ons die suiwer romantiese humor, maar by Potgieter is dit nooit heeltemal die geval nie en bly sy humor verbonde met die daelikse lewe.

Na dit alles ontbreek my plaasruimte vir 'n volle waardering. Ek gee aldus enkel 'n sitaat uit die wonderlik mooie *Jan, Jannetje en hun Jongste Kind*, waarin die futloosheid

van die nageslag van stoere voorouers gestriem word, met sy ondertoon van weemoed om die waardevolle wat uit die lewe verdwyn het, maar ook met 'n toon van blye verwagting, wat gebaseer is op die hede. Sien dan:

> Den langen slungel die ginder slemp schenkt en ginder slemp lept: welke doffe oogen! - welk een meelgezicht! - welk eene houding van slierislari! - welk eene ergernis vooral, als ik het u niet langer verhelen mag, dat dit ongeluk de jongste zoon is van Jan en Jannetje; hij, de patroon aller slaapmutsen, aller soepjurken, aller sloffen ten onzent! hij, Jan Salie![1)]

Pragtig is dit waar Jan, deur die vurige woorde van die energieke Jan Compagne opgewek tot nuwe lewensmoed en 'n vaste vertroue op wat nòg in die volksiel lewe, sy verwyt omsit in selfbeskuldiging. Hier klink vreugde, berou, verlange en verwagting saam in kostelike humor (waar ook die naïewe nie uitgesluit is nie). Hy vervolg:

> ‘Janmaat! ... kom naast mij, jongen!’ - en de trouwe borst springt op, alsof hem het sein werd gegeven in zee te steken, zoo rap en zoo blij! - ‘Janmaat! gij zijt altijd een man van daden geweest en niet van woorden, - vergeeft ge mij? ik zal me beteren!’[2)]

Leunende op die arm van Janmaat, gaan Jan na die Hollandse tafelvreugde. En die moeder vra:

> ‘Vader! mag Jan Salie meê aanzitten?’
> ‘Onder aan, vrouw! Het is van avond voor het laatst; morgen besteed ik hem op een hofje.’
> Houdt het Jannetje ten goede, dat zij met haar voorschoot langs hare oogen strijkt!

1) Uitg. Nederl. Bibliot., 3e druk, p. 13.
2) t.a.p. 34.

Dit is van die merkwaardigste prosa in die Nederlandse taal en van die pragtigste satieriese humor daarin.

Maar wil u die gemengde stemming van weemoed en verlange in humor so kan u ook goed tereg by de Genestet. Ek noem u sonder meer die bekende *St. Nicolaasavond* en 'n *Liedje van Verlangen*.

Weemoed en verlange sal ook dikwels nog in ons Afrikaanse literatuur aangetref word.

Maar buiten alle literatuur om, let op die moedige aanpak van die daelikse lewe en die weemoedige glimlag op die gesig van vele stille heldinne by dinge, wat omstraald is deur die lig van verwagting om wat sàl kòm, of van herinnering. Orals is die humor wat van triestige geluk vertel, van stille lewenstrou. George Elliot is in haar briewe die tolk van die poësie en patos, wat in 'n mensesiel kan verborge wees, wat mat uit groue oë blink en met 'n stem van o, so gewone klank spreek...

Die *simpatie* wat aan die realiteit en ons kennis die juiste grondstemming gee, wil ek nog wat nader illustreer. Dit is die simpatie wat agter die lagwekkende waarde ontdek en sigself weet te gee, waar egoïsme en starre dogma afsydig staan. Die humoris bly mens onder die mense. Hy beoefen die gebod van liefde, wat alles begryp en so baie kan verdra. Sy simpatie is dikwels in die skool van lye gebore. Vele mense leer om hul grense van grootmenslike simpatie uit te sit eers deur die broederskap van smart. Waar dogma dikwels verstar tot onverdraagsaamheid saam met die *woord* van liefde, daar is dit sùlke medelye wat die glimlag bring en deur dade spreek. Laat my u alhier verwys na die ruimere blik van die nuwere letterkunde.

In die eerste plaas dan humor van simpatie. Naas die voorbeelde reeds deur my genoem, mag ek selfs nie in 'n vlugtige uiteensetting die naam van Felix Timmermans verbygaan nie. Prof. Vermeylen skrywe van hom: ‘Niemand heeft wellicht op zoo aantrekkelijke wijze die twee hoe-

danigheden vereenigd, die dikwels de beste Vlaamsche kunst kenmerkten: den klankrijken kleurenglans der zinnelikheid, mèt de innigheid van het gemoed, - die liefde voor den uiterlijken luister van het leven, mèt dien intuïtieven zin van een hart, dat zich door zijn eenvoud zelf gelijk voelt met het mysterie.'[1] Die eerste sal veel glundere komiek inhou, die twede veel simpatie: tesame die breë, malse Vlaamse humor. *Rond het Ontstaan van Pallieter* gee u reeds die wording van die werk aan. Die onbekommerde, onverantwoordelike swelg in die genot van die oordadige natuur, die jubelende natuurliefde, is uit 'zielstribulatiën'[2] gebore. In die skemeringe van die dood was die groot eenvoud van die lewe aan die vermoeide soeker na die raaisels van ons syn geopenbaar in grote glans, en toe was 'n eindelose verlange in hom opgekom om enkel maar te lewe, léwe. Só het *Pallieter* ontkiem in die donkere aarde. Sùlk 'n uitlewing van verlange moes 'n groot alomvattende liefde vir die ganse natuur en 'n uitgelate gevoel van broederskap kenmerk. Pallieter, Charlot, die Pastoor, Fransoos, Marieke, tot die ooievaar en die bok toe, is met groot simpatie gesien.

'n Pragfiguur al dadelik is Charlot, die 'gelovig vliespaleis', in haar beminlike naïwiteit.

Sien haar opgewondenheid voor die Prosessie in haar ydelheidjie met die mooi mandjie strooisel:

> 'Wa zal onze Lieven Hier blij zijn mé zoe schoe stroessel!' zei Charlotte handenwringend.
> 'Oewe Lievenhier mokt zà blij mé 'n doeë musch,' zei Pallieter. En Charlot was gram voor een half uurken.

Pragtig is haar verbysterende geluk as sy van Pallieter se voorgenome huwelik hoor:

1) *Van Gezelle tot Timmermans*, uitg. v. *Elsevier*, p. 121.
2) F. Timmermans, *Rond het Ontstaan van Pallieter*, p. 16.

> ‘Is man bed bried genoeg veur ons getwieë?’ vroeg Pallieter.
> ‘Wa wilde zegge...?’ en zij zag met schrik en met verbazing hoe Marieke in Pallieters arm leunde.
> ‘Ik trijf mè Pallieter!’ juichte Marieke.
> ‘Gij, gij?’ riep bibberend Charlot, ‘gij, m'n petekind, me Bruur?... Gij?... Och, Jezus, Maria, Jozef!...’
> En ze viel aan Pallieter zijnen hals en weende hardop van geluk.
> En dat kwam aan Pallieter zijn hart, en hij pinkte, beet op de tanden om de tranen binnen zijn oogen te houden, maar hij kon niet, met den besten wil van de wereld.

In haar blydskap en teleurstelling, haar humeurigheid en uitgelatenheid, met gebedeboek of by die wyn, altyd bly sy die eg menslike, mooi objektief-humoristies gesiene karakter. Uit vele voorbeelde het Timmermans hierdie Charlot geformeer: 'n greep uit die malse en sappige Vlaamse aarde.

Ewe eg is ook die jowiale Pastoor, so beminlik in sy menslike swak vir goeie ete, drinke en lewensvreug. Hy leef met ons held mee, deel in sy lewensjubel, en waar onverdraagsaamheid van gewaagdheid in behandeling spreek kan ons hom alleen liefhê. Sien die kostelike stelletjie: Marie met haar drieling, Charlot, Pallieter en die goeie Pastoor:

> ‘Haalt Bakels, peters, wiegen en suikerboene (roep Pallieter)! De drij hemskindere zen gebore!’
> ‘Ja, ja,’ riep de verwarde Charlot en zij liep naar beneden, maar was daar seffens weerom en riep vol haast: ‘zij rap, zij rap, de pastoer is dor! doe z'ieder algij een hemmeken aan.’
> ‘Ni, ni,’ zei de pastoor, die boven kwam, ‘'k wil ze zien lak da'ze God on Pallieter hee gegeve.’
> En de pastoor sloeg verwonderd zijn handen

> saam en hij keerde zich om tot Pallieter, en zei: ‘Gelukkigen druivelaar,’ en dan tot Marieke: ‘Meske, meske, God zied oe gere,’ hij drukte hun de handen, en de tranen schoten in zijn oogen.
> ‘Doe zoo voort,’ zei hij.
> ‘Da beloof ik oe!’ riep Pallieter.
> ‘Menier pastoor,’ zei Marieke verlegen en rood-wordend ‘de kinderen mutte zuige...’
> ‘Ja, ja,’ lachte de pastoor, ‘doe mor, wij hemme da ni mier noodig, hé Pallieter, wij zullen er oep gon drinke.’
> En terwijl zij beneden schuimwijn gingen genieten, haalde Marieke haar twee dikke, malsche borsten te voorschijn, en gaf de kostelijke moedermelk aan de twee Pallieterkens, terwijl het Pallieterinneke schreeuwen bleef.....
> En beneden zat Pallieter met den pastoor aan de zesde flesch schuimwijn te drinken, ter eere van de drie, die hij gemaakt had.

Pallieter self is die derde groot objektief-humoristies uitgebeelde karakter in die Nedl. letterkunde en neem 'n waardige plek in naas Reinaert en Uilenspiegel: aldrie uit die groot land van humor, waarnaas niks in die Dietse literatuur te stel is nie. Die natuur-abondansie van Vlaandere is mens geword - siedaar Pallieter! Die leser moet egter nie Timmermans vereenselwig met Pallieter nie. Pallieter is, soos reeds opgemerk, 'n *verlange*, en ook die rykste verlange van ons matte psigo-analiese na 'n nuwe jeug! Pallieter is die weelderige natuur self, maar deur 'n mens gesien uit 'n donkere grot en só met lewenshumor deurtintel. Ek durf hier nouliks siteer waar alles ewe kostelik is. Maar sien hom staan in sy kostelike uitgelatenheid van lewens-vreug en aardse geluk, sy pragtige naïwiteit, met sy komiese woord en daad. In die liewe lenteson sien hy die pastoor uit sy kerkboek lees en meteens kry hy ‘goesting om het

goede weer te psalmeren.' Maar as hy in die ou verlugte Bybel lees van al die vettigheid van die aarde, kry hy so lus vir heuning, dat hy dit moet gaan eet op 'n bruin beskuitjie. Hy is dronk van natuurweelde:

> 'O Heer, mijn billen worden licht als strooi en omhoogwillend lijk sprinkhanen. Het is, o Heer, alsof Gij in mijn buik een orgeltje hebt geplaatst.'

Voor die wasse beeldjie van Maria steek hy 'n kers aan en sê:

> 'As da schoe weêr ij schuld is, dan heddet verdiend!'

Die teënhanger van Pallieter is die filosoof wat die son verbygaan om 'n wêreld-sisteem te soek! Tog is Pallieter nie sonder iets van weemoed opgebou nie. Ewentjies huiwer op 'n enkele plaas die sagte droefheid om die skoonheid wat moet sterwe.... Ek herinner aan die plek waar Pallieter twee reiers in die verre lugte sien swewe:

> 'Ze waren vol mysterie en gaven een diepe indruk.'

Iets van hul siel skyn in die lug agtergebly en as hy na huis toe loop voel hy geroerd 'tot in die klokhuis van sy siel.' Ek wys u eindelik waar Pallieter 'n boom koop in die *Begijnenbosschen*. Dit was die koning van die woud en Pallieter kon dit nie oor sy hart kry dat hy gevel sou word nie.

> 'Groeit!' (roep hy die boom toe) 'groeit! mokt blare en neutjes, groeit gelijk ge wilt, en verberg de konijntjes onder uwen grooten voet, groeit!'

En in die skors skrywe hy:

> 'Melk den dag!'

Weemoed daal in sy siel: wyl hy hier so sielsgelukkig is om 'n boom, is ginder die wêreld vol ellende en verdriet

en lewe die ongelukkige mens om te sterwe ... In die lig van sulke oorpeinsinge kry die humoristiese aard van Pallieter vir ons 'n dieper toon.

Naas Pallieter staan die groot-humoristiese figuur van Pirroen uit *Annie Marie* ... die kort-af, dwase, in-goeie Pirroen, met sy sonderlinge Dolfijn-camaraderie en sy humor-ryke en hopelose liefde vir die adellike Césarinne! U moet lag om Pirroen waar u vir hom die meeste jammer kry. U hou van hom juis om sy sonderlinge doen en vergeet hom nie weer nie.

Pirroen en Césarinne gaan uit wandel.

> ‘Vandaag komen wij arm aan arm terug de stad in, recht naar den pastoor,’ dacht Pirroen.

Sy het haar so mooi as moontlik gemaak om Pirroen die huweliksvraag uit die mond te lok. Maar Pirroen durf nie. Tog meen hy al dat dit gemaklik sal gaan om haar te kry. ‘Maar ze moet eerst beginnen, ze weet genoeg voor wat ik met haar ga wandelen,’ dink Pirroen.

> En zij wandelden en hij plukte bloemen voor haar, boterbloemen, madelieven en klaverpluskens, en hij vong zelf een vischken uit een beek en gaf het haar blij en fier, als gaf hij haar de grootste schat.
> ‘Arm beestje,’ riep ze lachend en vreezig, dit zilvernatte ding in haar handen te voelen spartelen; en ze ging zelf het vischken terug in de beek zetten waar het seffens onderdook.
> Pirroen zag haar aan de beek zitten. ‘Hoe schoon is zij daar!’ peinsde hij.
> ‘We zouden zoo gelukkig zijn,’ en hij zette zich nevens haar.
> Ze verwonderde zich niets over zijn daad, en schoof zelf wat dichter bij hem.
> ‘Ach dat we nu niet vrijen, och wat zou dat hier plizant zijn!’ peinsde hy rood van blijdschap.

Césarinne murmel 'n lied. Pirroen fluit op 'n rietjie en

maak 'n gons-musiek. Dit was 'n egte pastorale in die mooie landskap. Maar 'n bloemkoolwolk het opgedik en dit donder.

‘Het dondert,’ zei Césarinne verrast.
‘Laat het donderen, ik ben bij U.’
‘En ik bij U, Simon, doch 't zal regenen.’
‘Kruip onder mijnen frak!’
‘Heel gaarne, maar ...’
‘Hoe maar? ...’ vroeg Pirroen hopend en vreezend...

Hy wou haar nie vra nie, hy moes hom groot hou: en sy het niks aan hom te sê gehad nie. Op 'n ander keer het sy hom wreed geweier, en hy besluit om eers 'n begrafnisfees aan die Dolfyne te gee en dan die lewe te te verlaat. Pragtig is die *macabre* humor hier. Die sonderlinge voorbereidsele word vir die selfmoord gemaak, maar ... Césarinne kom binne.

‘Dat pistool, Simon?’
‘Om muggen te schieten.’
‘O, 'k had het gedacht toen Swaen het mij kwam vertellen! O ‘Simon, Simoneke,’ weende zij verward.
‘Wat krijgt ze?’ dacht Pirroen verwonderd, ‘heeft ze nu niet Simon gezegd met een ké?’
‘Simon, Simoneke, niet doen, niet doen!’ smeekte ze door haar tranen.
‘Ge moet mij vergeven, beste, goede vriend!’
Pirroen trok zijn wenkbrauwen omlaag.....
‘Ik wil uw vrouw worden.’
De zaag viel op den grond: ‘Gij mijn vrouw,’ vroeg Pirroen met zijn handen vooruit, ‘Gij ... gij ... ja? ja? Mijn vrouw, mijn vrouw ... maar ge hebt een naam ... een grooten naam.’
‘Ik zal uw naam dragen.’
‘De mijne? de mijne? Gij de mijne? God, och Gottekes!’
Hij wilde haar ineens omhelzen, doch hij zag zijn vuile handen.

Maar as sy hande eenmaal skoon is!

‘Dezen avond gaan wij nog naar den pastoor,’ zei hij bevend van geluk.

Met meer plaasruimte sou ek ook wil aanhaal uit die lieftére humoristiese siening van die Kersverhaal wat in Vlaandere speel, en die fyne, soete, weemoedige, graselike humor van *De zeer Schoone Uren van Juffrouw Symforosa Begijntje*. Juis in die liefdevolle sien van die kleine, geringe en eenvoudige toon Timmermans hom so 'n ware humoris, en daarom sal die leser my lang sitate miskien verskoon. Sulke kwaliteite is van seldsame betekenis. Timmermans is m.i. die mooiste deur-en-deur humoris in die Nederlandse literatuur.[1)] Maar dit word tyd vir my twede onderdeel: humor rond onverdraagsaamheid.

Ek noem alhier die skrynende lewenshumor in die sublieme kuns van de Meester. Sien humor-in-tragiek, waar 'n eenvoudige dorpskind Geertje, in die gelyknamige werk, haar-self geheel verlies en vind in 'n edel-sinnelike liefde tot 'n poenige ‘meneer’. ‘Er gaat een broze ontroering doorheen, een nerveus-dichterlijke liefdesdrang die weemoed en jubel tegelijk is, maar de jubel zacht gesmoord door den weemoed en de weemoed doorklankt van den jubel.’[2)] In weiniger woorde as Is. Querido alhier het niemand die duister-deurligte stemming van die groot romanskrywer aangedui nie. Dit ook is die diepere humor van *Geertje:* jubel om hoogedele liefde

1) Van my oorspronklike voorneme alhier die ryke Vlaamse humor te bespreek moet ek afsien. Daarenbowe verdien name as Cyriel Buysse *(Het Bolleken, Het Ezelken)*, Maurits Sabbe *(Een Mei van Vroomheid* en *De Filosoof van 't Sashuis)*, Stijn Streuvels (*De Vlaschaard, Het Kerstekind* en andere verhale), Lode Baekelmans - om maar 'n paar te noem - groter waarderende ruimte as ek in hierdie werk tot my beskikking het.

2) Is. Querido, *Studiën* I, p. 19. Sien ook M.H. van Campen: *Over Literatuur* I, p. 26, vlg.

in 'n eenvoudige werksmeisie; weemoed om haar lye in 'n liefde-lose wêreld, om die laagheid en loosheid van loutere lyfsbegeerte, die teregwysing van kruipende huigelary en die opreg-bedoelde, maar droewig-enge *sekerheid* van steile dogmatiek met sy 'kast met laadjes', wat binne 'n bekrompe ervaringshorison die doodeenvoudige, reghoekige lewenskode van homself en brawe dorpsgenote gaan aanwend, om die struikelende gaan op hom onbekende kronkelweë te beoordeel. En waar *begrip* faal, hoe sou met die beste bedoelinge simpatie en vergewensgesindheid, d.w.s. ware menseliefde die helpende hand kan reik?

En daar waar die bybelwoorde so dik in die mond lê, word tog die hoogste gebod van die liefde gesmoor in gekwetste eiegeregtigheid, gevoel van verongelyking, kille veroordeling en daarna - praktiese konsiderasies! Sonderlinge ironie, voorwaar. Maar bo alles triomfeer die idee, die vertrapte liefde van 'n edel siel:

> 'Die man heb ik lief, en altijd, verstaat u, na me dood nog, ten eeuwigen dage, zal ik van hem houe, dié man!....'

Dit is die diepere lewenskern, wat so hoog-moreel is en ten spyte van alle tragiek nog die glimlag van verlossing bring.

Ek kan hier ewe nog noem De Meester se ander groot werk: *De Zonde in het Deftige Dorp:* die verhaal van die mooie Dina, wat deur die seun van die dominee by wie sy werk, verlei word. Die slagoffer tref alleen kille veroordeling, selfs felle verafskuwing; die simpatie van die hele hoog-adellike omgewing gaan uit tot die deftige pastorie, en Mevrou vind soveel liefde en meegevoel - heerlik! Treffend is die vergelyking van Querido[1)] alhier met die gewoonte by sekere oervolke, dat die moeder onmiddellik na die bevalling uit haar bed geja word en dat haar frisgesonde man dan daarin kruip, geweldig lê steun en kreun

1) Letterkundig Leven, I, p. 75.

(wat aan die sieke moeder verbode is), en wyl hy 'n uitgeputte houding aanneem en oor hewige kraam-pyne jammer .... sy maag met allerlei lekkergoed oorlaai! Hier is felle spot, maar tòg ook medelye met wie deur eiegeregtig-heid, waan en materiële voordeel so jammerlik-blind geslae is vir die waarlik kristelike moraal.

Nog een verwysing in hierdie verband: *Verborgen Bronnen* van Augusta de Wit. U vind daar die verhaal van Nellis, die jong smokkelaar, wat deur die gore benoudheid van sy ouderlike krot na die vrydom van awontuur op die grense gedrywe is. Deur die koeël van 'n grenswagter swaar gewond, vind hy verpleging in die huis van 'n plattelandse dominee, wie hy in sy opregte trou meen te kan beloon met 'n paar gestroopte hase. Die liewe in-goeie man het egter 'n dogmatiese sekerheid in sy klein wêreldjie verkry wat mettertyd so verstar was, dat dit geen uitsetting van grense van waardes en middele meer toegelaat het nie. So maak hy aanspraak op absolute geldigheid van op sekere leerstellinge en ervaringe gebaseerde oortuiginge en kan hy nie meer middel wees om die op ander grondslae geboude lewensbegrip van 'n arme skepsel as Nellis te deurgrond nie en hom ware steun te verleen op die weg tot verbetering. En juis omdat sy hart so opreg-kristelik klop is sy onkristelik fale 'n medemens te red so dubbel jammerlik. Des te skry-nender is ook die humor van die gegewe. Hoor hoe diep die skryfster hierdie psigologiese waarheid voel. Veertig jaar lang het die liewe man in die eenvoudige dorpie sy be-treklik probleemlose lewe gelei: ‘alles was altijd geweest zoo als het wezen moest.’

> ‘Maar nu was ineens de smokkelaar voor hem komen te staan. Het was als eene openbaring uit eene andere wereld, uit een booze, wilde wanorde van dingen. Van zijn eerste ontzetting bekomen, peinsde hij erover, met de half-angstige nieuwsgierigheid van vrome zielen naar het kwade, wat toch wel het innerlijke

wezen en het bestaan mocht zijn van zulk een man des gewelds.'

Met diepe medelye toon die skryfster ons dan die hulpeloosheid van die sieleherder om iemand te begryp, wie deur sy geboorte en daelikse omgewing nie te verwagte was om die geestelike te begryp nie.

> 'Weet je dan niet dat stelen zonde is?' Nellis zag hem wezenloos aan.
> De oude man wees met een bevenden vinger op de hazen. 'Neem dat wild weg, en breng het terug aan dengene, wien het toekomt. Ongelukkige jongeman! hoe ben je er toe gekomen zoo te bedriegen en te stelen?'
> 'Ik heb nog van me leven niet 'estolen!' riep Nellis. 'Wie dat het gezegd, die liegt het!'
> De dominé staarde hem aan. 'En deze hazen?' vroeg hij eindelijk.
> 'Die heb ik eigens gestrikt, met mijn touw, waar ik zelf een strik van gemaakt heb! Dacht de Dominé dat ik een kameraad zijn haas zou stelen! Ik ben er zelf henegegaan, van middag, en ik heb de strikken klaar gemaakt, en van avond zaten ze er in. Als ik ze naar stad breng krijg ik er zeker vijf-en-twintig stuiver voor, zoo op de toonbank en daar kan niemand iets tegen zeggen.'
> 'Nellis!' zeide de dominé en hij leunde voorover en zag hem eens diep in de oogen. 'Begrijp je waarlijk niet dat wanneer jij die hazen neemt, die aan een ander hooren, en waar hij dus alleen op jagen mag, dat je dan steelt? En dat als je heimelijk zout over de grenzen draagt, dat je dan den Staat de belasting onthoudt en dat dit ook stelen is?'
> 'Ik steel niet!' verweerde Nellis zich. 'Iedereen weet dat ik met zout loop. Ik kan de centen net zoo goed verdienen als de koning; die hêt er toch al zat!

Lees die hele smartvol-komiese dialoog. Nellis se begrip van reg en regvaardigheid en sy stille hondetrou word met bybeltaal weggestuur. Bedroef gaan hy die nag in, en deur sy siel skryn die sekerheid: ‘de eenige, die ooit goed voor hem geweest was, wou zijn dankbaarheid en zijn geschenk niet hebben.’ In 'n kroeg verdrink hy sy smart en rol dronk op straat ....

Om weer saam te vat: humor is dus tereg genoem die gevoel van die lagwekkende op grondslag van simpatie en in verband met 'n sekere lewenshouding gebring. So vertoon humor hom as 'n bepaalde lewensstemming of 'n totaalgevoel van veel smart en sinloosheid en ongerymdheid in die wêreld, van 'n betreklikheid van alle waardes, van simpatie met die lewende en 'n geloof aan die magte wat in die natuur en geskiedenis regeer. Voor ek egter hierdie afdeling sluit wil ek nog na die verdeling in soorte vra.

Liewer dan in sulke onderlinge verskille van humor as die burleske, groteske, skalkse, grappige, roerende, dwase, ens., te tree, wil ek u, veral om misverstand te voorkom by wat volg, op 'n laere en hoëre humor wys.

‘Humor’ is dikwels in 'n engere sin opgevat as ek dit alhier beskou. Hazewinkel in sy *Bijdrage tot de Psychologie der Humoristen* gee 'n uitstekende karakteristiek van 'n twintigtal humoriste en toets dié aan die herediteits-enquête van Heymans en Wiersma. So kry ons 'n beeld ‘der Humoristen’, wat 'n beeld van 'n bepaalde groep is.[1)] Waar nou die algemene grondslag deur ons aangeneem tog toets bly vir alle humor, is dit hoogs noodsaaklik om alhier aan te dui wat dan wel die onderskeid uitmaak tussen die

1) Psigografieë van die volgende lewer Hazewinkel se beeld van humoriste: Joseph Addison, Rich. H. Barram, J.M. Barrie, N. Beets, J. Brinkmann, John Brown, Charles Dickens, H. Fielding, O. Goldsmith, B. Harte, J.P. Hazebroek, J.P. Hebbel, T. Hood, W. Irving, C. Lamb, Fr. Reuter, P. Rosegger, R. Steele, Laurence Sterne, Wm. Thackeray.

laere en hoëre humor; m.a.w. wat is die onderskeid tussen die humor van Sterne, Beets of Gottfried Keller en dié van Shakespeare, Breêro of Cervantes.

Ons vind by Höffding die verskil uiteengesit tussen 'n 'kleine' en 'n 'grote' humor. Ek wil dit vir 'n oomblik beskou - ook omdat dit ons 'n nader kyk gee op die aard van die gevoel in humor. Höffding noem die kleine humor die populêrste vorm, wat meer of minder goedmoedige skerts is. Die goedmoedigheid kan vele grade hê, waardeur die humor tot ironie, tot satiere of tot hoon kan oorgaan. Dit is dikwels die kleine humor waaraan by die gebruik van die woord 'humor' of 'humoris' gedink word, en is 'n 'Einzelgefühl', nie 'n 'Gesamtgefühl' nie. Dit is 'n enkele ervaring ('einzelnes Erlebnis'), wat in ligte, skertsende vorm opgeneem word, in die reël met 'n onderstroom van begrip en simpatie en so 'dass der Scherzende sehr wohl seine eigene Person und sein eigenes Verhalten in seine Gegenstände mit hineinziehen kann.'[1)]

En weer: 'Er hat nicht die tiefe Grundlage des grossen Humors, der eine Lebensanschauung ist oder richtiger eine Sinnesart gegenüber dem Leben, ein Gesamtzustand zu dem alle Erlebnisse und Bestrebungen ihren Beitrag geliefert haben.' Die grote humor berus volgens dié Deense filosoof op 'n totaalgevoel ('Gesamtgefühl'). Laat ons sien wat Höffding presies daaronder verstaan. 'Einzelgefühl' noem hy: 'einen seelischen Einzelzustand in dem die Gefühlselemente überwiegend und entscheidend sind und der nicht nur durch ein einzelnes Erlebnis bestimmt ist, sondern zugleich verhältnis-mässig einfach in seiner Natur ist.'[2)] So 'n 'Einzelgefühl' is b.v. die welgevalle aan 'n kleur of 'n reuk, die vreugde aan 'n gedagte of 'n beeld. Vreugde en droefheid, hoop en vrees, toorn en liefde kan as sulke 'enkelvoudige' gevoelens optree.

Sulke 'Einzelgefühle' kan verbindinge aangaan, waaruit

1) Höffding t.a.p. 47.
2) Höffding t.a.p. 23.

‘Gesamtgefühle’ na vore kan tree. Dit kan gebeur deur versmelting, waarby ons die innige verbinding en vermenging van droefheid en vreugde b.v. vind; maar ook kan deur reorganisasie van gevoelens 'n totaliteit bereik word. Hier wek 'n reeks van gebeurtenisse gevoelens op, wat wel in wedersydse samehang met mekaar staan, maar elk op homself nie heeltemal sy eie aard verlies nie en saam 'n geheel vorm waarvan die innerlike ordening deur 'n enkele waarde, 'n leidende doelwit as organiserende mag bepaal word. So 'n reorganisasie vertoon 'n grondwaarde wat in die geval van sommige mense hul hele lewe bepaal, waar dit vir andere weer alleen op sekere gebiede: kuns, wetenskap of politiek, ens., bestaan. Dit alles wys op 'n neiging in ons om te konsentreer, 'n totaliteit teenoor die omgewing te vorm - 'n neiging tot sintese van ons sielsbeweginge.

Dit wil my egter voorkom, dat by alle *ware* humoriste, sy dit van die emosionele of die hartstogtelike tiepe, ons die versmelting of reorganisasie van gevoelens in meer of minder sterke mate sal teëkom. Daarom kan ek nie met Höffding in hierdie opsig prinsipiële onderskeid sien tussen die alledaags so begrepe humoriste (ek bedoel nie enkel terloopse gewers van humor nie) en die hoëre soort nie. By eersgenoemde is óók totaalgevoel, óók lewensstemming, hoe dikwels dan ook deur emosionele opwellinge reagerende met ‘Einzelgefühl’. Lag en huil wissel by Dickens af as by geen andere nie, en tog waar hy waarlik humoris is, vind ons dié samesmelting, dié totaalgevoel, wat op 'n seer bepaalde lewensstemming van Dickens wys. Sou die kenner van de Genestet of Gf. Keller wil toestem dat ‘Gesamtgefühl’ nie hul humor kenmerk nie, of dat hul nie humoriste is met die humoristies gekompliseerde lewensstemming en sy bepaalde grondwaarde nie? En tog kan ek nòg Dickens, nòg de Genestet, nòg Keller tot die hoëre humoriste reken. En waar die indeling van Höffding in bepaalde gevalle natuurlik opgaan vind ek dáárin prakties nog nie genoeg hulp nie. Hy erken verderop self: ‘Im einzelnen Falle kann

es schwierig sein zu unterscheiden, ob man den kleinen oder den grossen Humor vor sich hat, und im ersten Falle, in wessen Dienst er steht.'

Die onderskeid skyn my eerder te moet gesoek word in die diepte en breedte van die totaalgevoel, of in die meer of mindere mate van versoendheid met die lewe; in die aan- of afwesigheid van innerlike konflikte en beangstigende lewensprobleme .... die onderskeid tussen 'n beskutte vywer en 'n tot rus gekome see. Die hoë humor, wat nog seldsamer is as hoë tragiek, moet die ganse lewe en alles mensliks tot in die laaste gronde omvat en verklaar.[1] Die laere is sonder ernstige konflik in sy lewensbevestiging. Tog mag ons nie die onmiddellikheid, naïwiteit, kinderlike menslikheid van die gemoedelike humor geringskat nie. Groot is daarin die ontvanklikheid vir skoonheid en waarheid in die kleine gebeurtenisse van elke dag. Die gevaar daarvan is natuurlik te vlakkies in die lewe te bly staan. Deur haar sterke gevoeligheid geraak die kleinere humor lig tot die *excesse* van 'n Dickens. Sy is ook geneig om oordrewe moralis te speel en verloop dikwels in opsetlike kultus, soos by Sterne of nog erger by Vlerk die geval is. By wie humor meer skryfwyse geword het as uiting van lewensstemming sal ons die toestand deur Höffding by sy kleine humor aangeneem duidelik te sien kry: die emosionele behandeling van gebeurtenisse met enkelvoudige gevoel.

Om saam te vat: die laere humor verklaar die kwaad en dwaasheid met goedmoedige skerts en is ryk aan gevoeligheid, wat in die innigheid van ons bespiegeling van die wêreld in onsself 'n laggende of skertsende tevredenheid opwek. Haar kring van belewinge is eng en afgeslote van ruwe botsinge. Sy is eerlik, maar sku en wil die integriteit van haar gelukkige gevoel in kalmte bewaar. Sy wil eerder vertroos wie heen en weer geslinger word, dan grotere vertwyfeling in die strydperk naloop. Sy is te seer sag-

1) Emil Lucka, *Grenzen der Seele*, p. 197.

moedigheid om in die ruwe stryd van die openbare lewe behae te skep. Sy vertoef graag op die mark, of waar die volk vergader is; maar verlang dan na die stille hoogtes van bespiegeling of die ruisende beek van mymerende gedagtes. Sy is 'n stille in den lande.

Daarenteen, wie bittere lewenservaringe deurgemaak het en die leë ydelheid van die lewe of van die maatskappy of 'n bepaalde orde in naakte lelikheid aanskou het en genoegsaam bo sy verskeurdheid en hartstog kan uitstyg, om sy lag te laat gaan oor die ongeregtigheid en huigelary, die ondank en laagheid van die mensdom, kan oneindig hoër in humor te staan kom bo die sag-vroulike nature, vol teer en innige gevoelens en mooie vergewensgesindheid. So kon Shakespeare sy diepere deurskouing van menslike laagheid en voosheid in brandende humor uitbeeld. So kon ook Breêro in skrynende humor sy blik laat gaan oor 'n bloeiende wêreldstad, vol liederlike skraapsug, afskuwelike goorheid en skreiende mensewee.[1)] Maar Querido nog heerliker as Breêro, in sy gigantiese siening van 'n geheel eie menseras, met al sy dolle lewensjolyt, weemoedige beklemming en galbittere sinisme: ‘pôferblomme in de maneschijn, alles larie en apekool, waterverf en dun spoelsel’.... waaroor tog die begrypende glimlag lig van wie in eie siel groter is as *milieu*, selfs dié van 'n donker geteisterde Jordaan-buurt!

Ja, daar is humor wat ons sag en week stem, ons die lewe en die wêreld laat lief kry; daar is ook humor wat as die grotesk-lugubere van 'n droewe komedie ons aandoen en tog sonder bitterheid is en ons kan versoen met die lewe. Maar oor pessimisme en vertwyfeling moet daar 'n ander gevoel triomfeer, dit moet tot 'n oplossing van die tragikomiese geraak: dan pas kom die bevryding, waar liefde weer kan meespreek en wat karakters as Hamlet, Don Quixote,

1) Sien die uiteensetting hiervan in die mooie *Inleiding* van die *Spaansche Brabander* deur Prof. Prinsen.

Teufelsdröckh, selfs Mephisto laat ontstaan. Op dieselfde gronde was van Multatuli selde humor te verwag, van Swift enkel bittere ironie. Want ten slotte is humor tog die gawe van die liefde en geld ook hier die hoë woord: ‘De liefde is lankmoedig; zij is goedertieren, de liefde is niet afgunstig; de liefde handelt niet lichtvaardiglik; zij is niet opgeblazen; zij handelt niet ongeschiktelik; zij zoekt zichzelven niet; zij wordt niet verbitterd; zij denkt geen kwaad.....

IV.
Humor en satiere.

Onder hierdie hoof wil ek u kortliks op grondige teëstelling wys en ook op verbinding. Die satiere, immers, is algemeen opgevat as spottende uiting van *tenminste* ontevredenheid of misnoeë ten opsigte van slegtheid en dwaasheid, bestaande *wan*toestande in die werklikheid, met die doel om daarteen gedagte, wil en gevoel op te wek. Hierby wil ek vooropstel die verskillende grade ven gevoel in satieriese spot, variërende tussen die uiterstes van hoon en sarkasme aan die een kant en gemoedelikheid van komiek en mildheid van humor aan die ander. 'n Definiesie van satiere wat *enkel* op hoon en bitterheid wys, skyn my egter nie ruim genoeg vir hierdie begrip nie. Hierteen kan miskien ingebring word dat ons dan die satiere nie langer in sy essensieelste vorm kry nie.

Die heftigheid van die gevoel in satiere word deur psigoloë en estetisie steeds weer fel beklem. Die *suiwere* satiere word so opgevat as die bittere lag en spot, wat as doel het om met hulp van haatlike geestigheid, ironie en sarkasme op die mees effektiewe wyse slegtheid en dwaasheid aan die kaak te stel. George Meredith noem die satiris: ‘a moral agent, often a social scavenger, working on a storage of bile;’[1] en skryf verderop: ‘If you detect the ridicule and your kindliness is chilled by it, you are slipping into the grasp of satire.’ Sully beskou as karakteristiek van die satiere, die bose toon van verwerping en vernietiging, waarin klem gelê word op die morele onwaardigheid, ondeugde en gebreke. ‘The satirist is at the point of view of the

1) *An Essay on Comedy*, p. 382.

moral judge; only, instead of the calmness of the judge, he has something of the fierce attitude of the prosecutor.'[1] So is die lag van sulke satiere 'n uitdrukking van veragting en 'n middel van straf. Die satiris *wil* die spot. Hy bring sy karakters in oordrewe belaglike en vernederende situasies. 'We may say that the satirist takes us back to the brutal laughter of the savage standing jubilant over his prostrate foe.' Maar ook Sully wys op die versagtende invloede van komiek en humor en op die lange reeks van gevoelstone in satiere, van afsku tot spelende betragting. Höffding neem hoon en veragting as die gees van satiere aan. Die hoon wil steeds stilstaan by die kleinheid en laagheid van andere en kom nie tot die meerderheidsgevoel van humor nie.[2] Leslie Stephens in sy werk oor Swift spreek van die gewonde siel van die satiris. Hazewinkel in 'n teenstelling van humor en satiere meen: 'De satirist wil het ideaal; hij predikt dat met klem en verfoeit hen, die te kort schieten. Hij voelt zich ver boven de menschen, die hij tot zich opheffen moet.'[3]

Maar genoeg uitsprake, wat die leser nog met vele kan vermeerder en in tallose voorbeelde van satiere kan bekragtig sien. Uit die antieke wêreld noem ek alleen die hoon en galsuitspuwing van Juvenalis in sy satiere op die toestande in Rome. Maar tog was reeds in sy tyd die meer komiese en die rustiger satiere ook bekend. Dink hierby nog aan menige gemoedelike voorbeeld by Horatius. Dryden in sy *Dedication* van *Juvenal* skrywe oor die satiere as volg: 'Amongst the Romans it (satire) was not only used for those discourses which decryed vice, or exposed folly, but for others also, where virtue was recommended. But in our modern languages we apply it only to invective poems, where the very name of satire is formidable to those persons, who would appear to the world what they are not in themselves.'

1) Sully, *An Essay on Laughter*, p. 380.
2) T.a.p. 65.
3) *Psychologie der Humoristen*, p. 362.

Hierby moet egter herinner word dat in ons moderne tyd met sy meerdere begrip van indiwiduele psigologie en verfyning van lewenswys die satiere lig gekompliseerder raak met skertsende en ernstige oorweginge. Tog sal die leser dadelik alhier aan violente satiere van die nuwere tyd dink. Daar is die hekeldigte van Holland se grootste satiris, Vondel, die *Martiaal* wat niemand en niks ontsien nie en voor wie 'n ieder beef, soos Brand getuig. Daar is die giftige plante van sarkasme en kleinlike hoon, maar ook die bleke bloeme van 'n heerlike haat. Daar is verontwaardiging en diep-menslike droefheid, wat same 'n hoogte van liriek bereik van onoortroffe skoonheid. Daar is ook passie wat nog brand, deur lange jare heen.... Hoor die bittere aanklag in honende satiere, maar ook die smartkreet onder haat, waar Holland's Vader vermoord lê:

Had hy Hollandt dan ghedragen,
  Onder 't hart,
Tot sijn afgeleefde dagen,
  Met veel smart,
Om 't meyneedigh swaert te laven
  Met sijn bloet,
En te mesten kray en raven
  Op sijn goet?....

Met die wrange:

Wees te vreen, haelt Predikanten
  West en Oost:
Gaet en soeckt by Dortsche santen
  Heyl en troost.....

Dink in verband met satiere ook aan die felle en rustelose aanvalle van 'n totaal andere gees, Nietzsche, op die voorwerpe van sy haat en verguising, hoeveel vermoë hy ook al gehad het vir positief-konstruktiewe lewens-werk. Maar dit kon nie anders nie. Die siener van 'n ‘nog onontdekte land’ van nuwe, grootse heerlikheid roep dit uit: ‘Wie

könnten wir uns, nach solchen Ausblicken und mit einem solchen Heisshunger in Wissen und Gewissen, noch am gegenwärtigen Menschen genügen lassen? Schlimm genug, aber es ist unvermeidlich, dass wir seinen würdigsten Zielen und Hoffnungen nur mit einem übel aufrecht erhaltenen Ernste zusehn und vielleicht nicht einmal mehr zusehn...' En let op sy ideaal: 'das Ideal eines Geistes, der naiv, das heisst ungewollt und aus überströmender Fülle und Mächtigheit mit allem spielt, was bisher heilig, gut, unberührbar, göttlich hiess, für den das höchste, woran das Volk billigerweise sein Wertmass hat, bereits so viel wie Gefahr, Verfall, Erniedrigung oder, mindestens, wie Erholung, Blindheit, zeitweiliges Selbstvergessen bedeuten würde; das Ideal eines menschlich-übermenschlichen Wohlseins und Wohlwollens, welches oft genug *unmenschlich* erscheinen wird, zum Beispiel, wenn es sich neben den ganzen bisherigen Erden-Ernst, neben alle bisherige Feierlichkeit in Gebärde, Wort, Klang, Blick, Moral und Aufgabe wie deren leibhafteste unfreiwillige Parodie hinstellt - und mit dem, trotz alledem, vielleicht *der grosse Ernst* erst anhebt, das eigentliche Fragezeichen erst gesetzt wird, das Schicksal der Seele sich wendet, der Zeiger rückt, die Tragödie beginnt...'[1] Dit was sy stemming. Ek laat die leser verder die genot van sy heerlike prosa om in dalende orde van kunstenaarskap 'n derde satiris te noem: Jonathan Swift.

Hier kry u louter negasie en vernietiging, veral in die latere hoofstukke van sy *Gulliver's Travels*. Ek herinner aan die byna waansinnige mensehaat, sy slagvaardige geestigheid en onterende vergelykinge en aantyginge.

Pragtig tog word die Lilliputter-gedoente van parlement en hof gekasty en die mens ook, wat in Brobdingnag as 'n veragtelike gogga teen betaling vertoon word. Maar haatlikste van alles is die satiere teen die menslike natuur self, waar hoogsverstandige, edel en wyse perde die mens

1) *Die fröhliche Wissenschaft*, V, Aph. 382.

veragtend toeblik as 'n soort van stinkende aap (Yayu). Gulliver in Engeland terug, kan die reuk van geen mens verdra nie (sy vrou mag nie in sy nabyheid aan tafel sit nie); en hy verlang na die paradys van fatsoenlike perde.

As kuns moet *Gulliver's Travels* hoog geroem word om die innerlike noodsaaklikheid en waarheid (as verhaal op homself) en die geacheveerde teks. Maar dit staan buite humor. Humor was ook nie te verwagte van wie as volg oor die mensdom skrywe nie: 'The chief end I propose to myself in all my labours, is to vex the world rather than divert it, and if I could compass that design without hurting my own person and fortune, I would be the most indefatigable writer you have ever seen....'[1)]

Maar nog erger in verband met die liederlike ape wat mense is: 'When I behold a lump of deformity and diseases both in body and mind smitten with *pride*, it immediately breaks all the measures of my patience.'[2)]

Waar donkere misantropie die woord neem gaan die positiwiteit van waardevolle kontras en van vernietiging van die skynwaarde verlore .... die positiwiteit waardeur die waarde van die *idee* moet skyn, wat ons, hoe verdeeld ook ten opsigte van die dwaasheid en verkeerdheid in die wêreld tog tot humor kan lei. Waar 'n sekere mate van geestesvryheid nie aanwesig is nie, daar is haat te verwagte, en dié haat jaag die bloed na die hoof en bring die geestestoestand op een lyn met die arme-slag.

Die allegorie is 'n geliefkoosde vorm van satiere, maar vele andere hulpmiddele het hy tot sy diens. Bittere geestigheid, ironie en sarkasme speel hier 'n vernietigende rol. Ook die metodes van satiere is velerlei. Soms tree die skrywer na vore om direk sy satiere tot ons te rig: so by Horatius en Juvenalis, ook by Byron en Heine. In die drama is dit weer dikwels een of ander karakter wat die skrywer

1) In 'n brief aan Pope 1727. Des. 28.
2) *A Voyage to the Houyhnhnms*, ch. XII.

se satiere moet verkondig: so by Ibsen of Heyermans. In die antieke het die koor soms daarvoor gedien: so in die parabase van Aristophanes. Naas sulke direkte metodes van satiere is daar meer indirekte van louter objektiewe uitbeelding, wat in staat is om ons veragting en haat op te wek. In ander werk weer is die skeppende gées alleen satieries van aard, maar deur die vernietiging van die skynwaarde skyn dit volkome natuurlik te verloop in die komiese spel; eers by nadink word ons bewus van satieriese bedoelinge van die skrywer.

Maar dit word tyd om in die twede plaas op die komiese element te wys, wat die satiere 'n karakter van vryheid en vrolikheid en gemoedelikheid laat aanneem. Want waar die komiese 'n sterk element is, kan die spot getemper word in sy toon. Reeds by Aristophanes klink veroordeling saam met die stormagtige skaterlag oor groteske komieklik-heid en dawerende geestigheid. In die middeleeue oorklink die dolste uitgelatenheid die satieriese erns, b.v. in die kostelike *Reinaert*, die sotternieë en boerdes. Ook in die volksboeke. Wat 'n skat van vrolikheid in satiere word ook gegee deur Boccaccio, Erasmus, Cervantes of Rabelais... hoe verskillend die onderliggende erns dan ook by 'n ieder. So kan die satiere 'n hoë mate van gemoedelikheid bereik deur die speling van komiek.

Maar, in die derde plaas, is 'n verdere trap van laasge-noemde die *satieriese humor*, waarin begrip en waardering meespreek met ons afkeer van die waarlik laakbare, en 'n verbinding aangegaan word van twee begrippe, wat in hul uiterste konsekwensies twee pole is: hoon en liefde, satiere en humor. In die *satieriese humor* is die komiese nie langer onskadelik of sonder angel nie en is die waarnemer verdeel tussen kastyding en waardering. Sy spotlag klink skerp, selfs bitter in die konflik van die verhewene en die laere, maar deur die aanval tree die hoëre reg van eersgenoemde

duidelik aan die dag, en die satiris, hoewel nog verdeel, bewaar sy beskouende hoogte en gevoel van meerderheid bo die veroordeelde en bespotte voorwerp, *waar hy laggend op ingaan*. So word sy houding ook die humoristiese. Hier werk die versagtende invloed van kennis van andere en onsself en 'n breër menslike simpatie in op die beskouing van die voorwerp van ons spot. Waar sarkasme geheel blindelings kan veroordeel en vernietig met ewidente meerderheidsverkondiging, daar kenmerk die satieriese humor die ware meerderheidsgevoel, wat nie uit die hoogte die werklikheid verfoei nie, maar wat kan neerdaal tot wie in eie dwaasheid gevange sit en wyl hy hom heen en weer pluk en met spot oorlaai, 'n traan nie kan weerhou nie. 'n Mooi voorbeeld het ek u reeds genoem in Carlyle se filosofie van klere: hier is erkenning van waarde in die satiere. Ook van Potgieter se satieriese humor het ek u siteer. 'n Ander voorbeeld is *Siebenkäs* van Jean Paul, in wie se eie woorde die Duitse satiere 'n jag was, minder om grootwild, as om ‘Hasen, Hasenfüssen, Hasenbraten und Bönhasen!’ U vind in die geskiedenis van die arme-advokaat, wat die konwensionele sedes van die dag opsystoot en deur 'n skyndood van sy lastige vrou ontslae raak, die botsing van die vrye gees teen die voorskrifte van 'n verdogmatiseerde moraal. ‘Ich pfeife das Leben aus, das Welttheater und was so darauf ist und dergleichen.’ Tog kenmerk die satiere die milde gevoel en spelende betragting van humor. ‘Die beste Ungewitter’ sou hy vir ander werk bewaar.

Maar daar is die grote naam van Goethe. Deur sy ganse lewe gaan sy Faust-probleme met hom mee en sy humoristies-satieriese aard is in Mefisto duidelik uitgedruk. Wie die satiere van Kleist teenoor dié van Goethe stel, sien dáar onderdrukte haat en hier diep-menslike verhewenheid agter die satieriese vorm.[1] Die verskil is weer terug te bring op wêreldbeskouing.

1) Vgl. J.R. Kaim, *Der Sinn der Literaturwissenschaft*, p. 93.

Beroemd om sy satiere is Heinrich Heine. Wie egter alleen die lugtige skerts en skynbaar gevoellose geestigheid en harde satieriese slae opmerk en sy diepere erns en liefde en sware lye verbygaan, doen Heine onreg aan. Hy sal ook nie die weemoedige glimlag en 'n innige sielsverlange gewaar word nie, wat die *sprudelende Witz* hier en daar tot humor maak. Ek het hier alleen plaas om die gedig wat sulke grenselose verontwaardiging ‘jener Pharisäer der Nationalität’ opgewek het, te noem: *Deutschland: ein Wintermärchen*. In hierdie geseling van die lakeiegees van sy volk, ‘die grote nar’, die ‘blonde Duitsland, met armsalige bekrompenheid in haar mondhoeke’ - is daar naas bittere spot, tog weer soveel gemengde gevoel en humor dat dit geen rein satiere meer is nie.

‘Gar närrische Sehnsucht’ drywe hom voort na sy vaderland, wat hy striem soos geen ander nog gedaan het nie. U ken die gedig:

Das deutsche Herz in meiner Brust
Ist plötzlich krank geworden,
Der einz'ge Arzt, der es heilen kann,
Der wohnt daheim im Norden.

Er wird es heilen in kurzer Frist,
Man rühmt seine grossen Kuren;
Doch ich gestehe, mich schaudert schon
Vor seinen derben Mixturen.....

Denkt euch, mit Schmertzen sehne ich mich
Nach Torfgeruch, nach den lieben
Heidschnuken der Lüneburger Heid',
Nach Sauerkraut und Rüben.

Ich sehne mich nach Tabaksqualm
Hofräten und Nachtwachtern
Nach Plattdeutsch, Schwarzbrot, Grobheit sogar,
Nach blonden Predigerstöchtern.

Auch nach der Mutter sehne ich mich.... Oortollig mag dit wees om hier meer van dié satiere te releveer. Noodsaakliker lyk dit my om tenslotte nog eens sy liefde vir sy vaderland te betoon, waardeur so veel spot vir ons 'n dieper betekenis kry. Luister na die weemoedige verlange en stille liefde wat die volgende deurhuiwer:

Ich hab' ein neues Schiff bestiegen,
mit neuen Genossen: es wogen und wiegen
die fremden Fluten mich hin und her.
Wie fern die Heimat! mein Herz ist schwer.

Und das ist wieder ein Singen und Lachen,
es pfeift der Wind, die Planken krachen,
am Himmel erlischt der letzte Stern.
Wie schwer mein Herz! Die Heimat so fern!

Of klaend in weemoedig-glimlaggende herinnering:

Ich hatte einst ein schönes Vaterland.
Der Eichenbaum
wuchs dort so hoch, die Veilchen nickten sanft.
Es war ein Traum.
Das küsste mich auf deutsch und sprach auf deutsch -
(Man glaubt es kaum
wie gut es klang) das Wort: ‘ich liebe dich!’
Es war ein Traum.

V.
Humor en ironie.

Die onderskeid tussen humor en ironie is dikwels aldus aangedui: by humor steek erns agter die skerts, by ironie skerts agter die erns. Die ironie wil blootlê of is 'n middel van selfverdediging, deur skynbare erkenning en aanvaarding waarin die uitdrukking nie ooreenstem met die gedagte of die hele gedagte nie. Ironie is deur Meredith genoem 'the humour of satire'[1] waarskynlik om die skerts of geestesspel onder erns. Hierdie vorm ontstaan veral by teenstrydigheid of disharmonie in eie innerlik of in die maatskappy, maar is natuurlik ook 'n daelikse styl-figuur, wat ons egter buiten beskouing kan laat. Eerder moet gelet word op die moraal van ironie b.v. by wie hom verdruk voel in 'n wêreld, waar hy nouliks of in die geheel nie pas nie.

Ironie, as verdediger van waarheid, is in die antieke literatuur die skoonste deur Socrates beliggaam. Bewoë deur die drang na lig en skoonheid, was dit die valse waardes, wat hy langs die verstandigste en mees pedagogiese weg wou vernietig. Maar omdat hy hom op die ironiese lewensstandpunt gestel het, was hy gelykgestel met pralers en leuenaars, daar sy uiterlike en innerlike nie in ooreenstemming was nie.[2] In so 'n betekenis word die woord *εἴρων* in die *Wolke* van Aristophanes verstaan. So het die mees waarheidliewende van alle Atheners om sy ironiese gedrag tot die leuenaars gereken geword: inderdaad, sonderlinge ironie van die lot!

Tog het die persoonlikheid van Socrates, soos deur Plato

1) t.a.p. 82.
2) Sien die studie van Ribbek in *Rheinisches Museum*, XXXI, p. 386 vlg.; ook Höffding, t.a.p. 68.

uitgebeeld, 'n verandering in die begrip teweeggebring; en by Aristoteles word die ironikus teenoor die praler gestel, al word hom nog met laasgenoemde 'n sekere gebrek aan waarheidsliefde toegereken (*Eth. Nic.* IV. 3.).

Maar nog afgesien van die pedagogiese metode, was die gereserveerde houding in ironie seker die verstandigste vir 'n man met so 'n ruime siel (*ὁ μεγαλόφυχος*), temidde van 'n domme kudde of pedante eenlinge. Ook Aristoteles erken die wenslikheid van sulke ironiese gedrag (*Eth. Nic.* IV. 9). Latere Grieke het die teenstelling tussen uiterlike en innerlike houding egter minder sag beoordeel en 'n Zeno nog het in Socrates 'n *scurra Atticus* of Attiese poetsebakker gesien (Cicero, *De Natura Deorum*, I. 34). Die ironiese standpunt van Socrates kenmerk sy hele houding tot die kosmiese wêreld, die maatskappy, die teensprake en harmonieë buite en in homself. Die diepere erns van sy skerts - die humor ook daarin - sou veel later eers sy volle waardering vind as waarheid en skoonheid, die diepere lewensessensie en geestesadel van 'n persoonlikheid wat eeue voor sy tyd gebore word.

> O, pazienza, pazienza, che tanto sostieni!

Die hoëre ironie is dus iets anders as negasie en neerhaling van alles wat waarde het, soos so dikwels verkondig. So 'n opvatting van alle ironie doen ook Socrates onreg aan, want deur sy vrye ontwikkeling van die persoonlikheidsprinsiepe kon hy die positiewe waardes bereik, wat hom verhef bo loutere oplossing van 'n bestaande geesteslewe, al was die ryke volheid van sy innerlike nog nie altyd genoegsaam georden vir 'n definitiewe standpunt teenoor alle probleme nie.

Socrates dan is ons 'n pragtige voorbeeld van die mens wat die ironie kies as algemene lewenshouding ten opsigte van die vele dwaashede van konvensie, invensie en pretensie en die paradokse van eie siel en lewe. Die ironiese gees kan inderdaad dié wees van die grootste ewewig en wysheid

en die stu-krag van ewolusie na 'n beter en hoër moraal. Want die soeker na diepere waarheid en die strewer na vervolmaking van eie innerlik en na die verbetering van 'n paradoksale werklikheid moet veel gaan betwyfel, vele gode aanrand met sy spot, vele ‘waarhede’ blootlê in hul essensiële huigelary, verstoktheid en ondeug. Die antagonisme tussen die eise van die indiwidu en die maatskappy moet hy probeer opruim en die weg baan na groter harmonie en vryheid.

Mooi wys Fr. Paulhan op die aard en funksie van die ironie, wat hy ‘notre réaction synthétique’ noem.[1] Dit veronderstel dat ons die kontras tussen die werklikheid en sy verskyning kan waardeer, tussen die natuur van dinge en die konvensies, waaronder ons dit verberg vir andere en ook vir onsself. Dit stel ons gees in staat om sy handelwys by die teenwoordige toestand aan te pas en die toekomstige handeling voor te berei. Dit laat ons gevoelens en ons gedagtes hul organiseer sonder styfheid en hul plastisiteit bewaar. ‘Elle est la réponse naturelle de l'homme, réponse contradictoire et unifiée à la fois, aux contradictions du monde, de la vie et de l'esprit, elle le laisse à la fois s'adapter à la réalité la plus large et tâcher d'adapter la réalité à lui, dans la mesure où cela est possible.’

Die ironie hou ons wakker en op die hoede teen skyn van waarde. Dit ken die betreklike van alle grootheid en die verbygaande aard van wat so gou wil imponeer. Deur dit alles blyk sy geestesmeerderheid, wat berus op 'n ryke en algemene ervaringskring. Die ironie - nog altyd die goeie soort - werk nie onverskilligheid in die hand nie, maar wil dade en gevoel op die proef stel en ons lewe kontroleer. So is dit nie onvrugbaar nie en kan die aktiefste lewenswys vergesel. Daar is ironie van die swakke en ook van die sterke. Paulhan noem afsonderlik Hus, Bismarck en Napoleon (‘après ma mort, le monde fera: ouf!’). Selfs

1) *La Morale de l'Ironie*, Paris, 1909, p. 143.

nie eens teen geesdrif is sulke ironie nie, maar weet hoe dit te *lei* en om te swyg waar geen klátergoud lok nie. Die naïwiteit van ons kinderlike bewondering sal sy spot dikwels tref, maar nie minder die naïwiteit van afbreek uit waanwysheid nie! Ironie is 'n heilsame drank vir die pretensie van kortsigtige wysheid en waarheid. Smadelike ironie kan soms die verhewene trag te beledig; maar dikwels win die verhewene juis deur vergelykinge met die laere.

So kom die ironie ons ook die waarde van die kleine leer, waar al ons menslike onderskeidinge in die lig van die tydelose so lagwekkend skyn. Waar goedheid en simpatie die ironie vergesel is dit weer moeilik onderskeid met humor te maak. Die ironiese gevoel het weer die gekompliseerde totaaltoestand bereik wat deur ons *humor* genoem word. Trouens, die hoëre ironie kenmerk 'n besonder mate van menslikheid en diepere erns agter die skerts wat as erns begin. Dus is die formule van ironiese humor: -

erns > skerts > erns.

Die skerts van ironie wys hier op 'n erns wat 'n rigting inslaan verskillend van dié van sy omgewing, en het die gemengde stemming van humor. En die humoris lag nie die luidste en nie die laaste nie. So is ironie nie langer enkel vorm en middel nie, maar 'n humoristiese lewenshouding.

In die twede plek moet ek egter daarop wys dat lang nie alle ironie iets positiefs inhou nie. Daar is ook ironie wat as die karikatuur van eersgenoemde kan beskou word: b.v. die ironie van wie blasé, opgeswolle, blind of afgunstig is. Dink aan die mense wat daar altyd behae in skep om met ironiese toon oor dinge te praat wat algemeen bewondering en eerbied afdwing, of nêrens iets goeds wil sien nie. Daar is andere wat met 'n soort affektasie van meerderheid smalend verkies te praat oor dinge wat hul nie in staat is om te begryp nie of wat hul te lui is om te probéer begryp. Sien ook die ironie van wie die druiwe suur noem

wat hul ontseg is. Die ironie van afguns is algemener as menigeen sou wil erken. Daar is die kleine spytighede b.v. wat soms deur die gelukwens glip of êrens op die gelaat skuil, waar geluk 'n ander tebeurt val. Dit bly altyd nog so veel makliker om met die ongeluk van iemand te simpatiseer, as om in die vréúgd, selfs van 'n vriend, volmaak te deel.

Maar genoeg. Daar is dus velerlei soorte ironie: goedwillige, boosaardige, indifferente. Maar die hoog-menslike ironie in die voorafgaande aangedui, is tereg deur Paulhan in staat beskou om die maatskaplike lug te suiwer, 'n nuwe gees op te wek, wat veel onenigheid en stryd kan probeer oplos op die weg van ewolusie na groter eerlikheid, helderder begrip en meer verdraagsaamheid en vryheid en 'n waardiger moraal. Eers as alle disharmonieë opgelos is, sal die ironie sy plig volbring het en ... verdwyn!

Ons moet alhier nog ewe terugkeer tot die ironie in verband met innerlike stryd om oor die soms verbysterend problematiese in die sielelewe, ja in die hele bestaan, heen te kom tot die positiewe lewenshouding in humor, waarvan hierbo sprake was. Daar is die negatiewe houding van die onverskillige en swakkeling, maar ook die ontkenningsdrang in die worstelaar na geloof en lig.[1] Waar die onverdeelde, harmonies ontwikkelde humor dankbaar gestem is teenoor die gawe van natuur en lewe, moet die ironikus dikwels eers die vaevuur van wantroue, krenking, haat en walging deurloop. Hy vind dan in die werklikheid alleen kwaad en onreg gedy, agter die masker van deug die boosheid gryns. Dit kan tot 'n innerlike verskeurdheid lei wat met Hamlet tenslotte tot oorweginge van selfmoord geraak:

> Ja, om te wees of nie te wees nie, dis
> Die vraagstuk: of dit eed'ler is om in
> Jou gees te ly die slingerstene en

1) Vgl. hierbo Carlyle p. 26.

Die pyle van 'n roekelose lewens-
Lot, of om teen seë van verdriet
Die wapen in die hand te neem en hul
Met teëstand te eindig? Om te sterwe:
Om te slaap; niks meer nie, en om met
Die slaap te sê ons het 'n ent gemaak
Aan harteleed en aan die duisend skokke
Wat die vlees se eie erf'nis is –
Dit sou 'n uitslag wees om biddend te
Begeer. Ja, om te sterwe, om te slaap,
Te slaap ... wie weet, - miskien te droom ... daar lê
Die knoop. In daardie slaap - dié van die dood –
Na afskud van die sterfelike stof –
Wat kan daar nie vir drome kom nie: dis
Wat ons laat huiwer. Dáar is die ontsag
Wat tot 'n ramp 'n lewe wat te lank
Is, maak. Want wie ooit sou die swepe-slae
En die smaad van hierdie lewe dra,
Die onreg van die dwingeland, die hoon
Van hovardy, die steke van versmaaide
Liefde, die versuim van die gerég,
Brutaliteit van huurlinge, die afjag
Wat geduldige verdienste van
Sy minderes moet neem - as hy hom self
Met niks meer as 'n blote els-steek kan
Bevry? Wie sou dan laste dra, en kreun
En sweet van moeë lewensdruk - as daar
Die vrees nie was nie vir wat na die dood
Mag kom? Die onondekte landpale
Vanwaar geen reisiger ooit trugkom nie
Bedwelm die wil en laat ons liewer maar
Die ellende uithou wat ons het as om
Na ander euwels heen te vlieg wat ons
Nie ken nie. Só maak ons gewete van
Ons almal lafaards; só word ons besluit
Se eie kleur tot sieklikheid verbleek;

Om hierdie rede stroom gewigtige
En grote ondernemings skeef opsy
En loop daar sonder dade dood.[1)]

Volmaakter sou ek u nie die keersy van die humoristiese lewensgevoel kan aantoon nie. Daar word ellende met euwels wat mag kom vergelyk, en die wil tot sieklikheid verbleek; waar die humoris ook deur vergelyking, maar van waardes, tot lewensdurf en -daad geraak.

Dit is dieselfde munt uit die handel van die lewe met 'n positiewe en 'n negatiewe afdruk van die werklikheid. Eers hỳ ken die volle waarde daarvan, wie beide kante leer sien het. Eers hỳ is humoris.

Waar 'n Hamlet selfmoordplanne koester, kom hy tog soms tot die spelende bespiegeling, maar kom sy outeur seker dikwels tot die wondere hoogte van versoening met die tragiese en ironiese gebeure. Waar Werther tragies ondergaan, styg Werther-Goethe bo die denkersmart en lewensironie uit tot die hoë humor van sy Faust-idee *ten slotte*. Hier is geen passief ondergaan meer in seë van verdriet nie, maar 'n kragtige 'vouloir nager',[2)] erkenning van die waardevolle in die lewe, en 'n geloof in die selfvernietiging van die bose en die vooruitgang en uiteindelike sege van die idee. En in die mees verwarrende werklikheid voel ons nog die idee, soos Lipps êrens opmerk: 'als das Geltende, als das nicht äusserlich aber innerlich Mächtigere, als dasjenige dem gegenüber das sich spreizende und blähende Nichrige vergeblich sich spreizt und bläht.' Goethe skrywe in 'n brief aan Zelter dat hy nie tot 'n tragiese digter gebore is nie, daar sy natuur versoenend is. Daarom kan ook die rein tragiese gevoel hom nie interesseer nie, daar dit s.i. in die grond van die saak geen versoening toelaat nie.

1) Met erkentlikheid haal ek die vertaling aan van Senator C.J. Langenhoven. Sien *Die Burger* van Desember 1923.
2) Vgl. *Paul et Virginie*.

Die humoris gebruik die skerts om hom te vrywaar teenoor die grote, soms al te ruwe, werklikheid van waarde en skynwaarde. Hy vermy daarmee te grote oorgawe aan wat tydelik en relatief is, te geringe deelname aan wat die lewe lewenswaard maak. Hy behou teenoor die botsing van teenoorgestelde waardes die indirekte waardering van die skerts en sy meerderheidsgevoel. Sy skerts word verstaan deur wie ewe as hy die diepere grondslae van die werklikheid ken en ook die angel daarvan gevoel het. 'n Eensaam verlangende sal die humoris hom dikwels gevoel, maar tog sal hy *in* die werklikheid sy vertroosting vind (nie soos Werther en Paul in die dood of 'n lewe daarná nie). Dit is die hoë humor wat met weemoedig laggende herinnering die waarde in teenstelling mèt sowel as 'n deel vàn die werklikheid beskou.

Die humoris weet hoe sy werklikheidsbeeld te orden en sy gebied is skier onbeperk. Goethe kan selfs die verhouding tussen God en Satan in humoristiese beligting bring. Mefisto sien God in sy eie wêreldorde en God hom:

> Du darfst auch da nur frei erscheinen;
> Ich habe deinesgleichen nie gehasst.
> Von allen Geistern, die verneinen,
> Ist mir der Schalk am wenigsten zur Last.

Die kwaad moet die goeie dien.

> Des Menschen Thätigkeit kann allzu leicht erschlaffen,
> Er liebt sich bald die unbedingte Ruh';
> Drum geb' ich gern ihm den Gesellen zu,
> Der reizt und wirkt und musz, als Teufel, schaffen.

En Mefisto:

> Von Zeit zu Zeit seh' ich den Alten gern,
> Und hüte mich, mit ihm zu brechen.
> Es ist gar hübsch von einem grossen Herrn,
> So menschlich mit dem Teufel selbst zu sprechen.

‘Der Geist der stets verneint’ gaan die stryd aan teen die oneindigheidsdrang van die mens om tenslotte beskaamd te staan.

Immers:

> Ein guter Mensch, in seinem dunkeln Drange,
> Ist sich des rechten Weges wohl bewusst.

Dit is 'n woord van verlossende optimisme eers na lange bittere stryd in eie ironie en lewenswanhoop losgeworstel.

Inderdaad, ‘the stroke of the great humourist is worldwide with lights of Tragedy in his laughter.’[1)]

'n Punt deur my met opset verby gegaan, maar wat ek tog tenslotte nog moet noem is ironie as uiting van demonie.

Die gees van ironie is dié van sy draer. Naas die ironie met positief hoog-menslike strewe, en die speels-gemoedelike karakter dikwels, wat so lig weer tot humor oorgaan; en naas die kleinlik-slegte soort, hierbo kortliks aangedui, word nog 'n soort genoem wat duiwels is, en wat miskien eerder onder loutere sarkasme tuishoor. Daar sulk 'n ironie in uiterste teëstelling staan met die liefdesgawe, humor, val dit eintlik buiten die bestek van ons beskouing. Ons maak daarin kennis met die vernietigingsdrang wat verhewe dinge aanrand deur hul smalende in twyfel te trek ... 'n motieflose motief van perverse energie wat geen loon, geen genot wil nie, maar louter homself. Dit is 'n nihilistiese beweging teen alle werklikheid en orde, goedheid en skoonheid. Dit voer 'n nimmerrustende kamp teen goddelikheid en veral die vryheid in die mens. Dood en vernietiging soek die bose gees, ook van homself tenslotte.

'n Besonder lesenswaardige artiekel, wat ek in hierdie verband wil noem, is die essay van Dr. J.D. Bierens de Haan oor *Humor en Ironie*. Laasgenoemde word hier omskrywe as ‘de koude van den haat... het uiterste en die verre horizont van den haat, waar nog geen mensch met

1) Meredith t.a.p. 84.

onverdeeld verlangen heeft getoefd ... 'n koud-wetende verloochening der grondslagen van ons menschelijk bestaan.'[1] Die volslae ironikus sou aldus 'n duiwel moet wees, en voorbeelde as Job se versoeker en Mefisto doen hul voor. In hoeverre dié karakters my aandoen as die koue van die haat kan ek alhier nie bespreek nie. Seker egter sal hy wie getuig:

> Ich bin der Geist der stets verneint
> Und das mit recht, denn alles was entsteht
> Ist wert dass es zu Grunde geht

dikwels die ironiese grynslag vind.

Inderdaad sou die volslae demoniese mens 'n Satan moet wees, wie teen mensdom, lot en wêreld sy koue duiwel-vuis verhef, die verhewenheid wil neersleur en die lig uitblus saam met sy duistere drang. So word sataniese energie tenslotte 'n selfvernietiging van eie demonie. Die ironikus keer hom teen homself.

'n Voorbeeld wat Bierens de Haan nie noem nie en wat m.i. van besonder veel belang in hierdie verband kan wees, is die ironies-verskeurde, goddelik-sataniese worstelaar Dostojefski en die ewige stryd tussen gaos en orde, duisternis en lig, God en sy dubbelganger, die Duiwel, gelê in die innerlike van 'n deur twyfel gemartelde siel as stryd tussen gebondenheid en vryheid. Daar is die sataniese ironie van die karikatuur en dubbelganger van die mens, die Judas-kus van Iskariot weer oor, die ironie van die Antikris, wie aldeur die woord van Kristus op die lippe het en tog sy demoniese dubbelganger is. In een en dieselfde mens vind u die demonie kamp met die goddelikheid om die heerskappy. Sien dit veral in die merkwaardige gestalte van die Groot-Inkwisiteur as verteenwoordiger en woordvoerder van Roomse Katolisisme, van die - Antikris. Ons vind hier in parabel gebring die geweldige stryd tussen die meganiese wêreld en Kristus - die groot gedagte van

1) *Idee-Studies*, Amsterdam 1919, p. 83.

Dostojefski - in die vertwyfelende siel van sy mees verskeurde karakter, Ivan Karamasoff. Uit die mond van die Groot-Inkwisiteur vloei die woorde en leer van Kristus en tog bring hy die geweldigste aanklag teen die goddelikheid en verantwoordelikheid wat Hy die mensdom wou gee, maar waardeur Hy sou blyk die vyand van die swakke mens te wees wat Sy vryheid nie *kan* gebruik nie, maar om die daelikse brood, die wonder van die kerk, die vergewing van die geestelike middelaar bly roep. Die Groot-Inkwisiteur noem homsèlf die wáre vriend van die mensdom, wie hy die gelùk op aarde skenk, alleen geen goddelikheid daarná nie. Lees die geweldige aantyging. Ek wil dit waag om u die slot te bring.

Die Groot-Inkwisiteur tot Kristus, wie, andermaal op aarde teruggekeer, deur hom gevange geneein is:

> Weet dat ek Jou nie vrees nie, weet dat ook èk in die woestyn gewoon het, waar sprinkane en wortels my voedsel was, dat ook èk die vryheid kon seën waarmee Jy die mense geseën het, dat ook èk my voorberei het om onder die uitverkorene te tree, onder die trotse en die sterke, dorstende dat die getal sou vol word! Maar ek is ontwaak en wil Jou nie meer met dié waansin dien nie, ek het omgekeer en my by die skaar van diegene aangesluit wat Jou daad wou verbeter. Uit die kring van die trotse het ek my afgesonder en my toegekeer na diegene wat hul verneder het tot heil van die sterflike. Dit, wat ek tot Jou gespreek het, sal gebeur; en ons ryk sal gegrondves wees. Ek herhaal: môre sal Jy self die gehoorsame menigte sien, wat op die eerste wenk van my hand op die brandstapel sal aanstorm om die vuur aan te wakker, waarop Jy sal brand, omdat Jy gekom het om ons te stoor; want as daar één is, wat meer as àlle ketters ons brandstapel verdien, dan is dit Jy! Môre sal ek Jou verbrand .....

> Toe die, Inkwisiteur sy rede geeindig het, wag by dat die Gevangene hom moet antwoord. Hy voel bedruk onder sy stilswye. Hy sien hoe die Gevangene hom die hele tyd opmerksaam aanhoor en hom daarby stip in die oë kyk, sonder dat Hy ook maar in die geringste die wens verraai om hom te antwoord. Die grysaard wou so gráag, dat Hy hom alleen een woord sou antwoord, al was dit ook 'n bittere, 'n vreeslike. Maar Hy staan plotseling op, loop na die grysaard toe, en kus hom saggies op sy bloedlose lippe. Dit was sy antwoord ... Die grysaard sidder. Sy mondhoeke beef. Hy gaan na die deur, open dit en spreek tot Hom: ‘Gaan uit en keer nooit weer nie - keer nooit weer nie - nóóit, nóóit!’ Hy laat Hom uit op die donker, swygende plein van die stad. Die Gevangene gaan weg.

Ek weet dit nie. Hier is geen plek meer vir die skerts, die glimlag ... Tensy op 'n hoër plan. En tog doen die geheel my aan met smartlike skyn en wese as skrynende ironie, maar oorwonne deur die kus van goddelikheid op die bloedlose lippe van demonie.

VI.
Humor en tragiek.

Reeds tevore is opgemerk dat humor 'n moderne ver-skynsel is. Stel ons nou die Griekse treurspel naas die tragedie van Shakespeare, dan val die aandag dadelik op 'n prinsipieel-psigologiese verskil in opvatting van die tragiese en op die moontlikhede vir humor by laasgenoemde. Met 'n korte aanduiding hiervan, wat allig enigsins hipoteties moet wees, en 'n nadere verwysing na verwantskap tussen humor en tragiek wil ek hierdie afdeling voorlopig sluit.

Ek wil al dadelik na vore bring dat die wese van die Griekse treurspel grote en grootse lye is, met minder of geen vryheid van wil - in moderne sin - en dikwels met weinig sedelike skuld aan die ramp wat ten ondergang voer, deur onwetendheid of gebondenheid van die held. Die aard van die treurspel is 'n geweldige erns, wat vrees en erbarming en loutering van aandoeninge (*κάθαρσις*) ook berusting ken, maar geen humor nie. Daar is die grootse lyn in hoog-gedrae skoonheid, vol plegtigheid en waarde, met naïef-onverbiddelike motiveringswet. Die onafwysbare noodlot knak die sterkste en voer die dapperste en ook die beste vaak ten ondergang. Die skuld van die held is soms alleen onwetende irritering van 'n lotsnoodsaaklikheid in willekeurige spel. Teen alle selfgewilde aksie in word die held tot verderflik-tragiese daad gedoem en blinde onderworpenheid of vernietiging lui die stene wet. Of die held val deur 'n nobele oorfuigingsdaad die goddelike oormag of 'n erflike vloek ten prooi. Hier is daadwerklike ingryping van bowe deur 'n onontvlugbare, onvermurwbare en tragies-verskriklike *Moira*, wat by die diepe ontroering en deernis tog enigsins stotend is vir ons modern gevoel. So seer is ons die persoonlikheidsprinsiepe van vryheid en verant-woordelikheid toegedaan.

En waar 'n Antigone b.v. oor 'n onafwendbare lot heenwys in hoë triomf van menslike liefde, of 'n Orestes versoening met die godheid om sy noodlotsdaad verkry, is in beide gevalle die tragedie tog nog van so 'n sombare ongeklaard-heid en onvryheid van lewensgevoel, dat hier geen sprake van humor kan wees nie.

Moeilik is dit in so kort bestek tot definitiewe konklusies te geraak. Die opvatting van tragiek is ook verskillend by die drie groot antieke tragisie. Lang nie alle oorgeblewe stukke is fatum-tragedies in die volstrekte sin van *Koning Oedipus* nie. Veral Euripides beeld namelose ellende as gevolg van menslike vergryp deur hartstogte. Samevattend kan ons egter met Prof. K. Kuiper[1)] aanneem dat die wese van die Griekse tragedie *grote lye* is: by Aeschylus deur gods wil en om die sonde van die vadere aan die kinders beskore, by Sophokles deur die oormag van die wyse maar onnaspeurlike godheid, by Euripides deur eie menslike begeerte, hartstog en wysheidswaan. By laasgenoemde is ook die harde, boosaardige godewil soms in werking; in die *Bacchanten* is daar resignasie in die ondeurgrondelike wil van 'n god.

Groot was die verruiming van geesteshorison naas die politieke en groot ook die psigologiese ontwikkeling in die drama gedurende die jare wat tussen die eerste werk van Aeschylus en die laaste van Euripides lê. En tog was m.i. die lewensomlysting nog te eng en te dogmaties-strak en die tragiese begrip self te fatalisties vir die stemming van humor.

Humor, soos haar tweelingsuster die moderne tragiek, veronderstel 'n klare bewussyn vir die dualisme van die menslike innerlik: vryheid en gebondenheid, en wie vryheid van die hand wys leer ook nie die glimlag van humor nie. Vryheid van wil of nog beter die wil tot vryheid is ons

1) K. Kuiper, *De Ontwikkelingsgang der Grieksche Letterkunde*, Haarlem, 1914, p. 151.

inderdaad 'n noodsaaklikheid van hoë orde geword en nie 'n aanmatiging van 'n fantoom teenoor almag nie. Dit verwek in die tragiese bewussyn 'n voortdurende antinomie, 'n Monistiese grondgevoel bring vir ons moderne begrip onvolmaakte tragiek of laat - in die woorde van Emil Lucka - *Moira* in *milieu* ontaard. Maar tragedie met die genoemde dualistiese bewussyn bring moontlikhede vir humor vir wie dié dualisme kan erken en oplos in 'n hoëre sintese van totaalgevoel in versoendheid.

Die eerste groot moderne mens Socrates sou eeue later in ironies-humoristiese lewensgevoel sy kuns-broeder in Shakespeare vind. By laasgenoemde is erkenning van natuur sowel as van vryheid, en die tragiese konflik word hier in die mens met verantwoordelikheidsbewussyn gelê as stryd tussen gebondenheid en vryheid.

Reeds in 1813-16 wys Goethe op die modernisering van die Griekse treurspel deur Shakespeare. Waar die onver-mydelike antieke 'Sollen' deur die teëwerkende 'Wollen' alleen verskerp en verhaas word, is in die karakter-tragedie van Shakespeare 'n *innerlike* konflik tussen 'Wollen' en 'Sollen' wat nou 'n *sedelike* beginsel is. Naas dié innerlike konflik erken Goethe 'n uiterlike: 'wie Hamlet durch den Geist, so kommt Macbeth durch Hexen, Hekate und die Ueberhexe sein Weib, Brutus durch die Freunde in eine Klemme, der sie nicht gewachsen sind.'[1] So wil Goethe ons die verbinding van die moderne met die antieke tragiese begrip aandui. Hier moet egter opgemerk word dat die uiterlike faktor geen ysige dwang is nie, maar alleen *aansporing* vir wie reeds heimlik gedagtes in 'n sekere rigting koester - alleen *versoeking* word vir wie reeds heimlik na die sonde verlang. Dit is na te gaan by die karakters deur Goethe genoem. Die profesie van die hekse, wat Banquo ongeroer laat, is vir Macbeth dadelik versoeking

1) Goethe,*Shakespeare und kein Ende*, gesit. Hettner, *Literatur-geschichte des 18. Jahrh.*, 1913, III 3-2, p. 265.

en aansporing tot ontwikkeling van wat reeds in hom sluimerend is. Dit is die groot gedagte van die hele werk: alleen wie in hom die demonie wil volg val die hel ten prooi. Die selfvernietigende daad word nie deur 'n uiterlike noodlot meer bepaal nie, maar is die oorwinning van die kwade in die mens, die seëpraal oor die wil-ten-goeie. Macbeth kies willende die kant van sy onvryheid, wetende dat dit verkeerd is, al meen hy in 'n lotsbestemming ver-ontskuldiging te moet soek:

> If chance will have me king, why,
> chance may crown me,
> Without my stir.

Daarmee gee hy sy eie vryheid op. Skriklik voel hy die waarheid hiervan na die moord. Die volle konsekwensie volg hy van sy eie demonie: die afgrond roep, die lewens-wyn is uitgeskink .... met eie hand. Alleen selfmoord res nog die demoniese mens wie alle vryheid in hom vermoor het.

Daarenteen kan die innerlike konflik tot oorwinning van die goddelik-menslike beginsel voer en is dáar 'n versoening of gedeeltelike versoening in vryheid moontlik.

In die verskeurde mensesiel woed die tragiese tweestryd tussen waarheid en onwaarheid, liefde en haat, vryheid en gebondenheid, gees en stof, goddelikheid en demonie. Of die mens wil sy innerlike persoonlikheidswet volg, ontmoet teenstand, en ondergaan die tragiese konflik, wat nie met die dood hoef te eindig nie, maar selfs as die ewigheids-prinsiepe van dualisme in die bewussyn kan tree, wat die tragiese persoon tenslotte of in sy bèste momènte kan erken en in hoë sereniteit kan aanvaar in meerderheid teenoor sy lot.

Steeds by Shakespeare vind ons nuwe teëstellinge in 'n verbysterend deureengegewe werklikheidsbeeld, maar tog met die nie te miskenne wil tot sintese en die ontdekking van nuwe waardes. So geraak hy tot die wondere deureenklink

van die groteske met die dwase, die lagwekkende met die verhewene as diepste lewensgevoel - tot humor as moderne *katharsis* by die skouspel van die wêreld, waarop ons almal spélers is!...

Ek wil alhier nie in fantastiese spekulasies tree of Shakespeare wel of nie, gedurende die tydperk waarin sy grootste werke ontstaan het, skokkende gebeurtenisse deurgemaak het en soos Dante waarlik in die hel gewees het nie: genoeg, as ons deur sy werke oortuig raak dat hy bo die botsing van tere nature met 'n ruwe wereld en bo innerlike konflik kon uitstyg tot die glimlag van heroïeke aanvaarding van menslike waarde en grootheid, en teenoor inherente slegtheid sy meerderheidsgevoel nog kon bewaar in hoë sereniteit, selfs as alle moeisaam opgeboude geloofsgronde skyn te wankel in die late Storme van die lewe....

Waar ons verder tragiek as teëhanger van humor wil beskou is dit wenslik om eersgenoemde term nie in sy engere begrip wat die dood van die held veronderstel te neem nie, maar in 'n ruimere, as ernstige konflik waarmee groot lye gepaard gaan. Die ondergang of dood van die held kan in hierdie verband buite beskouing bly. Ons kry so innerlike stryd te sien wat tragieser kan wees as 'n tragiese dood. Die dood is dikwels geen oplossing maar alleen 'n fiesiese, dikwels 'n *deus ex machina*-slot, ewe onvoldoende as 'n ryk huwelik-oplossing van jonkvroulike lewensprobleme! In vele gevalle daarenteen bevestig en verdiep die dood die tragiese verloop en op die toneel is dit van prakties-aanskoulike waarde. Maar in die tragiese tweestryd en tragiese bewussyn van die moderne karaktertragedie moet in die eerste plaas die essensiële kern gevind word; in die verantwoordelikheidsgevoel teenoor natuuraanleg, sielsbeswarende probleme van te wees of nie te wees nie, konflik tussen wat die mens is en kan wees, stryd tussen die ideale en toevallige, die wil tot vryheid en die lot...

By so 'n opvatting van tragiek is daar die moontlikheid

van oplossing en versoening van die teenstrydige gegee, die moontlikheid van hoë humor. In dié lig sien ons die volle betekenis van die lewenstragiek in humor van 'n nar by Shakespeare, die verlossende optimisme van 'n Faust-skep-ping, maar ook van 'n anders tragiese Don Quixote-gestalte. Die tragiek van gebondenheid word nou belig deur die humor van gebondenheid, die tragiek van kennis word opgelos in die humor daarvan, dié van ongeskiktheid in 'n omgewing in humor ons verklaar. Die wereld is in erns oorwin, sê Höffding, en kan nou in skerts oorwin word.

Sulk 'n opvatting van tragiek en verwesenliking van humor hang nou saam met die moderne diepere begrip van indiwiduele psigologie (persoonlikheid), die bewussyn van 'n wil tot vryheid, groter differensiasie, ruimere blik, wyere horisonte.

Solger is die eerste gewees om die opvatting van humor as eenheid van die komiese en die tragiese gevoel breedvoerig te beskrywe. In *Erwin* spreek hy van 'n toestand 'wo Lächerliches und Tragisches noch ungeschieden inein-ander gewickelt liegen' en meen verder: 'Alles ist also im Humor in Einem Flusse, und überall geht das Entgegen-gesetzte, wie in der Welt der gemeinen Erscheinung inein-ander über. Nichts ist lächerlich und komisch darin, das nicht mit einer Mischung von Würde oder Anregung zur Wehmut versetzt wäre; nichts erhaben und tragisch, das nicht durch seine zeitliche und sebst gemeine Gestaltung in das Bedeutungslose oder Lächerliche fiele.'[1)]

'n Gegewe konflik kan ons komies of humoristies of tragies voorkom. Immers die komiese (en humor) het geblyk in die konflik tussen werklikheid en ideaal te lê; tussen wat die mens is en wat hy wil of meen te wees; in sy grote gebondenheid aan natuur en lot, ens. - dit ook is die bron van die tragiese. Hoewel die tragiese 'n sielstoe-stand is en die komiese meer 'n wyse van mense en dinge

1) K.W.F. Solger, *Erwin*, Berlin 1907, p. 354.

te sien, is die twee begrippe dus baie nou verwant. By beide is tweespalt, maar in die komiese is dit verswak tot kontras, teenspraak, ongerymdheid, degradasie. Die dood wat vir 'n Hamlet so veel tragiek bevat word bron van lugtige geestigheid vir die doodgrawers.

> First Clown: What is he that builds stronger than either the mason, the shipwright, or the carpenter? ..... Cudgel thy brains no more about it, for your dull ass will not mend his pace with beating; and when you are asked this question next, say 'a grave-maker:' the houses that he makes last till doomsday. Go, get thee to Yaughan: fetch me a stoup of liquor.[1)]

Dink aan die humor van *King Henry IV*. Ek siteer uit die gesprek van Shallow en Silence.

> Shall. Death is certain - Is old Double of your town living yet?
> Sil. Dead, sir.
> Shall. Dead! - See, see! - he drew a good bow; And dead! - he shot a fine shoot; - John of Gaunt loved him well, and betted much money on his head. Dead! - he would have clapped i' the clout at twelve score; and carried you a forehand shaft a fourteen and fourteen and a half, that it would have done a man's heart good to see.- - How a score of ewes now?
> Sil. There after as they be: a score of good ewes may be worth ten pounds.
> Shall. And is old Double dead![2)]

Hier is die naïewe oorpeinsinge en uitweidinge van wie in sy stroewe brein die gemeensaamheid en onverbiddelikheid

1) *Hamlet V.* 1.
2) *King Henry IV.* Part 11. III, 2.

van die dood wil vat, en waar die verlede hom ontval probeer vasklou aan die hede.

Minder fyn, maar ook wonderlik getrou aan die werklikheid is Breero se humor in sy siening van die doodgrawer met sy baar. Floris[1)] gee die algemene volkswysheid ten beste en is minder onverskillig as wat hy op die eerste gesig wel lyk.

> Ik ga 's nachts wel met de grafmaker in een kuil
> van twintig doon.
> Ik deink: sta ik mee in 't rolletje,
> Soo sal 't ook kosten mijn bolletje;
> En staamen in 't rolletje, al heb je dan al de kruien
> en droogen van de stad,
> T'en baat geen lieve moeren: men moet voort al had
> men een bort veur 't gat.

Wil u nog meer voorbeelde van ‘la poésie vraie, la poésie complète dans l'harmonie des contraires,’ so verwys ek verder na 'n heel aparte wêreld van Breero en Querido, na die tragi-komedie wat die lewe is vir 'n Jerolimo, 'n Robbeknol, die Jordaanse snolle, die pragfigure Mooie Karel en Corrie, Manus Peet ... Om dadelik aan te sluit by die voorafgaande herinner ek aan die oorpeinsinge van laasgenoemde oor die dood. Daar is bitter ironie en sinisme en tog bring die skrywer ons in die breë bespiegeling van 'n Jordaanse filosoof die grote wrange humor van die lewe. Manus in eensaamheid op sy vlierinkie regteenoor die kerkhof ‘Te Vraag’ voel hom sonder dat hy eintlik weet waarom aarselend gelukkig. U hoor sy snerpende spotlustigheid oor die vose praal en huigelary nog na die dood volgehou... 'n onbehoue komedie! Sotte standverskil selfs waar die wurms knaag, huigelende gejammer en salwende leuterpraat... alles was larie en apekool! En hy voel die drang in hom rys om los te ruk van sleur en lose

1) *Spaansche Brabander* (uitg. v. Prof. Prinsen), Eerste Deel, 317 vlg.

gewoonte en ... En tog sit agter die ironie die erkenning van liefde en barmhartigheid en onsterflikheid. Ons vind ten slotte in Manus iemand ‘die het almenschelijke in zich voelde trillen als de diepste, meest omvattende eigenschap van zijn worstelend Ik.’ In hom is die diepere verontrusting omtrent die betekenis van die lewe en veral die dood en die peinsverlangens omtrent die lewe hiernamaals. Maar die ironie was te seer 'n twede aard geword, dat hy sy diepere gevoelens en geloof aan homself wou erken. So trag hy aan sy eie bewustheid onbewustheid wys te maak en vermaak hy hom met ‘ironische verleugeningen van eigen ontroeringen.’ 'n Enkel voorbeeld.

> Voor een geheel witmarmer zerkje op rotsmossigen steen, bleef hij even aarzelend staan. Het vermeldde niets anders dan: ‘Moeders graf.’ Manus Peet rilde en plotseling voelde hij den regen als een kille narigheid op zich aanstriemen. Hij rilde en weer wist hij niet waarom. Dacht hij aan zijn eigen triestigen moeder wier gezicht hij zich nauwelijks herinnerde? Hij had zich zoo lang als wees gekend, dat hij dacht als wees geboren te zijn, spotte Manus. Zijn ongeboren zusjes en broertjes hadden althans geen last van de mazelen gekregen. ‘Moeders graf,’ las hij weer.
> Hij huiverde. Sentimentaliteit met lijkenluchtjes, grijnde het in Peet. Geen enkel schepsel behoefde naar kennis te hunkeren. Ruk je oogen uit, als het je hindert, en ransel je medemenschen af, als ze je dwarsboomen. ‘Moeders graf,’ ... die paar simpele woorden openbaarden de diepte van het diepste godsgevoel.
> - Voort Manus ... voort! Anders zie je nog het gouden schild van een engel...[1)]

So vloei die tragiese en komiese in mekaar omdat hul beide berus op die oer-teëstelling van gebondenheid en vryheid. Dit is daarom dat Socrates in die *Symposium* gemeen het

1) *Manus Peet*, Amsterdam, 1922, p. 35.

dat dit die werk is van dieselfde man om blyspele en treurspele te skrywe. Ons mag alhier opmerk dat waarom dit lang nie altyd met selfs die mees uniwersele geeste die geval is nie, deur die bepaalde sielshouding van die skrywer verklaar word. Die blyspel is die aangewese gebied vir sulke raak-geestige obserwateurs van mense en maniere, politieke en sosiale verhoudinge soos Aristophanes en Molière. Die diep-inlewende menslikheid van Shakespeare, Goethe en Breero was nie geskik vir die suiwere komedie nie, maar wel vir die komiese in bespiegeling, die lagwekkende en soms demonies-spottende met agtergrond van erns en geloof; die ironiese in die milde lig van erkenning en beskouing; die welkome verademing na intensiteit van tragiese spanning deur komiese intermezzi of slot; die versagtende en versoenende werking van simpatie en liefde vir wie deur eie dwaasheid tragies ly; in een woord: hoë humor.

Groot is dus ons bewondering vir die hoë humor. Waar Emil Lucka met Goethe ooreenstem dat 'der Humorist ist eines der Elemente des Genies, aber sobald er vorwaltet nur ein Surrogat desselben' *(Sprüche in Prosa)*, kan ons hom geen gelyk gee nie, want hier is humor nog te seer as bepaalde estetiese verskynsel beskou, en nie genoegsaam as lewensstemming, lewensgevoel mèt positiewe inhoud en vooruitstrewende wil nie. Lucka meen: 'Der Humor ist im Tiefsten Verachtung alles Menschlichen, er hat verzichtet Forderungen zu stellen und die Wirklichkeit an einem Höheren zu messen, lässt vielmehr alle innere Sinnlosigkeit gut sein. Ihm ist das Leben nur ein Schauspiel, das man geniesst, wie immer es sei. Dieser Stellung ist das Wertvolle (das ist aber das tiefere Leben) gleichgültig, sogar komisch. Der Humor is durch und durch *unheroisch* und das scheidet ihn vom Übertragischen. So enthüllt sich der Humor zuletzt doch als etwas Relatives und sogar Negatives, weil er das Vorhandene zwar gelten lässt, sich aber gegenüber dem Wertvollen indifferent hält. Eine wahrhaft[1)]

1) E. Lucka t.a.p. 231.

positive Stellung will das Seiende beurteilen und werten, Sie bejaht nicht schlechthin, nur weil etwas ist und weil man es in all seiner Unzulänglichkeit als ein komisches Spiel zu geniessen vermag. Diese Stellung will vielmehr das Bedingte als Bedingtes verstehen und darüber hinauskommen (nicht bei der blossen Betrachtung bleiben)...' Ek haal breedvoerig aan om die ónjuistheid van die sitaat; samevattend kan ons aanneem wat humor wèl is deur die teenoorgestelde van die eerste helfte te aanvaar en die 'wahrhaft positive Stellung' op humor self toe te pas! Na die bostaande beskouinge van die waardevolle, vergelykende, beoordelende, positiewe, skeppende humor, is herhaling m.i. onnodig. 'Hier sind zwei letzte Möglichkeiten,' laat Lucka volg, 'der Mensch kann seine Freiheit *schauend* bewähren (die höchste Stellung des humoristischen Weltbetrachters); oder er kann sie darüber hinaus noch urteilend, wertend - schaffend in lebendige Tat umsetzen.' In die *verbinding* van beide moontlikhede lê m.i. egter die hoë humor van Socrates en Shakespeare. Ek meen dat die anders so heldersiende, fyn-artistieke skrywer hier op die verkeerde weg gebring is deur die uitspraak van Goethe. Laasgenoemde verklaar nog elders (sien *Unterhaltungen mit Kanzler von Müller*, 6 Junie, 1824) dat wie die lewe diep-ernstig neem, geen humoris kan wees nie, daar die humoris meer met sy eie stemminge besig is as met dié van andere. Maar Goethe het hierby veral gedink aan die klas humoriste van die 18e eeu met hul willekeurige spel met alles en orals, hul eksentrieke en in baie gevalle oppervlakkige kyk op karakter en lewe. Daarom het hy gemeen dat humor geen 'Halt' en geen wet in homself het nie, en lig, vroeër of later, in swaarmoedigheid of bose luim ontaard (Brief aan Zelter, 30 Okt. 1808).

Nee, suiwer betragting van 'n punt buite die strydperk Van die lewe, sy dit met innerlike deelname, maar sonder persoonlike kontak en also 'seine Freiheit schauend bewähren' - dit is nog nie die standpunt van hoë humor nie, want dit het eweseer as tragiek behoefte aan die werklikheid. Dit is 'n lewenskuns wat die waarde kan onderskei van

skyn en die disharmonieë van die werklikheid kan deurgrond in die lig van 'n ideaal. Die lewe sal die humoris inderdaad voorkom as ‘ein Schauspiel’, maar dit sal nie afsydige amusement wees nie, maar ernstige deelname aan iets, wat hy nie gesoek het nie, nie vooruit kan bepaal nie, nie mag ontloop nie. Die spel self is hoë erns en te ernstiger omdat dit spel is. Hy mag nie versaak nie.

Wee hom as hipokondrie *(acedia)* sy deel word. Dan sal sy lig uitgeblus word, sy humoristiese lewensstemming omslaan in die groue verdrietlikheid, wat orals onvolkomenheid en waardeloosheid vind - angs vir die grote wat hy nie meer kan omvat nie, walging vir die kleine wat hom plaag... die pool oorkant dié van hoë humor. Die yslikste visioen van hierdie klas van ongelukkiges is vir alle tye opgeteken in Dante's *Hel*.

Die wyse begeleider wys Dante op bemodderde siele in 'n purper-swart moeras:

> ‘Figlio, or vedi
> L'anime di color cui vinse l'ira

En

> Con gli occhi volti a chi del fango ingozza

luister hul na die rampsaliges:

> - Tristi fummo
> Nell' aere dolce che dal sol s'allegra,
> Portando dentro accidioso fummo:
> Or ci attristiam nella belletta negra. -[1)]

So kan ook tragiek 'n grens vir humor wees. Maar is die grens 'n absolute? Höffding plaas hier sy ‘absolute

1) Dante, *Inferno* VII. Vir my Afrikaanse leser vertaal ek so getrou moontlik.

115-116: Soon, sien nou
Die siele van wie toorn het oorwin.

129: Met oë gekeer na wie daar modder slik.

121-124: - Treurig was ons
In soete lug, wat sonneskyn vervrolik,
Maar in ons draende swaarmoedigheid se walm:
Nou lê ons hier bedroefd in swarte modder -

Tragik', wat in lye en ondergang van die held lê, waarby geen moontlikheid meer vir die glimlag is nie. Die tragiese is volgens hom geen gewilde lye nie, maar 'n storm wat losbars en ons gebroke agterlaat. En al weet die humoris dat die lewe ewegoed 'n tragedie as 'n komedie is, by die katastrofe gaan die totaalgevoel van humor verlore. Helaas is dit dikwels maar te waar, en is daar dus in dié sin absolute tragiek as grens vir humor.

Maar tog kom dit my voor dat Höffding sy mening te algemeen wil bekragtig as hy skrywe: 'Die kosmiese harmonie waaraan die humoris bewus of onbewus glo, stort ineen as 'n absoluut tragiese noodlot aanwesig is - waar lye en ondergang een is. Alleen die tragiese held en nie die humoris as sodanig verteenwoordig by so 'n katastrofe die adel van die mensheid. Die humoris is bereid die tragiese held die hoogste plek in te ruim.' En weer: 'die lewenstragedie wat *jenseits des grossen Humors* lê, kom soos 'n aardbewing...' (t.a.p. 116)

Na my voorafgaande beskouinge en voorbeelde moet ek egter besluit dat daar iets groters is as die ondergang van die indiwidu: die grote *idee* waarvan hy die draer is; iets magtigers as die vernietiging van ons heroïeke strewe: die *geloof* aan die 'kosmiese harmonie', wat nie deur tragiese lye en ondergang hoef ineen te stort nie; iets hoërs as die lewenstragedie wat aan die anderkant van die grote humor lê: die nog groter *humor*, wat aan die anderkant van die lewenstragedie lê. Die hoogste humor kan so die hele lewe en die tweespalt van tragiek in humoristiese beligting bring; maar hy alleen sal daartoe in staat wees, wat self die diepste tragiek ook ken. Die sielsworsteling is dan verbygegaan en oor mensheid, lot en wêreld gaan die glimlag *na* die tragiek. So word humor begrens deur tragiek, wat op sy beurt weer begrens word deur humor. So smelt een gesigs-einder met 'n verdere verskiet saam, namate ons hoër styg bo die omringende land.

Deel II.
Humor uit die Afrikaanse letterkunde.

Ja, ek was op die vlakte
   Waar mense moed verloor:
Daar het ek in my siel gebewe;
Daar bitter, bitter smart deurlewe;
Daar baie dinge aangehoor -
Maar ek is uit die vlakte
   En bo sy skadu's oor!
C.L. LEIPOLDT

Ter inleiding.

In die voorgaande het ek probeer aantoon wat die hoë humor is, wat 'n gehele lewe sy bepaalde kleur en toon gee - die totaalgevoel ten opsigte van omgewing, lewens-ervaringe, andere, onsself. En al is humor as sodanig eerder die besit van indiwidue as van volke, hoop ek dat dit nie àl te gewaag is om alhier in die algemeen op enige faktore te wys wat in verband kan gebring word met die lewens-vermenging van tragedie en komedie, van sege en nederlaag, van vreugde en smart, in sover as dit ons Afrikaanse volkskarakter kenmerk. My plaasruimte beperk my hier tot algemene korte notiesies. Oor hierdie vraagstuk sou 'n hele boek te skrywe wees, ook buite die literatuur om.[1]. By my korte suggesties sal die leser sy eie voorbeelde uit ons volksgeskiedenis, maar ook uit die daelikse lewe wil toepas.

Waar tragies gely word sien ons die diepste van 'n persoonlikheid hom uit in die wyse waarop die lye ondergaan word; dáar vind ons 'n beeld van sy diepte en sy hoogte; die innerlikste openbaring van sy nooit-vermoede grootheid, van die fynste weefsele van 'n persoonlikheid, van die verborgenste roersele van 'n mensehart.[2] Of die persoonlikheid sal standhou of ondergaan, word die vraag; of hy sedelik gebroke uit die stryd sal kom. Sal die grootheid van sy innerlike tragies verwoes word? Sal die vyandelike magte seëvier? Of sal die liggaam vernietig word, opdat die siel mag lewe?

Maar waartoe weer die storie van ons sterfte? Genoeg as u weet dat ons worstelstryd heroïeke tragiek was, en dáar die oorwinning van ons lye lê waar die vrye gees

1) Ek hoop om hierop later breedvoering terug te kom en bepaal my vir die res by die literêre voortbrengsels.
2) Vgl. Theo Lipps, *Komik und Humor*, p. 231.

geen boeie duld nie. U vind daar selfs die glimlag weer, die vryheidsadem van onuitroeibaarheid. Siedaar ook in een woord wat ons hoogste humor is!

Die pad van Suid-Afrika is 'n lydensweg gewees. En tenslotte het nog 'n storm losgebreek, wat kleine vlammetjies van vaderlandsliefde tydelik uitgeblus, maar die grote vuur van nasionale gevoel, ons vryheidsin, hoog aangewakker het. Maar wàt 'n lye! Hoewel ons literatuur grootse sange van smart inhou wat u steeds weer *jusqu' au bord des larmes* bring en u ontroer deur die hoog-morele noblesse daarin, bly die aangrypende historiese waarhede nog van oneindig meer sidderende bewogenheid as die lieriese verdigting. Ons lye, ons verheffende, glorieuse smart! ... die wegsinking in 'n inferno van trane, om só te mag staar op 'n monument van onsself ... die visioene van heerlike herrysenis! Dit alles is van 'n tragiese skoonheid wat alleen die hoogste begenadigde huiwerend sal uitbeeld. En sy weergawe sal 'n simfonie wees. Deur smart tot heerlikheid, deur ironie tot hoë humor!

Die grootheid van sy vryheidsideaal het die Boer geleer om te verbind met die kleinheid van sy kranke poging en te volhard tot aan die einde toe, tenspyte van herhaalde hoops-verydeling 'n Lewensstemming soos dié van humor word moontlik deur die samevloei van die vyandelike werklikheid en die waardevolle daarin; ja, selfs teenoor die oorweldigende mag van ongehoorde massas kan 'n humoristiese stemming nog bestaan, as die oor nog nie deur krygsrumoer vir die klank van waarde heeltemal verdoof is nie. Teenoor kwantiteit kom dan innerlike grootheid te staan. Die wind wat om u huis weemoedig draal is pelgrim van verwagting. Die storm wat u land verwoes bring eenheid in u huis en hart.

Die vryheidsdrang wat vir geen ondergang of dood gestuit het nie en altyd weer 'n nuwe hoop gewek het, wortel diep in die religieuse grondslae van ons volksiel. Laat niemand nou vermoed dat die starheid van Kalvinistiese dogma wat

hy by sommige aantref, met die wesenlike kern van iets te vereenselwig is nie, wat inderdaad - wat ook owerigens daarteen filosofies mag aangewend word - bevorderlik vir humor is. Die godsdienstige geloof, soos dit in Suid-Afrika by die opregste lewe, met sy warme gevoelselement, sy heldere blik op die werklikheid en die ongerymde daarin; maar veral sy diepere erns,[1] byna melankolie en tog weer innerlike geluk, lewensblyheid en berusting, - skyn my besonder gunstig vir die gemengde stemming hierbo uiteengesit.

Daarby (ek weet dat ek op gevaarlike terrein is) mag ook nie vergeet word nie, dat die Kalvinisme by ons 'n bepaalde, eie ontwikkeling deurgemaak het en verre van 'n humor-lose, dor-intellektuele dogmatiese godsdiens is. Hoe kon dit ook anders? Ons wonderbaarlike geskiedenis vanaf ons volksvermenging; ons uitgestrekte eensame vlakte met sy eertydse afgryslike verskrikkinge en eindelose gevare, maar ook sy grootse skoonheid; die afwesigheid by 'n groot aantal van ons dieps-gelowige van kerk en skool vir vele jare; maar tog ook weer vreemde invloed deur die suide, ens., - móes ons Kalvinisme tot 'n geheel inheemse reliegie gemaak het, en een van die hart veral. Die geloof vind veral sy uiting in vertrouing op God as liefdevolle Vader. Tallose voorbeelde sal u te binneval. Dink aan *Eensaamheid* van Jan Celliers:

My vuurtjie en ek is op wag -
my vuurtjie en ek alleen;
die awend-ster
wink al van ver
en die velde slaap omheen.
. . . . . .
Maar al is ek ver van die skaar
in eensaamheids woning getrede,
ek voel my soos een

1) Vgl. hierbo Carlyle.

met die Heer alleen -
'n kind aan sy boesem tevrede.

Hier moet nog bygevoeg word dat die stoere uithouvermoë ook *buite die godsdiens om natuurlik histories ontwikkel het* en telkens op die harde lesse van die omgewing met humor reageer het.

En die realiteit? Word dié verwaarloos om die bowereële? Die Afrikaner is te nugter-prakties en aktief vooruitstrewend en 'n te groot liefhebber van sy skone land en die gawe van die lewe, hoe vol teleurstelling en rampe ook, dat hy hom gemaklik kan verlies in godsdienstige dromery, wat die realiteit minag in die lig van die ewigheid. Natuurlik spreek ek in die algemeen. Godsdienstige drywery, kunsmatig in die lewe geroep en terende op die gevoeligheid wat ons immense ruimte en wisselvalligheid van die lewe by sommige aankweek, moet met kunsmatige middele aan die lewe gehou word. Die robuuste Boer kenmerk die berusting in teenspoed en rampe, siekte en dood; maar ook die liefdevolle en humoristiese betragting van waardes in die groot werklikheid wat ons omring. Die dominee sal in die reël eerder moet kla om te grote liefde vir die tydelike, as die humoris van te grote negering van die waarde van ons aardse goed. En waar dit wel voorkom klink die spot van die humoris.[1] So geraak ons tot die *état d'ame* wat humor tewens is. Ons volk het met geloof en blymoedigheid die daad vir die droom aanvaar en hul drome, sover moontlik was, omgesit in dade. Die skerts het dikwels opgeklink van 'n basis van diepe teleurstelling, smart- ja, sielsgebrokenheid. Maar die grote humor het ook van leë wense en ydele hoop en angs bevry en verdere horisonte opgeklaar.

1) Vgl. Langenhoven verderop.

En dit alles in die grootse natuur van ons land, onder die gewelf van eindelose ruimte. Klein moes die Boer hom voel op die immense uitgestrektheid van die skier oneindige vlakte waar:

> hul wekgesang gebrul der leeue,
> hul sluimerlied die wind der eeue,
> die heldere lug hul tentgordyn

was; waar wolkgevaartes hul ryke las laat stroom oor weiland en akker in smagtende dorheid en weer 'n wondere vrugbaarheid te voorskyn roep; waar serene nagte en majestieuse môre-glore, ons sonneskyn en bloue hemel altyd weer vreugde in skoonheid skep.

Ja, daar *is* weemoed in ons atmosfeer, maar steeds weer kleur die reën-boog:

> Ek is nog in Oktober:
> My tuin is nog so groen,
> So wit met al wat mooi is,
> Met bloeisels van lemoen.
> So pragtig in die môre,
> So heerlik in die aand!
> Ek is nog in Oktober,
> Die mooiste, mooiste maand!
> Wat gee ek om die winter,
> Wat praat jy nou van Mei?
> Wat skeel dit as ons later
> Weer donker dae kry?
> Ek is nou in Oktober,
> Die mooiste, mooiste maand,
> Met elke dag so helder,
> So pragtig elke aand!
> Viooltjies in die voorhuis,
> Viooltjies blou en rooi!
> Viooltjies orals op die veld,
> En orals, ai, so mooi!

Sien u agter die wondere ligbreking die yle wolkies nog verbyseil? En voel u wat ek hierbo genoem het ‘pessimistiese optimisme’?

Hoewel dit vanself spreek dat indiwiduele gevoels-karakter nooit in te sterke mate moet gesoek word in 'n ongedifferensieerde volksklas nie, moet tog seer beslis gelet word op die sekere indiwidualiteit wat ons volksaard kenmerk. En ook hier moet ek die leser verwys na ons geskiedenis. Ek noem u die groot woord van Langenhoven, wat as 'n gebod oor ons hele volksbestemming geskrywe staan: *Kies*! Al dadelik het die Afrikaner voor die teëstelling gestaan tussen die groot gang van die lewe, soos hy dit as ideaal gesien het, en sy begrensing deur vreemde willekeur, wat hom tenslotte uitgedrywe het na 'n woesteny, waar hy 'n nuwe staatsvorm sou ontwikkel en 'n nuwe erediens. Voorwaar, hy moes kies, wat sy eie vader of broer ook al mog doen:

> Om eer in woestyne te swerwe,
> Te vergaan van gebrek en ellende,
> verslind of gefolter te sterwe,
> As om sonder ons vaad're se aard te bly
> woon op ons vaad're se erwe.

Sulke indiwiduele keuse, telkens weer gedaan, is alleen moontlik by 'n volk wat aan die onuitroeibaarheid van sy lewenswil glo - so vas as die berge.

> Laat dan mense en diere, droogte en viere,
> Met al wat hul kwaad het versin,
> Maar kom om te kap, te brand en te trap -
> Ek leef en sal lewe; *my dood kry is min*.

Die Grote Trek het aangevang. Luister na die bode wat na die trekkerskamp gestuur is om die oorsaak van hul landverhuising te verneem:

‘Ek verstaan hulle
nie. Die siel is onpeilbaar diep.
Hulle gaan hulle ongeluk soek; hulle
gaan met bedroefde hart;
Hulle gaan sonder dwang uit hul eie
keus. En mal is hul nie,
Maar karaktervas, onwankelbaar, soos
'n rots in die hart van 'n berg.
Elke gelaat straal van heilige vuur soos
die aangesig straal
Van die vrou wat die smart van die
koms van haar eersgeboorne verwag.’

En vèr weg van die skool, kerk en eintlike beskawing moes die Boer in die vrye ruimte ontwikkel tot 'n onafhanklike mens. Sy Bybel-toepassing was 'n mooi resultaat van natuur-opvoeding; sy godsvrug was ewe waar as wat dit binne bepaalde grense weer oorspronklik was. Geen Boer sou sy handelwyse laat veroordeel volgens 'n geleerde interpretasie van 'n teks deur 'n vreemde dominee nie. Hyself was priester, 'n patriarg soekende na 'n nuwe land vir sy eie volkie. Probleme wat in die ‘beskawing’ deur 'n dominee vir 'n hele kudde sou uitgemaak word, moes hy in die woeste wêreld vir homself oplos. En dit het vir hom 'n persoonlike waarde geword soos die velbroek wat hyself moes vervaardig, of die koeëls wat sy vrou persoonlik moes giet vir die immerdreigende konflik met die barbaredom. Hom een te voel met 'n groot sosiale groep en die gemeensame steun van konvensie te geniet en die onvermydelike *mengelmoes* vir almal op dieselfde wyse toegedien, sodat met weinig verskil vrees en hoop, leed en vreugde altyd weer op dieselfde voorgeskrewe monotone ritme hul beweeg... dit alles het hy in die wildernis moet ontbeer. So het sy wêreldbeeld en horisont steeds meer uitgesit, dog sy oog ook meer geskerp geraak vir die waarde van die kleine in die grote relatiwiteit van alle

waardebepalinge. Siedaar één aspek van indiwidualiteit wat u in verskillende tye onder die verskillende landsomstandighede by ons volk kan nagaan.

Deur dit alles en veelmeer het 'n sekere gemoedshoogheid, so essensieel vir die humoristiese lewensgevoel, ontwikkel. Die Boer is koning op sy plaas, of in die woorde van Prof. Casimir, 'n oudtydse edelman op sy landgoed, met 'n hoogheid van gees, wat die land sy eie noem en trots is op sy afkoms en meerderheid onder uitlanders of inboorlinge - 'n innerlike aristokrasie en fynheid van eie beskawing, wat maar ook nie in die verste verte laat dink aan die uiterlike gewigtigheid van mense by wie humor vreemd is nie. Dié hoogheid, wat sy geestesadel is, kenmerk ook die warm-menslike simpatie wat vergewend spot. In verband hiermee moet ook sy bekende gasvryheid genoem word. Om die vuurtjie saans of op die breë stoep na die arbeid van die dag, tree die gewenste rus in vir die bespiegelende idee wat diep in die volle ryke lewenservaring tas. Hier maak ons kennis met die lugtige skerts en vrolikheid, maar ook met die weemoedig-glimlaggende herinnering: die lag met die traan.

Sy prakties gewonne kennis weet hy binne die sfeer van humoristiese beskouing te bring. En daarvoor besit hy die nodige verposing en geestesvryheid van die vaevuur van daelikse beslommeringe en stryd om die lewe. Hierdie punt skyn my nog besonder aandag waard en kan selfs aandui dat die vrou minder humoristies is as haar man. Sy besit minder vrye tyd en is te besig vir die rustige mymering onder die eikeboom; moet vir die ete sôre as die skemer-uurtjie kom; versorg die kinders as op die stoep die Magaliesberg in kringe draai. Inderdaad hou haar werk nooit op nie. En tog lê die oorsaak dieper: sy besit minder geestesvryheid. Die geestigheid en kleine ironie is veelmeer haar sterkte as humor; eerder is sy voorwerp van laasgenoemde. Dat die vrou die komiese èn die erns moeiliker

saam deurvoel, gaan terug op die onverdeelbaarheid van haar wese, wat ook in die geringer tragiese bewussyn hom openbaar. Die vrou is onverdeelbaar een en al erns, waar pligte en passie tot selfopoffering en lye roep. Dit het haar 'n bitter-einder in ons worstelstryd gemaak, soos nooit 'n man nie. Haar haat is soos haar liefde, eenmaal voldoende opgewek, 'n blinde mag, wat meedoënloos, selfs tot self-vernietiging toe, voort-stu. Kalm oorweeg, konsiliasie, skipper met die vyand ... ken sy nie. Sy volg die ingewing van 'n verenigde siel en liggaam. Waar humoristiese vermoë haar minder kenmerk, glo ek ook dat sy minder tragies verskeurd kan wees om dieselfde eenheid van haar wese. Sielsverskeurdheid sou by haar nie dié volle mate van heftigheid kan bereik nie (nog minder die triomf daaroor in die hoogste humor) of dit verloop in 'n fisiologiese toestand. Het die grootste mensekenner, Dostojefski, nie êrens opgemerk dat die natuur in sy goedheid aan die vrou die histerie geskenk het nie? 'n Groter gawe van die natuur aan onse Afrikaanse vrou was die ongehoorde fiesiese en psiegiese uithou-vermoë, waarby haar man in die geskiedenis weleens 'n jammerlike figuur slaan, 'n Ongetemde leeuin was sy op die onherbergsame vlakte - ewe groot in haar onbuigsame sedelike wil, as in haar hartstog vir ons vryheidsideaal.

Ja, ongedeeld, dáar op die vrouemonument van Bloemfontein, staar haar mart'laarsaangesig, smart ingetoom, nòg in die blinde vert!...

Dit gee haar byna 'n oureool van heiligheid.

Maar die uitbeelding van haar weedom en veral die skeurendste tragiek en hoogste humor van die lewe, skyn die man ons eerder te kan bring.[1)]

Simpatie, weemoed en verlange, siedaar die vernaamste kenmerke van ons humor. Hoef ek nog wat by te voeg oor

1) Dit alles natuurlik as algemene hipotese. Reeds tevore het ek in verband met Qeorge Elliot se uitspraak na die pragtige afsonderlike gevalle verwys.

eersgenoemde? Maar is simpatie dan nie die rykste menslike gawe van wie deur die skool van smart heengegaan het nie? Laat my volstaan met 'n woord van Shakespeare.

> G l o s t e r : Now good Sir, what are you?
> E d g a r : A most poor man, made tame to fortune's blows,
> Who, by the art of known and feeling sorrows,
> Am pregnant to good pity.[1)]

'n Beeld, nie waar, van die ras-egte Boer!

Ook *weemoed* en *verlange* is twee grondtrekke van ons volksiel. En wie met weemoed terugdink aan die verlede of in verlange uitsien na 'n skoner dag, sal temeer vatbaar wees vir die glimlag deur trane. Leipoldt vind die oase van sy vryheidsgedagte midde in die woesteny van werklikheid. Langenhoven op sy berg hoor die stille suise van die wind, waarin vertroosting is. Dis daar waar hy so rein sy meerderheid deurleef in die fantasieë oor die tye wat was en tog deurdronge ook van die waarheid dat *in* die werklikheid eweseer die waardevolle bestaan, as die onverskillige en wreed onverstandige. Blinde kousaalwette dien tenslotte die idee self, waarna ons strewe as na lig en skoonheid. So vloei die komiese en tragiese eindelik ineen tot 'n kompleksgevoel van humor.

Dit getuig van volksenergie nie alleen in die teenwoordige te lewe nie, maar enigsins daarbowe. Waar herinnering of verwagting van grote dinge oorheers, sê Hoffding, sal veel wat anders as betekenisvol, ingrypend, *schicksalsschwanger* sou kan gegeld het, nou alleen 'n glimlag opwek.[2)] Ek herinner hierby aan die humoristiese siening van sommige gedurende die laaste oorlog en aan die verengelsing van Afrikaners, wat u hieronder by Langenhoven sal uitgebeeld vind. Nie alleen is die aangehaalde waarheid bron van humor nie, maar ook van hoon en satiere.

1) *King Lear*, IV, 6, 25.
2) Höffding t.a.p. 93.

Waar humor wat op simpatie veral gebaseer is, veelmeer gawe van die liefde is, wat alles verdra en nie verbitter raak nie; daar tree humor van weemoed en verlange dikwels meer as verdediger van ons regte op.

U vind dan ook al in ons literatuur die gemoedelike, liefdevolle humor vol versoening, die satieriese gebroke soort en die wéer-versoende humor.

Maar staan nie stil by ons begin-literatuur alleen nie - dit is jong en onvolledig; ken ons volk in sy geskiedenis, in homself. Luister na die opgeruimde taal van wie sy weemoed wil verheel. Die humor moet u leer gewaar in die ligte bewe van 'n mondhoek, of die nerveuse aanpak van die sakkie tabak, in die flonkering van 'n dowwe blik, in die preweling van dankbaarheid na ramp en teëslag, in die berusting as die skaduwees val...

So sou ek kan voortgaan om die agtergrond van ons volksaard te skets, waarteen u ons literatuur moet sien. Maar genoeg vir my doel, as dit uit die algemeenhede duidelik geword het, dat hier onderskeid moet gemaak word tussen ons kunshumor en humor as lewenskuns in Suid-Afrika. Waar ons lewenshumor by Langenhoven en Leipoldt sulke skone vertolkers gevind het, daar geniet ons met grote verlange. Maar die leser sal nie by matige artistisiteit op menige plaas of afwesigheid van grote voorbeelde wil vergeet dat ons grootse lewe nog altyd wag op die hoogbegenadigde herskepper in geweldige tragiek en hoë humor. Ons kan eerder met verbasing bewonder wat reeds in so korte tyd daar skoon en algemeen ontspruit. Hy sal ook my oormoed wil vergewe van die hoogtes af te daal om in die vlakte by die nietigste aanvangstadium en powere relasies, selfs in loutere komiek en mindere geestigheid, die tekens na te gaan wat wys op eie groei.

Siedaar dan na wat in Europa oor lange eeue heen as hoogste glorie ons aandoen: 'n nuwe vrugbaarheid in 'n nuwe land.

I.
Eerste periode.
Komiese en geestige voortbrengsels.

Van tyd tot tyd is in Hollandse geskrifte komiese staaltjies uit die kleurlinglewe meegedeel. Die volgende is 'n spotskrif van die jaar 1832 en word hier genoem alleen om die poging daarin om die taal van die Hottentotte te karakteriseer, wat tot ons oudste geskrewe Afrikaans moet gereken word. Kunswaarde is hier geheel afwesig en van humor is geen sprake nie. Die ding heet: 'De Nieuwe Ridderorde of de Temperantisten, Kluchtig Blijspel in vier bedrijven door C.E. Boniface,' en is gedruk by C.E. Brand, Marktplein, Kaapstad. Die skrywer steek die draak met die vergadering wat op 28 Januarie 1832 in die Beurs in Kaapstad gehou is ter geleentheid van die aankoms van die 'Reverend-Kapelaan'[1] uit Amerika om alhier met 'de eigene Doctors en Reverends' 'n 'salade à la Yankee' toe te berei, oftewel 'n geheel-onthouersbeweging te stig. Die vergadering word beskrywe as in die hoogste mate 'potsig'. U sien Manus Kalkfachter, 'n representant van die volk van Bethelsdorp, na die Kaap gestuur om aan die broederskap hulde te bring en tot ridder geslaan te word. Hy is vergesel deur Griet Drilbouten, sy ou vrou.

Taamlik flou en dik opgelê is die woord-geestigheid, en taamlik onwaarskynlik die tipering. Grappig is die wyse waarop die Hottentot geridder word en die tantalisasie deur sy vrou met drank daarna. Daar 'ladies' nie lid mag word nie, kan Grietjie alléen nou drink. En Kalkfachter is rasend:

1) Sien *Voorberigt*.

> ‘Ik mag nie! - Maar jij mag? Maar zullie mag? - Dus een mooi rekening! - Hulle maak wette voor ander volk en stoor hurle zelven niks daaraan. Hulle kan, bijvoorbeeld, haarle keel met Janever nat maak wanneer hul verkies, en ik moet maar as een eendvogel bij de water blijve! Jij kan jou lekker dronke zuipe, en ik moet dat met nugter ooge aanzien! Wel, dat zal verdomt nie waar wees! - Dat zeg ik jou, maar.’

Die takelasie word van sy lyf geskeur en hy gaan dit verruil vir sopies.

Naas en lang voor sulke grapperigheid in die ‘literatuur’ is lewenshumor uit die volksgeskiedenis te illustreer.

Die eintlike geskiedenis van ons taalbeweging begin met die oprigting van die *Genootskap van Regte Afrikaners* in 1875.[1)] Reeds tevore het sporadies geskrifte geheel in 'n soort Afrikaans verskyn. Ek herinner weer aan die *Samesprake tussen Klaas Waarsegger en Jan Twyfelaar* (1861) en *Gesprekke tussen Oom Jan Vasvat en Neef Daantje Loslaat* (1873) deur Klaas Waarzegger, Jr. (C.P. Hoogenhout). 'n Voorbeeld van geestige beskrywing uit dié dae vind u o.a. in die ‘Sesde Gesprek’ oor die afneem van die diamantvelde. Waar ons enige aandag moet wy aan die rympies, gediggies, liedere, prosastukkies van *Die Patriot* en *Ons Klyntji*, is dit voor alles nodig hierby te herinner dat die werksaamhede van die ou garde veral tot die plattelandse bevolking gerig was, daar van die verengelste Afrikaners in die dorpe en stede, van geleerdes en predikante, eerder haat en verguising as simpatie en hulp te verwagte was. Die leiding het uitgegaan van Ds. S.J. du Toit, Oom Lokomotief (D.F. du Toit) en C.P. Hoogenhout, maar die medewerking meestal van minderbevoorregtes. Aan die eenvoudige vriend op die boereplaas word gesê: ‘Skryf soos jy praat en dig (rym) net waaroor jy wil.’ En as u

1) Sien Dr. Lydia van Niekerk, *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn letterkundige Voortbrengselen*, Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1916.

weet dat die opdrag gedaan is aan mense wat maar baie kort in hul lewe op die skoolbanke deurgebring het en haas niks gelees het nie, dan sal die powere resultaat ook niemand verwonder nie. En tog sou dit verkeerd wees om hierdie kunslose periode geheel ongenoem te laat, ook in 'n werk oor humor by ons. Want vind u nie daar reeds *die heldere kyk op die ongerymde en komiese* in die anders so ongelukkige, selfs tragiese gebeure? Steeds weer tref u, selfs in die *banaalste rymelary*, die inherente blymoedigheid van die Boer en sy wondere vermoë om onder alle omstandighede nog tyd te vind vir spot. Ek sou die eerste periode dan ook byna die *spotperiode* wil noem. Die grootste verdriet en teleurstelling slaan altyd weer om in spot met die vyand om sy komiese gebaar. Hierdie volksenergie laat vir my soms die malste geskryf tog nog van enige waarde wees, as ons maar onthou om daarby *nie aan kuns te dink nie*. In geval ek soms só iets kwoteer, sal die leser my dus ná die voorafgaande hoë begrip van humor nie kwalik neem nie. Maar die eerste skrywery het ook 'n praktiese betekenis gehad. Direk het dit in 'n dringende behoefte voorsien en nie alleen leeslus, wat tevore totaal afwesig was, opgewek nie, maar deur almal 'n rymkoors te laat ondergaan - ‘van wyle generaal Piet Joubert af tot die veewagtertjie in die veld’ - die minsontwikkelde aktief laat deelneem aan die vorming van homself en die bevordering van sy eie taal en tradiesies. Dit is die groot verdienste van die Genootskap, wat ons nie mag verbygaan nie by die beskouing van 'n latere bloei, waarvoor hul die grond berei het.

Die taal van die genootskap was die ongekunstelde van die volk met 'n eie frisse geestigheid, wat dikwels in die idioom self lê, b.v. ‘hy loop jakkals-draaie,’ ‘hy sal sy ma vir 'n eendvoël aansien,’ ‘glo my dit het broekskeur gegaan,’ ‘hy is 'n aslêer,’ ‘lappiesmous,’ ‘bondeldraer,’ ens.[1] En dit is sulke natuurkarakteristiek wat dikwels 'n glimlag

1) Vir meer voorbeelde sien G.R. von Wielligh, *Eerste Skrywers*, p. 99.

opwek ook as ons die ernstige blaaie van *Die Patriot* of *Ons Klyntji* omslaan. 'n Seker liewe naïwiteit tref u steeds weer. So begin *Die Patriot* in sy eerste nommer: ‘Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een krant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie ... Oortui'e gaat net so moeilik as om steeks perde te leer pronk in die voortuig ...’ Veel voorbeelde sou ek hier kan aanhaal van die eerste naïewe blydskap, maar ook van grappige trots en komiese uittarting[1)], wat met die eerste bewuswording van eie besit gepaard gaan. Maar dit sou my te ver voer van humor.

Vermaaklik ook is die versoek aan Oom Jan dikwels om 'n powere probeerslag te verbeter. Aardig is Oom se opmerking by geleentheid dat die gedig homself byna nie meer ken nie, en waar hy soms 'n vertaling was, hy ná die verandering byna oorspronklik geword het! Oom het ook les gegee in die digkuns, d.w.s. in die wetenskap van hoe 'n vloeiende vers in mekaar te sit en het eindelik self verbaas gestaan oor die resultaat van sy ywer!

> Wie had kon dink dat Afrika
> Ooit so veul digters had?

'n Menigte ‘gedigte’ vol luim en spot het in verband met die taal self die lig gesien. In die armsalige rym van Albertus Herholdt is tog die end grappig, waar die skrywer al ‘digtende’ sy oog op die braaiboud hou. In *Verengelste Afrikaners* hoor ons van Afrikaners ‘wat op Engelse sole loop,’ Afrikaanse seuns ‘met 'n Engelse vel,’ Afrikaanse jonkmans ‘met Engelse lyf,’ ens.

Komies belig is die verengelste Boeredogter, wat in die

1) Vgl. die rym oor die ‘vuurwa’ (=‘lokomotief’, ook die naam van die redakteur, D.F. du Toit).

Boland gestudeer het (vgl. *Vooruitgang*). Selfs 'n tikkie humor is in die voorstelling van die Afrikaanse taal as 'n beminlike meisie, wat dikwels vir ‘Hotnotsmeid’ uitgeskel is, en tog die voorsprong het bo die Hollandse juffrou. In *Die Noitjies van die Onderveld* bring ‘Jan wat versies maak’ 'n hulde aan die reggeaarde Boerenooi al ken sy ook geen Engels of pianospel. So word met alles wat van die aartsvaderlike godsdiens, sedes en gewoontes afwyk, die draak gesteek. Predikante wat Engels preek en 'n goewernante daarop nahou, moet dit ontgeld, maar nie minder verwyfde en verstedelikte studentjies nie en almal wat die rooivlag uithang. Die moraal spreek sterk uit *Die Vryer van Nig Bettie*. Soms word die meisies al te sterk toegetakel en dan moet Oom Jan of 'n ander hul verdedig, al blyk die altruïsme soms te berus op die vrees van self ongetroud te bly (b.v. in die rym van Peteros Pruttelaar, *Ons Mysies*)! Oom Tys word ons voorgehou as voorbeeld van 'n ware vaderlander in *Wat is 'n Patriot, ou Pa*. Hy neem sy ‘boeken’ vroeg en laat, drink sy sopie op sy maat en gaan gereeld kerktoe. Hy haat alle nuwerwetsheid:

> Sy ‘salmboek’ moet ‘met noten’ wees,
> Sy Bybel ‘ou-druk’ as hy lees,
> ‘Ende hij zeide’ ...; want hy vrees
> Hierin die ‘nieuwe dwaling’ mees.

Vir vryheid te veg in kerk en staat, daarvoor staan hy altyd klaar. Hierdie vroeg-famielielid van Oom Stoffel het al iets van sy objektiewe humor:

> Vroeg staat die ou-man 's môrens op
> En trek die kam net oer sy kop,
> En steek dan gou 'n kleine dop,
> En wek die ‘swartgoed’ met 'n strop.
> Ons *liewe* vrind,
> Hy is 'n Patriot, my kind.

Ek noem nog die gedig *Foor Honderd Jaar en nou* waarin oupa aantoon dat die sgn. ‘vooruitgang’ absolute agteruitgang is, en dat ons hedendaagse beskawing gekenmerk word deur handelsoneerlikheid, sug na verstrooiing, ongodsdienstigheid, moderne modes, hoogmoed en ydelheid, non-entiteit. Hy sluit sy teëstelling met:

> Toen hang knapsakkies geld aan di hanebalk fas;
> Mar nou is di beurs leeg en die plaas is belas.

Liedere in verband met ons geskiedenis bevat ook menige staaltjie van komies-satieriese siening. Die spotlus van die Afrikaner tref die verwaande of gepierde Engelsman, en die ligvaardige stemming en rymlus van voor die finale katastrofe help daarin mee. Maar dikwels merk u ook gesmoorde leed onder die uiterlike lughartigheid. Tog verbaas u soms die afwesigheid van bitterheid waar ons eerder die welverdiende vloek as die vrolike spot sou verwag. 'n Wonder bly dié blymoedigheid, tensy ons die gronde daarvoor soek in die voorafgaande en verder in 'n sekere oppervlakkigheid, wat die diepte van sy verongelyking nog nie ten volle bewus is nie. Die volle tragiese bewussyn sou 'n absolute vernietiging dreigende noodlot eers skep, en uit die sterwenskrete en die banneling se wee word die bloedende erns gebore, wat eise stel, onverbiddelik as die noodlot self.

Eers die stille geween, dan die glimlag deur trane om trou en onuitroeibaarheid, totdat weer die vreugdeklanke opklink van 'n gelouterde optimisme wat wys op 'n groter dag van algemene nasionale volksbewussyn. Die vooroorlogse spot is gedoop in namelose smart, en humor kon gebore word. Die siel is na binne gekeer.

Maar dit alles by wyse van vergelyking. In die ou dae was dié innerlike blik selde in die literatuur op te merk. Eerder was dit die oormoed van die jeug, wat met die lagwekkende dwaasheid van die vyand altyd weer moes spot. So sing ‘Republikyn in Jingo-land’ (1879) van die held-

haftige dood van prins Napoleon en die knapheid van die Engelse om betyds die veld te ruim.

> Kyk, jonge Napoleon leg dood op die veld,
> Mar veilig terug is elk Engelse held.

Die mislukte Jameson-komplot is weer 'n pragtige geleentheid vir H. Bruwer gewees om bittere spot te uit: ‘Di plan stink na wisky, dis dronkmens se werk.’ ‘Volbloed Afrikaner’ lug sy spot in *Di Infal fan Jameson en syn Rowersbende*. Aardiger is dié van Reitz op *Di Lady Roberts*, 'n skeepskanon aldus gedoop, en in 1900 afgeneem deur die Boere.

> Lord Roberts is al huistoe,
> Di feldheer het getrap
> Mar d'ou frou het hy laat bly,
> Sy hou fan milipap.
>
> Ja, Roberts fan Kan-da'ar
> Is ni Roberts fan Kan-hiir!
> En dat Tommi hiir moet blywe
> Is ni net fir syn plesiir.

Nie onverdienstelik ook is die geestige *John Mackensie moeni grens ni* van Petrus, gedig met die ontslag van dié heer wat aangestel was as kommissaris van Engeland in die klein republiekies Gosen en Stellaland. Hierdie sendeling, swaar lydende aan swartsug, was uiteraard 'n slegte keuse vir Boere-onderdane. Hy is dan ook kort na sy aanstelling weer afgesit. Natuurlik moes iemand met die voorval spot in 'n gedig, temeer omdat op sy naam die resultaat van sy désillusie so uitstekend kon rym. Maar hierdie keer tog werklik met meer as gewone sukses. Die skrywer sien met Boere-klaarheid die komiese van sy retireer, voordat ‘wat in hom woon’ 'n stupiede uitingsvorm kon aanneem, en dit word beskrywe met die krag-termpies van ons taal, sy eenvoudige en nog beskrywende pittige uitdrukkings soos:

‘in die pad steek,’ ‘laat trek,’ ‘jy moet gly,’ ‘bondel op die rug,’ etc.[1)]

Die Imperiale Federasie-Ligue in 1884 gestig het lidmaatskap ook aan die naturelle aangebied, en ‘Toekyker’ skets die situasie in verdienstelike satiere. Daar le iets in van die tragi-komedie van Engelse Kaffer-politiek. Aardig is die suggestie van ‘vereende hartjies’ en die sinspeling in ‘rooi-nekke’ en ‘geel-bekke’; tekenend die kaffergedagte: deur die Engelse die salige niksdoen: ‘ons bou net Skool en Kerke.’ Eindelik die kostelike siening van die dikke jan Boel, hand om die lyf met die vette aia in salige Jingo-jolyt!

Nog 'n gedig in verband met ons geskiedenis mag alhier 'n plekkie kry. 'n Griekwa vertel in 'n gedig van S.J. du Toit: *Hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het*. Aardig is die kinderlike verwondering, die analogie met bekende sake, die huiwering vir die spookagtige, hul hebsug en wantroue, hul trots: ‘wi Grikwa is het pyl’, hul veronderstelling waarom Duusman wegbly en hul sterk-realistiese siening. Ek haal iets aan van die kernagtige vertelling van die slot:

> Di Duusfolk skré, hul maak lawaai:
> Ons trek; hul steek fuur agter an; -
> Di koper hoes; di derrems waai,
> En - in di lug di laaste man!
> Wat leef di hardloop wat hy kan.

So is ons genader tot die eintlike luimige verhale, waaroor ek met 'n korte beskouing kan volstaan met 'n verwysing na die werk van Dr. van Niekerk en die ou tydskrifte. Sterk spreek die Afrikaner se voorliefde vir die grappige vertelling in hierdie eerste voortbrengsele van ons literatuur.

Voorbeelde van humor is hier egter baie skaars. Maar u vind daarin die onbedwonge, natuurlike prosa van eenvoudige

1) Sien die gedig by Dr. v. Niekerk t.a.p. 96.

welsprekendheid, waarin ek steeds weer die bekende intonasie meen te hoor wat terugvoer na die kampvuurtjie aan strand, waar Ds. S.J. du Toit sy soveelste awontuur sit en vertel. Sien u, veel van hierdie vertellinge sal u met my ná die voorafgaande deel nie van die hand wil wys nie, as u dit in die lig van ons geskiedenis wil betrag... dikwels met die agtergrond van rampe en ellende van ons steeds weer opnuut geteisterde land en volkie. Sy *opperste bes* te doen en dan te berus in die onvermydelike voorbeskikking en die lag te vind.... siedaar die onverwoesbare lewensdrang van die beste: alles sal regkom! In die kring van vriende klink die lag en is die brenger van luim steeds die gevierde.

Moeilikheid om Liedjies te maak op 'n Boereplaas deur Oom Jan kan hierdie afdeling gevoeglik inlei. Pa wil 'n liedjie vir *Die Patriot* dig en eis stilte, maar dan begin die kwelling: eers die hond, dan 'n Jode-kar met vis, dan die gebabbel van Eva die meid, en dan weer die Hottentot wat sy sopie kom vra; buite staan die kleinjong te raas dat al die vee uit die kraal en weg is. Die gedig breek af.

Spookstories is steeds 'n geliefde soort gewees. So bewerk Reitz *Klaas Geswind* na Burns. 'n Ou jong het een aand sy tyd te goed deurgebring op die dorp en moes ondervind dat

> Plesiir is nes 'n jong komkommer,
> As jy hom pluk ferlep hy sommer;
> Of nes 'n skulpad in syn dop in,
> Soos jy hom fat dan trek hy kop in.

Op pad huistoe moet hy die gevreesde kerkhof verby. Dit spook woes daar. Die geeste dans dat die sweet hul aftap. Toe dryf die noodlot Klaas tot byna fatale onversigtigheid.

> Di goed was byna poedel-kaal,
> En kyk di frouens was te skraal;
> Maar een daarfan, 'n bitji dikker,
> Maak so 'n uitgehaalde flikker,

Dat Klaas plaas fan syn bek te hou
Skré: arri! dit was fluks fan jou!'

Natuurlik sit die helse geeste hom agterna, maar Klaas bereik die drif en is vry, immers

'n Spook is nes 'n bok-kapater
Hy loop ni sommer in di water.

Inderdaad 'n aardige verafrikaansing van *Tam o' Shanter*.

In *Kyk na di Klok* word in felle taal 'n troulustige ou wewenaar deur die spookverskyning van sy oorlede vrou op die pad van deug en matigheid gebring.

'n Bron van vermaaklikheid is in hierdie periode steeds weer verliefdheid, vryery of die meisies in die algemeen. So hoor ons van oom Fanie Brink in die gelyknamige gedig, dat hy kort na die dood van sy vrou al weer sterk na trou verlang. Hy sit in die kerk en wyl die dominee die tien gebooie lees, het hy op elkeen sy eie aanmerking gereed. 'Jy moet ni steel ni,' sê meneer, en oom Fanie pas dit dadelik toe op die liewe Anni Smeer, wat regteenoor hom sit en nie van haar diefstal bewus is nie. Oom Fanie se keel voel droog en in gedagte sien hy al 'n half-aampie heerlik staan. Na tienmaal gaap is hy vas aan die slaap. Dan droom hy dat hy met die liewe Anni trou, en as die 'jollifikasie' tuis begin en die 'meerlekkerste Sampyn' in die glasies skuim, skree hy in salige verrukking hardop deur die kerk:

Drink, Kêrels, drink! En wens my nog
Goeie rys! Dit is myn laaste tog!
Di laaste maal wat jul oom Faan
Di huwliks-bootji siin ingaan;
Toe, Kêrels, die gesondheid weer
Fan myn klyn froutji, Anni Smeer!

Dat hy die liewe kind reddeloos verdroom het, spreek vanself.

In *Neef Roelf* deur M.H. Neser is vry aardig die gedagtes van 'n verliefde jonkman oor sy aangebedene weergegee.

Op Hartebeesfontein is te noem om die rake plattaal en aanskoulikheid van voorstelling. Lewendig, voorwaar, gaan dit toe op daardie ‘sheepskin’ - dansparty!

Kerel pas op! is geen slegte vertaling van Longfellow se ‘Beware’ nie.

Die beste oorspronklike gediggie, wat ook iets van humor kenmerk, is die bekende van Reitz, *Die Steweltjies van Sannie:*

> Pas altyd vir 'n vroumens op!
> Dit help jou net g'n stuk nie;
> Steek jy jou nek eers in die strop,
> Dan kan jy nooit los ruk nie.

Die digter vertel hoe hy verblind geraak het deur 'n droombeeld, waarin hy Annie met twee splinternuwe steweltjies voor hom sien staan het. Aardig is die liedtoon van die groet met die abrupte vraag na die nooi. Op die staanspoor het hy werk gemaak van die vraery, en sy ideale droomnooi het sy vrou-in-werklikheid geword. Die désillusie het nie uitgebly nie en die humoris eindig:

> Dit help nou weinig om te huil,
> Al het ek spyt van Sannie;
> Kon ek die ou ding mar verruil,
> Dan sou ek - mar ek kannie!

In die prosa van die Eerste Taalbeweging vind u dieselfde gees as in die versies. Die geselsery met die lesers bring dikwels uit hoe dit veral die grappige is wat die leser soek.[1] Menige verhaal toon weer die moedhou van ons mense. ‘Waarde Neef Klyntji,’ skrywe iemand, ‘daar dit nou so droog is, dat ek ni weet wat te doen saans ni, het ek gedink aan jou te skrywe fir tydkorting grappiis wat

1) Sien *Ons Klyntji* Feb. 1898; Juli 1899 en elders.

foorgefal het gedurende di Oorlog' (*O.K.*, Okt. 1903). 'n Ander tydkorting by uitnemendheid was - vryery. Vrystories met die daarbyhorende plaery, het steeds ingestroom; maar ook naïewe ontboeseminge aan die redaksie, wat dikwels as wyse raadgewer aan die troulustige jeug moet optree.[1)] Verder is daar dierestories, grappige awonture, kostelike fop- en kloppartye, sprokies en raaisels, populêr-wetenskaplike opstelle, ens.; maar ook *Di Koningin van Skeba*, historiese roman van S.J. du Toit, die novelle van Lion Cachet (later uitgegee as *Die Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het*), *Jakob Platji* en dier-verhale van G.R. von Wielligh. Met die laaste drie skrywers en nog iets wil ek hierdie korte oorsig sluit.

Di Koningin van Skeba, een van die beste geskrifte van die eerste periode, bevat nouliks humor. Grappig, weliswaar, is die nuuskierigheid van die nugter Hennie in die geskiedrolle, ná sy eerste teësin in sulke dwaasheid wat niks materieels oplewer nie. Kinderlik is sy ongeduld waar die vertaling van Ds. du Toit swyg, en leuk die ewe teregwysende spot van oom Gideon.

Die novelle van Jan Lion Cachet (Oom Jan) word nog altyd veel gelees. Reeds het die 9^{e} druk daarvan verskyn, geïllustreer deur Louis Raemaekers en Aschenborn.

Hier is die grootste moralis van die eerste periode aan die woord. Oom Jan vertoon hier en daar ooreenkoms met die grootste humoris-moralis van die twede; maar hy is seer sy mindere, waar die moraal hier vooropgestel word en die skrywer baie vlakkies in die lewe gryp. Dit neem egter nie weg nie dat hy hom hier en daar tog inlewe in die eenmaal gekose netwerk van gebeurlikhede, en dat hy dikwels rake observasies gee oor mense en dinge waar hy van naby mee bekend is. Maar Langenhoven is groter in sy menslikheid en oneindig veel ruimer van blik en fantasie.

1) Lees die brief van Jan Broekskeur b.v. in *O.K.* Okt. '03.

Oom Jan gee karakters met slegte hoedanighede, wat jy moet verafsku met *frissons impérieux;* Langenhoven gee homself en andere in dwase swakheid en win ons simpatie daardeur. Oom Jan wys met waarskuwende gebaar op duiwels en wat hul doen; Langenhoven met bemoedigende stem op goedheid wat nog in die slegste woon. Oom Jan het dikwels *superlatief* verdoem; Langenhoven meermale *komparatief* vergewe.

Die vergelyking is natuurlik in die algemeen. Laat ons 'n paar sketse van naderby besien.

Die Geldduiwel. Oom Jan, die hoofpersoon, is skatryk en 'n byna ongehoorde vrek, te suinig om 'n kombuis aan te hou of 'n miskoek sonder waardeberekening op die skraal vuurtjie in die bytende winterkou te gooi, en Sondags pas hy self die skape op! Om die plaas van sy suster in hande te kry toon hy hom 'n alleronmenslikste bruut. Op verdere geldjag ontsien hy nie die oorlopende spruit nie en stort in die snelstromende water. Hy word gered deur een van die verongelyktes, vir wie hy enkel gemelike ondank en uitskelwoorde oorhet, omdat 'n stuk van sy plunjie met geld en al die stroom nog afdrywe. Swemmende agter die pakkie armsalige bank-note aan, vind die vrek 'n welverdiende dood. Geen wonder dat die opkoms by die begrafnis so klein is nie.

Hierdie karakter is nie alleen besete deur die Geldduiwel nie, maar is ontdaan van alle menslikheid; en sy tweestryd, nie onaardig hier en daar *vertel* nie, is eintlik tog maar *camouflage*, en die skrywer laat hom dan ook maar onbekeerd doodgaan! Waar hy dus maar enkel 'n afskrikwekkende beeld van geldsug is, vertoon die skets tog iets aardigs hier en daar. Ek herinner aan die handelstreke wat Oom Jan teenoor Morris aan die dag lê. Maar humor vind ek daarby nie. Dit was ook nouliks te verwagte, gesien die houding wat die skrywer teenoor hierdie aangeklede ondeug aanneem. Iets fyners bereik hy in die volgende. Gerrit, 'n weeskind wat by Oom Willem inwoon, besluit uit edelheid

van hart om sy wa en span osse te verkoop en 'n arme famielie van ondergang te red. Helaas word hy in sy altruïstiese voorneme gestuit deur siekte onder sy vee. Saans na ete vertel hy dit tuis. In die daaropvolgende vaderlike berisping, wat deur vroulike teerheid en erkenning in 'n spottende laggie oorgaan, lê iets van humoristiese gevoel.

In 'n ander skets neem die Liegduiwel meer en meer intrek in die hart van Hans Rietman. Hy verval eindelik tot die grofste bedrieëry deur nl. diamantjies op die grond van Oom Diederik te strooi en die vonds dan bekend te maak. Maar - en dit *moet* natuurlik - eindelik word die misdaad tog bekend en Lieghans storm weg. By laasgenoemde geval is iets verdiensteliks.

En tog is die gegewe wel baie geskik vir komiese, maar ook humoristiese siening: o.a. die oproer in die distrik as die nuus van die diamantevonds bekend raak; die Sondagse diamantkoors van die dominee op die preekstoel af tot by die swartste tater in die kraal; die Maandagse skotskar-brigade; die mekaar-verdringende skaar van boere, winkeliers, kafferkantienhouers, rondloper-Engelse en Jode om die middelpunt van eendagse grootheid: Lieghans en sy storie; die komiese nerwositeit van oormekaar vallende vroue tuis - die hele onsalige ploetery tot die bloed van die hande loop op die jag na onsekere fortuin en geluk wat onrus bring. Wat sou dit alles gaan lewe wanneer 'n kunstenaar en ware humoris ons dit alles in diepe menslikheid gaan uitbeeld. En die moraal? Geen gevaar. Dié sou ook die ontwikkelde leser kan ontroer, waar hy nie gesoek was nie, maar die magtige stu-krag self is van skoonheid.

'n Veel mensliker toon spreek uit die skets *Praatduiwel*. Hier vergeet die moralis soms sy lering en word dit stille mensewee en besef van eie swakheid. Op die kerkhof in Wepener lê 'n dierbare seun en broer begrawe, eintlik vermoor deur Praatduiwel. Na afloop van die treurige gebeure wys niemand meer met afsku op één sondebok alleen nie.

'n In-gemene gierigaard en leuenaar kon die goeie ou

vader Cachet wel as skrikwekkend voorstel, maar nie lewend uitbeeld nie, maar wel die werk van praatduiwel, want wie is daarvan geheel vry?

> Een ding het meneer daar tog gekry en dit was 'n teks vir Sondag. Die teks kom wel nie by die 'aanneming' te pas nie, maar hy kon dit nie help nie. Toe hy op die preekstoel staan, kom die woorde vanself: 'Oordeelt niet!' Meneer het die dag nie 'n teks geneem nie, maar die teks het vir hom geneem en of hy wil of nie, hy moes.

Hier is ook iets van die humoristiese stemming.

Die Drankduiwel. Hier verval die skrywer weer dikwels in die preektoon, b.v.: 'As daar onder die lesers van die verhaal vroue van dronkaards is - en altemit sal daar wees - dink hieraan. Verwyt en uitskel sal die drankduiwel nie uitgooi nie. "Dit geslacht vaart niet uit dan door bidden en vasten." Selfs vermanings, hoe liefderyk ook, doen dikwels só weinig. Maar *een ding* gee krag. Hoe meer 'n man drink, hoe meer moet daar gebid word.' Ons voel, die ondergang van Willem is te veel opgesom om die preek te behou: so en so en so sleg gaan dit met die dronkaard. Ook word na melodramatiese effek gestrewe in sterke teëstelling, b.v. Willem in dronkemansroes: Breggie tuis vol kommer en selfverwyt. En die dronkemansdoen kan die dominee kwalik uitbeeld.

Sewe Duiwels is een van die belangrikste werke van die Eerste Taalbeweging en vir ons van kultuur-historiese betekenis en kan ook nog aan duisende eenvoudige lesers lering en genot verskaf. Die gewone leser uit die volk let nie op nuanses nie, hy sien die mense as goed of sleg, en dis hulle lewensloop wat hom tot voorbeeld of tot skrikbeeld kan strek. So sal hom ook Cachet se primitiewe voorstelling van die sonde nie hinder nie, nòg die dikopgelegde moraal. Maar so iets bly pseudo-realisme van 'n power gehalte. Wie sewe duiwels vooropstel, in verband

waarmee sewe verhale moet inmekaar getimmer word, sal altyd nog lesers vind en miskien heel veel nut stig, maar *kuns* sal hy nie lewer nie. Daarvoor is onmiddellikheid, waaragtige deurlewing, skeppingsmag nodig; en ‘qui dit humour dit esprit de tempérament, par conséquent spontanéité, candeur, naïvité, bonhomie, *génialité*,’ (E. Montégut).

Voordat ek met Von Wielligh as oorgangspunt tot 'n nuwere periode sluit, gee ek om sy weemoedig glimlaggende blik op die verlede nog 'n laaste gedig, *Ou Bles: Ter gedagtenis aan myn ou Ryperd*. Die stemming hier is die ware humoristiese, waarby die leser soms dink aan *Sentimental Journey* of *Waarheid en Droomen*: ‘une mélancolie souriante, une sentimentalité tranquille.’[1)]

> Ou Bles en ek, ons het gery,
> Daar was nog nooit 'n Bles soos hy, -

So begin die stille mymering oor die troue vriend van die oorlogsdae. Bles kon fier pronk voor die nooientjies van die dorp. Maar op kommando het hul baie swaar moes verduur. Later het hy alleen nog 'n ou gelapte jas gehad, waarmee hy in die koue nagte homself en sy dappere kameraad gedek het. Hendsop het hul nie geken nie.

> Ou Bles en ek het uitgebly
> Totdat di oorlog was ferby -
> En onse land en flag kapot,
> Toen treur ou Bles saam o'er ons lot.

Nog ewetjies 'n medelydende glimlag om die toestand van ou Bles later, en gevoelig deel hy die afloop mee:

> Syn hart was stuk, syn werk gedaan
> En toen het Blessi doodgegaan -

U voel die stille weemoed oor die verlore Vryheid, wat die dappere bittereinder wil afskuiwe op die troue dier en kwalik kan verberg onder goelik-spottende opmerkinge of

1) *l'Encyclopédie moderne, 1848*, oor l'Humour.

karikatuur van sy nuwe ‘kreupel skulpad-hings’ van die Repatriasie-kantoor. Hy teken onder sy gedig - *Nevermind*!

Beide taal en gevoel sal by Langenhoven kuns word; maar u vind hier reeds ‘a gay treble note ... complicated by an undertone, a resonance of the sadness of its milieu.’[1] En dit is die humor daarin.

Hier is nog iets anders as die gewone spot uit die ou dae, hoe raak soms ook van essensiële siening en tekenend deur plastiese uitdrukkingswys. Hier is al iets van die warme stemmingskleur wat groter selfbewussyn en ernstiger lewenshouding aan die komiese weet te gee: ‘la plaisanterie mélancolique, la gaîté qui pleure...’ (Blaze de Bury).

Een van die ou garde wat nóg ywerig besig is aan die ontwikkeling van sy volk in die opbou van 'n eie letterkunde is G.R. von Wielligh. So vorm hy 'n oorgang tot die twede periode, al dra sy werk eintlik die stempel van die waardige Genootskap.

In die voorwoord van sy *Jakob Platjie* gee die skrywer ons die doel aan van sy werk: om aan die nageslag te oorhandig, ‘'n idee hoe die inboorlinge gedink en wat hulle gedoen en gelaat het. Want dit val nie aan te twyfel nie, dat na verloop van enige geslagte van die toekoms, hierdie drie stamme geheel hulle nasionale karakters verloor sal hê.’ Wie hierdie boek dus alleen uit kunsoogpunt wil beskou, doen die skrywer onreg aan. Laat my ook maar voorop stel dat Von Wielligh nouliks kunstenaar is (of homself as sodanig reken), hoewel ek mooie dinge hier en daar sou kan aantoon. Hy is 'n aardige volkskrywer, en wil veel nuttige kennis deur sy jarelange omswerwinge opgedaan vir die nageslag dokumenteer in die vorm van verhale. Sy gebied is veral die van die inboorlinge, wat hy deur en deur ken, en sy verdienste is dat hy hul met liefde en soms met humor sien. Ek glo dat Von Wielligh self humoris is; tog is dit moeilik uit sy werk sprekende voorbeelde aan

1) Sully: *Essay on Laughter*, p. 387.

te haal. Hy laat ook dikwels die inboorlinge self aan die woord en by hul verwag 'n mens 'n sekere geestigheid eerder as die milde gevoel wat hoëre ontwikkeling bring. Tog lê oor sy beskrywinge soms 'n nie te miskenne humoristiese waas nie. Die tiepiese plattaal is dikwels besonder illustrerend en komies van werking, soms minder smaaklik en ook onnatuurlik deur die skrywer aangewend. Naas tiepiese hoogdrawendheid (wat Von Wielligh met vele openbare sprekers en skrywers van die ouer geslag gemeen het) gee hy aantreklike eenvoud weer. Nie waar, 'n volkskrywer het ek hom genoem.

Wie die Hottentotte en Korannas en Boesmans ken, sal dikwels moet glimlag om hul ligsinnigheid, naïewe lewensblyheid en verbeeldingskrag, slimheid en geestigheid. Die inboorlinge is in vele opsigte kinders; wie hul mentaliteit wil begryp en waardeer, moet met Von Wielligh as 'n kind kan voel en dink. Sy belangstelling in die inboorling is van genoegsame warmte om soms iets van objektiewe humor in sy weergawe van hul persone en lewenswys te bereik. Ek herinner hier aan die geskiedenis van die twee opregte peperkorreltjie-Hottentotte, wat met hul seun Jakob na die Pêrel gaan vir hul maandelikse fuif, en te goed deur die kantienhouer getrakteer word - hul malle jolyt onder die akkerboom, die gaan slaap van die famielie, die diefstal en geveg totdat die bloed vloei en die konstabels hul uitmekaar maak. Waar die uitbundige lewenslol van 'n oomblik tevore?

> In diepe erns stap die stoet straat op. Indries sug, Sina snik en Platjie huil ....
> ‘Sien jy tog nie van Drakenstein se volk of mense nie om vir die oubaas te gaan sê dat ons onskuldig in die tronk sit?’ sê Sina aan Indries.
> ‘Wag, ons kan kyk,’ antwoord hy: maar so een het hom nie voorgedaan nie en hul hoor met trane in die oë die tronkdeur agter hulle toeslaan.

Die skrywer toon hier die glimlag in simpatie. Verdienstelik is sy siening en weergawe van die realiteit.

Aardig ook is dit waar hy ons die bygeloof van die Hottentotte in spoke bring. Dink aan die verhaal van Toel hoe hy in sy droom geraamtes sien sit en rook het, en na hy 'n paar slukke uit die bottel gedoen het, eers reg koerasie kry.

Die siening van Tys Bokkies is ook geslaag; sy vryery luimig vertel. Sterk komies is die weergawe van die Griekwas en die preek van Kleopas Kiepie is vol tiepiese trekke.

'n Ietsie van dierehumor - in die sin hierbo aangedui - bereik Von Wielligh soms in sy vertellinge. Ek verwys na sy *Hotnots-Stories*. Daar is onder andere *Waarom Uil bespot word*. Tingtinkie het hoogste gevlie en moet volgens afspraak nou koning word. Maar die trots van die voëls kan dit nie gedoog mie. Weer kom die gryse raadgewer, die jakkals, met 'n listige woord: Ja, maar as Tingtinkie *dood* is, dan kom die koningskap aan Aasvoël toe. En arme Tingtinkie moet sterwe. Maar hy is te rats vir hul en vlie 'n klipskeur in. En die raad kom: honger hom uit. Aan Uil word hierdie taak opgedra, heel natuurlik, want sy ‘oë is die grootste en sy naels is skerp en gevaarlik.’ Maar Uil was die vorige nag met 'n paar vrinde op 'n ‘spree’ en het dus maar min slaap gehad. Hy dut en Tingtinkie ontsnap. Dan tref die straf van 'n toornende voëldom die pligsversaker. 'n Lewendige voorstelling volg met staccato spel van pittige frases:

> Toe oorwaks die voëls hom in nyd en woede. Hy gee pad, skud sy vere los en toe hul op hom aanval, hom skop, pik en opstoppers gee, was dit te veel vir hom en daar trek hy - reguit bosse toe met 'n trein voëls agterna, wat hom bespot, beledig en uitlag.

En daarop 'n mineure toon van die slepende sin:

> En sit hy daar snags oor Tingtinkie peins oor al die swaar wat hy moes ly en hoe Tingtinkie ontsnap het, dan vra hy hom gedurig ewe treurig af: hoe, hoe? Og, hoe, hoe, het dit gekom?

Ewe snel as die tempo van die laaste woorde het sy onheil geskied. Maar ook hier kom troos in die stille verlatenheid van die verguisde outlaw: hy vind genade en veiligheid as muisevanger op die solder van die boer. Op sulke plekke en ook in *Boesman-Stories* is Von Wielligh op sy beste.

Dat die Boesmans geen humor kan gehad het nie, spreek vanself na die voorafgaande. Tog moes Von Wielligh hul dikwels met humor gesien het, nie alleen op sonderlinge jagawonture nie, maar ook in hul naïef-verhewe geloof. Hul erns sou by menige leser die simpatieke glimlag wek. Ek dink aan die gebed wat hul saans geprewel het as die groot blink ster oor die bergrand verskyn of hul aanroeping van die maan. Ons sien die arme Boesman met gesig vaal van die honger en sy maag ingeknoop omdat daar niks te ete is nie - hy wat alleen op sy pyl en boog en die geluk moet vertrou. Dis 'n smeekgebed aan wat so groot, so vet en so blink is en wat dus nie gebrek kan ly nie. In 'n gebed aan 'Kaggen, die Hotnotsgod, kom die woorde voor:

> Leer ons jou slag en ons sal nie gebrek hê nie. Jy eet gulsig, maar jy eet lekker. Volop-kos is jou naam!

Sulke ‘naïwiteit’ van die kinder-psiege sal vir vele in die woorde van Von Wielligh as humor aandoen, so as àndere weer òns geloof met meewarige glimlag kan beskou. Die mymerende vermaak in simpatie is ook die reg van 'n ieder.[1)]

1) In die voorafgaande het ek my byna uitsluitend tot die werk van die Eerste Taalbeweging beperk, 'n Naam wat ek verder in hierdie verband kon genoem het is dié van die verdienstelike Afrikaner Melt Brink. Daar die gehalte van sy komiek en geestigheid egter nie die beste in die voorafgaande oortref nie en hy nouliks humor gee en sy arbeid so geheel een is met die geskiedenis van ons toneel, laat ek 'n bespreking van sy gehele werk oor aan wie 'n verhandeling oor ons toneel sal skrywe. Om die figuur van Melt Brink sal hy 'n stukkie kultuur-geskiedenis kan meedeel - tewens ook aanwysende met hoe weinig ons mense by toneelvoorstellinge tevrede was en dikwels nog is. Naas die behae in floue geestigheid, kenmerk vele die geesdrif vir stukke met uitgesproke tendens, sy dit vir vaderlandsliefde of godsdienssin, hoe dikker opgelê, hoe beter. ‘Sensitiveness to the comic laugh (d.w.s. die fyne, geestelike) is a step in civilisation’ (Mereditti).

II.
Humor in gemoedelikheid.

Léon Maré.

In *Die Nuwejaarsfees op Palmietfontein* (1918) staan sulke seldsaam-mooie dinge naas minder gelukkige, en vind ons sulke heerlike humor van die diepere soort, dat ek met 'n Afrikaanse digter ‘glad nie lus voel om skoolmeestertjie te speel oor 'n skrywer nie, wat ons soveel genot gee deur lewendigheid, tekenagtigheid, waarheid in sy voorstellinge van Afrikaanse lewe en toestande.’ Celliers vervolg: ‘hier het ons met iemand te doen wat dinge so gesien en gesê het as nog geen ander skrywer in ons land nie.’[1] Gelukkig bepaal my onderwerp my tot laasgenoemde. Maar selfs hier wil ek my waarderende gedagtes en ontledinge nog meer as elders so ver moontlik terugdwing om u Maré self aan die woord te laat. Hier is 'n humoris wat u beide vrolikheid en smart bring, maar ook die louter komiese gewaarwording. Sien dan eers die komiese en dan die smartvolle, wat ek alleen om die verband nie in my laaste hoofstuk opneem nie.

'n Uitnodiging vir die Nuwejaarsfees op Palmietfontein by oom Org Snyman doen die rondte.

> ‘A oubàs! (sê die Kaffer wat die uitnodiging gebring het) die mens hy kom so baanja-banja met die wa dár by die plàs. E'n wa hy bring somaar soffel skàp. Die ander kaffer hy praat vir my, dis mos òrlog, Septemmerê, hoekom die witmens hy kom só baanja - die wa, die pêr?’

Direk die lewende ware taal van die Kaffer met sy beeldende aanduiding en veronderstelde gebare. Die volk

1) Jan Celliers in die Voorwoord van hierdie bundel sketse. Ek verwys ook na *Die Prosa van die Twede Afrikaanse Beweging* deur Dr. P.C. Schoonees, om die prysenswaardige arbeid aldaar om slordigheid van taal by skrywers te help verbeter.

is in grote spanning voor die naderende fees. As Lank-Kerneels sy oom Mooiroos vra of hy dan nie goed bekend is met die plaas van oubaas Org nie, kry hy die antwoord dat dit dáar is waar die groot brandewyn-ketel staan.

> ‘Klipsteen!’
> Lank-Kerneels se tong glip oor sy lippe en stilletjies klap hy sy breë mond weer toe.

Wat 'n doeltreffendheid met die één woord. Ons sien die plaasvolk hier in hul komiese swakheid: die wasem van Kleopas Kiepie.[1)]

Hoog styg die opgewondenheid as die wegtrek eindelik daar is. As 'n staaltjie van Afrikaanse woordkuns siteer ek die volgende:

> ‘Hiert, julle skelmgoed!’ klink dit van outa weg toe die rooi wiel en groot witkap-wa onder vrolike gesels en gelag kraak en wegtrek. ‘Hiert julle rooispan!’ gaan dit neffens aan met 'n galm (lelik! M.) terwyl die swaar gelaaide wa dof oor die kliprug rol onder 'n geskreeu van ganse, en die weglêerhoringosse die gelyk pad vat. ‘Trek deur vol riviere!’ galm (a.b.M.) outa uit, ‘trek oor bergrande! trek na blou bande! trek, trek! daar moet ons kom as die dag lemier! ... Hierjy! Seeland ....!
> Plak-karwak! die agteros krimp hom in; shiep-sss! en 'n fyn gedraaide voorslag fluit hier en daar in stoffies op die skowwe van Alteveel en Voolfisant, die naas-voorosse, en die wawiele gruis en dreun weg oor die klippers!
> Outa bly soos 'n jongkêrel hier langsaan op die been, sy sweep kring die lug in, sy sweep krinkel nou en dan weer op die grond soos 'n slang wat vinnig seil.’

U moet Afrikaner wees om die rake aanskoulikheid hiervan ten volle te kan waardeer. U sién en hóor dit alles, u is

1) Sien Von Wielligh, *Jakob Platjie*, aldaar die Griekwa-preek.

dáar. Wat 'n klankverhouding en klankekontras verder. Wat 'n ritme-indeling. Hier word die werklikheid in ekspressiewe en suiwer intuïtiewe onomatopee weergegee. Ook merk ons die voortreflikheid van Afrikaans in woorde as ‘klippers’, ‘vinnig’ (snel), ‘seil’ met die slepende *l*. Hier is Maré bewus woordkunstenaar. Maar kostelik ook is die geëksalteerde swartgoed, hulself oortreffend in uithalersweep-virtuositeit en poëtiese welsprekendheid teen die krimpende en wegbeurende ossespan ...

En dan daar agter in die wa die opsnydende verhale uit die goeie oue tyd, sterk getrek op brandewyn-herinnering.

> Dis net ‘Hooptoon’ (Hopetown) en daar al langs die Vetrivier af en ander plekke in die ou Kolonie, waar pa en oom in hulle jongdae baasbakleiers was en die voorreg gehad het om drank in kantiene te koop.
> ‘Jaa, dié-kan-tiene,’ sug oom Lank-Kerneels tussen in ...

Weer die betekenisvolle intonasie, waarin 'n wêreld van verlange lê.

Intussen weet die Kaapse jong, Mooiroos, profyt te trek van die goeie luim van oubaas, en sy nooi se teenstand met leuke vleiwoordjies te ontsenu, en so in besit te kom van die essensiële voorwaarde vir 'n effektiewe spookstorie: volop drank! Hierdie volk is fel lewendig in al hul uitinge weergegee.

Geestig is dikwels die natuurbeskrywing, geheel passende in die verhaaltrant.

Op Palmietfontein maak die leser kennis met 'n egte boerefees soos nog op menige plek gegee word. Maar stadig-aan word sulke uitbundige vrolikheid as onbetaamlik beskou en word ons deegliker! Hul het daar ouder gewoonte laat deurloop môre-toe, ‘en wat onder uit gestyfde wit rokkies en tussen jongmans se draaiende bene deurgeslaan 't was maar net stof... stof!’ Daarteen kon geen kersvetsnippers, nog semels op die vloer help nie! En as die sonnetjie weer lekker helder skyn, word op die groen

kweek onder die lemoenbome soetkoek en melktert en koffie rondgedien om moeë gaste te *lawe*. Ja, só kon ons Boer-volk nog feesvier. Dat dit moet verdwyn!

Waar oue olifant-jagters teenwoordig is, sal die ankertjie goeie brandewyn ook nie ontbreek nie, en ons sien hierdie lawaaiwater vanaand onder 'n riemkatel weggesteek.

Maar dan die musikante .... altyd 'n merkwaardig komiese iets by so 'n geleentheid. Ek wil u Maré se danssiening toon:

> Hiert! Toe die baster van ‘Hooptoon’ sy kop weggooi, - ‘Hooptoon! Hooptoon!’ - en die boerjongkêreltjie oor sy instrument buig, sny die twee musikante die Oujaar net gou-gou af!
> ‘Tant Katrientjie, oom Kotjie! Skulpad onder die bossieboom; vet karmenaadjie, beesbiltong; staan maar stil dat jou wangetjies dril!’ klink weg onder warrelwinde.
> 'n Ou kromruggie pyl hier by oom Hans Botha hulle verby dat baadjie-pante staan. Oom Hans hulle klap hulle hande met die musiek saam en dit dreun soos dit lag vir oom Klaas!
> Toe outa Willem Buis sy Engelse konsertiena, ingevoer uit Kimberley, so bokant sy kop hanteer, buk hy weg en dril sy musiek onder op die vloer, terwyl die boer-jongkêreltjie hier langsaan lug toe kyk en 'n onderveldse walsie op sy stringe wegslaan, dat nooiens hulle krulkoppe onder jongmans wegbêre!
> ‘Ek sal da-ans dat my broek so skeur!’ skreeu oom Klaas uit, terwyl hy om die draai weer kom en wegraak in 'n stofdamp.
> Oom Alwyn en tant Mieta, skraal oom Hennie en tant Sanna ouperdvel! druk daar vir mekaar op die draai om verby te kom!
> Met 'n boog stof bewe oom Klaas weer so weg in die maalkom van dansers en ‘hiert! julle weglêers!’

Weer 'n stuk wat alleen 'n Afrikaner ten volle kan waardeer om die enkele strepe in die strak-gespanne komposiesie. Die geheel doen my ook musikaal aan as meeslepend-ritmiese spel, waar die instrumente enkele grepe luid doen uit 'n vervoerende melodie. In die stuk eis haas ieder woord verklaring en toeligting uit die Afrikaanse lewe, wat ek hier egter nie kan gee nie. Maar die siening is naas die beste uit moderne literatuur te plaas... die tot dansmusiek geworde lywe van die musikante, wat eweseer met hul dol lawaai, as met hul kronkelend-worstelende gebare, selfs die ou-mense byna kranksinnig maak van uitgelatenheid, die meisieskoppies heeltemal vervoer onder die forse boerekêrels, die warrelwinde skep en die Oujaar *finaal af-sny*!

En dan die sonde met die dronk ou Klaas, wat die hele vaatjie brandewyn stilletjies in homself geledig het. Pragtig realisties is sy verskyning in die skynsel van die rooi oujaarsmaan, waar die olifant-jagters staan en beraadslaag:

> Toe druk daar so 'n lang hamer-kop, waar 'n klein haai - hoei baardjie aanswaai, bó deur die kamervenstertjie, en met 'n sware tong vra 'n stem vergiffenis.....

By al die uitspattinge het een tog sy deel gevind, die outeur self. Op 'n groen Nuwejaarsmôre, op weg huistoe, het hy baie sterk verlang na Palmietfontein. En sy gedagtes aan die nooi met die blou lintjies in die haar en met die wakker groot oë en - Afrikaanse sentimentaliteit? Bes, maar so dink 'n jong man nou eenmaal by ons.

Siedaar dan die komiese lag van Maré, van wie ek nog veel op die gebied verwag. Maar ons skrywer ken ook die glimlag van diepe humor by die wrangheid van die lewens-lot en die ironie van ons volksgeskiedenis. Vir eersgenoemde noem ek u *Die Putgrawer* as voorbeeld. Hier is dit nie meer die vrolike lag oor die uitgelatenheid van wie hom onverantwoordelik werp in die feestende lewe nie, waar lied en kus klink solang die stemming duur en erns kan

uitgesluit word; maar die teendeel van broederskap en eensgesinde feesstemming; - die wrange noodlot self, wat die mensdom, skynbaar na willekeur, indeel in wrede heersers en arme swoegende stakkers.

Die eenvoudige verhaal van die putgrawertjie, wat so veel menslike deemoed en droef-menslike swaar bevat, maar ook die skrynende onreg wat *Schiebertum* in lukse moet bevestig - hierdie eenvoudige verhaal, so sonder bitterheid vertel, is helaas die lewenswaarheid van so menige vervalle huis in ons armeblankewêreld, en simbool van ‘al die onbarmhartige harde rotsriwwe onder sowel as bo die aarde.’

Ons sien Toot, die putgrawertjie in sy kleine trots as hy, met eie groot lewensgevaar, ‘so 'n groot dorp iedere dag uit 'n middag-loom só vinger-siel-allenig kan wek’ met sy dinamiet-ontploffinge onder in die aarde. Dan weer op 'n wal geel grond met sy koddige pypie gestop met twak-krummels, op sy kos wagtende, of met hand aan 'n dowe oor angstig luisterende na die woorde van sy hardvogtige heer, die rykaard Grotenberg. En wyl laasgenoemde se dom, oppervlakkige en praalsugtige vrou haar verheug oor die komende *comfort* en die tegemoetkomendheid van haar man, ‘wie jy moet admireer,’ en dit nog het oor die ondankbaarheid van die werkman, sien ons 'n inmekaar figuur al hoestende sy koffie drink, daar op die opgehoopte geel putgrond.

> 'n Seuntjie sit hier vas-vas teen sy pa en hy skuil hom teen die knypende winterwindjie, solank soos hy moet wag vir die leë bord en beker, wat hy vir mammie weer moet huistoe bring, sodra pappie klaar met eet is, om Jiem die rit heen en weer te kan bespaar. Maar hy bring maar altyd die kos na pappie se werk. Die seuntjie grawe met sy toontjies hier neffens aan in die grond, wat sy pa daar vér uit die donker gat gehaal het, en krap en krap maar voortjies so ingedagte, en hy gaan ook eendag, as hy eers groot genoeg is, net so ondertoe soos sy pa,

> en dan grawe sy pa nie meer alleen nie, maar hy grawe saam met sy pappie, en hulle grawe en grawe tot hulle 'n diep ... diep-diep put gesink het en 'n mooi, heider stroompje daar ver onder in die duisternis gekry het. Ander keer kom bring hy sy waentjie, wat Jiem vir hom so mooi gemaak het van 'n sigaar-dosie, met wieletjies daaraan van mammie se leë gare-tolletjies, saam, en dan kom grawe hy vir hom mooi, donker huisies en stalletjies en diep lang tonneltjies uit die grondwalle hierso, en dan ry hy sy span dolosse en tolwaentjie daar somarso dwarsdeur - heen en weer!

Dit is 'n sterke tekening[1)] van die halfverwoeste Toot, daar sittende met sy myntering-hoes - gevolg van sy aller-ellendigste beroep, wat seunfjie nogtans in kinderlike verrukking reeds in spel druk uitoefen, in salige onkunde van die droewe komedie wat die lewe vir die vader in werklik-heid is. Die droë tering-hoesie sal die kindjie miskien ook al wi! nadoen as horende by die beroep!

Ek wil u eindelik Toot ná sy lewensgevaarlike werk laat sien, daar in die siuk-geboutjie op die katel, naas sy vrou, - vol sorge en bekommernis. Hy speel 'n onderveldse rieltjie baie droef-vertroostend op sy ou konsertiena en ‘blaas 'n rook-krulletjie in die lug by ieder draaitjie, wat hy maak op sy musiek.’ En *dink* maar eenstryk deur hoe hy tog sal deurkom met sy geldjies. En die toekoms? Maar die musiek is stil geword. Hy is besig 'n kinderskoentjie heel te maak. En dan staan hy op om te eet, en sit die skoentjie neer by die tolwaentjie en die span osse van sy seuntjie, wat 'n putgrawertjie reeds is!

Maar genoeg voorbeelde. Goed slaag Maré daarin om ons 'n kommervol-ploeterende werkmansiel te openbaar, edel en beminlik ten spyte van groot gebrek en armoede en 'n wrede maatskaplike indeling. Reeds is opgemerk dat

1) Die tekening v.d. ryk famielie is slap.

hy in staat is om ons die afgeleide gevoel as van 'n droef-komiese spel te bring, wat 'n tragiese situasie weer kan belig as die wrange humor van die lewe ...

Tenslotte die Oorlog en sy wee. Diep deurvoel is die trage en des te vernietigender smart van ons worstelstryd. Tog deurlig menige donker moment van leed en verlange om verlore vryheid en die dae van weleer, die genadige werking van die waardevolle kleine, wat ons andermaal die betreklike van al ons vreugde en smart weer toon in vertroostende humor. Ek dink hier b.v. aan die liefdevolle en menslike siening van 'n getroue ou Kaffer in die ontroerende verhaal van *Freek en sy perd Bles*.

In die stikdonker nag broei verraad tussen 'n Boer en gewapende Kaffers; maar toevallig is Freek en 'n jong Kaffertjie daarvan getuie, en kan hul die bedreigde huis van oom Bêrend, waar die verraaier teenwoordig is, waarsku. As Freek nog aarsel met die ontsettende nuus, roep klein Pikanien van outa Jonathan met venynige stemmetjie:

> ‘Oe, oubàs! oubàs! ek weet! ... ek weet! Praat, baas Freekie, en vertel die oubàs. Toe, basie ...!’ moedig hy aan.
> ‘Freek!’ skreeu ou oom opgewonde uit, terwyl outa Jonathan vir sy Pikanien hier by die agterdeur wegsleep met 'n ruk, en met hom verdwyn om die hoek, waarvandaan dit ook gou opklink: ‘Jy wette, nè? Màr jy wette nie om huistoe te kom nie, hè, swart vloek!’ en ‘doef-doef!’ gaan dit soos hy sy kind moker.

Begryplik is sy vrees vir die sluipende magte natuurlik en hy kan geen inmenging van die onnosel kleinjong duld nie.

Maar as die wilde barbare die huis bestorm en verbrand, en ook dwarsdeur die oorlog heen, bly die ou Kafferjong getrou. Eindelik kan hy die verlange na sy oubaas en baas Freek nie langer uithou nie, in die eensaamheid van die

vervalle ruïene, waar hy na die moord van sy vrou en kinders met wolwe en hiënas saamwoon, sy tabakkies pruim, en sy droefnis uit in die tone van die een ou kristelike liedjie wat hy ken.

Dan kom die bitter-einde ... Eensaam en gebroke nader oom Bêrend sy verwoeste woning. Hy is oud en ‘wit soos 'n duif.’ En die gart (hart) van die ou Kaffer voel o, so bly; en tog so báie séer: sy kleinbaas het geval ....

> ‘My gart my oubas!’ sê die oujong dan half opgeruimd, ‘my gart isse die bly, my gart isse die seer... baanja, baanja, baanja! Klein bás Frekke - klein bás Frekke, oe! my oubàs!’ die oujong vrywe hande weemoedig tesame ‘die klein bás ek hette geoppas solank, joh!’ die ou kaffer gooi 'n verrimpelde handjie voor sy oormekaarogies, ‘en nou alle dag ek het gesit hierso, my oubàs, ek hette gesit en wag - wag - wag; maar nou die gart van my hy trôr (treur) somaar, en die ògge van my hy reën (die water, nou vandag die oubàs hy hette terug gekom, hy hette nie vir Frekkie saam gebring nie! oe! Joh!’ met'n treurende en bewende stem, ‘Oe! Joooooh! Joh - joh...!’

Ontroerende hartetaal vol saamgeprangde oorlogsmart en liewe herinnering. Sulke smartliedere is seldsaam skoon!

Hy vertel die lugubere verhaal van Kaffermoord en sy getrouheid. Oom Bêrend is diep getref deur *sy* standvastigheid, sorg en trou, waar sovele van sy eie landgenote verraaiers was. Vol ryke humor is dan wat volg. Op woorde wat eintlik 'n bietjie hoog vir hom is:

> ‘En die koekkens, my ou bàs Bèrrènd!’ roep outa weer met vreugde uit, ‘ek hette vir hom gespaar! Môre die oubàs hy sal sien, nie meer die klein koekkens nie, hy sien làs hiersó, nee, roerie nee! maar nou die gròt hoenner hy sal sien somaar só gròt wat die eier lê!’

Wat 'n skat nog oor, en wat 'n trou!...

En dié aand, dáar op die kweekgras - ag, 'n huis was daar nie meer nie - het ou Jafta rats gewerk met sy vet karmenaadjie, en in die gloed van die kole was daar weer vreugde te lees op die gesigte van helde: die eie stukkie grond, die troue siel met sy karmenaadjie, die kuiken-rykdom .....

Jochem van Bruggen.

Jochem van Bruggen, hoewel Hollander van geboorte, het hom diep ingelewe in die Afrikaanse psiege en omstandig-hede en veral die armeblankewêreld, wat hy met liefde en humor sien. Waar hy hom in sy eerste werk skuldig gemaak het aan oordrewe beskrywinge van grenselose slegtheid, loop die stygende lyn van sy kuns nie oor die skurk Liebenberg nie, maar begin dit by die bywoner-tiepes in *Teleurgestel* (1918): Liepie Stols, Moeder Greef, Luikes Greef en die kinders. Eersgenoemde wil ek u wat nader toelig in sy jammerlik-komiese futloosheid.

Liepie is die tiepe van karakter wat eintlik nie gemaak is vir die stryd van die lewe nie. Sy weke deeghart word buiten sy hartebeeshuisie of tent in enige vorm gedruk, teen wil en dank. Teenoor krag weet hy hom vooruit hulpeloos. Deur larmoyante geseur trag hy nou en dan medelye by andere op te wek; maar kan in sy kruipende lafheid bes 'n skop verdra. Hy pleeg verraad, maar nie deur eintlike slegtheid nie; eenvoudig uit lamme lafheid. Vir werk en aanpak het hy natuurlik in die geheel geen sin nie; daar kla hy liggaamlike siekte en onvermoë by; hy wil gedra word deur die maatskappy. Alle robuustheid maak hom senuweeagtig. Die klein benepene is sy element, en met sy kindertjies te speel en vir hulle speelgoedjies in mekaar te timmer, is sy liefste besigheid. Hy wil die dolce-far-niente-bestaan, maar nie uit gesonde luiheid nie, maar as gevolg van bewuste lamlendigheid en futloosheid. En tog het ook

hy sy goeie eienskappe, soos sy liefde vir sy kinders, byvoorbeeld. Die storie van die heldedade van die voorouers laat hom weer fierheid voel; dan merk hy nie meer die pyn in sy rug nie en praat van ‘aansluit’, wat sy vrou trots op haar man laat voel. Maar die momenteel hoëre vitaliteit sink aanstons weer tot abnormale doel- en willoosheid.

Dit alles is meermale met humor gegee, al verval die skrywer soms in die karikatuuragtige. In sy later werk kom dieper deurlewing, verinnerliking en kragtiger skepping. Tog wys reeds hier menige rake kensketsing en aanskoulike weergewing van die realiteit op skerpe opmerkingsgawe en plastiese vermoë.

Groot vooruitgang toon sy volgende werk: *Op Veld en Rande* (1920).

Op die plaas van Andries Vry woon verskillende armeblanke-famielies op lappies grond wat hul bewerk uitsluitend vir hulself, maar waarvoor hul arbeid aan die baas verleen, as hy hulp nodig het. Die heer word ons geteken as kalm berustend en tevrede met Gods beskikking in alles. Hy is konserwatief, en nuwe masienerie wat mensearbeid verminder wil hy nie hê nie, trouens ‘ons mense versleg langs die beste masien, want hul lywe rus en hul gedagtes woel.’ Baie duidelik is oom Andries ons geteken. Nou leun hy diep in die armstoel op die breë stoep, dan weer blaker hy stofwolke onder die vernielende spreeus op die lande, of loop met regop houding en patriargale kop oor die werf na die werk.

Vader peins: ‘Moeder se maklike veldstoeltjie, net vir haar gemaak deur homself toe hy nog rats was - haar voetstofie en haar naaldwerkkissie. - O, rustig is daardie lewe en innig vroom blink die eenvoudigheid!’ Sy breë rug is vol en sag oor die leuning en oom Andries kan ver oor die lande kyk waar hulle nou hawer sny en hy is dankbaar dat hulle vorder met die oes - sy bywoners. Breed, innig en vol waardering is sy blik.

Ons maak vervolgens kennis met 'n eks-mynwerker De

Klerk, wat 'n stukkie grond bo in die rand kom huur, omdat dáar blomme is vir sy vrou en die suiwerste lug vir hom. Aardig is die prosaïese siening van oom wat die eerste betref: dié vervuil net die plaas en groei so welig as of hul die huisie daar met geweld wil inneem!

En dan die *bywoners* - hul klein boerderye, armsalige wonings, woelige kroos en verskeidenheid in die bywoner-maatskappy. Daar is o.a. die uitgeteerde murasie ‘waarin die armoede van Sitman en sy gesin broei.’ Fel is die skildering van verliederlikte armoede en hopelose verslegting. Die huis is 'n vuile krot, die kindertjies wroetel in die stof, die vrou gaan krom deur 'n lewe van enkel ontbering, en van bo tot onder verwaarloos is Cornelis Sitman self, ‘'n onbeduidendheid, wat in die lewe bly, deurdat sy vrou Bettie, as sy fris is, 'n sober stukkie kos tuis bring.’ Hy lewe van die jammerte van andere. Hy is doelloos, willoos, vol ingebeelde kwale en 'n vyand van alle vaste werk. Af en toe verrig hy knutselwerkjes vir kos; maar altyd het hy 'n ongebleekte kussingsloop in sy sak opgerol of 'n suikersakkie, waarin hy sy gifte ontvang, as hy harte verweek het met sy klaagliedere. Vandaar sy bynaam ‘meeldiaken’.

Natuurlik is nie alle bywoners soos hierdie ellendeling nie; maar ons sien hul onafwendbare kwellings en ook selfgemaakte kruise, hul benepe-kleine beslommeringe tuis, hul ontevredenheid met die lewe. En in die newelagtige brein en stroewe gees groei die onlus van hul omgewing en ook die begeerte om daaruit te wees - wèg, vèr weg, na die myne toe!

Kragtig is die siening in so 'n werkmansiel as dié van Japie Gouws, dáar in die hawerland, waar ons iets tragies voel huiwer onder die humor van die situasie. Die manne laat die sekels sing in die glansende hawer ... Die litte is los en dit noop tot 'n wedstryd in die frisse môrekoelte. Japie Gouws en Willemse druk mekaar. Eersgenoemde is nog vol wrewel van die vorige aand en ergernis rys in hom op. Sien die mokkende wese dan in sy geweldige kraginspanning,

brandende drif en hulpelose uitputting. Hy srayt die sekel neer, hou hom nog groot, maar stap haastig weg. Hy verlaat die plaas vir die myne. Maar dan die teëstelling in die veranderde mens en houding, as Jaap later in kakiepak en met lugtige, spoggerige plaatjies, deurspek met Engelse woorde, op weg na die oorlogsfront die vriende vaarwel kom sê!

> Jaap Gouws het kom groet, want hy moes na Duits-Oos. Blink, gladgeskeer, met rybroek en kamaste en met al die windmaak van sy nuwigheid, het hy kom neersak by neef Niklaas .....
> ‘Bees!’
> ‘Ja neef Niklaas, jong! ek is 'n Afrikaner en ek laat my nie beledig deur 'n Engelsman nie, en ek en die “sjifbaas” is toe aanmekaar!’
> ‘Wat?’
> ‘Jong! en ek het vir hom gesê, sien jy, dat, die seewater hom nie kan afwas nie, en ek is toe af met die skip!
> ‘Ek jy is toe af?’
> ‘Ja, af in die “sjor” en onder in die “stoop” het ek die kaffers laat boor dat dit so bars, want ek was vir jou net vies, boeta!’
> ‘En jy was vies?’
> ‘Boeta! Moenie praat nie! - En dis nie te lang nie of ek moet bokom!’
> ‘Wat?’
> ‘En dis weer ek en die ‘sjifbaas’! en ek en die ‘sjifbaas’ - ons twee aanmekaar!
> ‘En dis jy en die ‘sjifbaas?’
> ‘Ja neef Niklaas, jong! en dit was so hettete, of my vuis was onder sy neus!’
> ‘Bees!’
> “Boet, maar dis mos Boer se kind hierdie en hy sal hom mos nie van 'n Engelsman laat beledig nie.

> Ek het hom toe reguit gesê, hy kan met sy ‘jop’ en al na die swernoot gaan! En ek is toe vort!’
> ‘O, en jy is toe vort?’
> ‘Ja, boet, en ek het vir twee dae so 'n bietjie uitgerus en toe het ek gaan ‘join’ vir Duits-Oos; want ek laat my nie vermaak van 'n Engelsman nie.”
> ‘Bees!’ .....

Die geheel is kostelik. Die taal is dramaties-beeldend en weerspieël u die innerlike en uiterlike gesteldheid van die sprekers. Die rou-naïewe, verblufte bywoner, wat die ander se onverstaanbare frases en woorde dom-outomaties vraend herhaal, met sy idioot starende koei-oë, waarin tog bewondering blink ..... en teenoor hom, die losse gebare en vlotte spogtaal van die would-be soldaat, wat oor die meganiese vrae van sy hoorder eenvoudig heenstap, en tog wel deeglik bewus is van sy vreemde spraak en die minderwaardigheidsgevoel van sy vroeëre gesel. Mooiste is, ná die vyf vrae op erg gerekte, tiepies bywoner-toon en die oor-blufte gelaat, die plotselinge lig in sy oë, die begrypende lag, die één woord met énige intonasie: béés! Die kostelike grootdoen van die kakie-draer, wat Boer se seun is, lê dan ook juis in die pragtige refleks van die ape-intelligensie van Neef Niklaas!

Sien hierdie tragi-komiese oorlogsdrif wat die stomme stakkers oorval het, teen die agtergrond van diepe erns en teleurstelling van die ou boer, weer verlig deur 'n flitsie humor in die herinnering aan die Bybelse woord dat jy in die laaste dae vreemde gesigte sal sien (b.v. Gouws in kakie) en wonderlike dinge sal hoor (b.v. bywoner-meditasie in verband met die wêreldoorlog). Of Mars ook Sitman oorrompel het? Die oorlog self het opgegee vir hom, sê die skrywer.

Hoog op die rande in 'n bouvallige huisie naby 'n fontein, in 'n weelde van kosmos, by die gekoer van 'n

eensame duif, het Alwyn de Klerk, Hendriena sy vrou, en hulle twee kindertjies, 'n kat en 'n steekbaard-hond hulle intrek geneem - weg van die rumoerige wêreld, vèr, vèr weg van die sataniese myne met hul tering-vloek. In Gods wydse natuur sou gesondheid en robuuste krag weer terugkeer! Helaas, die droom so skoon van inbeelding, was te teer vir die wrede werklikheid, en désillusie moes volg. Die grote eensaamheid het die vroutjie eerste neergedruk, en Alwyn het hom verwonder oor die liefde van Hendriena; want waar hy gaan is sy. ‘En toe die rande weggevloei het in een swart stil oneindigheid om hulle heen, en selfs die kat se kloutjies getik-tik het oor die vloere, so duidelik in die ongesellige huis, toe het sy baie naby Alwyn gebly sit.’ In die omklemming van metelose ruimtes was elke asem welkom, selfs die toonbeeld van minderwaardigheid en futloosheid - Sitman. Lees die kostelik beeldende taal waarin die bywoner hom geheel openbaar in al sy leuterende onbeduidenheid; waarin iedere salwende toon en vose repitiesie sy eie murgloosheid verkondig, tenspyte van die plegtige versekering van grote handigheid. Geheel afwesig is elke bygedagte van die outeur; Sitman is in elke uiting waar en tenspyte van sy inherente voosheid tog met medelye gesien. Ek herinner ook aan die plek waar die besluitelose Sitman sy ‘besluit’ om by De Klerk te kom woon aan hom meedeel. My plaasruimte verbied 'n sitaat. Maar ons sien op uitstekende wyse uitgebeeld die femelende vrypostigheid van hierdie lamlendige mense-soort. Sitman durf nie dadelik met sy vermetele versoek voor die dag kom nie en probeer dit te verberg *en te vertraag* deur 'n welbewuste geseur oor 'n besluit wat hy en Bettie geneem het. Bang vir haar verwyt hierin is hy allermins, maar wel dat sy versoek sal geweier word. En daarom nog getreusel en die versukkelde kromrug met haar huigelende deemoedigheid voor die dag gehaal vir hulp *en effek*. Kostelik egter, is haar stomme versuftheid as Sitman haar herinner

aan die besluit van verlede nag. Pragtig vererger hy die toestand deur skaamagtigheid voor te wend. Maar selfs die herinnering aan die dorstige ‘Neelsman’ in die midder-nagtelike uur kan haar idiote gestaar op sy hempsknope nie verwyder nie. En tog, sy antwoord klink ‘resoluut’ op die direkte vraag van De Klerk, al kom die ‘besluit’ dadelik minder ‘beslis’ uit! Maar genoeg, u vergeet hom nie weer nie, hierdie skepsel met sy ‘skaamrige laggie oor sy swaarmoedigheid.’ Hoog staan sulke kwaliteite van weergewe, al is dit in humor van die kleinere soort.

Sien die De Klerks nogeens op die eensame rande, waar herhaalde teëslae die laaste moed en teenstand verbreek het. Ook die liefde van Hendriena kon nouliks onder soveel stille leed gestadig bly. En sy het gaan verlang, verlang ... Haar blik kon úre lang oor die rande dwaal in troosteloosheid, en tenslotte het by haar 'n godsdienstige dromery ontwikkel, wat haar man se humeur soms baie swaar op die proef gestel het.

> Op 'n seker dag in die winter moes hy weer dorp toe. Sy was die hele môre 'n bietjie swaarmoedig en hy 'n paar dae al hees. Hy was net besig om sy rywiel op te pomp, toe sy so dromerig kom sê: ‘Jy weet Alwyn, ons kan die Here nie genoeg dankbaar wees nie, dat ons nog lewe!’
> ‘Ja,’ antwoord hy hees so onder die oppomp se gefluit deur en sy verstaan hom nie.
> ‘Ek sê, jy weet Alwyn, dat ons nie dankbaar genoeg kan wees nie!’
> ‘Ek sê ja!’ sug die hese stem saam met die fluitsugte van die oppomp en sy verstaan hom nog nie, waarop sy tamelik vinnig herhaal: ‘Ek sê Alwyn, jy weet ons kan werklik nie dankbaar genoeg wees nie.’ Hy los die pomp in drif. ‘Ek sê ja! my liewe makstiks, wat lol jy dan so!’ en op die plek bars Hendriena in 'n histeriese gehuil uit. Toe Alwyn nou

> die narigheid sien, word sy hart week en hy laat haar geduldig teen sy skouer uithuil en daarna stap hy na Sitman toe.
> ‘Korneels julle moet vanaand weer 'n bietjie die vrou kom troos, want ek gaan dorp toe.’
> ‘Neef Alwyn ek sê so passies vir die vrou, ek sê jy moet maar almelewe net praat as jy ons nodig het, want ek reken so, waar ek 'n man kan help, daar doen ek dit. Kyk ek is nou 'n snaakse man as ek.....’
> ‘Baie dankie!’ sê Alwyn en stap haastig weg.

Wie ons immense ruimte ken en ook weet wat vir sielestryd verlatenheid kan skep, sal iets gaan gewaar van stil-skrynende wee, wat soms in histerie sy verlossing soek. Hy sal ook die ongeduld en wrewel kan begryp van wie aldeur moet sluk godsdienstige dwepery en dankbaarheid om die *gawe* van die lewe. En tog wat 'n humor weer! Sien dit in die goedbedoelde en tog so tergende herhaling, met die fluitsugte-akkompanjement van 'n armsaligefietspomp; in die histeriese uitbarsting van opgekropte leed, waarby die dankbaarheidsgeprewel haas iets demonies kry; in die komiese teëstelling van Sitman en die enigste *vertroosting* in die lewe!

Na al die voorbeelde mag ek tog die volgende tafereel u nie onthou nie. Lees dit in sy geheel (p. 33-42).

Buite die winteraand, koud, donker, triestig. In die kombuis om die es, by 'n suikerboskoolvuurtjie, beweeg onophoudelik die vlakke fantasie van die bywoner-*vertrooster* as dof geklots van stilstaande water. Sy vrou tuur in die geglim van kole in volmaakte rus en behaaglikheid, wyl Hendriena vèr en vol weemoed dink. Dan kyk sy vol angs en skrik op, as die dronke uitgelatenheid van 'n aantal Kaffers op 'n ‘tea meeting’ tot hul deurdring. Die vertrooster vertel grieselige verhale van Kaffermoorde by sulke geleentheid, en aaklig droefgeestig klink deur suip-rumoer die gehoe van 'n uil op die nok. As Sitman nog sy bygeloof hiermee in verband

bring, raak sy langsaam weg. Mooi van humoristiese siening is dan die scène wat volg. Bettie bring die uil in verband met die floute en staan verbouereerd; maar dan raak 'n sekere verantwoordelikheidsgevoel haar meester en sy staan daarop dat Sitman die ‘ouvrou’ se hulp gaan inroep. Pragtig is haar bygeloof en vrees aangedui. As haar man die donkere nag ingaan, dokter Bettie fluks deur. Kostelik is haar simpelheid: te dokter tot die middels ingee, te dokter tot dit eenkant-toe is met die siekte..., en komies is haar alleenspraak, waarin ons die trage werking van 'n verroeste brein sien. Besluiteloos is sy af en toe, daar 'n goeie raad vir haar stand miskien nie sal help by ‘sulke anderster mense' nie. Verwonderd is sy nêrens in die huis 'n medisyntjie te vind nie soos by haar mense. Dan 'n mosterdpappie onder die voete geprobeer en 'n ghriespleister onder haar bors - ‘haar gehele nietigheid gaan op in die taak’. Maar niks wil help nie. Opeens 'n herinnering!

> ‘My oorlede ousus het mos ook kort-kort so weggeraak en dan vat my oorlede moeder ou lappe, wat sy brand, en dan druk sy dit onder oorlede ousus se neus.... maar ek kan mos nie gebrande ou lappe onder nig Drienie se neus gaan druk nie! Hulle is mos heeltemal anderster as ons, hulle natuur is anderster, hulle lewe is anderster.... en hoe kan ek dan gebrande lappe onder haar neus druk? Maar sy sal dit mos nie weet nie. En as dit help, dan kan ek vir haar 'n goeie raad gee....’

Sy doen dit. 'n Brandlug vul die huis, wat die twee De Klerkies laat wakker word en hoes; ‘die Sitmantjies is rook gewend en slaap rustig deur!’ En werklik kom Hendriena by. ‘Jy kan gerus die raad onthou’, voeg Bettie haar dadelik trots toe. Tiepies is die trek dat mevrou dadelik aan die gemak van andere dink en koffie laat sit vir die goeie ou tant Qrieta, wat nou verniet moet kom! Mooi is ten slotte die scène om die bed waar die ouvrou met haar teen-woordigheid 'n rustige gevoel van vertrouing inboesem.

> Bettie en Neels is in die woning geslink tot by die kombuis-es, waarop die ketel sing. En tant Grieta sit voor die katel. Dis al ná middernag. Die kaffergeraas is luider en wilder as in die aand, maar dit hinder Hendriena nie nou nie. Sy vertel selfs opgewek van die uil en glimlag omdat sy so vreeslik bang geword het daarvoor.
> ‘En dis mos 'n groot kwaad in die Here se oë om op voëlgeskrei ag te gee,’ sê outant Grieta ernstig en met vrome glimlag. ‘En waar was dan jou geloof? Is jou lewe dan nie in die Here se hand nie?’

Die ‘vrome glimlag’ van die goeie ou tante wat bestraf, maar al te goed begryp, dit ook is die taal van humor.

Nog 'n (laaste) moment uit *Bywoners*.

Ek gaan die tiepiese bedelgewoonres van die famielie Sitman verby, hul vraatsug as ná verhongering 'n buit hul in hande val, hul luiheid dan daarná, hul verregaande' skaamteloosheid .... en wil u liewer tenslotte in die Kafferkrot van 'n hartebeeshuisie bring, waar in rook en goorheid 'n nuwe Sitmantjie die lewe ingeslinger geword het, waar die verliederliking van dag tot dag nog toeneem, maar waar tog nog die *moederliefde* lewe, wat op 'n bleek gelaat en in vervalle oë 'n vreemde hartstog wek, as sy haar kind wild teen haar borste druk ... Niemand sal in die heiligdom van haar wonderlike liefde binnedring, geen weeshuis of mediese behandeling die lewe van haar kindertjies versôre nie. Sy alléen ken hul, begryp hul kwaaltjies, kan hul help, het hul lief .....

> ‘Hendriena sê, hulle wil my kinder van my af wegvat; en dan moet hulle in 'n weeshuis kom. Ek wil dit eers sien! Hulle sal my moet saamsleep! Hulle sal nooit soos ek vir my kinders sorg nie! Daar is Driesie!... Uit die staanspoor is sy maag onderstebo! Al wat vir hom help is ambei-bossie ... Sal hulle tussen die kliprandjies rondloop om ambei-bossie te

> soek? En dit laat trek? En dit vir hom ingee? - Nog nooit nie! ... En Neelsmannie - die eerste dag sal hulle vir hom takel, oor hy so pieperig is. Hy is mos sy vader so uitgedruk. En hy kry almelewe sulke skielike pyne. Hulle sal hom mos nie glo nie! ... Ek vat almelewe die pynplek vas tot hy verskiet; maar sal hulle die pynplek vasvat? Nog nooit nie!'

Die ernstige konflik van die armsalige moeder met haar misplaaste jammer en haar onkunde, word in sy realisme ons weer kornies. Die teenstrydige soek weer 'n oplossing in die milde humor.

So toon Van Bruggen ons in menslikheid sy karakters uit die laagste lae van ons volkslewe. Maar, alles bly nog te fragmentaries; die heerlikste vindinge en visies laat Van Bruggen hom só weer ontvlug. So wag ons by al die mooie fragmente nog steeds op die grootse skeppingsdáad.

Die Burgemeester van Slaplaagte (1922).

Te verwagte was dat Van Bruggen, wat die vervalle lewe van ons armeblankedom so diep deurtas met sy navoelende begrip, ook die noodlottige magnetisme van die Goudstad in verband met die eenvoudige boere-psiege sou uitbeeld in tragiese gebeure.

Die hooffigure is hier oom Lood, wat op 'n klein stukkie eie grond woon, en sy lewenslustige, seksueel-ontwikkelde en deur die ondraaglike Slaplaagte-vervelendheid sterk geïrriteerde dogter, die mooie boernooi, sy spogkind, Levina, wat deur die heerlikheid en vryheid van die Johannesburgse lewe van haar ouers weggelok en aldaar ten gronde gerig word deur die ligmis 'Skeelgans'-Peach. Hierdie laaste gedeelte, die eintlike 'val' van Levina en daarná, word in 'n paar paginas *vertel* in opsomming van 'n paar uiterlikhede, waar 'n lydende mensesiel ons verborge bly. Die heerlikste gegewens vir die skeppende kunstenaar het Van Bruggen nie aangedurf nie, en wat hy so opsom is volmaak onge-

nietbaar vir wie De Meester ken. Maar met oom Lood is hy op bekende terrein; daar vind ons sy suiwerste en onmiddellikste impressie. So bring die Afrikaanse kunstenaar ons die komiese en gemoedelike humor, waar rein tragiek misluk. Laat ons die objektiewe humor in die uitbeelding van oom Lood nader beskou.

Op die groot plaas, Slaplaagte, oorspronklik die *onverdeelde* boerdery van die grootvader van die meeste teens-woordige besitters, woon op 'n bultjie heeltemal apart van die ander kleingrond-eienare oom Lood, sy vrou en dogter. Die plaas is tot 'n klein dorpie gegroei met 'n winkel en hotelletjie, 'n skool en 'n onderwyserswoning.

Die gees van Slaplaagte word reeds volkome deur sy naam uitgedruk: 'n totaal benepe en suffe atmosfeer van siele- en geestesbelewinkies wat sentraliseer om kleinhuislike gebeur-likheidjies en peuter-onderneminkies, soms klein-vernaam betroebel deur detail-kwessies en beuselagtige ambiesie.

Van dit alles is oom Lood die mees konsekwente representant, totdat ouersmart en bittere teleurstelling hom laat ryp tot diepere menslikheid...

Oom Lood gaan heeltemal op in die klein-gewigtige lewe van Slaplaagte. Met die hulp van sy flinke lewens-gesellin bewerk hy sy tuintjie - 'n boerdery besit hy nie -, woon elke openbare vergadering in die omtrek by, en dien vrywillig as koster op elke buitekerk. As hy smiddags op sy veldstoeltjie in die koelte voor die huis sit en neer kyk op die gewerskaf van die eienaars wat vir hom daardie lappie vergunningsgrond gegee het, dan lyk hy op die koning van Slaplaagte! Die ambiesie van sy lewe is om koster te word, as Slaplaagte eendag 'n eie kerkgebou moet kry. Vir hom is dit 'n uitgemaakte saak - ‘die kerk ontbreek net.’ Hy het die naam van ‘Burgemeester’ gekry van die *élite*, d.w.s. die hoë mense ... wat handel drywe en spekuleer met die plaasmense. In die winkels was dit ook sy offisiële tietel. Oom Lood het verstaan om hom nie dood te werk nie.

Die siel en krag van sy huis en sy lewe is sy flinke en sterke vrou Levina. In huis laat hy haar regeer, maar daar buite en veral op vergaderinge laat hy graag sy stem hoor en is hy 'n troue sekondeerder.

Veral op die skoolkommissie-vergaderinge is hy besonder gestel. Volgens hom word hulle glad te selde gehou! ‘'n Mens moet meer wys dat daar belangstelling is in die skool-kinders se vooruitgang, en 'n mens kry almelewe by meester die indruk dat alles baie voorspoedig gaan wat die onderwys betref. Dis net 'n windpomp wat kortkom’ - meen oom Lood.

Die groot ‘gewigtigheid’ en selfvergenoegsaamheid van die kommissielede word goed aangetoon en die nietighede ten beste gegee, waarmee dié hoogsverantwoordelike liggaam hul ‘vernaamheid’ toon. Hoogs komies is die blik op hul in die skoollokaal. ‘Stemmig soos in 'n kerkeraad’ volg die lede die voorsitter, wat die plek van meester inneem. Die manne wring hulle lywe met moeite in die klein skoolbankies. Meester sit ‘somar eenkant .... 'n mens kan sien dat hy nie 'n skoolkommissielid is nie!’ Eers 'n gebed, en dan gaan dit oor die windpomp, waarby allerlei volkswysheid te pas gebring word; dan oor die oorlog, die Afrikaanse gewoonte aan oorsese artiekels die voorkeur te gee, die kombers wat oom Lood by Spantou gekoop het, Afrikaanse windpompe, die middelman in S.A., weer die kombers, ens.; tenslotte sekondeer oom Lood teen sy vorige houding in!

Van Bruggen ken dié tiepe deur en deur - en gee hul in al hul gewigtige ‘belangrikheid’, *sonder* om met sy eie subjektief-komiese siening en *persoonlike geestigheid* die objektiwiteit van sy uitbeelding te skaad. Ons hoor en sien hierdie mensies, soos hulle inderdaad is.

Meerdere voorbeelde van skerpe opmerkingsgawe, speursin vir kleine nuanse, psigologiese fynhede sou hier aan te toon wees. Ek herinner aan die siening van oom Lood, die eerste môre ná die terugkoms van sy dogter in geselskap van haar skeel Engelse minnaar. Oom Lood op die streepsak, waar hy 'n skoen repareer, merk 'n vreemde tederheid in sy kind:

> ‘Ek het verlang na hierdie huisie pa; na Slap-laagte ... en vernaam na pa hulle.’
> ‘Regtig?’ vra oom Lood aangedaan, en hy hamer vinnig op die skoenspykertjies hier voor hom. Dis 'n lastige sool hierdie - hy wil maar nie soos 'n mens wil nie. Die mense wag ook almelewe tot hulle op die binnesole loop, en dan stuur hulle die skoene vir oom Lood om reg te maak. Ineens hou hy op en kyk vir sy dogter ernstig aan.
> ‘Hoekom het jy glad nie meer vir ons in die laaste tyd geskrywe nie, Levina?’

So toon Van Bruggen reeds mooie beheersing in sy weergawe. Dieper word die toon van humor as ná die smartvolle tyding dat Levina met *spessel laisen* getroud is, die twee oudjies na die stad van sonde gaan. Ewetjies word aangeduidie bedwelming van die stadsrumoer op die eenvoudige psiege en die verbluffing van rykdom by die eerste ontmoeting. Maar in die lange ure van rusteloosheid dink die ouers met smart aan hul verlore kind. Sien hul vroeg op 'n Sondagmôre. Dis nog skemerdonker. *Die* stad is spookagtig somber en in die verte dreun die myne. Vir oom Lood lyk dit of die dag hier oud gebore word en hy voel 'n ondraaglike smart om sy hart wring. In die kombuisie soek tante vuurmaakgoed. Haar stemming is baie somber. Alles vind sy op slot. Sy voel 'n ‘haastigheidjie’ opkom en oom Lood, self diep neergedruk, moet kalmeer. Sterk spreek die afkeer in die ‘skeelgans’, wat tussen moeder en dogter getree het, en ook die vroulike inruïesie wat onraad gewaar. Mooi is daarteenoor die Bybelwoord van oom Lood.

Die son het intussen opgekom en in die stille môre lui daar 'n klokkie van 'n Roomse kerk. En oom Lood vergeet sy grote smart, en lewe vir 'n oomblik alleen in sy ideaal:

> ‘Glad te vinnig! Dis veels te vinnig! Daardie man verstaan nie sy werk nie. Hulle doen hier in Johannes-burg alles hals-oor-kop, lyk dit vir my. Harta, onthou

> jy nog die koster van Rustenburg se gemeente? Hy het almelewe die kerkklok gelui dat dit die moeite werd was om na te luister. Vèrweg oor die hele dorp kon 'n mens hom hoor - hoe verder, hoe duideliker; en suiwer het dit geklink, publiek soos: “kom sondaar!... kom sondaar!” Dit het die mense geroep tot in hul harte. Maar dis nie elkeen se werk nie. Dis 'n slag. Jy moet verstaan hoe om jou lyf mee te gee met die opruk, terwyl jy weer met die afkom net tweekeer so half stywerig 'n rukkie gee, om die “sondaar” reg te kry. Jy moet net oppas om jou lyf nie te styf te hou nie, anders kom die woord nie duidelik nie. Nee, wat! Hierdie een moet nog jarelank leer kloklui by Rustenburg se ou koster. Hier in Johannesburg sal hy dit ook nooit leer nie; en wie sal hom verstaan? Dis mos vir Engelse wat hy lui. Laat hom maar opdons!’

Maar tog het die klokgelui van daardie Roomse kerk sy stille wyding in die gemoed van die eenvoudige paar. En hul voel hul nader by God.

> O, hulle harte is vol ouersmart vanmôre, daar in hulle kind se huis; en dit wil breek asof die druk te groot is op die oomblik. Die klokkie lui en lui maar deur dat God die sondaar roep, dat die verslagene van hart moet kom; en in die klokgelui juig troos en saligheid. So onbewus dink altwee dieper in die grootheid van hulle innige, eenvoudige geloof. En dit tril eers suutjies as die vèr geheurie van 'n lied oor haar lippe:
> ‘Jezus neemt de zondaars aan ....’ almaardeur luider en luider, tot dit gepaard met oom Lood se forser stem die huisie van hul kind vervul van heiligheid. Niks kan die hartsontboeseming nou temper nie; dis hulle huis, en die kombuis is hulle s'n ....

Hoe sien ons die diepere geloofslewe hier van wie arm van gees is en getroos word. Die huis, die kombuis is dan ook inderdaad hulle syne ....

Wie voel nie uit hierdie eenvoudige tekening van die werklikheid die skoonheid van sulke stille vroomheid nie? Wie sou dit ook nie wil verkies bo die goedkoop gemoraliseer van 'n dosyn lekeprekers in ons ‘romans’ of ‘drama‘ nie?

En wat 'n milde humor in die diepere lewensaanvoeling van Van Bruggen.

So het 'n Boere-psalm dan op 'n vroeë Sondagmôre in 'n huis van vrye liefde in Johannesburg 'n liewe sondares gewek, as klokgelui tot nuwe erediens ....

Tog moes sy tragies ondergaan.

Ampie.[1)]

‘Ja, Flip, baar as 'n Vaalpenskaffer, vuil as 'n Koelie-meid; maar dis 'n witman, 'n Afrikaner-kind, en sy wil is goed, soos dit my lyk.’ Siedaar die eerste indruk van die boer Booysen van die held van ons verhaal. Inderdaad kon hy later meer goeds van hierdie agterlike seun van by die twintig jaar vertel. Ampie was uitgebroei waar verslegting en verliederliking en idiotisme daeliks toeneem; waar werkeloosheid en doelloosheid siel en liggaam verwoes, en lewenswrakke tot tronk-kos maak; waar selfrespek haas nie meer bestaan nie: in die moerasse van ons armeblankedom - die jammerlike proletariaat van duisende byna swaksinnige ellendige, wat deur oorlog en die snel wisselende beskawingstoestande 'n prooi geval het aan die onheile van 'n nuwere tyd, wat hul grootvaders met sieleadel in 'n woesteny ingelui het.

1) Na die terperse gaan word my drukproewe van hierdie jongste roman van Jochem van B. toegestuur. Om die betekenis van die werk, ook in verband met ons humor, gee ek nog 'n karakteristiek.

In 'n murasie, sonder volledige beskutting, en in viesheid, soms erger as dié van 'n Kaffer-nes, het die kind van ‘Goor’ Dawid Nortjé en ‘Simpele’ Bettie en die broer van half-idiote kindergespuis sy jong lewe geslyt. Die beestelike halfdood-kastyding tuis het in hom wrok, lis, leuenagtigheid, lafhartigheid en wreedheid op sy beurt aangekweek. Tog lewe in Ampie 'n frisse natuurdrang en die heerlike kinderverbeelding en -ideale, wat dikwels in geweldige drifte uitlaai of in naïewe lugkastele-bou 'n siels-behoefte wil bevredig, wat ons by sy mees onmaatskaplike doen en klein vergrype aan die sedelike kode met groot simpatie vervul. Dikwels laat hy dink aan 'n gesonde jong bees, met sy natuurdrifte wat onkeerbaar is waar eenmaal sy hartstog woed. Of dit 'n dier is of rasende vlammetonge wat Ampie tot sy prooi kies, hy word besiel deur 'n moordlus, wat voortja solang daar teenstand is. Primêr is sy seksinstink, en goed word sy sinnelikheid aan-gedui; goed ook (maar fragmentaries) die ontplooiing van sy ware liefde. Ampie kan baie teer wees, ook eindeloos verlangend na sag-vroulike goedheid en liefde om sy blinde drifte en lewensteleurstelling te kalmeer tot 'n toestand van sielsrus en innerlike geluk, wat hy steeds ná wraak-gedagtes en beestelike bruutheid weer na haak.

Sy gedagtewêreld is dié van 'n agterlike seun, sy taal (met enkele uitsonderinge) dié van homself en beeldend, sy geestelike en morele vooruitgang moeilik en gering deur aangebore en aangekweekte eienskappe. Hier sou die skrywer nog veel meer psigologiese ontwikkeling in 'n vervolg op hierdie werk kan aantoon.

Om kort te wees, Van Bruggen het nêrens iets van Ampie se wilde drifte wil vergoelik nie, maar hom enkel in groot verdraagsame menslikheid gesien; en sy natuur-neiginge ook nie wil verheerlik nie, maar in humor verklaar. Ampie voel dikwels magtig-sterk die verlange skryn na vryheid en geluk; en dan volg hy louter sy instinkte, en rebelleer sy ganse wese nie alleen teen die dodende beklemming van sy

ouderlike krot nie, maar ook teen die maatskappy met sy brute geweld of die geheimsinnig werkende magte wat daarop uit skyn om hom te vernietig. Hy haak na die frisse atmosfeer van bosse- en vlaktevryheid, of soek sy vertroosting in die meevoelende liefde van sy stomme boesemvriend, die esel ou-Jakob, of in 'n droomwêreld met sy geliefde, maar moeilik te vange Annekie. Sy sieleadel is sy natuurlike menslikheid en mededeelsaamheid. Deur bittere smart en teleurstelling moet hy langsamerhand ryp tot 'n man wat die vertroue van die goeie Booysen waard sal wees en die liefde van die eenvoudige boeredogter.

Komies moes die dink, voel en handel van die natuurkind ons voorkom, maar dit is die lagwekkende op die basis van diep-menslike simpatie, wat die skrywer in geestesvryheid ons in hierdie toiingskind openbaar. Daaroor vervolgens meer in die besonder.

Al dadelik humoristies is die siening van Ampie op die vandiesie, waar hy sy troue ou esel moet verkoop, sodat sy pa hom weer kan sat eet aan varksvlees. Hy duld geen kastyding van ou-Jakob nie, voel trots as sy besit so aan-geprys word, en verwonder hom oor die opveil, ‘wat klink soos 'n trop henne se gekekkel in die lê-tyd.’ Booysen koop die esel. Bitter is sy droefenis daarna. Met humor word sy gedagtevertroebeling oor ou-Jakob weergegee: die troue dier het so presies al sy begeertes en verlangens geken. ‘Pa wil mal word oor 'n vark!..... Wat is 'n vark? .... 'n Mens vreet hom op en dis uit en gedaan; maar 'n esel hou solank as hy lewe.’ Rebellie rys in hom. Hy sal nie meer na die veragtelike dwang terugkeer nie. Dan droom hy oor Annekie, en vrees en spyt verdwyn. Die geluk blink hom toe in die strale van die son: die slagpale, volop vlees, die boeredogter! Sy besluit staan vas: na Annekie om haar positief te vra; dit hóort so. Die gedagte aan haar hou hom warm in die koue aand.

Goed is sy vrees weer binnenshuis deurvoel, waar hy laf en slu toehoor na oom Tys se boekehou (godsdiensoefening).

‘Vol eerbied luister almal, hoewel niemand verstaan nie.’ Die vaste lyfie van die nooi kry egter Ampie se hoofaandag, en liefde maak planne om die boekehou te uitoorlê. Na die amen lieg Ampie onbeskroom: ‘Pa en ma het groetnis laat weet. Pa sit 'n bylsteel in; ma pas kind op.’ Die ‘regtige opsit, nie 'n speel-speel opsit soos hulle gewend was nie,’ is eg. Die erns van Ampie skyn vir die nooi sedig en dooierig. Maar na veel hindernisse kom die huweliksaansoek tog uit; Annekie word alleen gewin deur die gedagte aan 'n ring! ... ‘'n ring wat fonkel en almelewe 'n mens se oë vang, 'n ring om mee te spog ... 'n ring net soos die “tietser” hare.’

> Hulle redeneer nou soos twee ouderlinge oor 'n kerkkwessie. Sy maak vir Ampie duidelik met 'n teregwysing, as van 'n moeder.
> ‘Maar jy is stuitig om so ewe skielik te wil trou! 'n Jongetjie moet mos eers die jawoord kry; en as hy die jawoord gekry het, dan koop hy die ring, en dan vra hy ouers, en dan word hy aangeneem en ... dan ... dan eers trou hul ... Jy is glad te haastig, Ampie!’

So gaan Annekie vir ons lewe, orals waar ons hierdie pragtige figuur te sien kry. Goed is hierdie trek ‘wat hoort’ in die mond soms van die mees verwaarloosd es. Dink ook aan die opmerking van Ampie oor gebrek aan opvoeding by iemand op die vandiesie, of aan die teregwysing van Bettie tot haar kinders in die huis van Mevrou Booysen gerig:

> ‘Kleinsus, jy 't weer geloop en mors!’ bestraf die moeder haar. ‘Ek het die blik by die huis gelyk-vol gemaak, nig Grieta, maar teenswoordig se kinders is te onpresies. 'n Mens kry geen geaardheid in hulle nie; hulle is nes Kaffers!... Kleinsus, staan agteruit! Moenie so ongeaard vir 'n grootmens staan en kyk nie!’

Aardig psigologiese trekkies ook in die winkel-scène. As Ampie 'n riem sien waarin 'n mens baie geld kan bêre,

vyf-en-twintig pond so agtermekaar instop in sy donkergeel derm, dan is Annekie en haar ring geheel vergeet. Mooi is die gewigtigdoenery van die stakker wat vir die eerste keer in sy lewe hom geldbesitter gevoel, en sy oortuiging dat hy die Koelie onderdeurgespring het!

Sterk is die siening van die seun daar teen die bult in die sonlig van sy ideale kloofskeur, waar hy hom vergas op die lekkernye wat hy met ou-Jakob se geld gekoop het.

> Sy brood, sardiens en gemmerbier lê eenkant op 'n plat klip. - Hoe rustig werk die wete in sy hart - dis syne daardie, en hy kan eet en drink wanneer hy wil en soos hy lus het. Hy skep behae in die moedwillige onthou van daardie lekkernye, asof hulle mensies is wat hy wil vermaak of aan 'n lyntjie hou tot wanneer dit hom gelief om sy aandag aan hulle te gee.

'n Pragtige beskrywing volg van dierlike weelde waar Ampie te keer gaan ‘soos 'n losgebreekte vark, wat in 'n groentetuin verjaar.’

Goed is die wellus gesien waarmee hy sy moordlus botvier. Hier geld dit 'n geweldige afrikaner-os, wat hy help neerhaal. Ampie skater oor die benoude gebrul van die worstelende dier.

> Dis vir Ampie of hy allenig spook met daardie bees. Met stote kom die koggelwoorde uit, kort as sy asem is van die heftige krag-inspanning. Hy trek heel voor. 'n Tiergenot gloei in sy dierlike blik, en wellus klink in sy gelag.

Die gevangenis-scène lyk my die swakste in die boek. Die drankverkoop-argument is te opsigtig, die tendens te floutjies besiel. Maar by Ampie vind u inooi trekke. Ek herinner aan sy bekommernis: wat sal Annekie sê? Sal sy spot? Sy drif vlam op: ‘Dan sal hy haar gorrel vir haar toedruk, so wragtig waar! Laat sy net vir hom spot - ja, net

'n speld se dikte.' Ook sy kinderlike openhartigheid en liefdesontboeseming by 'n tronkvoël is mooi van vinding.

In *Ampie* sou sterk naturalistiese elemente aan te toon wees. Fel teken Van Bruggen die diepe val van so vele armeblanke. Strak is sy siening van 'Goor' Dawid met sy dierlike woede en waansinkrete as hy besig is om Ampie te verwurg. En binne die murasie-woning hoor u 'n taal wat vergelyk word met pompomskote, om die krygstoon wat daar gewoonlik heers. Daar is die gore ellendeling met sy vraatsug en buffelagtigheid; sy afgetobde simpele vrou, wie bitterheid en mensehaat soms uit haar lamme tamheid tot 'n furie kan opsweep, en wat verder maar bly is dat sy simpel is, om so die roue werklikheid te kan verdra; die half-idiote Fyta met haar seksuele verbeelding; die klein Nortjétjies, wat in sand en stof en ander vuil op die grond speel, dit bymekaarmaak tot walletjies 'wat 'n beeskraal voorstel en 'n pad wat na die deur toe lei.' Maar deur al die liederlikheid heen gewaar u tog die simpele moederliefde in besorgdheid oor Ampie, die dowwe afglans nog van die sieleadel van 'n geslag of twee (!) terug.

Daar is wrange humor ook in dit alles. Die moeder het wonderlik deurmekaargekrap gevoel, en om die vuurkan met haar twee oudste dogters 'Zalig hij die in dit leven' in die môreskemering gesing. Daarop het een - die *Hooglied* van Salomo gelees ter vertroosting om die weggeblewe Ampie!

En Ampie het in luttele dae iets gaan begryp van die valsheid en verdriet van die ou wêreld. Bo al sy teleurstelling en lewensmoeheid het een groot verlange hom tenslotte oormeester: terug na sy enigste ware vertroude, die esel ou-Jakob.

Besonder rake psigologie vind u dan in die hoofstuk *Ampie en sy Maat*, waarin die kind van die ellendigste huisgesin 'die eentonigheid van die wind se treurgeluid breek en laat vergeet.' Mooi is sy lugkastele en die uitoorlê van sy vader, veral in die onderhoud met Booysen, so ryk aan humor, waar 'altwee lyk of hulle begrafnis-toe kom,

die kleretoiings uitgesonder.' Goed ook is die vrypostigheid van 'Goor' Dawid en sy vaderlike vermaning: 'jy moet elke aand jou vraeboek leer; want jy is nog maar baie dom, en dis kaffersleg as 'n mens ongeleerd bly.' Die nuwe verstandigheid en astrantheid van sy seun kan Nortjé maar nie begryp nie. Hoe sou hy hom ook kan verplaas in die verlangens en verwagtinge van 'n ander? Die onkunde van sy vader vind Ampie heerlik. Die dag sal kom dat hy sy pa skadeloos sal trotseer!

> Sy pa sal nie aan ou-Jakob ruik nie! Oom Kasper sal sy esel vashou tot hy die dag mondig is, en dan sal hy mos net kan maak wat hy wil! Hy sal vir ou-Jakob vat en inspan voor sy treppie, wat hy nog wil koop, en vir Annekie gaan haal met daardie karretjie en stadig langs sy pa stap-stap verbyry, neffens haar op die kar.

Hy leef weer geheel in sy ideale en juig dit uit op die rug van die esel in die wêreldse liedjie van 'n beklagenswaardige bruid - so dikwels deur sy moeder gesing in haar ellende.

Rake psigologie ook daar op die land waar Bart, die broer van Annekie, tot middelaar moet omgekoop word. Hierdie byfiguur is uitstekend geteken in sy byna karikatuuragtige berekening om uit die verleentheid van 'n ander profyt te slaan. Deur listige praatjies en gewikste suggestiewe beweginge, weet hy die eenvoudige seun só te beïnvloed en te verplig, dat hy tenslotte al sy begeerde goed (selfs die geliefde *belt*, waarom Ampie eens sy Annekie selfs vergeet het en wat hy met groot moeite weer uit die skraaplustige vingers van sy pa ontneem het) ontfutsel, vir die diens om die geliefde 'n oomblikkie alleen met hom te laat daar in die hoë gras. Die samesyn tussen die twee bevat weer kostelike trekke. Ek kan alleen nog wys op die pragtige eiewaan wat Ampie dikwels toon, veral in sy idealistiese siening van die toekoms. Dit is vir hom of hy alles self kan volbreng, daar op die plaas, en Booysen is uitgeskakel!

Die lewe van Ampie op die boerdery is vol sprekende trekke. Daar is o.a. sy skuheid by die hoë mense, sy onwilligheid om op 'n bed te slaap en soos die andere beskaaf te doen, sy kinderlike trots oor sy eie prestasies en betekenis op die boerdery, sy gevoel van beklemming van bespied en gekontroleer te word, sy verlange na die wilde vryheid, sy bedrieëry met die voorslae om rook-geld te kry, sy drifte en ideale, sy langsame verbetering in enkele opsigte deur die liefde. Op 'n enkele punt wil ek nog terugkom.

Al dadelik spreek sy sinnelike neiginge, al gewaar ons ook ‘hoe wonderlik sag Nig Grieta sy hart vir Annekie gemaak het.’ As hy Hester Staander, die mooi dogter van Booysen se voorman, sien, is hy weer dadelik verlief. Begeerte en bewondering gaan hier saam. Haar vader in sy geldmoeilikhede is minder sterk van objektivering. Maar daardie liefde wat die verwaasloosde seun vir die mooi en goed opgevoede Hester gaan koester - wat natuurlyk op teleurstelling vir die arme kind van Goor Dawid en Simpele Bettie moet uitloop - is in sy beperktheid van 'n egtheid en warmte en 'n rake humor, wat 'n gebeurtenis in ons literatuur is. Ons hoor sy groot verlange en sien sy kraginspanning om die nooi, merk ook die ontwikkeling van 'n gevoel van netheid en orde, selfs kleine ydelheid in die stakker.

Maar sien eers nog die pragtige deurlewing van Ampie se teleurstelling en drif op die dag as hy deur Annekie afgesê word. Dit het begin met die teregwysende blik van Booysen om sy niksdoen by die snymasien wat hy moes beredder. Vrees neem die plek in van vrolikheid. Hy gooi hom onder die snymasien en veg, krullende en skuiwende op rug en sy, met 'n moer wat nie wil draai nie. Eers sy krul-kuif, dan sy hempsmou, wat sy ongeduld vererger. 'n Geweldige drif steek op.

> Hy steun en sug, en die sweet tap hom af, die oliekolle oorvlek sy gesig, en sy kuif het hy al wil uitruk, as dit nie so seer was nie; maar toe die

> skroefhamer glips en hy sy kneukels teen die harde koue yster stamp, toe raak die woede hom baas. Hy slaan die dooie ding hier bo hom met die hamer bont. - Dit traak hom nie waar hy slaan nie. Hy wil hom wreek - hoe, kan hom niks meer skeel nie. Hy wil maar slaan en slaan in sy wrede woede, wat hy met elke hou opsweep tot 'n waansinnige gemoker; tot hy naderhand magteloos, doodstil op sy rug bly lê, wyl sy oë rol soos dié van 'n ongedierte, deur sy vyande vasgekeer.
> Sy wrok woel met sy sinne soos met speelgoed. Hy wil hom wreek! Maar alles is gevoelloos, dood; net Ampie self is lewendig en vyandig teen homself. Met stille woede kruip hy toe onder die masien uit.
> ‘Ek wil my doodmaak! Uit die pad uit! Ek wil vrek! vrek!

Eers nog die kleinering deur Booysen, en dan die afsêbrief (met die ring sonder steentjies), wat weer so geheel die eenvoudige, gedésillusionneerde boerekind teken, dat ek u dit moet gee:

> Liewe en nooit vergetene Ampie! Ek sit my neder om u te melde, dat dit met ons allen nog seer wel gaan, deur die Heere se goedheid, en ek stuur jou die kafferring terug en ek wil nie 'n jongetjie hê nie wat so laag van 'n meisie dink al die steentjies het die twede dag al uitgeval en ek wil nie meer dat jy na my vry nie. - Hopende die selfde van u te hoor u nooit vergetende nig
> Annekie

‘'n Wrede gloed as van 'n ongedierte het Ampie se oë wild gemaak ...’ Pragtig is sy groot-doen voor die broer. Sy kan na die hel gaan! In sy binneste groei 'n groot smart, wat hy soek uit te stort in ontboeseminge aan sy trou ou esel-kameraad. Die verdere ‘neulery’ van Mevrou Booysen

help hom op die weg van dolle woede, wat hy teen alles uit wat swakker en weerloser is as hyself. Hy stoot die ruuste vloeke uit teen die Kaffertjie wat die beeste te langsaam aanja kraal-toe, en trek dan waansinnig los op die stomme vee *met spantou en klippe* .... Dan verskyn daar in die skemerlig die sterke silhoeët van die swygende, indrukwekkende regtergestalte van Booysen ‘soos 'n stil mag om sy onbesuisde woede te verniel.’ 'n Vrees bekruip Ampie. Hy gaan aan die werk, waarmee Booysen hom help. Die stilte is ondraaglik. Sy pa sou hom half verwurg het. Maar daardie geheimsinnige figuur ontneem selfs sy wil om te vlug. Hy slink soos 'n slaaf en begin flikflooi. Dan volg 'n sagte berisping, wat op die growwe gemoed geen indruk maak nie, maar in Ampie alleen 'n gevoel van voldaanheid en rus bring, ‘omdat die vreemde stilte opgehou het.’

Geen berou volg nie, maar veinsende bedrog!

> Toe Ampie die aand wil uitgaan om te gaan slaap, toef hy in die kombuis en roep vir Grieta Booysen.
> ‘Nig Grieta, sê bietjie vir jou pa ek roep hom.’
> ‘Ja Ampie?’ vra Booysen, half denkend dat die seun 'n woord van spyt sal uiter.
> ‘Ek wou vir Omie net 'n bietjie gesien het asseblief!’
> ‘Ja?’
> ‘Het Omie nie altemit 'n los sikspens nie? Ek wou vir ons twee voorslae by die koelie koop, want ons voorslag het oom Flip afgeslaan en ons kan nie sonder voorslag bly nie; dit sal die osse te veel verniel, want ek wil nie Oom se osse stukkend laat slaan met 'n stomp sweep nie. Oom Kasper, ek verdra dit glad nie dat 'n mens 'n os moet stukkend slaan nie.’

Sulke deurdringing as in hoofstuk XII gebied word, *is onbekend in ons prosa-literatuur* en van hoë artistisiteit.

Die nuwe ideaal van Ampie is die geluk met Hester, wie hy met haar moeder na die aanneming op die dorp bring.

Ons sien sy liefdevolle diens-ywer op weg, sy smagtende blikke waar hy alleen met Hester is by die uitspan op die veld. Hy sou sy lewe daar op die kaal vlakte wil verslyt ‘as Hester net altoos daar sou bly staan, so eie met hom geselsend oor die allenigheid.’ Groot is sy bewondering vir die kind met bleik-handskoene. Beeldend is sy gedagtes oor die kerk wat nes 'n vandiesie is. Daar binne het Hester hom voorgekom as ‘'n splinternuwe koningin, so uit die kas.’ As sy tog maar sy vrou word! ‘Sy kan maar op die kooi bly lê van die môre tot die aand en in die nag dwarsdeur, altoos maar rus en rus. Hy sal die laaste werk vir haar verrig. Sy kan haar bleik haar lewe lang ...’ Trots is hy op sy sorg vir haar: ‘'n Mens kan maar sê, dit het net van hom afgehang, die ganse aanneme van Hester.’ Vol ryke humor is die gedagtes van Ampie oor die kerk, predikant, aanneming. Veral die preekstoel het hom baie laat wonder - daardie wonderlik mooi uitgewerkte vat, waarin die dominee so oulik pas!

> Maar vanmôre het die predikant hom glad oorbluf, toe hy sy kisklere aangehad het. Hy 't amper geen woord van die hele preek verstaan nie, maar hom net verwonder aan die gefladder bo die vat uit, wanneer die predikant soos 'n groot vlermuis sy arms uitswaai oor die gemeente. ‘Geliefde hoorders,’ is die woorde wat hy baie mooi onthou het - so dikwels het die leraar daardie woorde uitgeroep ... Hy 't hom verwonder aan die hoë mure, die pilare; maar mees aan daardie los affêre, omtrent 'n tree bokant die predikant se kop, wat lyk soos 'n yslike tamaai veldhoed, waarvan die bol immekaar gedruk is. - Dis seker vir die koelte, as die son agtermiddae deur die venster so reguit op die predikant wil skyn. Die mense bedink darem altoos wat wonderliks. - En die gehele gedoente noem 'n mens preekstoel.

Teer is sy gedagtes onder die sterrehemel; ook sy sorg om die uiterste gemak van die geliefde is met grasilike humor gesien. Heerlik is die môre-lied van die ossewaens. In die siel van Ampie is dit die lied van liefde.

Maar Hester is nie vir so 'n skooiertjie bestem nie en word die vrou van 'n motorfiets-kêrel. Dit was op 'n Nuwe-jaarsdag dat Ampie vir die eerste keer diep in sy siel geproe het die verliederliking van sy ouerhuis, wat in die oë van Hester en haar vriende bly kleef aan hom - 'n minderwaardige buitestaander. En hy het 'n vloek uitgestoot oor alles wat Nortjé was, en oor homself ook. Sy ekstase het omgeslaan in moedeloosheid, sy seëning in verwensing van alles en almal. Dit was 'n keerpunt in die lewe van sy gevoel. Mooi is nog onder die vervloeking van sy afkoms die gewekte gevoel van trots:

> Wie is die Staanders dan so danig? Hulle eet ook maar meeste stywe mieliepap, en verwat kan Hester haar so danig aanstel teen my? Oom Flip loop dag vir dag met 'n gelapte broek en 'n gelapte hemp, en hy het nou die dag lelik uit die weer uit gevloek! ....
> Dis goed my ou maat (aan ou-Jakob) dat jy vir Hester nie geken het nie. Sy sou nooit vir jou lief-gekry het nie, soos Annekie! ...

Eers deur smart leer hy om die skakeltjie tussen hom en ou-Jakob te waardeer: Annekie!

Aan die leser laat ek 'n verdere beskouing van die by-karakters oor. Uitnemend geteken is Annekie, Bart, Goor Dawid, Simpele Bettie (dink nog aan die kostelike *besoek* met humor-ryke verbinding van moederliefde en -trots en half-idiotisme). Staander, Hettie (veral na die aanneming), die dood van ou-Jakob en nog enige ondergeskikte elemente is minder geslaag. Maar die gestalte van Ampie is onoortroffe in ons literatuur. Met nog meer ontwikkeling ten goede of andersins van Ampie se innerlik en waaragtige deurlewing

van onderdele sal Van Bruggen in 'n eventuele vervolg te meer sy naam vestig as ons beste romanskrywer.

Want hier is veel met 'n vastheid van lyn in strakke komposiesie verwerk, wat in konsepsie en uitvoering 'n mylpaal in ons romankuns is. Die siening van Ampie is geen afgekeke realisme nie, maar die onderbewuste werking van sy waaragtig herskeppende kunstenaarsintuïesie.

Ek weet niks van die ontstaan van hierdie werk nie, wat onverwags op my tafel te lande gekom het, maar ek moet my sterk vergis as Van Bruggen ooit 'n Ampie in lewende lywe geken het, presies só. Ampie is my Van Bruggen self, of liewer 'n *moontlikheid* van die skrywer, wat die hele armeblankedom in sy siel opgeneem het, en aldus sèlf armeblanke op die moment van skeppe is.

Dat die Akademie aan sy eerste werk, wat as groot psigologiese skildering in die meeste opsigte aan die tietel *Teleurgestel* beantwoord, die Hertzog-prys toegeken het - is my 'n verdienste van die Akademie. Want die arbeid van 'n waarlik kunsbevorderende liggaam of krietikus is in die eerste instansie nie om louere aan te bied aan wie reeds sy hoogtepunt bereik het nie, en nog veel minder om armsalige ploeteraars met geniale skelde buite die kunsheiligdom te hou; maar om nuwe kragte te ontdek en aan te moedig tot ontplooing van wat in hul is. My plaasruimte en onderwerp verbied my hier om die wonder-interessante kunsontwikkeling van Van Bruggen breedvoerig na te gaan. Maar ná sy eerste weinig verdienstelike poging skyn die skrywer intuïtief aan te voel dat beperking en tekening 'n eerste vereiste is vir die skilder na die siel, dat hy hom tegnies eers moet bekwaam in klein-plastiek van die geringste pretensie.

Beginnende met eenvoudige sketse ontstaan sy *Op Veld en Rande*, wat in besonder mate om raak-psigologiese trekke, waarvan enige in humor deur my aangedui is, tot kuns geword is. Dan waag hy weer op groter doek 'n groot konsepsie met moeilike motiewe in *Die Burgemeester*

van Slaplaagte (die val van 'n plattelandse dogter in die Goudstad) en faal by gebrek aan epies-dramatiese deurlewing van 'n tragiese gebeure, wat hy wil beskrywe(!); dog slaag in die uitbeelding van kleine ambiesie en ouderlike smart, wat hy weliswaar fragmentaries, maar in soverre volmaak beheers. Weer aanvoelende dat hy nog nie tot tragiek geryp is nie, gee hy hom oor aan die onverklaarbare bevrugting van sy Ampie-moontlikheid; en die mees voldrae van al sy werke ontstaan. Of hy ook tot die diepere deurlewing van tragiek sal ryp?

Ons literatuur is nog so seer romantiek. Die sluier wat die tragikus vir ons moet wegruim, sodat ons in die diepere gronde van die sielelewe kan staar, lê nog as 'n waas oor die indiwiduele siel. Dié misterieuse gebied sal hy moet opeworstel, dwarsdeur nutsidee en taalverduistering heen, tot waar die donkere sielewendinge is en begeertes woed en passies gis en verlangens skryn; waar sataniese lis word uitgebroei en jaloesie sy loosheid saai, waar moord en diefstal ryp en namelose ellende sy tog begin; waar skriklike vermoedens laat ineenkrimp en vrees tot wanhoop dryf, waar hoop teen hoop, verlange teen wanhoop kamp; waar vryheid aan gebondenheid sy offers bring en skuld en boete 'n hel van weedom skep... Of ook sielsrykdom - die diepere dryfvere van die volle lewe, die kompleks van handelinge, teleurstellinge, désillusies; maar die groot geluk ook van wie in smart nòg skoonheid sien en dit as vreugde voel....

So skep die grootste dramatisie en romansiers lewende wesens, mense met 'n eie aparte sielelewe. En dié skep hul uit hulself. Die kieme vir honderde verskillende moont-likhede van lewensontwikkeling wat in ons almal gelê is, laat die kunstenaar met strenge logika van sy wonderbaarlike intuïesie in lewende wesens ontspruit. Hy is homself in al sy karakters, of liewers verskillende moontlikhede van homself, hoe objektief dié ook al skyn uitgebeeld.

So arbei die Skeppende Vermoë aan die aanvang van tyd,

uit Homself lewe voortbrengende en subjektief kreërende as Vrugbare Gees; so ontworstel ook die groot kunstenaar uit homself gestaltes, geweldig sterk verskillend van mekaar, en tog 'n ieder weer na sy gelykenis. Dit is kreasie, nooit multiplikasie (soos in die komedie). Dit ook is die arbeid van die tragikus.

Al bereik Van Bruggen nog nie die grote nie, is *Ampie* my 'n vreugde, omdat sy skepper diep reeds tas in die wese van ons armeblankedom: die analieties-sintetiese deurskouing en herskepping van lewe.

Veel, besonder veel, verwag ek nog van hierdie skrywer.

Sangiro (A.A. Pienaar).

Uit Oerwoud en Vlakte (1921).

Niks is komies as die mens alleen. En tog wat magtig komies kan die diere-epos b.v. nie wees nie, waar ons in die uiterlike vorming en houding, gebare en handeling, voorgestelde dinkwyse en gevoelens van die dierewêreld die mensemaatskappy in al sy trots, ydelheid, kortsigtigheid, swakheid, dwaasheid, lelikheid en onhandigheid weerspieël vind. Alles kom maar aan op die houding van die toeskouer en beskrywer, op sy gedagte- en (in die geval van humor en tragiek) ook op sy gevoels-komplekse.

Sangiro wil egter geen verdigte verhaal nie, soek ook nie bewus na ooreenkoms of sprekende kontraste tussen dier en mens nie, wil alleen diep gryp in die volle dierelewe Self skrywe hy: ‘Die skrywer het getrag om die lewe en gewoontes van die wilde diere, soos hy dié in vele jare leer ken het, eenvoudig weer te gee. Ook onder die wilde diere bestaan daar 'n soort van geesteslewe, wat die opmerksame waarnemer telkens weer met verwondering vul; vir hom word dit naderhand moontlik om die diere se gewaarwordings uit hulle uiterlike beweginge te verstaan ...

Die sketse berus tot in die kleinste besonderhede ... op natuurware waarneminge en persoonlike ondervinding.'

En in dié natuurware weergawe van die realiteit is skoonheidspersepsie en gevoel van humor en tragiek verbonde. Die leser voel in hierdie sketse die hoëre verwantskap van mens en dier, die broederskap in vreugde en smart, die geestesinhoud van die algemeen-dierlike as ruimere konsepsie, waarin die korresponderende algemeen-menslike is opgegaan. Dit is naas die bewonderingswaardige totaliteit van dierekennis en artistisiteit van uitbeelding en beskrywing, my die diepere sintese van Sangiro se siening, die hoëre intuïesie wat die daelikse observasie en impressie van die laere jagters-bewussyn van Sangiro sublimeer tot kuns.

Hy laat ons dadelik op aangrypend-roerende wyse meeleef met die lotgevalle van die o, so beminlike leeufamielie, waar die menslike wreedheid en verdelgingsug as die nie te miskenne Leitmotiv deur huiwer. Ons vergesel die leeus op al hul togte, voel die besorgdheid van die moeder oor die kleintjies, deel die teleurstelling van die groep, deurleef al hul angs-emosies, staan naas hul in die onmagtige verset teen die vuurwapens van die sluipmoordenaar en voel diep ontroerd, waar die jong mannetjie sy intense droefheid lug oor die neergesmakte liggaam van sy jong wyfie; en ons voel ook angstig en verlate met die klein leeutjies as die magtige kraagmannetjie in sy bloed neerplof en die beeld van die vlakte uit sy blik wegsterwe ...

Nooit egter word die skrywer in sy grote liefde en eerbied vir die natuur week en sentimenteel nie. Hy bly jagter en ook humoris.

Want hierdie dokument van heerlik-instinktiewe vryheids-drang en van die ewige gevaar van dood en verwoesting, waarteen immer moet gewaak word as wrede noodlots-eis - het ook die weerskyn van Sangiro se glimlag, so vol stille bewondering en diep-innige medelye, wyl koud en aaklig swart die moordtuig in sy hande rus en hy hom één voel met die dier in onskuld en genieting van die lewe. Maar

dan verdwyn die lag, en op een plek sien ons die skrywer selfs so seer oormeester deur tragiese bewussyn, dat hy ná sy verhaal hom direk tot die leser keer in verdediging van - die jagter!![1)]

In 'n slootjie, hoog teen die berg, lê die leeufamielie: twee mannetjies, twee wyfies en drie kindertjies. Daar val 'n skoot onder in die vlakte, en die ou leier uit sy langverkropte haat in 'n aanhoudende gebrul, wyl 'die kleintjies met onnosel gesiggies na die toedrag van sake... (sit en) kyk.' Hulle ken die gevaar nog nie. Ons sien hul verwondering by die ontmoeting met twee vreemde leeus. Dat daar enige oomblik 'n uitbarsting kan plaasvind, begryp hul nie.

> Die drie kleintjies sit in die rondte en kyk met verbasing van die een na die ander, verwonderd oor al die ernstige seremonies. Dit is hulle eerste verskyning in vreemde geselskap.

Hul sien dat hul ouers die vreemdelinge besnuffel, en 'die drie kleintjies is nie van plan om hulle deel te mis nie!'

> Die ondersoek is heelwat grondiger en meer sistematies in hulle geval; en as die jong paar nie ongeduldig geword het en die ander leeus agterna gedraf het nie, dan sou die besnuffeling nog die hele aand kon aangehou het. Hulle hele houding, onderwyl hulle

1) Pragtiger skeidingslyn tussen hoëre en laëre bewussyn kan ek nêrens beter aantoon nie, dan juis hier. Die *kunstenaar* Sangiro het die lotgevalle van die diere te roerend-waar vir die *jagter* Sangiro geteken, die hoëre en laere persoonlikheid kom in botsing, en laas-genoemde tree dan in 'n verdediging van die sportman-jagter wat die leeu - 'n kans gee! Die hele *menskant* van die saak detoneer baie in 'n verhaal van dierelewe, waar ons met die diére in simpatie verbonde is. Die verdere pleidooi van die laere bewussyn is onnodig en bereik niks meer nie as die werk van die Skeppende Vermoë te ontsier. Die uitweiding is gelukkig kort. Daarteen is die kunstenaarsvisie des te groter.

> nou so skeef-skeef wegdraf om die groot leeus op te vang, toon aan dat die kleintjies met hulself nog veel meer tevrede is as met die twee nuwelinge, en dat hulle 'n besef begin kry van wat dit beteken om onder so 'n groep te tel. Neë leeus! Inderdaad nie 'n mag om mee lig te reken nie.

Is die gewigtig-doen van die jongkies en hul impertinensie, waar die ouers die veiligheid verseker, nie pragtig van deurdringing en bekoorlik van siening nie?

Ons kry ook 'n ou hartebees-bul te sien, eensaam en ernstig op die kaal bultjie, waar hy elke aand wag op die verbytrekkende leeus, met die onverskilligheid van wie die gang van die ou lewe ken. Oor hom word niks meer vertel nie, maar sterk staan hy op sy geliefkoosde plek as 'n wêreldwyse ou wewenaar in Stoïsynse gelatenheid!

Besonder lief is ook die tekening van die onversigtige leeutjies, as die oueres planne beraam om in die stil maanlignag 'n sebra te betrek.

> Die kleintjies neem hulle kans waar om te drink onderwyl die wyfies lê; dog toe een, met die stoeiery vir die beste plek, 'n knor laat hoor, kry hy 'n erg harde klap van sy ma. Selfs klein leeutjies het lesse om te leer, en ons drietal moet onthou dat hulle nie die enigstes is wat vanaand honger het nie.

Ook die vure van die mens, wat so veel tergende angs in die ouerharte veroorsaak, is vir die babies 'n nuwe bron van nuuskierigheid. Hulle ken nog nie die onrus en ongeduld van die wagtende leeus wat op die grond skuil nie.

Na 'n nag vol ongekende vermoeienis slaap die klein woelwaters op die wal, ‘die voetjies na elke rigting uitgestoot,’ wyl ginds 'n moeder bloedbevlek in doodslaap rus, en 'n vader in sy smart 'n skeurende ‘aaôôuu....’ uitstoot en tevergeefs op haar terugkeer wag....

Op 'n ander keer nader die oorgeblewe leeufamielie 'n dooie renoster, en groot is hul ergernis as daar reeds twee

vreemde leeus aanwesig is. 'n Gevaarlike geveg dreig. Die moeder hou haar kleintjies terug.

> Maar hierdie drie astrante rowertjies is ná 'n dag van ongesteurde rus weer heeltemal nugter en vol ywer om die nagtelike fees op die renoster te begin; en dat die aarseling van die wyfie glad nie na hulle sin is nie, gee hulle duidelik te kenne deur 'n aanhoudende geknor, presies soos dié van klein varkies, onderwyl hulle met alle geweld dreig om storm te loop. Wat sou daar ook te dugte wees? Vir hulle beteken die dreigende houding van die groot leeus blykbaar niks meer nie as 'n herhaling van die seremonie van nou die aand toe die jong paar by hulle aangesluit het. Hoe meer leeus hoe meer pret, is hulle gedagte oor die saak.

'n Diepere lewenshumor voel ons in die smartvolle poging van die jongmannetjie om sy gesneuwelde wyfie weer by te kry en in die vergelyking van sy liefde met dié van die ou kraagmannetjie. Toe liefde en lewe orals in die natuur was, het hy die lokstemmetjie van 'n eensame, verliefde leeuwyfie gehoor en haar gevind. Sy het hom gevolg, en so kort reeds daarná, ‘nog in die viering van hulle eerste blye ontmoeting,’ is die wyfie doodgeskiet. Geen wonder dus nie dat die jong mannetjie sy verlies soveel meer voel as die ou kraagmannetjie, wie se rol as liefhebber haas uitgespeel is.

Besonder teer is die gevoel waarmee in die noodlottige nag by die renoster die beweginge van die klein leeutjie gadegeslaan word van uit 'n digte struik. Die vroulike spruitjie is speels en nuuskierig, maar skugter-bevrees.

Wie so observeer is poëet. *Sy* siening is kuns, sy bewussyn het iets tragies, en sy hart is so ver verwyderd van moordlus, dat die geweer in sy hande 'n onvergeeflike sonde word!

Maar sien verder waar die ou dikkerdjie, die toekomstige maanhaar, met sy moeder stoei en sy fiere jonge krag toets

En die nuwe waagtoer: sou hy binne die renoster kan inkruip; wat sou daar in die donker ruimte skuil?

> 'n Oomblik loer hy met uitgestrekte hals deur die opening, toe sit hy 'n lomp met bloed bemorste voorpootjie op die rand en waag sy lyfie binnekant. Die aasvoëls het hom reeds voorgegaan, het al die ingewande uitgesleep en verteer; en ver voor sien hy lig deurskemer. Daar moet dus 'n uitgang wees daar, dink hy, en manmoedig kruip hy die donker gang in. Inderdaad het die aasvoëls 'n nuwe opening, waar die jagters vanmôre weer die vel vir die leeus uitgesny het, tot in die borsholte gemaak; en so kom die leeutjie tot sy groot verwondering en met geen geringe selfvoldoening nie, na 'n oomblik voor by die keel van die renoster te voorskyn. Dit was 'n baie vuil maar heeltemal gelukkige leeutjie wat toe sy borsie uitstoot en oor die lengte van die renoster terugkyk na sy ma, wat hy daar agtergelaat het.

En as 'n leeutjie kon lag, sou hy dit gedoen het. ‘Waar sy lyfie kon ingaan, sou hulle nie omdraai nie,’ dink die ander, en volg die kleine leier. U sien dit alles in 'n omgewing van donkere smart oor gevalle helde, wat die dappers ouers - die moeder is reeds gewond - in bittere wraakgevoel verskeur, wyl reeds die moordtuie op die noodlotsoomblik wag.

Vanaand nog sal daar hulpelose wesies wees, wat tevergeefs nog aan hul dooie moeder sal wil drink, en is die kinderspel die laaste van hul lewe ...

So word hul komiese speelsheid en die oefening in leierskap vir ons weer humor.

Wyl jagters elders die uiterlike van hul vermoorde ouers roem, sluip drie verlate leeutjies in geheimsinnig-donker skaduwees, uitgehonger in verlatenheid, en verdwyn ten slotte met ander leeus in die wye wildernis.

En op die verlate vlakte staan nog daar op eensame

brandwag, met soekende oë en vol verwondering, ons oue vriend, die vereenselwigde ou wewenaar, die hartebeesbul...

Moeilik is by 'n skrywer as Sangiro die eis van beperking in beskouing. 'n Enkele blik alleen op enige momente van *Renosterlewe* - die kinder-humor daarin.

Hy was nog baie jong, die klein dikhuid met sy sagte gekwiek, en op trek met sy ouers, toe die moordende staal hom 'n wesie agterlaat. Goed word sy angs daarna ons aangedui, roerend sy hulpeloosheid. Dan die vriendskap met 'n seekoeitjie, wie se verskillende aard die humor van die skets bied. As die dag daar is, dompel die seekoeitjie hom in die veilige element en dan staan sy maatjie weer verlate daar met ‘sy kneukelige dik lyfie, gerimpelde moddervelletjie en swaarmoedige renostergesiggie.’ Niks anders bly vir hom oor as om sy dooie moeder in die gevaarlike leeue-omgewing maar weer op te soek nie. Aardig is die teëstelling van sy swaarmoedigheid met die dartele speelsheid van rondjakkerende elandjies, wat met hom wil pretmaak. ‘Dog hy laat hom nie uit sy ernstige renoster-waardigheid bring nie ... Daar om 'n bos verdwyn die somber klein swerwertjie, die lughartige elandjies aan hulself oorlatende. Wat weet hulle van sorg en kommer?’

Groot is sy geluk as hy sy vriendjie terugvind; maar nooit kan hy hom heeltemal vertrou nie. Selfs as hy dood van die vaak is, loer hy nog deur 'n skrefie uit vrees van verlaat te word deur wie ‘al weer onrustig oor die water tuur, asof hy soek na iets daar in die diepte.’ Daardie watergewoonte van die kalfie het die vriendskap dikwels swaar op die proef gestel ...

> Die renostertjie staan 'n rukkie stil te kyk, met komiek-serieuse plooigesiggie, na die uitspattinge van die seekoei-kalfie en wonder wat 'n mens moet aanvang met so 'n maat, wat net gedurig in die water wil wees; toe laat sak hy sy knoestige koppie laer

> en laer oor damp-uitwasemende grond en versink weldra diep in prehistoriese gedagtes.

Komies is die siening van die watervriendjie as gevaar naak; sy saggies vraende pfrrr as die gevaar verby is.

Humor bevat ook die gedrag van die renostertjie wanneer hy besef dat hy gevrees word - die keerpunt in sy lewe. 'n Bosvark moet dit gewaar! Die stoommasientjie staan nog te snuiwe 'n minuut na sy vyand die veld geruim het, verseker ‘dat hy nou vreeslik boos en luidrugtig is.’ Later word dieselfde bosvark sy wagpos, en sy leermeester in die kuns van wortels-grawe. Hy gaan die panne liefkry en gee nie meer toe aan sy buie van swaarmoedigheid nie.

Tog het hy vlae van verlange gehad na die ou tye en die plekke van vroeër ... Sal hy wegdroster? ... Maar sy vriendjie verlaat? ...

Die ewige vyand drywe hul weer die oerwoud in. Die vriendskap in droewe tye gesluit het standgehou, tot die oomblik dat 'n koeël die seekoeitjie dodelik tref. Dan gaan die renoster die vlakte oor, eensaam en verlate is sy groot verdriet ...

Verdere uiteensetting moet agterweë bly. Die klein dappere dikhuid met sy sienterstappie en wys-melankolieke plooigesiggie is met tere, liefdevolle humor gesien in sy sonderlinge vriendskap met die volgsame, maar swakke en onbetroubare klein maatjie, dáar in die grootse natuur van oerwoud en vlakte.

Diepe en ryke kwaliteite bring u hierdie werk. Hier is geen herinneringsbeeld van dierelewe nie, nog minder fotografie, maar die spontane aandoeningslewe en aanverwante innerlike en verpuurde stemming in heerlike ekspansie. My onderwerp beperk my hier tot minder aangrypende gedeeltes, maar wie die geheel (waarvan ek alleen enige kinderlik-eenvoudige motiewe na vore haal) navoel in sy volle vreemde en tog weer so warm-vertroude lewensbesef,

sal met my inleidende woorde hierbo instem, dat hier meer as loutere realistiese siening gegee word, en die skrywer ons *iets* bring (sy dit nog in konwensionele vorm) van die diepere lewenskern in die toevallig-naturalistiese omhulsel - *iets* van die uniwersele abstraksie, waarna ons modern gevoel *weer* haak: die diepe sintetiese en visionêr-digterlike skoonheid.

C.J. Langenhoven.

'n Mooi voorbeeld van 'n humoris, wat die teenspraak in ons daelikse lewe so raak weet te vat en prys te gee aan sy kostelike spot; wat met sy geniale woord die weg baan tot dade en met sy sprankelende geestigheid opposiesie laat uiteenspat en ons Afrikaanse maatskappy 'n vuurdoop laat ondergaan van pragtige vrolikheid; maar wat ook die rykdom besit van stille mymering en weemoedig glimlaggende herinnering is Senator C.J. Langenhoven.

Hy toon van sy allereerste optree as kenmerkende eienskap 'n rake opmerkingsgawe, vlug begrip vir die teenstrydige om hom heen. So het hy al lank voor die gulde jaar 1914, waarin, deur sy kragtige ywer veral, die offisiële erkenning van Afrikaans 'n voldonge feit geword het, die komies-verdrietlike dualisme tussen skryf- en spreektaal met al die wapens van sy vlugge gees bekamp en bespot. By sy snydende frases en vernietigende lag en warme persoonlikheid moes selfs taalopposiesie 'n bekering ondergaan. En is die sege eenmaal ingehaal, dan is hy een van die ywerigste werkers om 'n eie literatuur op te bou, met merkwaardige sukses!

Sy blyspele kan buite my beskouing val. Alleen moet nog herinner word dat die geestelike wrywing daarin, die skerts en plaag, anekdotes, kwinkslae en woordspelinge, die aard van die gemoedelike humoris kenmerk. U kan as voorbeeld neem *Die Familie-Saak*,'n knap intriege-stukkie wat Afrikaanse tiepes op die toneel bring. Ons maak daarin kennis o.a. met ou Kootjie Hoog-spraak, wie se ‘hebbens’ en se ‘zijns’

ook krioel ‘soos papies in 'n perd’; ou Antjie Taterat (kekkelbek, skinderkous, nuusdraer), ou Katoo, die Kaffermeid. Pragtig word die fatale swakheid van die swartgoed om hul mond verby te praat uitgebring in haar tewoordstaan van Tant Antjie (p. 16). Ek wil 'n staaltjie van haar taal aanhaal uit 'n ander blyspel: *Die Wêreld die Draai*. Sy en haar ou man is deur die swart sendeling bekeerd en die kierie van oubaas maak kennis met die astrante Masbieker.

> Katoo, die kaffermeid, is besig om voorhuis uit te vee. Sy rook 'n kortsteel erde-pyp.
> *Katoo:* Oubase kwaai vanmôre. Oubase seg Hotnosse te veel vlyse vrete. Hotnosse moete mielies kry. Ekke okke mieliese vrete - Turksvye vrete. - Pampoen vrete. - Aikôna. Ekke Masbieker. Aikôna Turksvye.
> Oubase hette vir Jafta - my man Jafta - kierie gemoker. Jafta verkeerde jong. Ekke ok verkeerde jong. Nuwe sendeling, swarte sendeling, hy hette ons verkeer. Sendeling segge ons almal een vader se kinders. Ons hette swart velle, maar wit harte. Jafta baie goeie man nou - verkeerde man. Hy suipe nie meer bier nie, slate my nie meer met die byl katswink nie. 'M - 'm. Jafta verkeerde man - goeie man - kan nou enige dag doodgaan. Maar hy wille nog nie doodgaan nie. Vanmôre was hy byna pootuit - byna weggespring. By die honte se stert. So gekom. Oubase hy rase met Jafta. Oubase segge: ‘Jafta, jou swarte blikke skottel, waarom jy nie verstaan wat ekke sê vir jou nie? Ekke sê vir jou: Sit die halter aan die perd en die jukke aan die vark - jy sitte die jukke aan die perd en die halter aan die vark? Jou blikdop!’ Maar Jafta, hy segge vir Oubaas, ewe mooi: ‘Oubaas, my ou *broer*, pasoppe! Jy nog nie verkeerd nie, Oubaas. Jij hette sendeling nodig. Jou velle wit: pasoppe, jou

> hart nie swart nie.' Oubaas hy hake af met die kierie. Daar leg Jafta. Jafta byna gevrek.

Hoe sien ons hier die ou meid vlak voor ons in al haar gelaatstrekke en gebare van haar ronde lyf, wyl sy besig is in die voorhuis. Kostelik is haar gedagtewêreld ons geopenbaar in haar goedgelowigheid, Masbieker-trots, selftevredenheid, realisme en plastiek, wat dikwels die taal van die naturel kenmerk. En stel u die haastige oubaas voor teenoor die 'verkeerde' Masbieker wat hom sy 'broer' reken!

Maar na humoristiese verdieping moet in sy blyspele nie gesoek word nie, al is daar soms 'n sekere latente humor aan te toon. Ek herinner aan die plek in *Die Wêreld die Draai* waar ou Karel insien dat die Engelsman 'n witman is en dubbel en dwars sy agting verdien. Sy gewone norsheid word nou 'n masker vir 'n teerder gevoel.

Dat Langenhoven hom ook skuldig gemaak het aan oordrywinge en romantiese weeïgheid en mooidoenerige dialoog, getuig o.a. die sentimentele superlatiwiteit van *Vrouetrou*. Misluk is die poging om dramaties te wees; onwaar die taal as deel van 'n bepaalde persoonlikheid, as logiese uiting van die skeppingsdaad. Maar reeds in die vergewensgesindheid van oom Hendrik en 'n sag-vroulike liefkosing van blommetjies is ons outeur weer heeltemal homself. So moet ook Langenhoven waak teen oorgevoeligheid. Soos ander humoriste het ook hy nog geen breed-objektief opge-boude drama of roman kan lewer nie.

In sy verbasend snel geskrewe 'dramatiese fantasieë', *Die Hoop* en *Die Vrou van Suid-Afrika*, is op enkele humoristiese plekke te wys; van meer belang is hier die bepaalde lewenshouding en historie-beskouing van die humoris, wat self so 'n bietjie Vader Tyd is ... 'n rol wat hy ook al op die planke gespeel het. In hoeverre die siening van die wyse Vader geslaag is, gaan eweseer buite my bespreking as die beskouing van die stukke as dramas. Hy verteenwoordig sowel die ironie as die humor van die tydgebeure, en sy

ongeduldige dogter Hoop, wat in haar wese so nou verwant met Wanhoop is, moet dikwels die glimlag opwek van wie die betreklike van alles ken. Ook word hy voorgestel as geen onverskillige toeskouer nie. Mooi is, waar Vader Tyd om die kinderlike blydskap van Hoop moet glimlag as sy 'n ware *man* teëkom in Piet Retief. Die wyse weet hoe gou die sonnestraaltjies weer verdwyn en donkerheid nader. As smarte wanhoop baar, kom Vader Tyd vertroos: hy bied sy steun aan die arme weeskinders op wie die hoop van die toekoms gegrond is.

Om kort te wees, Vader Tyd is 'n gedagte, 'n sintese van veranderlike en onveranderlike, van sonneskyn en skaduwee; en in sover as Langenhoven in hom 'n simpatiserende wese sien, sal hy ook by uitstek in staat wees om met humor die ondermaanse te besien. So val in hierdie ‘fantasieë’ 'n helder lig op ons outeur: sy ruimheid van blik, sy droefheid om die tragiek in ons volksbestemming, en vreugde om die heldemoed en wondere trou veral van die vrou; sy ondoofbare geloof in die uiteindelike seëpraal van waarheid en geregtigheid en in die heerlike herrysenis van sy volk. En al bereik hy daarin nie die volmaakte samesmelting in totaalgevoel nie, is die stemming van 'n glimlag deur trane tog dié waarin Langenhoven in sy beste oomblikke ons geskiedenis betrag, en bereik hy soms in *Die Pad van Suid-Afrika* iets van die hoë humor, wat oprys uit die oorwinning van die tragiese gebeure.

Ons Weg deur die Wêreld bring 'n skat van skerts en vrolikheid, geestigheid en humor; maar ook die stille meditasie en rype lewenswysheid van die ware humoris. Die drie bundels bevat samesprake en alleensprake, verhaaltjies en karaktersketse, versies, spreuke en preke. Eersgenoemde sluit aan by sy blyspele wat die geestigheid en komiek daarin betref. Ek gee 'n voorbeeld: *Die Tweetalige Vonnis*,[1] met iets van galgehumor aan die end. Die Engelse regter,

1) *Ons Weg deur die Wêreld I*, p. 126.

wat geen woord Afrikaans verstaan nie en van 'n indrukwekkende rede hou, veroordeel 'n swarte tot die dood; die tolk lug sy ongeduld en wrewel op die arme tater, deur die verhewe-digterlike uitdrukkinge en stralende preektoon van die regter om te sit in laag-by-die-grondse liederlike uitskelwoorde, en gun die veroordeelde jong selfs nie eens die voorreg van bekering nie. Kiewiet sê in die hele stuk alleen die slotwoord:

> R e g t e r : Prepare, therefore, Keywhit Tarantula, for that fearsome and lonesome journey to the undiscovered country from whose bourn no traveller returns.
> T o l k : Die Juds sê jy gaan nou peil reg-uit hel-toe as jy jou nie bekeer nie, en daarvoor het ek maar min hoop, of jy mag dit doen van bangigheid.
> R e g t e r : Have you anything to urge now, Keywhit Tarantula, why sentence of death shall not be passed on you?
> T o l k : Die Juds vra of jy nog meer leuens het om te vertel, Wiewiet?
> K i e w i e t : Asse ekke nog iets magge sê, Baas, dan wou ekke vra dat die meneer vir Kiewiet eers moette ophang en dan slegge maak.

In sy verhaaltjies en karaktersketse kry ons weer die milde gevoel van gemoedelike humor. Sien hier ‘'n Brief van sy Ouers aan Jan op die Kollege’. 'n Vaderlike vermaning word gegee in humoristiese taal, waarin trots en liefde agter die kwasi-teleurstelling en waarskuwing spreek. Die oubaas se sonde met die bure word in kragtige taal meegedeel - sy skutmisère, water-verdriet, ook dippery-gefoeter en Hottentot-beproewing. Hy is nukkerig en kort van draad: hy ransel die seuntjie van die man wat sy vee skut-toe stuur; die jong van die baas wat sy water steel, slaan hy oor die korrelkop en rol hom dan in die voor vir lafenis, ens.; en tog is hy ons baie simpatiek geteken.

Ek gee twee fragmente, verkort, uit die brief van die vader en die naskrif van die moeder:

> ‘In die laaste koerant het my oog toevallig op 'n rapport geval van 'n voetbal-wedstryd in die Kaap ... Jy moet 'n soort van Kaatjie van die baan gewees het by die spulletjies; en die opmerkings wat die koerant maak oor die begaafdheid wat jy daar aan die dag geleg het sou jou tot grote eer gestrek het, was dit 'n edeler doel waar die begaafdheid aan bestee was. Hoe dit ook sy, ek neem jou nie kwalik dat jy aan dié bog-spulletjie deel neem nie. Sorg maar dat ek nie dokters-rekenings kry wanneer hulle één van die dae, soos ek verwag, jou twee knieskywe afskop nie. Ek kan verstaan dat jy die liggaams-oefening, waar jy min van skryf, nodig het om die geestesinspanning, waar jy baie van skryf, nou en dan te laat blaas. En as jy met die aanstaande vakansie huis-toe kom sal ek sien dat jy meer van dié onont-beerlike liggaamsoefening geniet. Dit sal net wingerd-skoffeltyd wees.

Naskrif (in 'n vrouehand):

> Moeder se kind, ek het weer die koevert oopgemaak om vir jou stilletjies hier 'n vyf pond noot in te sit. Moenie laat jou Pa dit agterkom nie; ... Ek verlang tog te veel al. Hessie is tog te 'n liewe kind, sy laat groetnis weet. Dit reënt so baie daar op Stellenbosch; kyk tog dat my kindjie nie met nat voete in die skool gaan stil sit nie; en dra gereëld die flennel onderhempies wat ek vir jou gemaak het ...
> Jy ken jou pa se manier. Hy skryf verniet so onverskillig nes een wat niks omgee nie. Hy is maar tog te hoogmoedig dat dit deur jou is dat die Afrikaanse voelbal-span die Engelse gewin het en dat jy so 'n hoë naam in die koerante en oor die hele land gekry het: byna net so hoogmoedig as toe jy eerste op

> die lys was by die laaste eksamen. Maar moenie so hard leer nie, may kind, dat jy naderhand kapot word nie, en wees tog versigtig met die voetbal dat hulle my kindjie nie seermaak nie. Honderd soentjies van JOU MOEDER.

Humor bevat ook die skets *Meester*. Die Hollandse onderwyser het dit alles so nobel bedoel en tog het sy onpedagogiese ywer vir Nederlands met ‘suiwer aksent’ tot groteske dwaasheid gelei, waaroor die skrywer-in-Afrikaans sy glimlag laat gaan vol innige medelye. Hoe duidelik staan alles nog voor sy blik:

> En ek sien nog één vir één outjie, - myself inbegrepe - met die eenvoudige, in die was verbleekte, ferweel-broekies en velskoentjies sonder prag of praal van kous of sokkie, vorentoe kom naar die tafel toe, met sy lei waarop hy suiwer foneties begint het: ‘Ijns op ijn hijten dag ....’

Vir hul het inderdaad meester se ‘e’ presies die Afrikaanse ‘ij’ geklink. By dié haakplek het hul gou verby gekom, maar maandelang het hul aangehou om ‘sluitel’ en ‘verhuigen’ te skrywe! Engels het hul met afgryslike aksent gepraat; maar Neerlands!

> Alle wêreld, boetie, dié verseker ek jou het hy sy leerlinge suiwer laat aankweek (nie vir my nie, want ek was altyd 'n taalketter en 'n rebel wat stroom-op dwing).

'n Uitsonderingsvoorbeeld was Piet Rympies met die kraak in sy kop. 'n Entoesias vir Neerlands het hy ook gemeen:

> ‘Vir rymwerk lyk dit nou vir my, dat Hooghollands vér bo dryf. Kyk daar is mos soveel meer vorms van dieselfde woord, as 'n mens moeite het om 'n rympie uit te kry. Byvoorbeeld, ons het net ‘is’ en ‘was’. In Hooghollands kan 'n mens nog sê: ‘zijn’ om te

rym met ‘pijn’ of ‘zijt’ met ‘konfijt’ of ‘waren’ met ‘garen’, en so voort.

Die volgende ‘Engelse’ vers het Piet toe vertaal:

‘Ou jong Louchinvar is kom out of die wes,
Troe ol die waait Borde his stiet was die bes.’

Ek haal 'n strofe aan:

Hij gaf om geen doorn, hij geef om geen klip:
Hij jaag deur den vuur en hij joeg deur die wip;
Maar eer hij den hek van zijn liefste behool,
Heeft ander jong boggie zijn meisje gestool!
Een vrotsige vrijer en papbroek-bakleier
Had Elsie gevroeg, en sij heef nie geweier!

Mooi is deur die ironie die skrywer se opreg gemeende waardering vir meester se edel karakter, toewyding en trou. Na 'n liefdesroman en liefdestragedie lê meester nou onder die groen sooie daar op die Afrikaanse boereplaas, vèr van die vaderland.... Die komiese en verhewene word hier opgelos in die juiste stemming van humor, wat in die slot onmiddellik uit die situasie oprys:

Arme Meester! Hoe sou hy sy hoof nie skud oor die Hollands waarmee sy leerling hom hier ont-eer nie.

In die vergewende spot lê 'n fyne satiere teen die ou régime van Nederlandse taalonderwys by ons. So is ten spyte van werk-ywer en liefde soos dié van meester, miskien selfs daardeur, Afrikaans geword tot die enigste beskaafde ‘Hollands’ van Suid-Afrika.

Ons sou verskillende karakteristieke eienskappe van gemoedelike humoriste alhier kan nagaan. Daar is b.v. sy liefde vir diere, veral sy hond Jakhals, in *Twee Oues van Dae* en in die gedig, *Ag wat, dis maar 'n Hond*. Die vrolike aard van sy hond word beskrywe, sy pret en vermaak, sy ondeunde streke, maar ook sy trou en vriendskap. Aan laasgenoemde is ook sy *Loeloeraai* opgedra.

Algemeen is by humoriste die liefde vir kinders. Hazewinkel[1] herinner hoe Hood, soms nog diep in die nag, 'n paar tekeninge op die kussings van sy kindertjies gaan lê het om hul te verras in die môre. Dickens, by al sy gejaagde arbeid, was altyd op die hoogte van alles wat in die hartjies van die kleine omgegaan het. Thackeray het versies gemaak op die name van die poppe van 'n klein meisie. Hebbel kon ure deurbring met hul, en die liefde en verlange van Lamb spreek dikwels uit sy werk (vgl. *Dream Children*). As onderwysers het Reuter, Brinckmann, Hasebroek, Goldsmith baie gelief gewees. Selfs Sterne het vir sy dogtertjie grote teerheid gehad. Beets was soms geneig om meer die imponerende vader te wees, maar hy is dan ook nie die beste voorbeeld van 'n humoris nie. Ek wil ook nog herinner aan wat Felix Timmermans omtrent die 'Pastoorken van Parijs' - die prototiep van sy goeie pastoor in *Pallieter* - meedeel;[2] sy eie vertellinge, b.v. *Het Kindeken Jezus in Vlaanderen*; of die ware humoristiese aard van sy vader, wat 'n keer temeer geblyk het, toe hy geen geld genoeg had om presente vir veertien kinders te koop, en 'n hoededoos vol meikewers tuis gebring het, wat snags die geleentheid verskaf het vir meikewerjag in hemp![3]

Hierdie liefde kenmerk ook onse outeur. Dink aan sy prekies vir kinders en die mymering oor sy eie kinderdae. Langenhoven is ook sy lewe lang 'n kind gebly. En soos vele humoriste skrywe hy vir sy klein vriendjies verhale en versies. Daar is o.a. *Die Eensame Hoop* 'Aan Kinders van agt tot agt-en-taggentig vertel uit 'n ou Kinderhart,'

1) Hazewinkel: *Bijdrage tot de Psychologie* der *Humoristen*, p. 267 vlg.
2) Op een zekeren dag in 't octaaf van allerzielen, vroeg hij van op de preekstoel (hij kon bezonder expressief preeken): 'Weet ge wat de dood is?' en om het goed aan de geloovigen te laten begrijpen zei hij: 'De dood is dit: nu ziet ge mij en nu ziet ge mij niet meer,' en hij verstak zich achter de preekstoel. - *Rond het Ontstaan van Pallieter*, p. 57.
3) In 'n privaat gesprek met Timmermans noem die skrywer my hierdie geval as voorbeeld van 'levende humor'.

waarin Vader Tyd en die ‘liewe nooientjie’. Hoop as vernaamste persone voorkom. Eersgenoemde waarsku as dit baie goed met ons gaan; dan weer moet hy vertroos. Hoop is de goeie genius wat nou vrolik is en dan weer treur. Die hele vertelling is pragtig aanskoulik gedaan, vol diep navoele van die kindersiel. Een voorbeeldjie van die lief-naïewe siening moet ek aanhaal. Ons sien Hoop bo op Tafelberg verlangend wagtende, tot eendag 'n witmens-skippie nader kom en Hoop laat juig. Maar 'n storm breek los en 'n misbank trek oor Tafelberg, sodat Hoop vanuit see nie meer te sien is nie. En die skippie seil verby. Daar staan Hoop weer net so eensaam en treurig as tevore. Die skippie het na enige tyd weer terug gekom en weer het 'n misbank opgetrek. Maar van die mense op die skip het 'n paar tog die nooientjie op die berg sien staan, maar hul kon haar nie duidelik beken nie, en toe hul dit aan die kaptein vertel wou hy hulle nie glo nie. ‘Hy sê dit was stellig maar sommer 'n los flentertjie van 'n misbank waar die son teen geskyn het en reenboogkleure gemaak het, dis mos die sonnetjie se ou manier om so te maak .....’ Hoe getrou alles aan die wese van die Hoop, hoe natuurlik tewens alles vir die kinderfantasie volgehou, hoe teerdigterlik ook die stemming waarmee die historiese reis van Vasco da Gama (1468) ook vir oue kinders weer gaan lewe.

Neem ook as voorbeeld sy *Liefdes-Onsin, 'n Wiegliedjie* wat vir kinderlike harte is en niemand met geleerdheid mag besoedel nie:

Lamtietie, damtietie, doedoe my liefstetjie,
Moederhartrowertjie, dierbaarste diefstetjie!
Luister hoe fluister die wind deur die boompietjie:
Heen en weer wieg hy hom al oor die stroompietjie.
‘Doedoedoe bladertjies,
Slapenstyd nadertjies;
Doedoedoe blommetjies,
Nag is aan 't kommetjies:’
So sing die windjie vir blaartjies en blommetjies.

Wiegende op die gevoelige ritme van verkleinwoordjies murmul dit so voort in moederlike teerheid om te gaan waar sorg en verlange saggies kom huiwer ...

> Onskuldig ogies en voetjies en handetjies!
> Wie weet hoe vèr moet my kleintjie nog ganetjies
> Ver deur die wêreld se kronkels en gangetjies!
> Bly tog maar kleintjies en bly dit maar langetjies.
> Bly maar by moedertjie,
> Kindlief se hoedertjie -
> Slaap in haar arrempies
> Saggies en warrempies,
> Doekies dan, doekies in moeder se arrempies!

Maar mooiste van alles is sy fantasieë oor ele gelukkige kinderdae. En hier dring so baie hul aan my op en moeilik is die keuse.

Daar is die rêverie *Skemermymeringe*. Vroutjie het gemeen, dit was nog te vroeg vir kersopsteek, en ons digter mymer in die skemering. Sy lewensgesel is by hom - ‘die verraderlike vriend wat so dikwels op soek is as ek hom die hoogste nodig het; die onversoenlike vyand wat ek so dikwels te vergeefs trag om van ontslae te raak; die gedienstige handlanger van 'n al te hinderlike gewete, maar tog die trooster van menige droewe uur: my dienaar en dwingeland, my Geheue.’ Wonderlik geheimsinnig is die prinsiep van sy werking: hy bewaar die stukkies pad daar vèr in die verlede, skynbaar so sonder betekenis. Hoe veel leliks sou hy nie op die middelskofte van sy lewe kan aantoon nie! En saggies gaan dit oor die toneeltjies van sy kinderlewe in blyweemoedige herinnering. Maar as die beelde van die rypere leeftyd na vore dring dan wil hy liewers maar die kers opsteek!

> 'n Ou wa, in die koelte getrek onder 'n perskeboom, op die wal van 'n sloot water. Die wa moet laaste gebruik gewees het om brandhout te haal of heiningtakke aan te ry, want die buikplank lê vol stokkies wat skerp en seer in my knietjies indruk,

> terwyl ek kniel en oor die lere loer of niemand kyk nie, en 'n groen perske pluk. Dan 'n hap deur die harige wang - die vetwang wat eerste saf word - en ek proe nog die wrange smaak; ek voel nog my tandjies afglip oor die rimpels van die pit. En verder kom ek nie. Het ek die perske klaar geëet? Het hulle my gevang daarby? Het ek die pit begrawe om die spore van my misdaad te verberg? Ek moet opgeklim het op die wa want ek was nie daar gebore nie; ek moet afgeklim het, want ek is nie nou nog daar nie. Maar hóe en wáar - vóor of ágter? Weg, hopeloos verlore - buiten die één sekonde van die toneel: die sekonde van die inbyt.

***

> Nou weer, die groen skemerlig van 'n digte populierbos en die mufruik van die dooiblaar-tapyt. 'n Span swartbont osse aan 'n afgekapte boomstam om dit uit te sleep. 'n Swart hondjie in my arms. Sy spring uit: ‘Vat!’ sê die ou jong wat die sweep het. Die stomp rol om, één kort afgebroke tjankie, en ‘Fido, Fido,’ sê ek, ‘is jy dood?’. Pappie of mammie, wie was dit weer? tel my op met dooi hondjie en al om my te troos. En weg is die beeld. Het ek die hondjie daar in die bos begrawe?

Die leser sal ver moet soek na wat suiwerder van tekening en stemming is. Dubbel bekoorlik is die eerste om die sterkplastiese uitbeelding van 'n ophomself onbelangrike gevoelsindruk met die skraalste materiaal moontlik.

In die skets oor *Die ou Wa* vind u die liefde van die humoris vir die beminde voorwerpe van sy jeug.[1)] Hy neem afskeid van wat hom eens so diensbaar en lief was. En innig is sy humor oor die geskiedenis van die ou wa ..... vol soete geur en lief-weemoedige herinnering. Hoe teer

1) Lees b.v. *Uit mijn Rommelkas* van Felix Timmermans.

voel hy weer die gelukkige kinderjare, toe hy gemeen het dat sy pa by die skaafbank net vir hom die krulletjies gemaak het. ‘En dan moes jy hom sien sit in die hoop krulle, self met 'n weelde van wit sye krulletjies, baie fyner as die houtkrulle en baie mooier, op die koppie en oor die skouertjies af, en om die oortjies en vóor die bloue ogies, sodat hy hulle kort-kort moes wegvee nes 'n nooientjie.’ Ons leef geheel mee in die liewe naïwiteit van die kindersiel op die tydstip:

> .... when meadow, grove and stream,
> The earth, and every common sight,
> To me did seem
> Apparell'd in celestial light,
> The glory and the freshness of a dream.

Ons hoor ook van die gemoedelike toggies van die ou wa, sy noeste ywer, maar ook van die rustige godsvertroue op die lange sukkelende gang. Nou het die motor sy verskyning gemaak, maar in die groot nuwe wêreld word alleen haas en onrus gekoop en weemoedig vra hy: kan ek jou nie weer regsukkel nie, my ou wa? .... ‘Nou, ja, en as ek jou nog kon regkry, hoe sou ek myself regkry om weer geduldig stappie vir stappie van die pad te gaan en in elke bossie belang te stel soos hy langsaam verbytrek? .... nee ou maat, jou kleinbaas is bederwe. Die woeste haas van die nuwe tyd is in my bloed; die gedreun van inasiene is in my ore.’ Boet Nelie swyg en dink diep ..... Uit die hele skets spreek weemoed en verlange, maar geen sinisme nie. Hy is geen blinde *laudator temporis acti* nie, maar kan die teenspraak wat hy orals opmerk tot 'n oplossing bring in die rustige wete, dat die hoëre ideë van die verlede ook in die bewussyn van hede nog kan voortlewe. Die òu wà voel dit:

> ‘Ek verbeel my hy is nie so ongelukkig in die nuwe wêreld as hy wil uitmaak nie’ ..... ‘Net

> soos hy 'n sonnestraaltjie was vir pappie en mammie op ons togte van lank verlede, so is ek seker is hy dit nog vir mensies rondom hom. En soos sy wonderogies toe met al die wonderdiepte van 'n kindersiel geskyn het, so kyk hulle nog op die ou wêreld uit: net so onskuldig en met net so 'n kinderlike uitdrukking. Ek weet - die baie masiene het Boet Nelie nie bederwe nie. Dan sou hy mos nie nog 'n hart hê vir die ou wa nie. Hy voel nou vandag 'n bietjie treurig. Maar ons het ons dae gehad - laat die masien-waens nou aan die beurt kom.
> (Die ou wa het vir Boet Nelie al te lief. Hy sal nooit sy foute raak sien nie).

Hier spreek die ware humoris, wat bo pessimisme kan uitkom en in vrye selfheerlikheid die lewe en homself kan beskou met weemoedige glimlag. Die teenstrydigheid van die moderne onrus en die rustige skoonheidsgenieting in die vrye natuur word opgelos in die gloedvolle ditirambe van sy gemoed. Soos Alph. Daudet en Lamb soek hy as die ruwe werklikheid van die alledaagse lewe te seer knel, na vertroosting en krag in die stille drome van sy verkwikkende fantasie... 'n Biografie van Langenhoven word soms versoek. Vind dit in die openbaring van sùlke innerlike verhouding. In sy liriek lê die verhewenheid van sy diepste self.

Die humoris geraak dikwels tot metafiesiese bespiegeling. Ek noem *Onder die Eik* waar Neelsie rustig mymer oor die wondere van natuur en God en die komiese vraag aldaar: ‘blaas die liewe God ook in die neusgate van die vark 'n siel, sodat hy vir sy stoffelike bedrywigheid 'n geestelike heerser bykry?’ En verderop: ‘die vark het die voorreg dat hy kan hoër opkyk naar sy verstandelike meerdere: hom sien en voel en nie begryp nie. Vir my is daar so 'n opkyk in die blou lug in ...’

Langenhoven ken ook die twyfel, maar altyd weer vind hy berusting in die hoë Liefde. *Onder die Denne*[1] bring

1) *Die Burger*, 2 April 1923.

ons die digter se smart, sy lydensweg en wanhoop, totdat 'n nuwe lig in sy siel geskyn het van nuwe liefdediens. Waar hy gevlug het om homself te ontvlug, was hy tot inkeer gekom om homself te vind. Mag ons hierby ook aan die Grote dink: Augustinus, Petrarca, maar ook Carlyle? Ook onse outeur gaan nou die nuwe weg van sy weergeboorte tegemoet: ‘Ik zal opstaan en tot mijn vader gaan. Want daar is Hy - daar waar daar 'n kruis is om te dra, waar daar liefde is om te gee, waar daar boetedoening is en berou, waar daar diens is om te doen.’ Dit ook is die boodskap van die volgende.

By Langenhoven se *Loeloeraai* sou ek na allerlei werke en motiewe van elders kan verwys. Maar so ‘geleerd’ wil hierdie werkie nie beskou wees nie, wat deur 'n woord van Vader Tyd ingelei word en opgedra is aan ‘die uiterlikste volmaaktheid wat ek op die aarde aangetref het van liefde en trou en deug’: sy vriend en hond Jakhals.

Die verhaal van Jules Verne is in hierdie reis na die maan geheel verander van gestalte en tot die gevoeligheid van die humoris geword wat die blik op groter volmaaktheid deur die liefde rig. Dit lees soos 'n sprokie met 'n dieper betekenis .. vol geestigheid, maar ook ryk aan mildheid van 'n bemoedigende humor. By die markantste navolging is daar nog iets geheel van Langenhoven. Sy doel bereik hy dan ook gewis en die werk is by uitstek ‘vir almal’.

Loeloeraai, 'n bewoner van die ster Venus, daal na die aarde toe in sy goue sfeer. Hy is 'n edel wese, wat deur sy hoëre beskawing, wetenskap en veral sy groter liefde die weg wys na hoëre geluk op aarde. Hy dwing die stille hulde af van almal, behalwe die maghebbers, en moet dadelik weer laat vat. Met hom doen die Langenhoven-famielie èn oom Stoffel natuurlik 'n reis na die maan.

Deur die erns is orals skerts en plaag oor die klere van Engela (Neelsie se dogter), die nukke van Soetlief (sy vrou) en die gedrag van hond en olifant - almal reeds bekend uit *Sonde met die Bure*. Oom Stoffel, Neelsie se politieke

dubbelganger - so seer is hul één - staan van die begin af in sy simpatieke naïwiteit helder voor ons. Hy is besorg oor die wonderlike verskyning van die vreemdeling: ‘wat sal ander mense sê as hulle hier kom en 'n onaardse kulergas loop hier met 'n blink naghemp rond?’ Komies is die angs van die swartgoed oor die spookmens wat in die donker aand aangevlie kom, uitgedruk in die nieklassieke Afrikaans van die Hottentot! Aardige tikkies karakteristiek vind ons ook in die ongelowige ‘Watwo’. Satieriese toespeling is daar volop. Die wyse vreemdeling wys by sy afskeid op die onreg en wreedheid, onnodige leed en ellende wat daar op aarde is, maar ook op die ontworsteling daarvan wat heerskappy beteken: uit die slawerny tot vryheid. Maar die wèg moet die mens self vind omdat kennis, anders as selfstandig verwerf, tot groter ellende lei. Opoffering is nodig. ‘Elke nederige onerkende offerdiens, elke liefdegawe sonder berekening van terugkeer, is 'n bydraag tot die vermenseliking van die mensheid!’ Maar Langenhoven sou geen humoris wees as hy nie ook 'n oog het vir die goeie op die ondermaanse nie: die liefde wat tog aanwesig is en veel laat verwag.

By die afskeid hoor ons weer van Neelsie se altyd-drukkende skulde, wat Watwo vir hom betaal omdat hy hom daardeur vergoed van die aarde weghelp; van sy voorneme: ‘as ek weer terug is ... sal ek (om die teëparty te plaag) naar van my *home* gesels daar op die maan!’ maar veral is dit oom Stoffel wat die belangstelling van die werkie het.

In die hemelruim herken hul die oppervlakte van die draaiende aarde en oom Stoffel is bekeerd tot die nuwere wetenskap. Hy laat weet aarde-toe op Loeloeraai se telefoon:

> ‘Sê hulle moet tog asseblief aan Soetlief telegrafeer ek is pêrdfris en ek stuur liefdegroete en die vervlakste Engelse het gelyk: die aarde is rond en hy draai en sy moet vir Adoons sê hy laat nie my vleiland versuip van luiigheid nie en as ou Galbroek Hawerhaas

> daar kom steek hy hom onder die klippe en hy laat Steekbaard sy laatste draad van sy broek afskeur.'...

'n Gevoeliger toon kry ons as hul uit die ewige ruimte verlangend na hulle eie ou plekkie op die aardbolletjie soek.

> 'Alle wereld,' sê ek, 'die tyd gaan hier gou om. Kyk daar is Madagascar en Arabië, en die hoek-land daar by die Persiese Golf...'
> 'Afrika, Pappa,' skree Engela.
> 'Ja, my kind, ons eie land - maar nog die verre oostelikste punt daarvan.'
> En toe word ons ongeduldig. 'Dit lyk vir my hulle het nou briek aangedraai,' sê ou Stoffel.
> Maar eindelik dan darem tog - dit moet die Drakensberge wees ... en kyk daardie strepie stippels wat uit die skaduwees begint uit te kyk en oos en wes loop. 'Vroutjie, vroutjie - dis die kruine van die Swartberge en die witste kol is Toorkop. Die son kom op op Oudtshoorn!'
> 'Ek hoor die toringklok lui,' sê Vroutjie. 'En ek sien my ou man met die koppie koffie en met Jakhals die kamerdeur inkom.'
> Ek kyk na Loeloeraai. Hy vee 'n traan uit sy oë.
> 'Ek deel julle gevoelens, vriende. Kyk daar by die rand van die aarde verby - daardie blinkste van al die sterre. Ook op my tuisplekkie skyn die son.'

So is ons genader tot die *moralis* Langenhoven.

Dit lê in die aard van die humoris om moralis te wees. Sy spot tref die lelike wat hy orals in die wêreld en ook in homself gewaar en hy streef na verbetering. 'Vice and folly and not particular men were to become the object of his ridicule', skrywe die biograaf van Fielding. Steele wou weer 'the improvement of human nature and the reformation of society, to help in raising mankind to a higher level.' Onverdraagsaam is hul egter nie, en hul sien in die slegte nog veel goeds en ook in hulself veel kwaads. 'Quick to encourage,

slow to disparage' word van Dickens gesê en geld vir die meeste.[1)]

Ek beperk my by Langenhoven tot sy spreuke en lekeprekies, waarby ons ook verder die humoris leer ken. Sy etiek van huislike liefde, trou en waardering en rype lewenswysheid laat soms dink aan Huygens, Roemer Visscher en is nooit die platheid van Cats of sy geveinsdheid nie; sy kinderlike opregtheid en naïewe bekoring herinner aan Lamb en Reuter; sy kernagtigheid aan Staring, maar is warmer; sy geestigheid aan Multatuli, maar is gelowiger. Sy maximes herinner aan Seneca, Rabelais, Montaigne, Vauvenargues en vele andere uit die groot land van moraliste, Frankryk. En tog is Langenhoven tenslotte geheel homself en sal hy medelydend glimlag om geleerde vergelykinge met uitsprake van elders. Ek wil hom dit so ver moontlik spaar, en volstaan met 'n enkele verwysing na verwantskap.

In die godsdiens[2)] is humoriste ver van dogmaties en die meeste is ongereelde kerkgangers. Hul godsdiens is prakties en op die daelikse omgewing gerig, is persoonlik en warm, soos ook hul naasteliefde is. Die humoriste voel hul kindere van 'n liefdevolle Vader, en wat teen Sy liefde en barmhartigheid skyn in te gaan in gedeeltes van die Bybel word eenvoudig nie aanvaar nie. Dink aan Hebbel, wat b.v. die geskiedenis van Jephta nie wou glo nie, nòg die woorde: 'vele is geroepe, maar weinige is uitverkore', as van Jesus afkomstig. 'Ek kan my nie indink nie', skrywe hy, 'dat God soos 'n nukkige weldoener sou wees, wat al sy weldade aan wonderlike voorwaardes sou vasknoop; .... oor die rand van die graf sal dit weinig opaan kom of jy nie geglo het wat jy nie kòn glo nie; wie sònder die geloof goed handel, ook vir hòm sal God genadig wees.' En dit kom uit die mond van 'n predikant, wat bowendien

1) Vir die aanhalinge sien Hazewinkel, t.a.p. 274.
2) Sien Hazewinkel, t.a.p. 278.

nog hoof van die Badense landskerk was. Dink ook aan die vrysinnigheid van die ware humoris, dominee De Genestet, of aan die verdraagsaamheid van vele predikante by ons, wat tewens ook ware humoriste is. Sien in dié lig ook onse outeur: ‘Moenie met 'n ander se godsdiens spot nie. As jou eie soveel beter is, het jy àl jou tyd nodig om dit te waardeer en te beoefen’, en in 'n prekie daarop: ‘Ons soek en sug en smeek almal na ons Eén Vader, al noem ons Hom by verskillende name, en al die weë is goed wat na Hom toe lei. En in één opsig is daar maar één weg: die weg van diens en gehoorsaamheid.’[1)] Die geloof is vir die humoriste iets waar hul nie sonder kan nie. Ons lees soms dat hul kinders die gebede en bybeltekste moet leer, wat vir hulself van groot waarde was. Ek dink hier ook aan die psalmvertalinge van Langenhoven waarvan sommige so besonder skoon geword het. Die persoonlike daarin laat hom dié beelde uit sy onmiddel-like omgewing vind wat in sy ondogmatiese gevoelslewe adem.

In die maatskappy soek Langenhoven na verdraagsaamheid, pligsbesef en liefde.

> ‘Ek had nie die geleëntheid nie, en jy had nie die begeerte nie, maar ons twee veroordeel darem ons naaste wat geval het omdat albei hom gelyk getref het (111, 142).

Deur die spesiale landskondiesies is die Afrikaanse humoris, in teëstelling met sy oorsese kollegas, ook ywerige party-polietikus. Tog geld ook hier sy humoristiese woord onder die teks:

> Dit betéken nie altyd veel om 'n man van belang te wees nie. Die belangrikste persoon op 'n begrafnis is die dooi man.

As alle humoriste haat hy huigelary, ‘die Judasse van ons deug’, bo alles. Teenoor homself is hy eerlik en streng

1) *Ons Weg* ens., III, p. 237.

(111, 177). Ook Langenhoven sou met Rosegger in die voorwoord van sy *Sünderglöckel* kan getuig: ‘Wem sie aber zu grell ins Ohr klingen sollte, der denke daran, dasz der Mann der so eifrig das Glöcklein schwingt - auch für sich selber läutet.’

Groot is die bewondering en eerbied vir die vrou by humoriste, by wie vriendskap, camaraderie die plek inneem van hartstog. Reuter, Steele, Fielding, Hood, Rosegger e.a. het hul vroue as goeie genius vereer. Steeds het hul behoefte na 'n simpatieke vriendin, wie nie altyd hul eie vrou is nie. Ook word hul bemin deur die vroue. Ook hier is Langenhoven 'n waardige verteenwoordiger. Ek noem hier III, 104, III, 120 en III, 101.

So sou die leser verdere aspekte van die humoristiese voel, dink, wil en handel self kan nagaan by ons outeur.

Langenhoven is steeds weer die wyse raadgewer in sy *Honderd Prekies* en *Duisend Spreuke* wat die hele menslike lewe byna beslaan. Hy waardeer die rustig-mediterende ouderdom wat wysheid is; maar verheerlik die mannewerk van jeugdige wil en energie: ‘vandag is sy nooi sy ideaal: môre sal sy ideale sy nooi wees’ (III, 183). As een van sy besgeslaagde prekies noem ek ‘Die grootste van ons helde’ onder die teks:

> Om dood te gaan is geen kuns nie; die slegste kry dit reg. Om te lewe is 'n kuns: die beste kry dit nie goed reg nie (III, 168);

wat laat dink aan Montaigne:

> Dit is nie vir die dood wat ons ons voorberei nie, want die doodstryd is so kortstondig: 'n kwartiertjie ly sonder erge gevolge verdien nie sulke besondere voorskrifte nie (Essais III - 12).

En vir die lewenskuns is nie alleen liefde nodig nie maar *tak*.

> Draai jou verkyker óm om jou buurman se foute wáar te neem: hy sal van die ander ent af daardeur kyk en jou deugde vergroot sien (III, 222).

skrywe Langenhoven; en Comtesse Diane: ‘tak is goeie smaak in handel.’

Oor alles gaan die diepere optimisme van die humoris:

> Lag die ou wêreld maar 'n bietjie uit oor sy mishandeling, dan het jy die tande uit sy bek uit getrek en die kloue uit sy pote (III, 186).

Nog eens, veel sal die leser aan wysheid van elders herinner; maar wat is oorspronklikheid ten slotte? Alles is al eens gesê, en 'n mens kom altyd te laat, sedert daar meer dan sewe duisend jaar mense is wat dink, merk La Bruyère êrens op in sy *Caractères*. Selfs die skat van wysheid van 'n Montaigne, is dié nie in die meeste gevalle terug te voer op antieke uitsprake nie? Hyself getuig dat as Plato en hy een en dieselfde mening het oor 'n bepaalde onderwerp, dan behoor die mening net so min aan Plato as aan hom (1-25). Seer tereg merk dan ook Dr. Francken[1)] op dat die kuns van maximes-skrywe nie so seer bestaan in die ontdekking van nuwe waarhede nie, as in die bewus maak en tot besinning bring van waarhede wat wèl alreeds bekend was, maar wat as in sluimerende toestand nie helder voor die gees gestaan het nie. Die maximis bring 'n nuwe gesigspunt, 'n nuwe kompleks van waarneminge, 'n nuwe geniale seggings-wys, waardeur 'n ou waarheid ons as nuutgebore tref. Groot is so die nut van goeie spreuke, waar hul ons lewenswysheid in pakkende vorm bring, die gees wakker en skerp hou en die essensiële tussen bykomstighede laat gewaar. Deur 'n pittige styl is hul 'n aanwins vir 'n taal. Met Langenhoven is ons Afrikaans dan ook sterk bevorder in rykdom en krag, lenigheid en helderheid. By hom eerder as by 'n ander moet die hele volk te skool gaan. Waar Voltaire êrens opmerk oor die maximes van La Rochefoucauld: dat dit een van die boeke is wat die meeste bygedra het om die smaak van die volk te vorm en hom 'n gees van regverdigheid (de justice) en presiesheid te gee, moet dit ook in enigermate waar word van *Ons Weg deur die Wêreld*.

1) *Fransche Moralisten*, Haarlem, 1904.

Dit sou onbillik wees om van enige maximilis te verwag dat hy steeds beter as 'n ander 'n gedagte moet weergee. As u met hierdie spreuk van Langenhoven:

> Vertel jou geheim aan 'n ander en maak staat op hom om dit beter te bewaar as jy dit self kan bewaar.
> (Ja, die enigste geheim wat nie verder gaan nie is die wat bly waar hy is.) (161, 162).[1)]

vergelyk die volgende van La Bruyère:

> Elke onthulling van 'n geheim is die skuld van hom wat dit toevertrou het;

dan sal 'n ieder dié van die Fransman pittiger vind. En menige prekie, hoe verdienstelik ook, sou as kuns kan win deur ‘mettre une page en une phrase, une phrase en un mot’ (Joseph Joubert). Maar daarteenoor sal die leser van die spreuke dikwels verwonderd staan oor die oorspronklike, soms uitstekender seggingswys van Langenhoven. Daar hierdie gedeelte uit verhouding dreig te groei, moet ek volstaan met twee laaste voorbeelde. Waar Rabelais sê dat wetenskap sonder gewete die ondergang van die siel is, en Montaigne daarby voeg dat wetenskap sonder eie oordeel die ondergang van die gees is, daar word dit by Langenhoven:

> Soos 'n skeermes in die hand van 'n aap, so is geleerdheid in die kop van 'n dwaas (445).

Verder:

> Vir 'n gesonde neus moet die vuiligheid nog erger stink, as dit sy eie persoon besoedel (Montaigne, *Essais*, III - 8).
> 'n Man wat sy neus in 'n ander se sake steek, soek nie die op wat lekker ruik nie. Sy eie het hom nie aan die beste geure gewénd gemaak nie (463).

Die *witz* van Langenhoven is nie 'n afsonderlike alleenstaande geestigheid nie, maar weerspieël ons 'n persoonlikheid, en so word dit tot 'n bekendmaking van 'n eie innerlike,

1) Nommer van spreuk in *Ons Weg*, ens, II.

'n eie wêreldbeskouing.[1] Sy gelukkige invalle kenmerk tewens die selfsekerheid wat weet dat sy pyle tref. Ek noem u nog enige voorbeelde.

> Die man wat die meeste besorg is dat sy bure se byle moet blink, is die wat slypstene het om te verkoop.
> (So is die man wat 'n preekbundel wil verkoop meer beangs oor sy bure se saligheid as oor sy eie.) (9, 10).[2]

Goed is hier die vereniging van alledaagse en verhewene. Die beeldspraak is dikwels 'n suiwer Afrikaanse:

> 'n Man wat 'n verkeerde roeping kies is nes 'n boer wat sy kliprante omploeg en sy geil grond laat leeg lê.
> (Maar dit is nou eenmaal met jou so, Boet Nelie. Dra maar water en mis aan, anders is jy naderhand uit die kliprante ook uit.) (29, 30).

Of neem die volgende:

> Aan 'n nuwe wa kan jy sien of dit 'n goeie skilder was; aan 'n oue of dit 'n goeie wa-maker was.
> (En dikwels aan die nuwe gelaatskleur dat dit 'n ou skilder is.) (417, 18).

Die kombinasie is verrassend. ‘Der Witz ist der verkleidete Priester ...’

U sien die komiese teenstelling ook in die volgende met die tiepiese selfbespiegeling in skerts:

> Waar die moeilikheid so groot is as 'n berg klim die wyse bo-oor; die dwaas graaf 'n tonnel onderdeur en bly binne vassteek; die lafaard draai om.

1) Vgl. Volkelt, t.a. p. 490.
2) Die krietiese aanmerking telkens is ‘uit die mond van die denkbeeldige, wereldkundige ou Lazarus, wat beter bekend is onder die naam van Ou Stoffel Gieljam’. Naas die verrassing etc. van die twede geestigheid, lê daar dikwels die selfkritjek van Langenhoven in opgeslote.

> (En waar sou jy my rangskik, Boet Nelie? Ek loop eenkant om.) (481, 482).

Spottende met die hoë lewe wat tot armoe lei, gee hy die plotselinge oplossing van iedere antitese met moole spanning:

> Die hoë modes nastrewende het ek my arm geërf, moeg gerus, dors gedrink en amper dood geleef (828).

Spelend vind die gedagte dikwels die vorm van 'n *pointe*, wat die waarheid van die opgeloste komiese teenspraak blootlê:

> Die luiaard is die enigste man wat van sy slaap sal moet rekenskap gee.
> (Al het hy gedroom dat hy wakker was.) (177, 188).

Snelle oorgang en willekeurige verbinding sien u ook in die volgende:

> Hou jou glimlag vir jou vyand, jou trane vir jou vriend, jou hart vir jou ewemens, jou oordeel vir jou-self, en jou gewete vir jou God.
> (Hou jou vermoë, hou jou geloof, hou jou naam, hou jou skoon, en hou jou bek.) (219, 220).

Sien die gemeensaam maak van hoog en laag in die waarheid van die komies aangeduide misplaaste godsdienstigheid:

> Daar is mense wat hulle oë so knaend daarbo op die hemel gevestig hou dat hulle nie sien hoe min goed hulle hande hieronder op die aarde doen nie.
> (Wat hulle hande doen is om vas te klou aan die aarde om nie op te val hemel-toe nie.) (151, 152).

Ook sinvolle onsin kan ons by Langenhoven aantref:

> Daar is honde wat maar net hoef te knor. Dit is die wat reeds tevore gewys het dat hulle kan byt.
> (En daar is honde wat nie eens hoef te knor nie. Dooies, by voorbeeld.) (79 80).

Geestigheid is soos reeds uiteengesit 'n spelende oordeel, oombliklik en verrassend van oorgang. Ek gee as laaste voorbeeld:

> Koop 'n blous wat nie pas nie en reken hy sal regkom met die dra. Trou 'n jongetjie wat nie deug nie en reken hy sal verbeter met die getroude lewe.
> (Van die blous kan jy nog 'n lyfie maak. Van die jongetjie mag jy nie eens 'n lyk maak nie.) (117, 118).

Vir sommige lesers wat deur die ‘tydgees’ nouliks meer in staat mag wees om na soveel ‘ouderwetsheid’ te luister, is dit goed om te herinner aan die kultuur-toestande in Suid-Afrika waar sulke literatuur natuurlik en mooi opbloei. En wie weet of Europa nie weer ontwikkel na die verkwikking van sulke ouderwetsheid toe nie? In elk geval is Langenhoven as moralis ongetwyfeld van betekenis en neem hy 'n besondere plek in die Groot-Nederlandse literatuur in.

En tog is dit eerder die mymerende stemming, die weemoed en verlange, die gelowige liefde en kinderlike aard van die *humoris* wat tot my die meeste spreek.

Wie dit alles so suiwer deurvoel, het ook ons kuns-simpatie. Langenhoven is ten slotte nie die prikkelbare polietikus of mens soos vele hom van naby beoordeel nie; maar die liefdevolle dromer, die beminlike ou kinderhart aan sy Stille Waters. Waar die biograaf van die humoris Barrie êrens opmerk: ‘he has laughed so heartily and joked so frankly at his own expense that he has left his enemies - if such there be - quite without slings or arrows’; daar kan ons nouliks die nodige mate van begrip verwag by wie uiter-likhede met essensie nog verwar. Vir my is Langenhoven die baie menslike humoris, wie diep sy menslike swakhede ook ken, gelowig en vergewende is, verdraagsaam omdat hy veel gely het, prikkelbaar ook om dieselfde rede; maar wys, weemoedig mymerende in die eensaamheid .....

Só sien ek Langenhoven, wie ek in sy daelikse lewe heeltemal nie ken nie en in sy patrioties-politieke oortuigings buite beskouing moet laat - só sien ek hom as mèns, dáar aan sy stille waters, op sy hoë berg, in die skaduwees van die naderende nag .....

III.
Humor in satiere.

Dr. O'kulis (Willem Postma).

Reeds in 1909 verskyn die twede druk van *Die Eselskakebeen*, die eerste en nog steeds van die beste satieries-humoristiese werk van die subjektiewe soort in die lyn van Sterne by ons. Naas hom staan alleen Langenhoven, wie ook groter is. Die skrywer was 'n Kalvinis en 'n gemoedelike humoris deur en deur. Al het sy skrywersgawe beperk gewees tot die ligtere soort humor, is hy tog een van die pragtige figure, wat my voor die gees geswewe het in my inleiding. Hy was van die allerbeste van ons volk. Prof. dr. J.D. du Toit[1)] wys daarop dat ons by sy groewe dink aan die tragiese van 'n heldefiguur, 'n worstelaar wat op die middag val; vir my is hy tewens ook een van die mooie humoriste, wat die lewe sier, hoe weinig ook die hulde van die wêreld. Vir hul het die lewe eintlik nooit 'n neerlaag nie, omdat hul inherente optimisme, tenspyte van 'n pessimistiese grondslag, steeds weer die weg wys na berusting.... die milde glimlag van 'n wondere lewensvreug.

Ds. Postma was 'n Afrikaner van durf en daad, wat met sy eselskakebeen die Filistynse leër slag op slag kon toedien. Hy was Afrikaner in hart en niere, 'n vyand van bekrompenheid, maar 'n hater van die uitheemse gedoente, wat die Afrikaner vervreem van sy erfgoed en die tradiesies van sy voorgeslag.

Moeilik was die lewensstryd vir hom, swaar die lewenskondiesies, dikwels nog vererger deur langdurige siekte,

1) *Die Huisgenoot*, jan. 1921.

maar ongebroke was sy wil en onverdelgbaar sy luim en humor. Geemlikheid en sinisme was hom totaal vreemd, en die ironiese wendinge in sy satieries-humoristiese prosa is breed-spottend en mis alle haatlikheid, sy humor ruim en vol begrip. En self waar weemoedigheid die skynbaar so lugtige skerts soms ewetjies deurhuiwer, bly die toon hoopvol, as van die stryder wat weet dat die ideaal sy verwesenliking nader. Die weg van teleurstelling waarheen sy retrospeksie gaan word dan belig deur die milde skyn van humor.

Sy *Eselskakebeen* moet gerangskik word onder die beste werke in ons literatuur, en die eenvoudige, pittige klare taal, deur hom so vroeg reeds gebruik, bly 'n voorbeeld vir menige hoog-drawende skrywer van boeke en pamflette.

Dr. O'kulis dan hekel in hierdie werk die stelselmatige denasionalisering van die Afrikaanse kind onder die naam van skoolonderwys. In satieries-humoristiese prosa word die valse en gevaarlike waarde-aansprake ont-dek en in hul komiese nietigheid in die daglig gestel en tog weer met erkenning van waarde, hoe gering ook. Die werk is dus van esteties-etiese karakter, wat heeltemal geregtig is. Maar ook kultuur-histories is so 'n boek van enorme waarde. Die satiere help nie alleen die wantoestand verdryf nie, maar is meteen 'n sprekende dokument daarvan.

Die skrywer maak gebruik van die vele middels van die satiere: geestigheid, ironiese wendinge, komiese beligting, ens. Die situasies word gekenmerk deur 'n immanente humor, maar steeds weer tref ons die subjektief-humoristiese vertellingswys van die skrywer.

Die verhaal is 'n toegepaste omwerking van die in die inleiding meegedeelde sprokie van die gesmade eendekuiken .... sy vreemdelingskap in sy eie land, waar hy nie tot ‘fatsoenlike pluimvee’ mag behoor nie; sy gedwonge trek en uiteindelike vreugdevolle ontdekking van sy eervolle afkoms van 'n swanegeslag: sy trots en fierheid!

In die outobiografie - in dié vorm word die verhaal ons

aangebied - is al dadelik komies die gevoel van vreemdelingskap by sy koms in die wêreld en sy direk gevormde opienie. Sy eerste ontmoeting was met 'n 'Ouvrou' en 'n badskottel. Ou Antjie was baie knap en het 'n gevoel gehad dat Boerkinders van God kom met háar hulp en goedkeuring. Goed het sy verstaan om hom te hanteer in die waskom, wat vir hom alles behalwe gerieflik was.

> Hieruit kan elkeen opmaak hoeveel ons geslag aan die regte Ouvrou verskuldig is. Sy maak van elke Boerkind in die eerste uur van sy lewe 'n held of 'n heldin. Sy leer hulle gevare ken en trotseer. Sy inspireer jou dadelik tot heldedade te water en te land. En glo nou maar gerus, dat Boere, wat later lafhartig is, nie op die regte manier gebore is nie.

Wat 'n opgeruimde siel was onse outeur tog! Geestige nonsens bring die rype gewaarwordings van die nuweling! Maar daaragter vind u die kultuurhistoriese feit van vroeë harding op die lewensweg deur die ferm-aanpakkende vastheid van so 'n ouvrou-outokraat, vergeleke hy die latere sag-mediese metodes van die *nurse*.

Tuis het die Ouvrou die heersers-skepter oor almal geswaai.

> My pa, die ander kinders, die volk, die broodkas en die smeergoedkas, was almal aan die strenge heerskappy onderwerp..... Daar ek 'n vreemdeling was en niemand wis wat hulle van my te wagte had nie, is die wet tamelik sonder opposiesie deurgegaan.

Sy was 'n uitstekende 'dokter' en was trots op haar wonderlike medisyne, wat bestaan het uit drankies, poeiers en bossies. Om die regte vyf soorte vir elke kwaal te meng was vir haar somar kinder-speletjies. Die gewoonte, nog dikwels op die platteland aangetref, van vry om te spring met medisyne, het ook Antjie Schut geken. Sy het gewoel met 'voorbehoedmiddels' en 'kastoor', 'sodat sy letterlik die siektes wat ons sou kry onderdeur gespring het. Die ander

wat ek wel gekry het, was, sommer maar', dis altyd maar so'. In elk geval het hy staande gebly in sy geboorte, waarop hy vandag te danig trots is: Tante Antjie se kleingoed 'word gebore', die ander kleingoed 'kom sommer aan'! 'Van al wat my in my jongdae oorgekom het, is daar niks waar ek so trots, so tevrede oor is nie as oor, my gesertifiseerde geboorte' as Boerkind.'

Die hele eerste hoofstuk is vol van sulke rake geestigheid in verband met Afrikaanse toestande. Hy wei graag uit. 'Maar ek dwaal van my geboorte af,' roep hy homself êrens toe en keer dan terug van sy Ouvrou-diwagasies.

Dan begin 'n lange reeks van moeilikhede tengevolge van sy geboorte as Boerkind, en hy voel hom vir lange tyd so verlore en ook so minderwaardig as die eendekuiken. Wat was b.v. sy eie taal onder die mengelmoes van tale wat hy hoor? Ook hier die verwondering weer van die *vreemdeling*. Selfs die dominee het hom dronk geslaan. Dié was ook 'n Afrikaner en het twee tale gepraat. In die kerk was nie alleen sy taal vreemd nie, maar ook sy gesig en stem anders. Die seun het gemeen dat die kerktaal ook Afrikaans was, net die woorde was langer en met sterte aan. So het hy Hollands gaan vereenselwig met die taal van Moses en Dawid, met die godsdiens in die algemeen. Komies word die vrees van die Boer om in Hollands 'voor te gaan' beskrywe.

Maar tog besef hy dat Hoog-Hollands die behoud van die Boervolk was. 'Die wat in die Godsdiens en geskrifte daaraan vasgehou het, het padlangs gehou in alle opsigte.'

En toe na skool! Daar het 'n wêreld van ondervinding en smart vir hom oopgegaan. Meer as ooit tevore het hy hom nou 'n vreemdeling gevoel. Met die intrap moes hy 'pray.' Bang vir foute maak en straf oploop, het hy maar een oog op 'n skrefie gelaat om die spul dop te hou. Die eerste dag kry hy al 'homelessons.' 'Dit meen, my huismense moes verder die taak van die Miss tuis volbring.'

So word dan die oue régime van 'n belaglik-onpedagogiese skoolonderwys deurgeloop met dieselfde kostelike spot en rykdom van komiese staaltjies. Orals tref ons die onderdrukking van die natuurlike gawe en neiginge van die leerling en die moeisame instamping van onbekende materiaal met dreigemente en straf vergesel. En nêrens werk die tendens die minste hinderlik nie, omdat met 'n enkele uitsondering die geestige toon orals bewaard bly.

Soms is die taal pragtig-gemoedelik ironies.

> Praat van Vooruitgang! Wel, nou moet die onderwyser heel dag met 'n kind staan lol en dan kry die kind nie eers 'home-lessons' nie. Onse meesters het vertroue in ons en onse huismense gehad en ons tamelik selfstandig laat groot word. Dan nog moet vandag se kinders twee-maal 'play time' kry en nog tyd om te 'draw' wat hulle wil op die lei. En waarlik, hulle gaan maar 4 uur skool. Dit was anders in my jong dae. Vyf uur pal oor 'n boeg skool, en een kwartier 'playtime'. Maar 'draw'! Had 'n man dit dié dae gewaag om iets anders op die lei te doen as letters, somme, twenty-five lines, wee hom! Dis die wat uit *ons geslag manne voortgekom het*.[1] Van hulle vyfde jaar af is hulle sommer gehard in die stryd. Daar was nie tyd vir spulletjies nie. Vyf uur, en dit op jou vyfde jaar en oor 'n boeg leer, niks anders as leer! Kyk, ek het vandag nog 'n safte plek in my *hersings wat altyd moeg bly*. Ek het hierbo gepraat van gehard. Dit betref natuurlik die sitplek, die ellemboog, die vingers, en die kopbeen, die sagte plek was binne in die kopbeen.'

As ironie 'a sting ... under a semi-caress' is,[1] hoe goed is dit dan hier! Haat is by dié belaglike toestande geheel afwesig. Selfs die angel van waarheid doen nie pyn nie, daar dit eerder 'n gemoedelike knypie in die arm is.

1) Kursivering orals van my.

Die ironie win in seggingskrag en word weer humor juis deur die feit dat 'n sekere selfstandigheid tenspyte van die onpedagogiese metodes, soms wèl die resultaat was, waar die sgn. ‘sagte pedagogiek’ van 'n verligter tydperk hierdie doel vaak verbystreef. Tekenend dan die gevolgtrekking: dis dié wat uit ons geslag manne voortgekom het! Harding en dissipliene het het hul wel gekry vir die lewe. Hy vervolg:

> Die kop had alles, alles - ja, en die sitplek baie. Die hart, die middelpunt van die lewe, had niks. Die hand wat een dag die *ou* lewe moet reg pluk, had ook niks anders as ‘cane’-oefening.

Merk u die gevoelswaarde van die één ou woordjie deur my gekursiveer, die vertroebeling van stemming in humor? ...

‘L'humour jette un regard sur la vie, il voie qu'elle ressemble à une comédie, et il s'egaie; il songe en même temps que cette comédie est sérieuse, et il s'attriste’ (L. Ratisbonne).

Sy gelukkigste skool-dae het hy buite skool deurgebring. Siekte het hy dikwels begeer, maar sy boere-gestel was te sterk om hom van die grotere leer-kwelling vry te hou. En hy het die klein Kaffertjies wat nie skool-toe hoef te gaan nie in die diepste van sy siel beny.

Maar die kwaad sou nog vererger word. In die vroeë standaards sou hy in die Engelse wêreld leer om hom te skaam dat hy van Boere-afkoms was. Byna het die *Royal Reader* hom beweeg om Engelsman te word en te verhuis. Maar tog was die invloed tuis 'n geseënde teëgif en sy hart het bly slinger tussen *Royal Reader* en die Boervriende. ‘En hoe nou met die kinders wat nie Boer-ouers en vriende had nie?’ vra hy hom vandag af.

Toe het hy *geography* moes leer. En wonderlik genoeg die paradys-agtigheid van Groot-Brittanje het toe verdwyn, want hy het die swaarkry van hierdie studie in verband gebring met dáardie land en die Utopia was vir hom in 'n tronk omgesit. [1)]

1) George Meredith, *An Essay on Comedy*, p. 79.

Die *British History*, wat 'n opsomming van rusies en bakleiery gee, was net so onsinnig. Hy het gevoel dat solang hy met *Britishers* op die banke gesit het, sy lewensgeskiedenis in 'n seker opsig ook *British History* was - net sonder datums!

Na standaard IV het eers die meesbekende sake gevolg: *Dutch, Cape History* en *Bible History*. In eersgenoemde, wat 'n goedkoop *made-in-England* namaak van Hollands was, het hy tog 'n prys weet te behaal, 'n boek: *Fynie's Flower* - ''n Engelse boekie vir 'n Engelse nooientjie en dit vir 'n St. V-Boer-seun!'

En die vaderlandse geskiedenis? Nee ... 'Cape History verneder 'n Boer se hart, maak van hom 'n agterryer in sy eie land en vorm hom in die meeste gevalle tot 'n jingo of 'n weeluis.' Maar daarby het dit nie gebly nie. 'Die British magte wou ons Cape History leer, ons het hul met vaderlandse geskiedenis geantwoord.'

Dan word die onsinnige onderwys van die middelbare skole geestig behandel. Op die blok-praktyk (krem) moet ek tog alhier terugkom:

> 'Krem is in die wetenskap dieselfde wat wors-stop in die slaghuis-lyn is. En wat wors-stop is weet elke Boer. Nou, so is ons volgeprop met translations, grammar, textbooks, ens., ens. Die hele Matriek was net één kremmery. Jyself krem, die meester krem jou en die boeke word in jou in gekrem. Al onderskeid tussen 'n wors en 'n Matriek-student is, dat 'n wors dikker word met stop, maar die student kremp met die gekrem. En uit 'n wors word al die wind uit-gehaal, die student word met wind-geleerdheid gekrem.

Hoe raak word die euwel hier geskets. Liggaam en siel het hy in Matriek uitgestort, en toe hy hom deur was eers die triomf van slaag meegemaak en toe die teleurstelling wat moes volg op 'n skoolopleiding wat nêrens met die praktiese lewe rekening gehou het nie. Met die sertifikaat op sak en tog radeloos!

> Vir ambag was ek toe te oud, vir boer was ek te saf, vir klerk ‘te geleerd,’
> vir 'n amp te dom, vir onderwyser te onbekwaam, vir lidmaat te ongeleerd,
> vir die huwelik te arm. Matriek! Matriek! Wat het jy my trane, sugte,
> benoudhede gekos!
> .....
> As jy Matriek net agter die rug het, voel jy jou kapabel vir alles. Maar as
> Matriek jou agter die rug het, voel jy kapabel vir niks!

Hy was gelukkig om hom later in die lewe tog te red tenspyte van sy verknoeiing op skool.

Die ‘Toepassing’ aan die end van die verhaal geskied direk sonder komiese of artistieke gedeeltes.

Die Eselskakebeen bring 'n gesonde humor, vry van alle kleingeestigheid of rassehaat. Dit is 'n sprekende pleidooi vir gesonde pedagogiek en kan geen enkele redelike mens aanstoot gee nie, maar die wantoestande in ons land met *brimade sociale* uit die lewe help ruim. Dit is die lag van 'n ruime siel, wat die onreg in al sy wrange gevolge ken, daarbo uitstyg en met breë optimisme die konflikte in gemoedelikheid oplos. Sy humor tenslotte is die lag van wie homself gevind het, die trots en fierheid van die jonge swaan.

C.J. Langenhoven.

Doppers en Filistyne (1922).

In hierdie kostelik-geestige werkie vind u gemoedelike satiere op maatskaplike en veral politieke toestande by ons. Voortreflik is die vrolike siening van ons Afrikaanse wêreld en die dramatiese krag in die uitbeelding van botsing tussen oud en nuut, platteland en dorp, *bekveld* en *sosaaietie, Doppers* en *Filistyne*.

Deur die Filistynse gees wat sy vrou besiel is oom Stoffel, 'n Takhaar-Boer, van sy grond af en in die dorpsmisère verval. Sy ‘sagmoedige’ gedienstigheid onder pantoffel-heerskappy en sy teëspartel (voor die leser!) is kostelik

weergegee. Hy wei uit oor die sonde met sy nuwe bure, veral met die ou Skotsman Makpaatrie en die verengelste Afrikaner en Miesies James Wénderbaail (Koos van der Byl, of ‘ou Ja-mes’ soos oom Stoffel hom verkies te noem). Hy haat die teëparty tot in sy siel, maar dan kom opeens die ‘versoening’ en oom Stoffel vertel ten slotte *hoe* hy sou geëindig het, was die ander party nie sy vriende geword nie. Ek wil veral na drie punte hier verwys. Eers is daar die humoristiese wêreldbeskouing in die beskrywingstrant van ons outeur, wat ek reeds tevore aangedui het; verder die satiere op verengelsing van Afrikaners, soos tentoongestel deur Miesies Wénderbaail; tenslotte die karakter- en nood-lots-humor van oom Stoffel. Ek sal my bes doen om hierdie werkie, wat my keer op keer so veel genot verskaf het, nie dood te teoretiseer nie!

Eersgenoemde punt laat ek aan die leser na bostaande maar oor. Die twede en laaste kan ek gedeeltelik saam bespreek.

Oom Stoffel staan dadelik fel lewendig voor ons met sy gesonde praktiese sin, wat hy op sterk-komiese wyse uit teenoor sy vrou, die dorpsmense en veral die Filistynse teëparty. Ons hou van die goeie oubaas om die opregtheid van sy wese, wat geen wegsteek van eie gevoelens ken nie, en in die nuwe, huigelende wêreld hom gee soos hy is. En waar Neelsie homself in verband met oom Stoffel humoristies kan sien, kry ons iets van wat Kuno Fischer êrens die vrye selfkennis noem, wat nie moontlik is sonder heldere beligting van eie karikatuur, sonder die komiese voorstellinge van andere vrolik oor onsself te laat gaan nie. Die gestalte van oom Stoffel is positiewe humor; 'n meer negatiewe, verdeelde humor is in die onsimpatieke doen van die positief teenoorgestelde party van Filistyne. As voorbeeld van laasgenoemde moet u Miesies Wénderbaail op visiete by oom Stoffel se vrou sien. Ek kan helaas die kostelike dialoog nie in sy geheel gee nie. Oom Stoffel in sy strewe om beleef te wees en die vroumens te woord te staan, wyl sy vrou nog staan te sukkel met die nuwe klerasie (‘want haar liggaam, vars

van die plaas af en nog nie vervorm van die gedaante wat dit die liewe God behaag had om daaraan te gee nie, was nog maar wederstrewig'), begaan die fatale fout om aan die ou Takhaar-dae te herinner.

> 'Dag, Nig Stoffelina,' sê ek. Ek sien sy steek weg dat sy haar bloedig vererg; ek ken die betekenis van elke trekkie van haar oë en haar mond mos van die ou dae af. Sy probeer eers om my op 'n indirekte manier reg te help - om my te laat verstaan dis nie nou meer die boere-fatsoen hier nie. Ek het dit goed genoeg verstaan ook en sy wis dat ek dit verstaan, want sy ken vir my ook. Maar ek hou my maar dom.
> 'Hou aar joe, Mister Quilliam?' was dan haar manier van antwoord op my groet.
> 'So dankie,' sê ek. 'Hierdie stewels druk my maar. My tone kan nie daarin plat lê soos in die velskoene nie. En die dorpse mense wat vir Soetlief kom besoek pla partykeer om my uit die slaap te hinder in die namiddag nadat hulle die aand van te vore te laat gebly het. En met jou, Nig Stoffie!'
> 'Miesies Wénderbaail,' sê sy kort-af, en sy ruk haar op.'
> 'Ag, ekskuus tog, Miesies,' sê ek. 'Ek kan nie Engels praat nie. Ek is nes 'n Engelsman, eentalig. Maar Soetlief is vinnig aan 't vorder; sy sal netnou hier wees om met jou te gesels. Sy beur nog net eers 'n paar rygbande aan stukkend.'
> En toe sit ons albei 'n ruk stil, sonder om te weet wat om verder te sê.

Oom ryg sy stewels los om bietjie verligting te kry van die brandende vuur aan sy voete. Nogeens 'n ongelukkige vraag .....

> Toe probeer ek maar weer uit 'n ander koers. Wat wou ek maak? Ek het nie ou Stoffela se geselskap gesoek nie. Maar ek wás daarin, en dit was my eie huis: ek moes my beleef gedra.

‘Waarom het Miesies tog nie vir ou Ja-mes saam-gebring nie,’ vra ek.
‘Dan kón ons twee tog gesels het, ek en hy. Want hy is ook eentalig nes ek. En nes die Engelse.’
‘En wie is dan Ja-mes?’ vra sy, en ek sien sy kook. Ek ken haar mos van daardie dae af.
‘Miesies,’ sê ek, ‘wie't hy vandag is kan ek jou nie sê nie. Ek dink hy weet wragtie self nie mooi reg nie. Maar ek kan jou sê wie't hy was. Hy was Koos van der Byl, ou Skeel Koos van die Gatplaas se seun. Ek en hy was baie goeie maters in die oue dae buiten die slag toe ek hom tussen-in by jou doodgevry het. Vandag is ons vervreem; maar ek verwag ons sal weer in dieselfde kraal kom. Ek moet mos ook nog verdoop word op my ou dag. Soetlief is nog maar net in die ongeleëntheid met die Engelse vertaling van Stoffel. Miesies sal haar seker daarby behulpsaam kan wees.’
Toe word die ou vrou onkeerbaar die hoenders in. ‘Aai hessent keim heer toe bie insultet’ sê sy. En sy staan op om te loop.
Ongelukkig kom Soetlief toe net betyds in en sy red die situasie. Sy groet die ou vrou ewe oorlopend en sy vra ekskuus dat sy nie eerder kon kom nie.
‘Nee, nee, Miesies Quilliam,’ sê die ou nukkerig, maar sy gaan weer sit, ‘dis onnodig om te apollojaais.’
‘Soos die Engelsman sou sê,’ val ek in, iet ies not nessesserie toe vra verskoning.’
Toe kyk Soetlief vir my en ek staan stil op en ek loop.
Ou Miesies Ja-mes se bui het dan weer afgekoel. Dis nie 'n soort mense daardie wat wrokdraend is nie - hulle is te oppervlakkig. Haat is vir hulle te diep soos liefde te diep is. Sy en Soetlief het hoe langer hoe groter boesem-vriendinne geword en ek en ou Ja-mes was maar gedurig bymekaar gegooi - tot my verdriet en ek hoop tot syne.

Hier is ook 'n sekere ironiese humor aanwesig, daar Miesies Wénderbaail in sekere mate haarself vernietig, en die verhewene wat sy ontken, laat win. Sy staan tenslotte ontdaan van al haar Wénderbaail-glorie as ou Stoffelina daar; ja, selfs nie eens sóveel bly van haar oor nie. U het medelye met haar bespotlikheid.

Teenoor haar en haar kliek staan die *onversoenbare* ou Takhaar. 'n Ironie van die lot bring hom in dieselfde kamp met die Filistyne en sy daaropvolgende versoening is géen gemoeds- maar nóodlots-noodsaaklikheid. Geestige ironie is dit waar oom Stoffel in sy toespraak die skynbaar waardevolle van sy teëstanders in één slag vernietig. Langenhoven bring daarin die konsekwensie (saam-fuif van oom Stoffel - getiktheid - oue natuur) tot 'n ad absurdum-slot, en daarin lê die ironiese humor ook. Die humor is weer versoend omdat die teëparty homself eintlik vernietig en die onderliggende idee seëvier. Oom Stoffel self veroordeel die deur homself aanvaarde ‘waarheid’. Inderdaad is hy die draer van die waardevolle gedagte; en waar dit alleen in die bewussyn van onsself en oom Stoffel is, bly ons op die trap van die satieriese humor staan. Maar wat 'n verskil in die lag wat Miesies James tref en dié wat oor oom Stoffel gaan. Sy hou vas aan Miesies Wénderbaail en laat self nie 'n jota van vernaamheid en hoogheid skiet nie (‘ai hessent keim heer toe bie insultet!’) en verdaag so die finale oplossing. Maar by oom Stoffel bereik ons 'n positiewe trap: die versoening wat geen versoening is nie, waar hy van sy hoog-vrye meerderheidsgevoel moet afdaal tot die ‘broeder-kus’ aan wie hy diep verag, maar wie hy tog onder omstandighede moet erken as mense wie se harte ‘reg’ is! So word die konflik finaal opgelos as pragtig satieries-ironiese humor. End-uit bly hy ons die simpatiek-openhartige en beminlik-naïewe persoonlikheid ... 'n deur en deur ‘lekker kêrel’ en een van die beste humoristiese vriende in ons literatuur. Deur hom word die oormag van die Idee gedo-kumenteer. Ek neem afskeid van hierdie fyne werkie met 'n verontskuldiging aan die outeur!

IV.
Humor en tragiek.

C.L. Leipoldt.

Daar is skrywers wat in eie sieleweedom dit soms enkel nog kan uitsnik in woorde vol van saamgeprangde ontroering soos Breero of Verlaine. Daar is ook andere wat die diepste menslike lye, die skeurendste menslike smart en die skrynendste herinnering van gans 'n nasie weer kan deurleef; maar met byna bowe-menslike mag die stormende ontroering kan bedwing in heldhaftige strewe na berusting, waar haat en bitterheid verstom:

> Bedaar, bedaar my hart, al kraak jy ook;
> Ons moet die drimpel oor al breek ons dood!

So een is my ook Leipoldt. By hom meer as by enig ander vind ek die gekonsentreerde oorlogsleed van gans ons smartverlee. En die magtigste uiting daarvan in *Oom Gert vertel en ander Gedigte*.

Tog kan ek u juis uit die tragiese sange van Leipoldt ook die tragiese humor illustreer.

Die meeste van sy verse in hierdie bundel het ontstaan ‘toe ek nog half flou was met die skok van die oorlog, en toe die donder van die Engelse kanonne nog altyd in my ore was.’[1] Daardeur moes ook sy humor van die gebroke soort wees.

Ek noem u eers om sy bittere ironie en verskeurdheid *My nuwe Vaderland*. Hier skyn sy geloof te wankel aan die hoëre idee, deur my tevore aangedui, wat tot verlossing en humor lei. Dit is 'n kreet van vertwyfeling, waarby

1) Voorrede by hierdie bundel.

meerderheidsgevoel en gemoedshoogheid verwoes skyn, en die stukkend geslae siel 'n uitweg soek - see-toe! Hy wil weg uit die omgewing van vermoorde ideale en heldemoed, wil die verkoelende seewind - die veldson brand so heet!

Ek het so lief ons blougroen see,
  Ons witgeskulpte strand;
Was ek geen Blikoor nie, dan was
  Die see my vaderland.

My tuiste-veld is baie mooi,
  In winter baie groen:
Ja, goudgeel blink die doringboom daar,
  As son en wind hom soen.

My eie veld is baie nat
  (Vervloek die tyd!) met bloed –
Daar sing vandag die mense nog
  Van *Volk* en *Heldemoed!*[1)]

Volmaak die sug na onbewustheid in die verlange na die blougroen see met die bleke verlatenheid op die kuste. Veral die woord ‘witgeskulpte’ wek by ons die assosiasie van absolute sielsdesolasie. Die see is vol met trane, tot in sy hart vol met bloed, en tog sing die visse nie van *Volk* en *Heldemoed* nie. En dit snik in sy siel omdat hy - 'n Blikoor is, en nie weg kàn:

Ek is 'n Blikoor, want my wieg
  Het op die veld gestaan;
Maar as ek na die branders kyk,
  Loop oor my wang 'n traan.

En dan skree hy dit uit in bitterheid, soos nog nooit in Afrikaans gehoor is nie, en wat alleen deur die verkropte liefde daarin geëwenaar word:

1) Kursivering van die digter, verderop orals van my.

My land is nie meer myne nie;
  My volk is doodgestry;
My moed is nie meer heldemoed -
  O God, vergewe my!

Maar wie sy veld só lief het, en hom só smartlik moet losskeur van sy volk, kàn geen vergetelheid in seegedreun vind nie, kàn geen visselewe lei nie. Hy wil nie die dood nie, ook nie gevoelloosheid vir pyn en leed nie; wil alleen ‘vergeet en uithou’. Vergeet èn uithou! ...

Onder die ironie voel ons en hyself, dat só 'n Blikoor ook op die vèld móet bly, móet leer om weer saam te sing die vryheidslied, móet weer die gedrenkte aarde ploeg en saai vir 'n nuwe oes. Vir wie wáarlik sielsbankrot is bly daar nog altyd oor: die see, die visse, die w i t g e s k u l p t e strand ....

So kry ook die ironie van die gegewe in die persoonlikheid-sintese van die digter vir ons 'n nuwe betekenis, wat raak aan die stemming van ironies-tragiese humor.

Daar is ook die bittere ironie van *Vrede-aand* - die ondraaglike oomblik as die gruwel van vrede die digter met drake-gestalte wil oormeester. Die verhewene lê vermoor, lelieblanke onskuld besoedel. Buite word gejuig om oorwinning, die vlag waai hoog, materiële voordele is op koms, en hy moet drink, diep-bitter drink op die vrede! By die duistere omwoeling van sy siel moet die positiewe vorm agterweë bly:

  Dis vrede, man; die oorlog is verby!
Hoor jy die mense skreeu die strate vol?
Sien jy, die hele wêreld is op hol?
Kom, hier's 'n bottel soetwyn; laat ons drink!
Ons het ons nasie in die see gesink;
Ons het geen land meer nie: dis klaar met Kees!
Dis vrede nou: kom skreeu - of is jy hees
Van lag? Nou, lag maar, want die storie's uit:
Ons nasie's weg, ons kan daarnaar maar fluit!
Drink, drink jou glas! Die son skyn deur die wyn:

Is dit te soet, of smaak dit soos asyn?
Nou ja, dan kom hier by die venster staan
En skou met my al die gedoente aan.
Daar waai die vlag, daar word hoerê geskree:
Die aandeelmark rys weer, en ons daarmee!
Wat is ons land teenoor die aandeelmark?
Wat 'n kanarievoël teenoor 'n vark?
'n Lelieblom teenoor 'n stronk tabak?
Ons nasie, wat so wild was, is nou mak
En kan getrein word soos 'n jong bobjaan,
Wat, as hy steeks is, jy weer goed kan slaan.
  Hoerê! hoerê! Skreeu saam met my:
  Dis vrede nou; die oorlog is verby!

Maar dáar rys voor sy vertwyfelende siel die nobele gestalte van wie martelares is vir die vryheidsideaal, en hy moet weer glo aan die toekoms -

Heldin en vrou! Die beste, wat ons land
Nog voortgebring het.

Die oplossing van sy smartgevoelens soek hy nie in die wyse raad van Almag nie, maar deur *denke* en herinnering aan die adel van háar siel -

  Dié het geblink
Tot aan die kruis-ster, toe die donker nag
Rondom ons was.

Sy oog is nou hoopvol gerig op die toekoms, waar nuwe omstandighede nuwe eise stel. Die vrede self moet hy nou aanvaar as *plig*. Die verwensing van die ironiese gebeure verklink, die haat verstom, daar kom 'n traan in sy oog, en uit die diepste van sy wese rys 'n gebed aan sy volk, maar ook 'n gelouterde vreugde:

Waak oor die stem; let op die siel; behou
Die beste, wat ons nasie het - die vrou!
Gooi neer die glas; die stukkies skop opsy:

Daaruit sal ons geen ander heildronk drink
As dié aan haar! maar roep, man, tot dit klink:
Dis vrede nou; die oorlog is verby!

Deur die negatiewe aanvang word die endstemming des te oortuigender.

Weer in die woesteny van die werklikheid en as deel daarvan verskyn die waarde. Dit is die manlike denke wat verlossend werk en die weg berei vir die latere siening van humor in die ironies-tragiese gebeure.

Wrange humor is daar in *'n Nuwe Liedjie op 'n ou Deuntjie*.

Dit is 'n lokasieliedjie en die digter sing dit 'n sterwende kindjie toe in die vrouekampe van die Oorlog:

Siembamba, Siembamba,
Mame se kindjie, Siembamba!
Vou maar jou handjies saam, my kind:
Hoor tog hoe huil die noordewind!
Hier in die kamp is alles stil,
Net maar die wind waai, soos hy wil:
Net maar jyself kan kreun en steun:
Niemand sal hoor nie, niemand, seun!
Almal is besig: Oor die land
Drywe 'n wolk van die noordekant -
Swart as die rook uit die skoorsteen puil,
Swart as die nag, en as roet so vuil:
Vou maar jou handjies dig tesame,
Sluit maar jou ogies en sê ame!

In die twede strofe oorval die digter eindelose jammer en leed, maar teen die slot is sy stemming weer meer berustend. In die laaste is daar selfs plaas vir 'n glimpie van humor:

Siembamba, Siembamba,
Mama se kindjie, Siembamba!
Kinkhoes en tering, sonder melk:
Bitter vir jou is die lewenskelk!

Daar is jou plek, by die graffies daar –
Twee in een kissie, 'n bruilofspaar!
Alles vir ons wat die oorlog hou,
Alles vir ons en niks vir jou:
Jy het van ons jou plig geërwe –
Plig om as kind vir ons land te sterwe!
Al, wat jy wen, is dat ons onthou:
Meer was die vryheid as kind of vrou!
Vou maar jou handjies dig tesame,
Sluit maar jou ogies, en sê - ame!

Voel u iets van 'n lugubere spel, waar 'n kinkhoes- en tering-lyertjie moet ophou kreun omdat almal *besig* is en niemand tog kan luister nie, en maar weggesus word na 'n bruilofskissie toe op die deuntjie van 'n kafferlied!

'n Meer-versoende humor is in *Die ou Blikkie*. Hier spreek teer-gevoelig die sin vir die kleine en geringe, wat die digter direk weet te verbind met sy geesdrif vir die verhewene. Iets komies is daar, nie waar, in die troeteling van 'n moeder van smarte van iets so gerings as 'n armsalige ou blikkie. In die ou-blikkie-vertroosting egter rys vir Leipoldt weer die visioen van die vernietiging van onskuldige lewentjies. Ja, daar is 'n glimlag, maar so deurdrenk van trane en ook so geadeld deur bewondering en geloof, dat dit met die haas onverskillig-eenvoudige taal ons die diepste smart weer bring.

Wat is die ding, wat jy daar hou?
Wat droom jy oor 'n blikkie, vrou?
'n Armsalige ou blikkie?
Wat is die ding tog nou vir jou?

Op dié vraag antwoord die moeder:

'Ek wil hom skoonmaak, dat hy blink
Soos silwer in die sonskyn: dink,
Die armsalige ou blikkie,
Daaruit het Gert en Griet gedrink.

‘Ek wil hom met die grond hier vul,
Hier waar die suring bloei so gul,
Die armsalige ou blikkie:
Miskien kan ek my droefnis kul,

‘Ek wil daarin 'n plantjie plant,
Wat groei aan Griet haar graf se kant –
Die armsalige ou blikkie,
Was vasgeklem in Griet haar hand.

‘As ek so in die sonskyn sit,
So blou die hemel bo, so wit
Die armsalige ou blikkie,
Dan droom ek weer oor dat en dit ....’

Hoe kàn sy die verlede vergeet: dis *alles* wat sy nog het - die herinnering!

‘Solank jy op die vensterbank
Hier by my staan, so skoon en blank,
Kan ek, armsalige ou blikkie,
Nog stil wees *en vir God nog dank*,

‘Dat Hy, toe daardie oorlogsdamp
My kinders al twee in die kamp,
Ag, armsalige ou blikkie,
Die lewe so het uitgestamp,

‘Nog in my hart het hoop gegee,
Dat ek bedaard was in my wee,
Ag, armsalige ou blikkie,
Te dink, ek sien hul weer, al twee!

‘Met jou het Griet en Gert gespeel,
En ek het nog in jou 'n deel;
Ag, armsalige ou blikkie,
Laat ek my maar nog iets verbeel!

Verbeelding - dit is alles nou,
Wat ek nog het: laat my dit hou!
Ag, armsalige ou blikkie,
Jy is my anker teen die rou!’

Die humoris is die groot waarde-kenner. Daartoe help die herinnering mee. Hy is die ordener in die gaos van lewenservaringe, die sintetikus wat op ons verontrustende analiese die lig van sy ruimere denke en voele laat val en eenheid aantoon waar tevore alleen disharmonie, tweestryd was. So is ook hier tussen die geluk en vreugde van vroeër en die verlate eensaamheid van vandag 'n smartlik vertroostende ou-blikkie, 'n droefnis-kullertjie, 'n silwere skakeltjie waarop sonlig val.....

Sulk 'n reine persoonlikheidswaarde, suiwer geobjektiveer buite alle werklikheidsbelange om, hoef op geen bepaalde herinneringsbeeld te reken nie, maar wek deur uitbeelding 'n eggo van meelewende menslikheid. Ons hoëre bewussyn word wakker geroep, wat ons in staat stel om sèlf op die oomblik die dankbare treurende moeder te wees. Deur *estetiese* betragting van wat Leipoldt ons hier bied, ontstaan die besondere kunsgenot van hierdie aangrypende siening.

Sien vervolgens in *Oom Gert vertel* die deur humor gebroke tragiek. Die ou Boer is nog lang nie sy smart te bowe nie, maar wil dit nie voor andere toon nie; elke keer moet hy 'n knop wegsluk en haastig 'n lugtige opmerking maak om nie, deur die smart van herinnering oorstelp, dit luid uit te snik nie Dan moet Gerrie, sy dogter, dit doen of dat doen; dan weer vertel hy allerlei minder saaklike details, of verval in uitwydings en herhalings om tog maar nie op die vreeslike gebeurtenis te kom nie: twee jong kêrels, een sy peetseun Bennie, verloof met Gerrie en deur almal gelief, as rebelle op die mark voor hul famielie opgehang.

Die kwasie-onverskillige houding van die ou Boer, sy treusel, sy langsaam opdreef raak, sy gevoel van magteloosheid teenoor die smart wat in hom oprys, sy poging dit met 'n norse opmerking te verdrywe of af te lei met 'n beuselagtige opmerking oor koffie of hoenders - dit alles is so smartvol-realisties uitgebeeld, dat die tragiese deur die onderbrekende humor nog intenser word in subliem gevoel.

Oom Gert begin:

> Ja, neef, wat kan ek oumens, jou vertel?
> Jy wil die storie van ons sterfte hoor?
> Nou goed!
> .....
> .....ek weet maar uit my eie siel,
> En kan maar grawe uit my eie hart.
> .....
> 'n Lang geskiednis is dit! Treurig ook,
> Want daar gaan snikke en trane deur, ou neef!
> Wil jy dit aanhoor? Goed!
> Maar sit, man, sit:
> Ek kan jou nie vertel nie as jy staan.
> Sit daar. (En, Gerrie, gee hom wat te drink.
> En pa kan ook 'n slukkie koffie sluk.)

Met pragtig bedwonge gevoel vertel hy van die skriklike krygswet-dae. Luister hoe hy die kolonel wat sy Bennie tot die dood veroordeel het nog kan teken:

> Sy naam - nou Gerrie, wat was ook sy naam?
> Jones? Nee, kind, dat was maar sy offisier -
> Jy weet, die aap met strepies op sy mou -
> Ek het dit! Wilson was die vent se naam:
> 'n Dik vet kêrel, met 'n grysgeel snor,
> En lang slagtande, en rooi in die gesig;
> Die mense sê, hy suip; maar ek het nooit
> Hom dronk gesien; en wil ook nie meer
> Agter sy rug die man beskinder nie,
> Al was hy ook 'n deugniet - dit maak niks!

Nee, niks by die daad wat oom se ganse siel vervul nie en alleen nog in hierdie simpele taal 'n uiting vind:

> Hy het ons onderdruk; *sy hand was hard*
> .....
> Ja, neef, sy hand was hard!.....

Langsaam vorder sy verhaal. Oom gee eers nog algemeenhede in verband met die toestand op die dorp. Die koffie-skink doen handige diens om Gerrie smart te bespaar.

Maar kom,
Ek gaan te vinnig met die saak vooruit.

Dan die strakke blik op die een punt totdat dit knak in sy siel; die dappere herstelling in die geforseerde glimlag; die vaderlike trots van 'n Boer nie omdat sy peetseun as 'n waardige soon van 'n ras van helde fier die galgetrap kon bestyg in die naam van vryheid nie, maar om - sy mooi-vroulike uiterlik! Dit is dan ook veral gerig tot die ‘beteuterde’ meisiekind.

Hier op my stoel het ek gesit, en daar
Waar jy nou sit, het Bennie ook gesit.
En Johnnie vlak naas hom. Ek sien hom nog,
'n Opgeskote kêreltjie, nog nie
Heel droog agter die ore was hy toe,
Nogal astrant en sniprig met sy mond,
Dié jaar nog aangeneem. (Gerrie, my kind,
Haal tog die album.) - Hier is sy portret,
En hier is Bennie syne; daar is die rëel,
Wat sy oorlede ma geskrywe het,
Die dag na - na - sy dood. Jy kan dit lees;
My bril die pas nie mooi, en in die rook
Kan ek so goed nie sien nie. Lees maar voor.
‘Barend Gerhardus Barends,’ - Reg! en nou?
‘Geboren op den zesden Mei,’ - Ja reg!
‘Ge...’ - Maak die boek maar toe: ek weet dit al!
(Hartlam, kom neem dit weg. Wat staan jy daar
Beteuterd as 'n kat? Kom, skink weer in:
Ons het mos melk genoeg en suiker ook,
En Martjie Louw is nou nie in die dorp!)
Ja, Bennie was 'n egte witmenskind!
My peetseun - en, ofskoon ekself dit sê,

'n Regte mooi soort vroumens-kêreltjie,
So paal-orent en met 'n kaal gesig;
'n Skeermes het hy glo nog nie gebruik.
(Hartlam, gaan kyk, of Leentjie al die hout
In die kombuis gebring het.)

Die droewe gebeure mag Bettie nie weer hoor nie: immers

Jy sien, sy is nog nie goed oor die bult, -

asof hy dit wèl is!

Oom vertel hoe hy tevergeefs getrag het om die seuns van hulle planne af te bring.

Nonnie het toe my knapsak volgeprop
Met biltong en beskuit; en ek het self
Die saalsakkies met hardgekookte eiers
En ander padkos volgelaai -

En hy laat naïewelik volg:

want hy
Was tog my peetseun, en dan Johnnie ook
Neef Saarl se seun - en Saarl en ek was maats!

So het sy gewete hom nog nooit gekwel nie! En hierdie man wat gewetenskwelling wil suggereer deur ‘iets vir jou nasie te doen,’ is in sy siel oortuig dat dit goed was! (Sien die moraal van oom se vertelling in sy eie woorde by die aanvang).

Raak is die aanduiding van wat die volgende môre bring, met die karakteristieke woord van oom Gert dat dit die kolonel se skuld was, dat hy nog twee perde gehou het. So maak hy die offisier medepligtig aan die rebelledaad!

Maar dan gaan die verhaal waar oom Gert homself nie meer meester is nie. Die seuns word gevang en ter dood veroordeel.

Dié môre kom die hoofkonstabel sê:
‘Die kolnel stuur sy komplimente!’ - God!
Sy komplimente, hoor! Het jy verstaan?
Verstaan jy, neef? - Sy komplimente!

Nee!
Bedaar, bedaar, my hart, al kraak jy ook:
Ons moet die drimpel oor, al breek ons dood!

Maar gou weet hy hom weer deur lugtigheid te herstel.

Die hoofkonstabel - Nichols was sy naam:
Hy 't later in die Vrystaat lood geëet
En dit nie goed verteer nie .....

En eindelik - die brekend-smartvolle slot. Hier is skoonheid wat die diepste, uitputtendste sielehouding teenoor die positiewe en negatiewe kante van die lewe raak in grote humor.

Die kakies het oor Bennie se gesig
'n Sakdoek, of 'n kopdoekie of iets
Net soos 'n mus wil trek, maar Bennie vra -
En nog op Engels ook: *hy kon dit praat* -
Of hulle hom nie sonder dit kon hang.
Die kolnel knik; en toe ...
Nee, neef, laat staan!
Wat vat jy weer my hand? Laat bly my hand!
Vervlaks, hoe kan ek nou vir jou vertel,
As jy my somaar afbring van my rym?
Blaas net jou rook uit na die ander kant:
My oë is te oud vir jou tabak!
(En, hartlam, haal vir pa 'n sakdoek).

Hier is geen tragie-komedie meer wat by 'n gruwelike noodlot, wat ons diep-tragies aangryp, die indruk van 'n demonies-groteske spel wek nie; geen bitter-ironiese lag in verskeurdheid nie; maar tot op sekere hoogte oorwonne smart - smart oorwonne in menslikheid. Hier is ook geen stil-elegies klae om 'n treurverlee nie, nòg manlik-forse verset teen barbaarse verdelgingsug, of stille berusting in geloof; maar die tragiese in aksie, die gedramatiseerde sielsepiek, die oorlogsmart met humor geobjektiveer in 'n lydende mensesiel ....

Ek het hierbo die humoris die groot waarde-kenner genoem. Hy is ook die groot waarde-ontdekker. Dit ook is na te gaan in die heerlike natuur-liriek van Leipoldt. Die waarde alhier is 'n misterieus-kosmies gevoel in skoonheid - die vreugde (hoe weinig onvermengd dan ook by Leipoldt)

> that in our embers
> Is something that doth live,
> That Nature yet remembers
> What was so fugitive.

Inderdaad moet ek by ons outeur dink aan die *Ode* van Wordsworth: *Intimations of Immortality from Recollections of early Childhood*. Want Leipoldt kenmerk die lewensgevoel wat puur en nobel is van kinder-reine fantasie en emosie, iets van die wonderdiepte van Wordsworth se

> Mighty Prophet! Seer blest!
> On whom those truths do rest,
> Which we are toiling all our lives to find.

Ook die wonder-vertroulike ekspansie van gevoel in

> ... those obstinate questionings
> Of sense and outward things,
> Fallings from us, vanishings ...;

en die kinderlike ekstase in lentegeure en sonnegoud.

Maar dit alles as een element in die dualistiese grondgevoel van die digter. Oor sy kinder-vreug, -intuïesie, -visioene, val die skadu van manlike bewussyn van lewensdwang, tweestryd. Die dualisme is weer die oer-teëstelling tussen vryheid en gebondenheid - vryheid hier in die eteriese lig van ideële waardes van louter skoonheid; gebondenheid aan 'n materialistiese wêreld, soos gesimboliseer in geld. By Leipoldt self dink ons dikwels aan sy vraag tot 'n ‘krulkop-klonkie’ gerig:

Krulkop-klonkie,
Waarvandaan
Kom jy hierso
Gou-gou aan?
Van die hemel, krulkop-klonkie, van die sterre, van die maan?

Krulkop-klonkie,
Is jou hart
Nog nie klaar nie,
Nog nie swart?
Of is dit al lank verdor al, grysgemaak deur al die smart?

Krulkop-klonkie
Wat wil jy
Op die wereld
Hier by my
Nou kom haal of lewer, klonkie? Wat is hier te gee of kry?

Krulkop-klonkie,
Slaap gerus,
Van die drome
Onbewus:
Vroeg genoeg kry jy nagmerrie; wie sal jou dan, klonkie, sus?

In hierdie gedig, wat om geen besondere eienskappe as kuns uitmunt nie, lê egter dié antinomie, wat ons die natuurliriek van Leipoldt laat verstaan. Dit is ook die bron van die tragiese en humoristiese gevoel in bewustheid vir wie die onbewustheid ken!

Die liefde van Leipoldt vir die natuur kan dus nie onpersoonlik wees nie. Dit is 'n *wesenstrilling* wat probeer *harmoniëer met die essensiële vryheid, maar ook 'n humoristies-tragiese bewussyn van eie innerlikheid geprojekteer in die natuur*. En voor ons hiervan nie diep deurdronge is nie, kan ons nie die visionêre skoonheid en die diepte van dramatiese deurlewing in die skynbaar eenvoudige vraagtoon van die digter verstaan nie; staan ons ook buite sy wondere kommunie met klossies in die wind of 'n ou doringboom,

met 'n soutpan of 'n boomsingertjie, met 'n sekretaris-voël of 'n kriekie.

Alleen die ‘reine vorme’ wil hy besing en tog hoor u sag-dreunend die naruise van die storm:

Ek sing van die wind, wat tekeer gaan;
  Ek sing van die reën, wat daar val;
Ek sing van ons vaal ou Karooland;
  Van blomme, wat bloei by die wal;
Van water, wat bruis oor die klippe;
  Van duikers, wat draf oor die veld;
Van voëls, wat daar sing in die bossies -
Maar nooit nie, nee nooit nie, van geld!

Deur die natuurvreugde heen is die wrange bewussyn van hebsug wat ewig stryd voer met die skone. Die dubbele ontkenning in beide strofes, ná die huppelende maat herhaal in aarselende, huiwerende slotakkoorde, bevat die nie te miskenne motief van stryd teen wat sy vreugde wil verdring - geld, goud, gejammer!

Daar is ook die heerlike verklanking van natuur-geluk in *Die Beste*.[1)]

Geil lusern in die laagste landjie;
  Geil groen blare en blomme blou;
Aalwyn rooi op die voorste randjie,
  Rooi soos bloed teen die rotse grou;
Somer en son en safier daarbowe;
  Ruik van die keurbos rondgesprei;
Kort klein skadu's oor die klowe;
  Somer en son en safier vir my!
Wonder van kleure uitgesprei -
  Wat is daar meer deur die dood te rowe?
Somer en son en safier vir my!

1) *Uit drie Wêrelddele*, p. 109.

Nog heerliker juig die skoonheidsritme in die twede strofe, maar enigsins gemengd word die gevoel in die laaste reëls:

Heer, wat die hemel oor my sprei,
  Dit is my eerste en laaste bede:
‘Somer en son en safier vir my!’

En dan juig dit nie enkel meer nie:

Het jy 'n vrind wat jou hand kan vashou?
  Vrinde vergaan en faal in nood!
Het jy 'n vrind, jou grootste las nou?
  Vyande, vrinde gaan algar dood!
Wat's dit vir my as die gras vergrys word?
  Somer sal kom met sy groen daarby;
Wat as in winter die water ys word?
  Somer en son en safier sal bly.
Boetie, ek vra jou, wai sê jy?
  Wat's dit vir ons as die gras vergrys word?
Somer en son en safier sal bly.

In die herhaling van die een gedagte vind ek weer die weemoedige ironie van Leipoldt, wat sy bewustheid wil verloën in onbewustheid - 'n ander aspek van sy innerlike antinomie - en wat weer herinner aan die hierbo gesiteerde strofe in *Oktobermaand*, waarin hy met gans sy hunkerende siel bly vasklem aan die skoonheid wat moet sterwe .... ‘Ek is nòg in Oktober, ... ek is nòg in Oktober .... die mooiste, mooiste maand,’ smeek dit byna deur sy lentejubeling, waarin die newe-tema van die winter reeds gehoor word.

Die kensketsing van Leipoldt as 'n uitbundige natuurverheerliker is dan ook onjuis. Leipoldt is geen Pallieter nie; en selfs Pallieter is, soos ons gesien het, as sodanig verkeerd beoordeel.

Wie só liefhet is sielsverwant, wil één wees met sy geliefde. Hy is 'n klonkie nòg, maar met 'n hart wat soms grysgemaak voel deur al die smart. En dan rys in hom onweerstaanbaar die verlange om gesus te word.

***Op my ou Karoo*.**

Hier wil ek rus, op ons vaal Karoo,
Hier, waar die veld 'n leegte is,
Hier, by die slang en die akeldis,
Hier, met die hemel blou daarbo.

Grawe hier, boetie, 'n graf vir my:
Hier is ek tuis, my land is hier;
Hier, waar die korhaan bruilof vier -
Hier wil ek lê in ons grougeel klei.

Stel nie 'n klip of 'n kruis daarbo,
Skrywe geen teks, wat 'n mens kan lees;
Sê net: 'Hy slaap, waar hy wou wees -
Hier in die skoot van ons vaal Karoo.....'

Daar wil hy rus sonde-vry, omdat sonde deur die lewe self vergelde is; vry ook van mensegevoel, omdat sy natuurwese hoër is en dié wil terugkeer tot die Al-bestaande....

Die liebe Erde allüberall blüht auf im Lenz und grünt
Aufs neu! Allüberall und ewig blauen licht die Fernen!
Ewig!..... Ewig!.....

Dié eenheidsgevoel bring Leipoldt daartoe om sy gevoel te objektiveer in sy natuurviesies. Dink aan sy siening van die *Ou Doringboom*, wat ons sielsverwant kan noem met 'n afgeleefde ou grysaard, groots nog in sy sterwens-eensaamheid. En hoe mateloos verskillend in sekere opsigte, hoe weinig modern ook die uiterlike vorm, wek hierdie tragies-humoristiese siening van Leipoldt by my tog die herinnering van sekere (natuurlik veel forsere en veel tragieser) skeppinge van die geweldige siener Vincent van Gogh.

Kyk, hier is 'n ou kameeldoring, amper kaal;
Sy blaartjies vuil en donkerbruin verbrand;
Sy stam gestrooi met geelgrys stof en sand;
Sy dorings wit as silwer, skerp as staal.

Hier staan hy nog, hoe dor die veld en skraal;
Hou stewig nog teen wind en storm sy stand -
Die oudste doringboom in ons doringboomland,
Wat reeds sy bloeityd tel vir honderdmaal.
Vir jare het hy hier sy goud gestrooi,
Die hele wêreld oor sy geur versprei,
Voor nog 'n witmens hier was of 'n pad;
Vir jare was hy bobaas hier, en mooi
Vol groen en goud: *maar nou 's sy tyd verby* -
'n Afgeleefde doringboom, droog en glad!

Iets anders as realisme vind ek ook in die volgende potlood-krabbel in die sketsboek van 'n moderne kunstenaar:

Sekretarisvoël met jou lange bene,
Met jou penne agter die ore styf,
Met jou stadige stappies, wat maak jy hier?

Sekretarisvoël met jou lange bene,
Met jou vaalgrys vere en *lang, lang lyf*
Met jou *groot, groot oë*, wat maak jy hier?

Veral die twede strofe het vir my iets sterk impressionisties. Die topografiese en ritmiese indeling van die gekursiveerde woorde suggereer 'n *langer* lyf en *groter* oë dan dié voël in die gewone werklikheid wel besit. Tesame aksentueer dit met die vaalgrys kleur, lange bene en die penne agter die ore styf, 'n verskyning wat bo getrou fotografiese siening gaan. Was dit ook enkel maar rake gelykenis in enige strepe, wat sou die betekenis daarvan wees, veral by herhaalde betragting? Maar nou is daar iets in onthuld, iets van *moontlike wesenlikheid*, iets wat ons bybly as ideële skoonheid. So gewaar ons andermaal die besondere innerlikheid van ons digter teenoor 'n verskyning met 'n geheimsinnige vorm van lange bene, lang, lang lyf en groot oë, wat as wesenlikheid net so weinig as die digter in hierdie wêreld skyn te pas. Daar is ook die huiwering van wie in die groot oë van onbewustheid staar, - oë na hom gekeer wat self as

sekretaris-voël deur die lewe moet slampamper. Vandaar ook die tragies-humoristiese tint wat oor die impressionistiese siening lê.

Ek noem u verder die weemoedige vreugde van ‘klossies.’ Medelydend vra hy aan kortstondige skoonheid:

> Klossies, jul bewe en bibber:
> Is dan die *aandlug so koud?*
> Moet julle so teen die westewind koes?
> Sal hy vir julle *die blou en die goud*,
> *Alles verwoes?*

En daar spook weer so báie dinge van die ou lewe ...

> Klossies jul bewe en bibber:
> Drink maar die son, en wees bly!

Let op die uitroepsteken: dit staan vir 'n weemoedige glimlag!

> Goud, blou en rooi is die lewe,

wil dit nog éwetjies opglans, maar dan verruis dit gevoeliger in andere toonaard:

> en sag
> Waai ons ou westewind koel oor die vlei:
> Nog is dit dag.

Dit is humor so subtiel-fyn as die skoonheid self van blommelewe. Gestrooi die blou en goud van bibberende klossies .... so sterwe *skoonheid* in die koele awendwind.

Sien in wrange kontras elders 'n materie-mens wat sy laaste prys betaal het:

> Vanmôre was die see weer stil; die strand
> Gestrooi met seegras, maar met meer as gras;
> Want daar was een - hy het sy prys betaal,
> En lê *bankrot en brandarm op die sand*,
> Half met sy *hand nog aan 'n houtblok* vas –
> *'n Lyk met ope oë, doodsbleek en vaal*.

Laat my eindig met nog 'n ‘liedjie’ waarin die misterieuse lewensgevoel van Leipoldt so heerlik weer verklank word.

Kriekie, jy, wat op die solder sanik,
Wat het jy tog vir ons te vertel?
Glo jy *ouderwetse ou geheimpies?*
Is daar iets, waarop jy agting stel?

Of moet jy, dag in, dag uit maar sanik,
Kriekie, tot ek dol word van jou dreun?
Is jou lofsang maar 'n kriekie-klaaglied,
En jou deuntjie, kriekie, maar 'n kreun?

Wat sou die klonkie, die klossies, die sekretarisvoël, die kriekie tog aan materie kan offer? Sou die kriekie ook sy geheim ken - sy geheim wat sy lofsang, maar 'n kriekie-klaaglied maak, sy deuntjie maar 'n kreun?

Sulke slampamperliedjies het iets opgevang van die diepe ruise van die lewensstroom waarin humor en tragiek nog ongeskeie is.

Stellingen.

I.

In het *Ndl. Woordenboek* is slechts het minst belangrijke deel van het begrip h u m o r gedefinieerd en passen bovendien sommige voorbeelden nauwelijks bij de gegeven definities.

II.

Het onderscheid, dat Harald Höffding in *Den store Humor* (vertaling van Heinrich Goebel: *Humor als Lebensgefühl*) maakt tusschen *kleinen* en *grooten* humor, door ze respectievelijk bij 'Einzelgefühl' en 'Gesamtgefühl' in te deelen, is minder bevredigend.

III.

Humor is een modern verschijnsel.

IV.

Tragiek is geen absolute grens voor humor.

V.

Gustav Becker in *Die Aufname des Don Quijote in die englische Literatur* (Palaestra XIII p. 122 vlg.) spreekt te beslist van 'Nachahmung' door Henry Fielding.

IV.

De crisis in de gevoelsverwijdering tusschen Vondel en Hooft ontstond door het gedrag van Vondel tijdens de Brusselsche zaak.

VII.

Verwey's beschouwing in *De Beweging*, 7e Jrg. II, bladz. 205 vlg., van Vondel's Jephta als de held, die, tegen zijn belezers in, aan zijn heiligste gelofte ten koste van zijn diepste menschelijkheid *durft* trouw blijven, houdt niet rekening met Vondel's godsdienstige opvattingen.

VIII.

De verklaring die R. Jacobsen in zijn proefschrift over Carel van Mander, p. 144, noot 1, geeft van het woord s t e e e k in *Het Schilderboeck*, is onaannemelijk.

IX.

Als normale uitspraak van ij en y, althans in het oudere werk van P.C. Hooft, is geen tweeklank aan te nemen.

X.

Guðrúnarkviða
I, str. 15:
Þa hné Guðrún
hǫll við bolstri,
haddr losnaði,
hlýr roðnaði,
en regns dropi
rann niðr um kné.

Men versta in de eerste regels een *voorover* zinken van Guðrún tegen het kussen dat Gullrǫnd voor haar knieën geschoven heeft. (vatt vengi fyr vffs knjám - str. 13.)

XI.

Hildebrandslied 25, 26:

her was Ôtachre ummet tirri
degano dechisto *mi*ti Deotrîchhe

Voor tirri lees met Wackernagel tiuri.

XII.

De verdeeling van het verspaar in regel 61 van het *Hildebrandslied* moeten wij als volgt aannemen:

*h*werdar sih hiutu dero hregilo *r*ûmen muotti,
erdo desero brunnôno bêdero uualtan.